

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

XXIX: 4

Nov. 1991




André P Brink: Op pad na 2000
J.C. Steyn: Politiek en
boeksensuur

•

Verhale van Chris Pelser,
Pieter Paul Fourie en
G.A. Jooste

ISSN 0041-476 X



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Elize Botha
(Redaktrise)

Elsa Nolte H.J. Pieterse (Unisa) P.H. Roodt N.J. Snyman
(Redaksionele medewerkers)

Skakelredaksie: J.J. Brits W.A. de Klerk Marcel Janssens Joan Lötter Koos Meij
Eben Meiring P.J. Nienaber Z.J. Pretorius Rika Cilliers
Mary-Ann van Rensburg M.M. Walters

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA

INTEKENGELD:

R15 per jaar. Los nommers: R4,00 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direkby die bogenoemde adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur

DIE DEPARTEMENT ONDERWYS EN KULTUUR (VOLKSRAAD)

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

ISSN 0041-476X

Geset in 10 op 11 punt Helvetica.

Geset, gedruk en gebind deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria.

Inhoud

- André P. Brink** Oopad na 2000: Afrikaans in 'n (post-)koloniale situasie 1
- Chris Pelsler** By die dood van Roy Campbell 3
- Elize Botha** Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur 21
- Pieter Paul Fourie** Minnaars en kadawers 26
- J.C. Steyn** Politieke redes vir die verbod op 'n paar Afrikaanse boeke 30
- Dolf van Coller** Gewoond daaraan 39
- H.J. Schutte** Van Wyk Louw se besoek aan Nederland en Vlaandere gedurende 1948-1949 42
- Helmine le Roux** Anderkant (die) grens 59
- Helena Liebenberg** Afrikaanse segkuns uit die natuur 62
- J.A. Jooste** Potjiekos by grootDaan 79
- Francois Bloemhof** Naakstudie 81
- Mercia Schoeman, Juan Coetzer** Gedigte 86
- Literêr-aktueel** Elize Botha: Charles Fensham gehuldig 88; P.H. Roodt tydens die bekendstelling van *Die geel geluid van die son* 89; A.P. Grové by die oorhandiging van die Gustav Prellerprys en erelidmaatskap van die Akademie aan Ernst van Heerden 90; Ernst van Heerden antwoord 92; Sanlam Jong Stemme-wedstryd 1992 93
- A. Kloppers** By die lees van Verlore paradyse 95
- Johan Anker** Toorberg - 'n interpretasie 112
- Henning Pieterse (1956)** Voorgeskrewe poësie 121
- Nuwe Afrikaanse boeke Januarie-Junie 1991** 131

André P. Brink

Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie¹

1

Die enigste manier om die toekoms tegemoet te gaan, dit het die ou Grieke al geweet, is agterstevoor. Daarom klim ek die holrug perd genaamd “Afrikaans in die jaar 2000” vandag andersom as gewoonlik op (al loop mens daarmee die risiko waarteen Langenhoven gewaarsku het: “Moet nooit agterstevoor na iemand toe aankom nie: hy sal dink jy lyk rondom so”), in die oortuiging dat ons gewoon nie kan weet wat ons is of vorentoe sou kon wees, tensy ons 'n benul het van wat ons was, van waarvandaan ons kom nie. Dit geld in die huidige omstandighede des te meer omdat Afrikaans — die taal sowel as die literatuur — op hierdie oomblik op fassinerende wyse besig is om sy eie beginpunte na te teken.

Daardie beginpunte, en ook vandag, staan in die teken van verskillende belewenisse van mag, en sonder 'n begrip daarvan kan die pad na 2000 nie gesnap word nie. Die verbintenis van taal en politieke mag is al deur een van die eerste moderne grammatici, 'n Spanjaard, in die jaar 1494 geformuleer; in Engelse vertaling: “Language is the perfect instrument of Empire.” Laat in die 19de eeu was dit 'n besef van *onmag*, en van die verhouding tussen daardie onmag en die Britse koloniale mag (plus wat oorgebly het van Nederlandse koloniale mag op kulturele en godsdienstige terrein) wat die Eerste Taalbeweging geïnspireer het: en wat die Boererepublieke nie met geweld kon uitrig nie, is mettertyd deur die taal vermæg — veral nadat Milner se pogings tot gedwonge anglisering die militante taalbewustheid onder sy sprekers onberekenbaar verskerp en verdiep het.

Vanuit dié situasie het 'n merkwaardige proses van dekolonisering in Afrikaans ontwikkel. Merkwaardig, omdat dit op die gebied van taal en literatuur teen die hele geskiedenis van dekolonisering in Suid-Amerika en later ook Afrika en elders in die Derde Wêreld in beweeg het: kulturele ontvoogding het daar gewoonlik (minstens in sy vroeë stadia) in en deur die taal van die koloniseerder, die taal van die metropolis, geskied: hier het kulturele ontvoogding nog voor politieke emansipasie begin, en dit juis deur die taal van 'n onderdrukte minderheidsgroep, die geminagte kombuistaaltjie Afrikaans. Daarvandaan kan die kenmerkende stadia van literêre dekolonisering wat mense soos Amuta (1989), Ashcroft *et al* (1989) aandui, een vir een in Afrikaans aangestip word, en m.i. bied dit 'n meer verhelderende begrip van ons letterkunde as die kunsmatige proses van dekadisering waarin ons al so lank vasgevang is. Vereenvoudig en geskematiseer, is daar drie sulke stadia waarneembaar (wat nie noodwendig chronologies presies afgebaken is nie):

1.1 Ontvoogding deur 'n toeëiening (“appropriasie”) van die dominante kultuur se vorme en tradisies. Natuurlik was daar uit die staanspoor in Afrikaans ook 'n vooropstelling van “eie”, inheemse vorme (vgl die fraai liedjies van die Eerste Taalbeweging wat later in Louw se “Klipwerk”, in Opperman, in Krog e.a. met 'n veel groter lading sal terugklink): maar vir 'n baie lang tyd is die “peil” van die Afrikaanse literatuur eintlik gemeet aan vergelykbaarheid met Europese norme en vorme. En dit behels nie net sulke uiteenlopende manifestasies soos Celliers se appropriasie van Perk (en Shelley) in “Die Vlakte”, Toon van den Heever se bybring van Grieks-klassieke beeldspraak, die Dertigers se naartige herdigting van Nederlandse, Duitse, Engelse of Franse modelle, of Opperman se intertekstuele gesprekke met Sinte Brandaan of Marco Polo nie, maar die hele drif van Sestig om die Afrikaanse prosa “op datum” te bring met die eksistensialisme; en dalk selfs sommige skrywers van Tagtig se Little Jack Horner-sindroom (“See what a clever boy am I”) in hul aangryp van die Postmodernisme. Skuil daar nie nog iets van hierdie koloniale selfbewustheid selfs in die demonstratiewe manier van Afrikaanse kritici om nou nog mekaar stof in die oë te skop met desperate demonstrasies van hoe “byderwets” hulle is met (veral) Duitse of Amerikaanse variante van resepsieteorie, dekonstruksie, ideologiesekritiek en dies meer nie?

Wat natuurlik nie noodwendig 'n negatiewe of geïnhibeerde aktiwiteit *hoef* te wees nie! — en net soos skrywers in Suid-Amerika en Afrika al hul kreatiwiteit gedemonstreer het deur vorme uit die meesterkanon van hul gewese koloniale meesters oor te neem en op verstommende maniere te herskep en te vernuwe (die hele romangenre is daar bowenal getuie van), is daar Afrikaanse skrywers/kritici wat dit ook met vrug, en soms met genialiteit, gedoen het. *Ver*al binne die opset van Afrikaans, wat ewe seer — en dalk nog meer — Europese wortels as wortels in Afrika het, is die fenomeen begryplik: dit sou vreemd, selfs “onnatuurlik”, gewees het as dit *nie* so was nie. Dit gaan dus nie om die verskynsel as sodanig nie, maar die wyse waarop — en die gesindheid waarmee, die konteks waarbinne — dit in elke individuele teks, of in die werk van elke individuele skrywer, neerslag kry. Hoe volledig Afrikaans (in die sin van: “van Afrika”) modelle uit die wêreld van die koloniale maghebber kan herskryf, blyk byvoorbeeld, om maar één voorbeeld te noem, uit Antjie Krog se *Lady Anne*. Ek sou wou sê dat juis in 'n laat stadium van dekolonisering sulke “herbesoeke” aan die kanon, aan die geskrewe geskiedenis, noodsaaklik — én 'n teken van ontvoogding — word. (Hieroor later meer.)

1.2 'n Tweede fase in die dekolonisering van literatuur is gewoonlik dié van uitdagende nasionalisme, waarmee die “eie” afgebaken word teenoor die eertydse maghebber s'n met dieselfde territoriale aggressiwiteit waarmee 'n hond sy gebied afstraal. In dié verband moet mens nie net dink aan die vroeë gebral van die Genootskappers en hul aanhangers nie (“Engels, Engels, alles Engels. . .!”), maar *veral* aan die kultus van nasionalisme in die jare Der-

tig, spesifiek in die werk van die gebroeders Louw. Ook (en soms juis) Van Wyk Louw se “breë” of “liberale” ontginnings van nasionalisme is hierby ter sake. Dat heelwat omtrent die psigologiese en filosofiese ondergrond van hierdie fase verhelder sou kan word uit Freud, hoef niemand te verbaas nie. (En deur dit te karakteriseer as die oedipale fase van die literatuur, verhelder mens dalk ook vir jouself die heftige seksualiteit van latere dekades in Afrikaans.)

As verskynsel is dit maar alte begryplik. Maar met die filosofiese afstand wat heelparty postkoloniale literature al t.o.v. hulself bereik het (Kanada, Australië, verskeie skrywers uit Afrika, soos die latere Ngugi, Achebe, Soyinka; ook, met enkele voorbehoude, Nkosi), word ook die intrinsieke gevaar in hierdie “nasionale” fase duidelik: dit, naamlik, dat dit ironies genoeg juis deur die kwaai verwerping van die gewese metropool, die metodes en praktyke van daardie metropolitaanse kultuur bestendig — spesifiek deur die vervanging van een “sentrum” deur ’n ander; en deur die volgehoue vooropstelling — en die *viering* — van fallokratië en fallosentriëse aggressie. In sy wese beteken ontvoogding (en kom ons sê maar die woord: revolusie) immers nie die vervanging van een dominante groep deur ’n ander nie, hoe bedrukkend hierdie patroon ook al in die geskiedenis herhaal is. Revolusie kan eers werklik kwalifiseer as revolusie wanneer dit die onderliggende *denkstrukture* van die oorspronklike bewind vernietig het. Dit baat nie dat die sentrum (metropool) en die marge (kolonie) net plekke omruil nie: die hele denkwysse waarvolgens “sentrum” en “marge” *moontlik* gemaak word, moet hersien word. Dit is hierdie dimensie in die Afrikaanse literatuursituasie wat veral boeiend en bedenklik is, soos hopelik nog hierna sal duidelik word.

1.3 'n Derde fase van min of meer volledige ontvoogding word dan binne die gewone model van literêre dekolonisering bereik wanneer daar soveel sekerheid oor die verworwe identiteit is dat dit nie meer angsvallig beskerm hoef te word nie: gewoonlik gaan dit gepaard met vorme van sinkretisme, 'n vrye en avontuurlike en kreatiewe ophef van die vroeëre benoude “myn-enny”. Nou is dit nie meer nodig om die ek so militant af te baken, in te perk en te bevestig nie: in 'n vrye omgang met die ander — met *al* wat “ander” is — word die verhouding sentrum/marge nie maar omgekeer nie, maar oopgemaak, en vrygestel van prekondisionering. Hier word dit 'n geval, soos Ashcroft *et al* (1989: 33) dit stel, van “restructuring European ‘realities’ in post-colonial terms, not simply by reversing the hierarchical order, but by interrogating the philosophical assumptions on which that order was based”. Dit is daardie paradoks van individuasie wat Freud en Jung en Lacan elk op sy eie manier omskrywe het en waartoe Henry van Eeden aan die einde van *Sewe dae by die Silbersteins* ontwikkel: die situasie waar die individu so volledig “ek” geword het dat dit juis nie meer skeidslyne teenoor die “ander” oorhet nie. Elke “ek” is immers meteen ook sy “ander”, so seker as wat die maan 'n ligkant én 'n Blumiaanse gatkant het. Dit is die insig waar-

toe Montaigne al gekom het in sy uitspraak: “Je ne dis les autres pour d’autant plus me dire” (“Ek sê net ‘ander’ omdat ek daardeur des te beter my ‘self’ gesê kry”).

Op politieke terrein wil-wil dit voorkom asof die Afrikaner na hierdie begrip begin tas: in die literatuur het dit, soos gewoonlik gebeur, heelwat vroeër begin deurslaan. Dalk al so vroeg as Leipoldt se oorwoë vergewensgesindheid? Sekerlik in Van Wyk Louw se later werk, waarin hy besin op “ironies lewe”. En in die prosa het dit, dink ek, by Sestig begin: nie in die eerste aandrift van die beweging wat nog so sterk Eurosentries was nie, maar in die opvolgaksie van die jare Sewentig (by Jan Rabie wel heelwat vroeër as by die meeste ander, op sy onmiskenbaarste in *Bolandia*).

Wat in hierdie stadium gebeur, is eintlik die verwerwing van kennis en selfkennis betrokke by “begrip” (“compréhension”) wat Tzvetan Todorov in sy jongste werk, *Les morales de l’histoire* so opsom: “Die kennis van die ander word bepaal deur my eie identiteit. Maar hierdie kennis van die ander bepaal op sy beurt my kennis van myself. Selfkennis transformeer egter die identiteit van hierdie self, sodat die hele proses van voor af kan begin” (Todorov 1991: 39: my vrye vertaling).

Kortom, in hierdie fase word Afrika en Europa uiteindelik in Afrikaans versoen: en die literêre neerslag daarvan is so uiteenlopend soos, sê, Jeanne Goosen se *Louoond*, Etienne van Heerden se *Toorberg*, Antjie Krog se *Lady Anne*, of Wilma Stockenström se *Kremetartekspedisie*. (Dit is ook nie toevallig dat ek hier veral vroue vermeld nie, ofskoon verskeie ander name van mans én vroue nog genoem sou kon word: want in hierdie fase van die literatuur leen die feminisme se deurbreek van fallokratiese sisteme sig daartoe dat vroue by uitnemendheid toegerus is vir die volle aanvaarding van die nuwe soort uitdaging en die nuwe soort verantwoordelikheid. Ook in die postkoloniale literatuur van Kanada en Australië staan vroue voorop; en ook in Afrika word dié stemme al dwingend gehoor.)

2

Maar hierdie toepassing van die postkoloniale model is, letterlik, een-sydig. Die Afrikaanse literatuur, taal en kultuur is naamlik nie sonder meer vergelykbaar met byvoorbeeld die Kanadese of Australiese situasie enersyds (waar gewese “setlaars” hulle van die metropool losgeskryf het) of die Afrika-situasie andersyds (waar inheemse kulture hulle van buitelandse koloniseerders bevry het deur eers die koloniale taal te onteien en daarna die inheemse te bevorder) nie; ook nie sonder meer met die Suid-Amerikaanse, waar ’n veel groter kulturele vermenging plaasgevind het sodat die literatuur, in Spaans of Portugees, mettertyd volledig geënt kon word op inheemse tale en kulture nie.

As die (blanke) Afrikaner hom enersyds — o.a. juis in sy literatuur — moes ontvoog van imperiale beheer van “buite”, het hy op sy beurt koloniserend opgetree t.o.v. inheemse swart kulture en “orature”. Daarmee het Alteriteit in

die Afrikaanse konteks 'n veel verwickelder vorm aangeneem as wat Lacan ooit sou kon gedroom het. Die unieke situasie het immers hier ontstaan dat die term “Afrikaner” self aanvanklik gebruik is om diegene wat hier te lande gebore is (insluitende, en dikwels juis, halfbloede), te onderskei van aankomlinge van buite (selfs al is daardie “buite”, daardie Ander, nog lank op ironiese en onnadenkende wyse “Patria” genoem); en die taal Afrikaans, so word vandag taamlik algemeen aanvaar, het ontstaan in die mond van niesprekers van die taal: dus veral slawe en inheemse mense. Die stigma van “kombuistaal” en “patois” het in die tweede helfte van die 19de eeu aan die taal gekleef omdat die gewone sprekers daarvan in die eerste plaas sg. “kleurlinge” was.

Om dus van dié taal te maak wat Langenhoven wou, te wete “die enigste witmanstaal van Afrika” (en presies dit hét gebeur: vir veels te lank was die taal nie net blank nie, maar fallokraties), moes dit gespeen word van wat sy mees voedende wortelstok was.

En *terwyl* die literatuur hom ontworstel het aan sy gewese koloniale meesters, het dit hom tegelyk as uiting van die nuwe dominante kultuur afgedwing op dié wat in die eerste plaas die taal se skeppers en skeppings was. Verarmend moes dit noodwendig op die duur inwerk. Wat my boei, is nie sonder meer die “beeld” van die “nie”-gedeelte van die bevolking in ons literatuur (soos wat Gerwel bv. op openbare wyse aangedui het) nie, maar eerder die *stiltes* wat daar in die literatuur ontstaan het rondom die ongesegde, die onsegbare. Nie die eksplisiete rassisme van baie van ons gekanoniseerde tekste is m.i. die mees opvallende aspek van hierdie dimensie van ons literatuur nie (*Bart Nel* is byvoorbeeld minstens eerlik omtrent die rassehiërgie en die arbeidsverhoudinge op die plaas wat betekenisvol “Kafferkraal” heet); maar dit wat in die literatuur *verswyg* word.

'n Lukraak voorbeeld: 'n plaasnovelle soos Anna M. Louw se *Onverdeelde uur* — waarin die situasie in al sy besonderhede bestem word deur die arbeid wat die bestaan op die plaas moontlik gemaak het — is in sy geheel geskryf sonder 'n enkele swart of bruin figuur in die landskap (daar is hoogstens, op twee plekke, 'n terloopse verwysing na 'n binnenshuise bediende). Swye weergalm nog luider in Louw se poging om op die eerste bladsy 'n raspejoratief uit te wis, vermoedelik vir skoolgebruik: in vroeë uitgawes word die plaaslandskap beskryf as bestoppel met bossies, “yl soos die peperkorrels op 'n Boesman se kop”. In later uitgawes word dit geneutraliseer tot: “Karoo-wêreld, skaapwêreld, met eina reën”. Maar in haar gretigheid om die rassisme uit te werk, vergeet die skryfster in die hersieningsproses dat daar op dié plaas *nie* met skaap geboer word nie, wel met koring en mielies. G'n wonder die arme donners boer agteruit nie! Deur die neerhalende blik op 'n swartmens (wat hoeka net in 'n vergelyking bestaan het), spreek die swye nou, met die daarmee gepaard gaande teenstrydighede op die vlak van die voorgestelde ruimte, opvallender as tevore.² (Stiltes van dié aard is natuurlik nie 'n prerogatief van die Afrikaanse prosa alleen nie! So in die verbygaan

onthou mens byvoorbeeld dat een van die sleutelromans van die Engelse literatuur in die 19de eeu, George Elliot se *Middlemarch*, wat pertinent ingestel is op die sosiale misstande van die pre-Victoriaanse era en die koms van die eerste Reform Bill, in haas geen binnenshuise toneel die bestaan van bediendes vermeld nie: ofskoon hul afwesige teenwoordigheid geteken word deur verwysings, in die lydende vorm, na tafels wat gedek of afgedek word, teekoppies wat aangedra of weggeneem word.)

Australiërs en Kanadese het in die vroeër jare van hul koloniale bestaan hul rasseprobleme opgelos deur die inheemse bevolkings grootliks uit te roei: in Suid-Afrika, sekerlik in die Afrikaanse literatuur, het dalk iets ergers gebeur: daardie bevolkings is eenvoudig grootliks *weggedink* uit ons bestaan uit. 'n Leser uit die 21ste eeu wat Karel Schoeman se *'n Ander land* lees om iets omtrent die Suid-Afrikaanse samelewing van die 19de eeu te wete te kom (en ek kies hier bewustelik 'n roman wat deur sommige bestempel is as een van die "grootste" prosawerke in ons literatuur), sou kon aflei dat die Vrystaat naasteby uitsluitlik deur blankes bevolk was. Selfs 'n bediende wat koffie binnedra, word net waargeneem in terme van "die smetlose wit van haar kopdoek en voorskoot" (58): sy sélf bly 'n tekstuele afwesigheid.

Dit is ter sake om sulke stiltes te lees met J.M. Coetzee (1988: 9) se uitspraak in gedagte: "The literature of the empty landscape . . . is thus a literature of failure, of the failure of the historical imagination." Nog meer spesifiek kan die implikasies van die verskynsel vertolk word in die lig van Macherey (1978: 85) se oortuiging dat "The speech of the book comes from a certain silence, a matter which it endows with form, a ground on which it traces a figure. Thus, the book is not self-sufficient; it is necessarily accompanied by a *certain absence*, without which it would not exist"; en Derrida (1976: 164) se opvatting van 'n teks as "the system of a writing and of a reading which we know is ordered around its own blind spot" (in ons geval: byna 'n hele literatuur georganiseer rondom 'n blinde kol).

Maar wat die situasie oor die afgelope paar dekades so besonder boeiend en selfs onstuimig maak (na 'n vroeë aanloop wat mens ook nie sonder meer mag miskyk nie, hoe patroniserend die pogings van 'n Mikro, 'n Venter, 'n vroeë Joubert e.a. ook al mag gewees het), is die manier waarop 'n her-toeëining van Afrikaans begin het onder diegene wat sedert die Eerste Beweging daarvan beroof is: eers Petersen e.a. wat op hul beurt die "mees-tertaal" begin beset; daarna — interessant genoeg voorafgegaan deur 'n "buitelander", Blum! — Adam Small wat volledig die Kaapse taal terugneem en 'n volwaardige literêre instrument daarvan maak; nog later die groot verskeidenheid minder of meer militante digters en dramaturge wat Afrikaans gebruik as "instrument in die 'struggle'" en — dit bowenal — die taal terugbring na sy beginpunte: létterlik 'n soort *re-ligio*. En in samehang daarmee, die wyse waarop sprekers vanuit die magsdimensie in die taal self (dus: blankes) ook die taal en sy literatuur begin radikaliseer en revolusioniseer deur dit opnuut in verband te bring met sy ontstaansgeskiedenis.

Dit is in dié verband dat skrywers so uiteenlopend soos die Elsa Joubert van *Poppie Nongena*, of Etienne van Heerden, Jeanne Goosen, Emma Huismans e.a. so besonder beduidend is: die nuwe leeftog wat hulle in die taal en sy literatuur ingebring het, is letterlik proviand verskaf deur die eerste eksponente daarvan.

Hier geskied dekoloniserings met ander woorde nie net binne daardie gedeelte van die bevolking wat hul taal as 't ware "terugneem" van 'n oorheersers nie: vanuit 'n situasie van sosiopolitieke bevoorregting word hier aktief empatie met die gekoloniseerde gedemonstreer. Hier is dan sprake van 'n proses wat *weerskante* toe werk — en wat bowendien nie sonder meer oor en weer "appropieer" nie, maar ook oor en weer begin *deel*, en *gee*. Van so 'n soort ontvoogdings-proses weet ek in geen ander literatuur nie.

Waar ons nou begin uitkom, is 'n komplisering van die situasie wat Ashcroft *et al* (1989: 77) so beskryf: "Strategies of appropriation . . . seize the language, re-place it in a specific cultural location, and yet maintain the integrity of that Otherness, which historically has been employed to keep the post-colonial at the margins of power, of 'authenticity', and even of reality itself."

3

Alleen as 'n mens hierdie historiese situasie in ag neem, kan daar behoedzaam vooruit gekyk word. Want dit behoort nou duidelik te wees dat ons voorstellings van wat op pad na 2000 kan gebeur, onder meer voorsiening moet maak vir die voortsetting van die historiese prosesse wat hierbo vlugtig geteken is.

Maar die situasie word gekompliseer deur ander oorwegings wat die huidige — en daarom ook die toekomstige — moontlikhede van ons literatuur beïnvloed. Ek wil vlugtig net by twee van hulle vertoef.

3.1 Ten eerste is daar die toenemende besef dat heelparty vorme van die Postmodernisme besig is om hul grens te bereik, of dit selfs al bereik het. 'n Terloopse simptoom hiervan is dat in 'n onlangse romanwedstryd, met van die grootste prysgeld wat nog in Afrikaans uitgelooft is, 'n roman soos Alexander Strachan se *Jakkalsjagter* bekroon is. Dit is seer sekerlik 'n verdienstelike roman; in vele opsigte hoogs vernuftig gedaan. Maar die grense van selfingenomenheid met oppervlaktespeletjies wat hierin bereik word, is klaar 'n gevaarteken. Mens sou nog kon redeneer dat dit geen deurslaggewende toets is nie: hierdie teks was hoogstens, na die mening van 'n spesifieke groep beoordelaars, die "beste" van die romans wat in die betrokke wedstryd ingeskryf was. Maar selfs sonder hierdie simptoom bestaan daar in die wêreldliteratuur vandag 'n malaise t.o.v. die Postmodernisme (of dan: t.o.v. sekere vorme daarvan) en 'n breë gevoel dat die dekadente dimensie daarvan nou al so ver, of verder, gegaan het as die *fin de siècle*-simptome van die laat 19de eeu. En dus ook dat daar 'n intense behoefte aan 'n radikale vernuwings bestaan. Sulke vernuwings is nooit voorspelbaar nie: op 'n dag

verskyn daar gewoon êrens 'n teks wat jou laat besef: *dit* is die nuwe; en die opwinding van die ontdekking lê presies daarin dat dit (vooruit altans, want agterna is almal baie slim) presies die nuwe is wat nodig was.

Maar as dit moontlik sou wees om 'n voorspelling te waag, sou mens miskien moet terugkyk na party van die wortels van die Postmodernisme self: 'n kompleks van vorme wat onder meer ontstaan het uit die samevloeiing van twee vroeër teenoorgestelde strominge — die Modernisme (wat in die Franse *nouveau roman* tegelyk 'n hoogtepunt bereik het én drasties van koers verander het), en die sg “betrokke literatuur”. Deur dié twee te “rym”, deur die roman terug te gee aan 'n breë publiek (dink maar aan Marquez, Calvino, Kundera, Eco, wie se werk in hul miljoene gelees word) is 'n verbysterende vernuwing bewerkstellig. Maar die grondslae waarop daardie appèl berus, het inmiddels verskuif; en soos die Modernisme (soos, trouens, vroeër, elk op sy eie manier, die Romantiek of die Naturalisme) het die Postmodernisme begin versand — enersyds omdat sy eksesse te veel geword het vir die intrinsieke energie van die beweging; andersyds eenvoudig as gevolg van sy appropriasie deur die bourgeoisie wat dit so vinnig tot kitsch gebanaliseer het.

Spesifiek gesproke, het die *vertel* van die storie, geïnspireer deur die vorme van 18de-eeuse roman, heeltemal die storie self begin oorwoeker. En dit was nog altyd die storie wat die oorlewing van die roman gewaarborg het, omdat dit voldoen aan die drang in die mens wat sê: Ek is omdat ek 'n storie vertel; ek is omdat ek storie is. Daarom mag dit net wees dat die roman nou weer op die vooraand van 'n verskuiwing staan na terreine waar ander aspekte en vorme van *storie* gaan domineer. Onder die oppervlak van die literatuur is daar voortdurend groot sikliese bewegings aan die gang: en 'n nuwe kolk mag nou begin wat onverwagte dimensies van ánder vroeë momente uit die vertelkuns na vore bring.

3.2 Ten tweede is daar 'n oorweging wat die *keuse* van hierdie “vroeër” momente mag help bepaal: en dit is die oorweging dat ons in Suid-Afrika nie met 'n gewone postkoloniale situasie te doene het nie, sodat dit nie sonder meer uit ander postkoloniale “modelle” verklaar kan word nie. Die prosesse van dekolonisering is naamlik (nog) nie end-uit gevoer nie. Ons bevind ons nie in 'n postrevolutionêre situasie nie (nie in die politiek nie en ook nie in die literatuur nie), maar in 'n situasie van 'n “gekeerde” (“gearresterde”) revolusie. Dit beteken dat baie magte wat hulle histories in so 'n ontwikkelende situasie sou uitgewoed het en hul eie logika sou deurgevoer het, nou (voorlopig?) gestuit is. In die literatuur mag dié soort frustrasie heilsaam wees, deurdat daardie opgegaarde energie in onverwagte vorme kan uiting kry. Maar omdat die literatuur nooit in 'n lugleegte bestaan nie maar in intensiewe wisselwerking met sy hele konteks, kan minder gelukkige verwikkelinge in daardie konteks juis ook die literatuur inhibeer. Letterlik enigiets is op die oomblik moontlik: daarin lê sowel die avontuurlike as die bedenklike van

die situasie.

Tog skemer iets van die moontlikhede deur, onder andere in die verbasend heftige debat wat Albie Sachs se “Preparing ourselves for freedom” (opgeneem in De Kock en Press 1990) sedert die begin van 1990 dwarsdeur die Suid-Afrikaanse kulturele situasie ontlok het. Ek wil nie hier nogeens die baie argumente vir en teen Sachs herkou nie: te veel daarvan het die konteks skoon misgelees (die feit naamlik dat dit *van binne* die ANC, en *vir* die ANC, geskryf is op ’n tydstip toe die organisasie nog verbode en aktief militant was); ander het dit gewoon as voorwendsel gebruik om hul eie beuel te blaas of ’n benouende kultuur van kommissare te bestendig. Wat verblydend omtrent die debat was/is, is die *feit* van die debat self: dat dit moontlik is; dat dit toegelig het hoe seer “the old false oppositions needed to be subjected to more rigorous analysis” (De Kock en Press 1990: 16); dat soveel energie daarby betrokke is; en dat daar deur die heftige woordewisseling die besef skemer van ’n wêreld wat *kan* verander en waarbinne die nodigheid erken word van die literatuur as ’n “oop sisteem”, as ’n ontmoetplek vir die volle sosiale spektrum, as ’n kommunikasieproses waarby die ganse menslikheid van enkeling én gemeenskap op die spel staan. In so ’n situasie is avonture moontlik.

4

In die lig van dit alles mag mens jou dit veroorloof om, met groot omsigtigheid, enkele moontlikhede uit te stippel omtrent wat ons sou kon verwag:

4.1 ’n Verskerpte ontginning — eerder ’n herwaardering en herformulering — van die gegewe Ek/Ander: waar die Afrikaanse literatuur in die verlede nogal behep was met die toutologiese nosie van “eie identiteit” (asof identiteit iets anders as “eie” sou kon wees!), voorsien mens vorentoe in die literatuur ’n hersiening — ’n verbreding en komplisering — van die begrip wat aan ’n groter besef van Suid-Afrikaansheid sou kon uiting gee. Dus nie so seer die afbaken van “ek” teenoor “ander” nie as die herkénning van die self *in* die ander, en omgekeerd.

Wanneer Afrikaans nie meer ’n amptelike taal is nie — ’n verskuiwing wat nie riet ’n verlies van mag impliseer nie, maar ook ’n bevryding uit baie inperkings — sal hy m.i. veel natuurliker en veelduidiger uitdrukking aan so ’n breër begrip van identiteit kan gee. Ontwikkelings in hierdie rigting is al aangekondig deur Jeanne Goosen in *Louoond* (vgl. al die vroulike wesens in terme waarvan die verteller haarself algaande omskryf), en in *Ons is nie almal so nie*, waar die bekkige jong verteller juis die brandsiek van die “so” wat haar tydenootlike Afrikaners van die jare Vyftig kenmerk, probeer verbystreef; of deur Van Heerden se vereenselwiging van ek en ander in “My Kubaan”; of die merkwaardige verwickelinge in dié identifikasieproses wat aan Krog se *Lady Anne* ten grondslag lê, in die bewustheid dat “agter ons onder ons langs ons/ stort met die sagte geluid van as/ strukture wat ons soort in stand hou/ in hulle maai”.

4.2 In aansluiting by hierdie visionêre besef, sal mens ook verskuiwing kan verwag in die soort apokaliptiese literatuur wat die afgelope dekades so in Afrikaans gedy het. Oorspronklik het apokaliptiese geskryfte ontstaan in klein bedreigde gemeenskappe wat die ondraaglikheid van hul situasie probeer oorkom het deur hul huidige lyding af te teken teenoor 'n Nuwe Jerusalem wat kom. Maar soos in die tragedie, waar die dood van die oorspronklike bok (die *tragos*) mettertyd benadruk is ten koste van die herlewing van die god waarop dit ingestel was, het apokaliptiese literatuur, veral in Afrikaans, hom so blind begin staar teen die ondergang van die bestaande bestel (twee voortreflike voorbeelde: Karel Schoeman se *Na die geliefde land* en Elsa Joubert se *Die laaste Sondag*) dat die blik op die Nuwe Jerusalem skoon verduister is. En dit is in hierdie opsig dat ek 'n verskuiwing sou verwag. Trouens, dit is nie ondenkbaar nie dat die Afrikaanse literatuur sy hele beheptheid met eindes en ondergange, met "closure", mag verplaas deur die ooptes van 'n nuwe Genesis.

4.3 'n Ander soort verkenning van die verhouding tussen mens en konteks is denkbaar, selfs noodsaaklik. Die soek na wortels en beginpunte was nog altyd kenmerkend van (post)koloniale literatuur, hetsy in 'n poging om regverdiging vir die gebrek aan identiteit te vind in 'n aansluiting by primordiale wortels (wat so verskillend uitgedruk kon word as bv White se *A fringe of leaves* of Atwood se *Surfacing* of Kroetsch se *Badlands*), of in 'n hardnekkige viering van wat Atwood in 'n insiggewende studie "survival" genoem het: hier is die uitgangspunt dié van die *slagoffer*; en daarop is daar volgens haar vier reaksies denkbaar³: "to deny the fact that you are a victim" (Van Melle se *Bart Nel?*) — "to acknowledge the fact that you are a victim, but to explain this as an act of Fate, the Will of God . . . or any other large general powerful idea" (Anna Louw se *Kroniek van Perdepoort?*) — "to acknowledge the fact that you are a victim but to refuse to accept the assumption that the role is inevitable" (Miles se *Blaaskans?*, Goosen se *Louoond?*) — en "to be a creative non-victim" ("You don't even have to concentrate on rejecting the role of Victim, because the role is no longer a temptation for you" (Atwood 1972: 36-39). Dit lyk my asof ons — met 'n knypie genade — 'n kardinale verskuiwing in die rigting van hierdie laaste afirmatiewe instelling te wagte sou kon wees.

4.4 'n Her-skryf van die geskiedenis, in fiksie, word onvermydelik, onder andere — maar nie uitsluitlik nie — in die lig van Amuta 1989: 89 se aandrag op "the need to historicize that literature, to re-establish that organic link between literature and its informing and sustaining historical milieu which bourgeois criticism in its purely formalistic manifestations constantly obfuscates." Veral die herontginning van die geskiedenis deur die oë en die lewe van wat tradisioneel die Ander was, sou 'n ryk — en nodige — inspirasiebron in die nuwe literatuur kan word. Veels te veel van die historiese bewussyn in

ons bestaande literatuur kry sy beslag in 'n gewone bevestiging van gekanoniseerde (wit) geskiedenis, sonder om ooit in ag te neem dat elke geskiedenis per definisie 'n "geskiedenis-vir" is. Herbesoeke aan ons geskiedenis is al afgelê, o.a. deur Krog en Stockenström, deur Anna Louw en Etienne van Heerden en Koos Prinsloo, en waarskynlik op sy indrukwekkendste deur Etienne Leroux in *Magersfontein, o Magersfontein*⁴; maar dit sou nie onrealisties wees om te verwag dat die praktyk in die toekoms veel verder sal gaan en veel radikaler — en ook veel meer verbeeldingryke — vorme sal aanneem nie.

4.5 Een opsig waarin daar op die pad na 2000 stellig belangrike ontwikkeling sal kom, behels die verbreding van die spektrum tekste wat aan die leserspubliek beskikbaar gestel sal word, met 'n meer geredelike osmose onderling tussen grade van "literêre" en "populêre" prosa. Die potensiele uitbreiding van die leserspubliek in die "nuwe" Suid-Afrika maak so 'n ontwikkeling eintlik onvermydelik. Wat nie beteken dat daar 'n nivellering tot 'n nuwe soort gemoedelike lokale realisme sal plaasvind nie; eerder dat Amuta (1989: 111) se stelling bevestig sal word: "In every literary culture, there will exist literary works whose differing levels of accessibility also serve as active indicators of the class structure and differing world views in the society in question". Wat wel voorsienbaar is, omdat dit reeds deur die Postmodernisme aan bod gebring is, is 'n toenemende vervagting van (grootliks kunstmatige, tradisionele) grense tussen genres (geskiedenis, biografie, outobiografie, roman, drama) en 'n opwindende ontginning van die nuwe moontlikhede meegebring deur die meer aktiewe wisselwerking tussen verskillende tradisies in Suid-Afrika.

4.6 In die lig van wat reeds in ons literatuur aan die gebeur is, sou dit vir my aanvaarbaar lyk dat 'n toenemende rol deur feministiese beskouings en praktyke gespeel sal word. Die feminisme se uitwissing van sentristiese denke, die groter oopheid t.o.v. die wisselwerking tussen teks en konteks, en die intensiewe ontginning (en herdink van) die psigologiese grondslae van die skryfproses, rus dié "rigting" beter as die meeste ander toe vir die taak wat voorlê. Dit gaan hier nie om wat Opperman so onbedoeld neerhalend die "vroulike aanvulling" genoem het nie, maar om 'n ingrypende koers- en begripsverlegging wat sowel die literatuur as ons beskouing daarvan bepaal.

5

Voorspelling op sigself kan, tensy mens Nostradamus is, 'n steriele of narcissistiese bedryf wees. Eerder as om die toekoms in besonderhede te probeer uitspel en 'n gat van myself te maak, volstaan ek liever met wat m.i. die essensie van die huidige onderwerp is, naamlik: *dat* ons op pad na 2000 is; dat ons literatuur oor 'n ryk en opwindende toerusting beskik om daardie pad

aan te durf; ook, gewis, dat daar yslike gevare op daardie pad skuil wat selfs die einde van die literatuur sou kon beteken: maar dat, as die literatuur waardig is aan die eise en die morele en literêre keuses wat die oopheid, die wisselwerkinge en die bedreigings van ons ontwikkelende situasie aan hom stel, Van Wyk Louw se oorwerkte frase, "oorlewing met gehalte", met nuwe betekenis gelaai kan word.

Voetnote

1. D.F. Malherbe-gedenklesing, UOVS.
2. Ek dank hierdie raaklees aan Maréa de Beer.
3. 'n Vroeë reaksie wat Atwood nie vermeld nie, maar wat sekerlik in Afrikaans ter sake sou wees, is: om te bevestig dat jy 'n slagoffer is en jou hele bestaansreg daarvan af te lei ('n "lyn" wat sou loop van Leipoldt se oorlogspoësie en Totius se "Waar is 'n lot wat soos my lot so swaar is?", oor *Die dieper reg* en dies meer tot *Die ontterfdes* en "afwykende" vorme soos *Afskeid en vertrek*. "Hoe raak ek ontslae/ van hierdie eksklusiewe smet?" vra Antjie Krog.
4. Interessante voorbeelde uit die Engelse Suid-Afrikaanse literatuur sou J.M. Coetzee se *Dusklands* en John Conyngham se *Arrowing of the cane* insluit.

Bibliografie

- Amuta, Chidi 1989: *The theory of African literature*. Londen & New Jersey, Zed Books.
- Ashcroft, Bill et al 1989: *The empire writes back*. Londen & New York, Routledge.
- Atwood, Margaret 1972: *Survival. A thematic guide to Canadian literature*. Toronto, Anansi.
- Coetzee, J.M. 1988: *White writing*. New Haven & Londen, Yale University Press.
- De Kock, Ingrid & Press, Karen (reds) 1990: *Spring is rebellious*. Kaapstad, Buchu books.
- Derrida, Jacques 1976: *Of grammatology*. Baltimore & Londen, Johns Hopkins University Press.
- Mascherey, Pierre 1978: *A theory of literary production*. Londen ens, Routledge & Kegan Paul.
- Todorov, Tzvetan 1991: *Les morales de l'histoire*. Parys, Grasset.

Chris Pelser

By die dood van Roy Campbell 3*

Dit kon ook só gebeur het:**

Niemand het hom seker werklik aan die klein kennisgewing in dié dag se koerant gesteur nie. Net 'n windswael het deur die oop glasskuifdeur sy studeerkamer binnegevlieg en kon toe nie weer uitkom nie. Die koerant het oop op sy lessenaar gelê:

Die verassing van M, voorheen van Namibië, vind plaas Donderdag om 15:00. Daar sal geen diens wees nie. Vriende sal gedigte voorlees.

Van al die dode wat sy gesterf het, was dié een vir die doel van die storie die belangrikste:

Hy wou nie werklik na 'n stiergeveg gaan kyk nie, maar daar was die meisie uit Namibië, en dié het hom na die arena in Madrid gesleep. Hy het haar Namibië genoem.

Hy het die vorige dag op haar afgekom terwyl sy op 'n sementbankie onder 'n laning sipresse in die tuin van die Generalife in Granada besig was om 'n granaat te eet. Langs haar was 'n oop eksemplaar van Washington Irving se *Tales of the Alhambra*. En oral was die geluid van druppende water.

Die bulle in die arena die volgende dag. Hy het 'n beuel deur alles heen hoor blêr. Toe skuif die houtafskortdeure oop.

Eers later sou hy die bulle op die bulplase buite Madrid sien: uit die bus op pad na Toledo, Aranjuez en die Vallei van die Gevallenenes. Dáár wei hulle heup teen heup langs die res van die kudde op kosmosvelde tussen waterpanne en berge.

Maar in die arena self was dit gans en al 'n ander storie. Die eerste bul van die middag het deur die afskorting die arena binnegestorm, toe kop omlaag aan die skoon sand voor sy voete gesnuif. Dit was duidelik dat hy nie geweet het waar hy was nie. Daar was die reuk van vars perdemis, afkomstig van die alguacil se hings wat kort tevore die optog gelei het wat die binnekoms van die eerste bul in die arena voorafgegaan het.

“Verlang jy terug na Namibië?” (Die geur van die Alhambra en die Generalife se rose en katjiepierings nog skerp in sy geheue terwyl die vlieënier van Air Iberia se binnelandse redery die DC-9 se neus op die regte koers plaas. Regs lê die Sierra Nevada met sy sneeubedekte kruin.)

* Die eerste poëtiese optekening van Roy Campbell se dood is te vind in die gelyknamige gedig van DJ Opperman in *Dolosse*. 'n Tweede, minder juiste beskrywing staan in hoofstuk 7 van Chris Pelser se *Don de Ridder*. Hierdie is die korrekte weergawe van die oorlye van die digter, en die daaropvolgende dood van 'n windswael.

** Die waarskynlikste is egter dat sy soos Maria Callas aan verdriet gesterf het.

“In die Namib is daar duine hoër as dié berge,” oordryf Nambie, “en hulle is geel van die baie son, en in die aand vlieg duikertjies oor al die duine see toe. Maar môre vat ek jou eers na ’n stiergeveg in Madrid. Dit is goed vir jou opvoeding en eendag sal jy dit nodig kry. Dalk kan ons ook vanaand na ’n vertoning van Spaanse danse gaan kyk.”

“Ai,” sê hy toe die Sierra Nevadâ buite sy sig verdwyn, “ai, ai.” En hy snuif so hard dat Nambie wonder of hy heimwee na die Soo-oo-oopwa se droë lug het.

Die bolero dieselfde aand. ’n Aanhoudende opeenstapeling van klanke en ritme wat vreemd op sy oor geval het. Hy kon gek word van die eentonigheid daarvan. Maar dan die dansers in wit wat voortdurend in altyd wyer wordende sirkels uitbeweeg en weer op die onmoontlikste tye nouer gekronkel het. Soos een van die slangdanse wat die jong meidjies met volmaan dans. Die krimpende wiel van die bolero soos die kronkels van ’n luislang wat opeens uitbars in die baldadige spronge van ’n voordanser.

Maar toe die stiergeveg in Madrid.

Die soutreuk in die arena nadat die eerste bul se skof vol banderillas geplant is. ’n Kleurryke skouspel, maar oor alles hang die reuk van die dood.

Die derde bul van die middag, ’n halsstarrige swarte afkomstig uit dieselfde Andalusiese stoetery wat die legendariese Impulsivo*** geteel het, skep probleme. Die pikador wat die bul met sy lans moet verwond om sy nek- en skouerspiere te verswak, begaan ’n oordeelsfout en steek te laag in die bul se rug af. Toe die matador, ’n jong knaap van skaars 17, die eerste paar banderillas self in die bul se skof druk, swenk die bul dwars en ruk sy kop omhoog.

“My God!” gil Nambie, haar gesig in haar hande toe die bul Impulsivo die Derde die matador voor sy pote gaffel. Hy is vier jaar gelede onder ’n paradysboom op ’n bulplaas van Don José Benítez Cubero gebore om vir hierdie groot oomblik in sy lewe voorberei te word. “Hy gaan hom doodmaak!”

“Goed so ook. Ek is aan die bul se kant.”

“Jy weet nie waarvan jy praat nie. Een van sy voorsate het byna die lewe van El Cordobés gekos. En dié man is nog ’n kind.”

Weinig meer as ’n kind . . . en reeds deel van ’n spel met die dood self. Die einde is onafwendbaar, voorspelbaar byna. Altyd die bul; soms die matador (deur sy dood oornag in ’n nasionale held verander) . . . maar altyd die bul.

Die ergste van alles was miskien toe hy dié aand by die arena uitgestap en die karkasse van die middag se bulle aan die slagtersshake in die foyer sien hang.

Maar toe, in daardie paar oomblikke toe die bul die matador gaffel, en ook

*** Sien El Cordobés se outobiografie, *Or I'll dress you in mourning*.

later toe muile Impulsivo die Derde se karkas deur die sand die arena uitsleep en net die reuk van sout en bloed en mis, en die spierwit angeliere met die vars, rooi bloed van die laaste bul van dié Sondag oorbly, toe het hy gewees: ook vir hulle is daar op die duur geen ontsnapkans nie; daarvoor was die rooi vlekke op die wit blomme té voor die hand liggend.

Oor die arena het twee windswaels gesirkel.

Die windswael het reeds vroeggend die huis binnegevlieg. Hy het aanvanklik verwilderd in die eng ruimte van die studeerkamer rondgefladder, teen die mure met hul talle boekrakke verby, bo-oor die skilderye, oor die oop koerant wat op sy lessenaar gelê het. Hy het aanhoudend gevlieg. Die lig het die bruin en blou vlekke op sy rug en vlerke gevang en nooit het eens die fynste piepgeluid uit sy blink borsie gekom nie. En daar was 'n sekere doelgerigtheid in die manier waarop hy van muur na muur gevlieg en uitkoms gesoek het.

Hulle het gevaarlik geleef.

Daarvan getuig daardie eerste, fatale ontmoeting van nou al hoeveel jaar gelede te deeglik.

Sy het dié aand kerse aangesteek en dit in geelkoperblakers op die tafeltjies in die sitkamer laat brand. Dié op die tafeltjie met sy damaswerk was die opvallendste: dit het die okkerneuthout van die klavier belig en in vreemde kleure teruggekaats. Bokant die klavier het 'n Herero-vrou van Aschenborn blou-en-bruin in haar raam geglimlag. Hulle het oor Griekeland gepraat.

“Kom saam met my as ek weer gaan,” het hy op die ingewing van die oomblik genooi en haar wêreld ingekleur met landskappe van blou en wit en huisies met pergolas vol kruike met blommende rooi malvas. “Dáár word dit nooit donker nie. Nie regtig nie.” Hy het rose geruik. Die wêreld buite was verlate. Enkele straatlampe het bleek gebrand. Hulle het verder oor Griekeland gepraat.

Hy kan nog die geur van haar parfuim onthou toe hy die boonste knoop van haar bloese losmaak. Daarna het sy hele wêreld verander.

Sy het weer begin gedigte skryf. Aanvanklik het dit nie maklik gegaan nie, want ná 'n stilsweye van tien jaar, teweeggebring deur een enkele sin van 'n onbedagsame resensent, was sy nie lus daarvoor nie.

Maar nou het sy verse soos die volgende geskryf:

*Die herfs moet kom met sy akkerblare en appels
met die eerste tendense van kaalstroop
met kiltes sonder teerheid
pleks word die aarde wakker soos in lentespeelsheid
tel die ledemate en die sinne 'n nuwe onverwagte loute op
word wakker uit 'n buite-seisoense slaap
langs gebluste kole
word die omumborombongastompe nader gesleep
vir die aanpak van 'n nuwe heilige vuur
dat alles blom en vlam en brand
hemelse somerse son, buite-seisoen.*

Sy het dié vers “21 April” genoem omdat dit die dag was waarop hul verhouding begin het. Die jaar was 1984. Die mineurtoon is toe te skryf aan die feit dat hy getroud was.

Hy het in ’n noodtoestand geleef en geskryf. Dit het begin lank voordat PW Botha een middag sy wysvinger gelig en ’n noodtoestand oor die land uitgeroep het. En dit het voortgeduur lank nadat FW de Klerk op TV verskyn en die noodtoestand feitlik heeltemal opgehef het. Mandela is ná 27 jaar uit die tronk vrygelaat, die ANC, PAC en SAKP is saam met ’n menigte ander organisasies ontban en *glasnost*, *Pretoriastroika* en *Die Nuwe Suid-Afrika* het dawerend aangebreek.

Hy het in dié dae een middag saam met M in haar bad gesit. Vanweë sy morbiditeit het sy op die prop gesit.

Toe besluit hulle om Spanje toe te gaan. Dit was herfs en die ontbindende blare op die grond het soet geruik.

Hulle kon ook vroeër daar gewees het, maar die woude in die omgewing van Aranjuez bly dieselfde. In die herfs val die blare een-een van die plataan- en beukebome af en bly in ’n dik mat op die grond lê. Wanneer mens daarop trap, gaan alle geluid verlore en is jy uitsluitlik bewus van die klammigheid rondom jou. En die woud ruik muf.

Oor alles heen het ’n nagtegaal, plotseling, aan die sing gegaan.

“Dis snaaks,” het M nog gesê, “gewoonlik sing hulle net in die aand. Dis die eerste keer dat ek ’n nagtegaal in die middag hoor sing.”

Die vaal voëltjie het iewers tussen die blare van een van die bome weggekruip en hulle kon hom nie sien nie. Net sy akkoorde het soet deur die oopte waar hulle gestaan het, gerol.

Hulle het nog ’n ruk lank vergeefs na die nagtegaal in die bome gesoek. Toe gewaar hulle, byna asof in ’n waas, ’n vrou in swart klere dieper in die woud. Die vrou was ver en hulle het haar net ’n oomblik lank skrams gesien. Toe is sy weg. Later was hulle ook nie eens seker of hulle haar werklik gesien het nie.

In die bome het die nagtegaal opgehou sing.

Dis alles net ’n voorspel, het hy nog gedink. Binnekort gaan iets of iemand sterf.

Sy wou hom nie werklik na die stiervegtersarena neem nie, maar daar was ’n onbeholpenheid en onskuld aan hom wat sy nie kon kleinkry nie. Miskien het dit iets met sy streng Calvinistiese opvoeding te doen, het sy dikwels gedink.

Nogtans, het sy gemeen, behoort hy met die dood in een van sy vele bloedige vorms in aanraking te kom. Laas toe hy met die dood gekonfronteer was, het hy self gesê, was toe sy kinderlose ta’ Betta een mooi dag in Bloemfontein in haar bed geklim en nooit weer daaruit opgestaan het nie: ’n regte oumatjie, sy met haar skete en leë skoot en al wat maande lank ekstasies op die dood lê en wag het. Haar belangrikste tydverdryf in die dae voor haar beddevaart was om Sondae in die ou begraafplaas van die stad rond te dool op soek na die

grafe van gestorwe familie, vriende en ander geliefdes. Dié het sy gereeld opgespoor en versier met blomme uit haar voorstedelike tuin. Totdat haar eggenoot, twaalf jaar jonger as sy en nog heel hups, dit nie meer kon verduur nie en haar beperk het tot haar leunstoel en sy sonkolletjie op hul toegeboude stoep. In dié dae het sy ook plastiekpoppies in groot maat gekoop en vir hulle kleertjies gebrei. Sommiges het sy tot toiletpapieroortreksels omskep wat in al haar susters en dié se kinders se huise diens gedoen het. Hoe dit ook al sy, sy ta' Betta is stil in haar slaap dood en dit was die laaste wat hy met die dood in aanraking was.

Haar begrafnis is op erg Calvinistiese wyse afgehandel. Daarna het drie swart grafgrawers die graf toegegooi.

In dié dae het H se boesemvriendin Hannelize op Hartenbos gebly. Sy het haar dae verwyl deur haar man tot raserny te dryf, landskappe van die omgewing te skilder, populêre liefdesromans te skryf, haar vyf kinders te soog en briewe soos die volgende aan H te skryf:

Liewe H

Dankie vir jou vorige briewe. Ek is bekommerd oor jou. Jy was altyd so 'n opgeruimde mens, maar nou is dit asof daar 'n moedeloosheid oor jou gekom het wat ek nie kan peil nie. Die ding met C is 'n verskriklike meule waardeur jy gaan. Jong, mans is bliksems. Glo my, ons het almal ons probleme. Elke man reken hy is die Goeie Gewer se gawe aan die mensdom. Byt net vas en moenie hom 'n egskeiding gee nie. Ek weet dit sal erg op jou wees, maar kan jy jouself die eensaamheid voorstel as julle moet skei? Hy was reeds selfsugtig genoeg om jou nie 'n kind te gun nie. In die verlede het ek altyd gesê: skei hom! Nou dink ek anders. Waarom moet mens alles weggooi waaraan jy gebou en waarvan jy gedroom het net omdat hy wil rondloop soos 'n straatkat? Hy skuld jou 'n toekoms en 'n gelukkige huis en ek sal aanhou bid daarvoor.

Hy het per ongeluk op dié brief afgekom en dit gelees. Hy het gelag oor die eienaardige logika.

Die aand voor Ernest Hemmingway se selfmoord het hy voor sy kleindogter Margeaux se bed kom sit en haar hand vasgehou terwyl sy geslaap het. Hoe heel, het die ou man nog gedink toe hy na sy slapende kleinkind kyk, byna soos 'n rivierklippie wat pas uit die water gehaal is: so mooi en glad.

Sy het haar oë oopgemaak en dit was skemer, het Margeaux jare later tydens 'n onderhoud aan *Le Monde* onthul. Hy het op 'n eenvoudige houtstoel gesit en daar was trane op sy wange tussen die wit baard. Só sou sy hom daarna altyd onthou.

Die mite wou dit hê dat hy vir haar 'n eksemplaar van sy *Death in the afternoon* op haar bedkassie agtergelaat het, maar dit kon niemand later bevestig nie.

In 1957 sterf Roy Campbell in 'n motorongeluk in 'n bergpas in Portugal. Hy is net 56 jaar oud. Niemand weet wat sy laaste gedagtes was nie. Dalk het hy gedink aan die laaste stiergeveg wat hy bygewoon het, want hy het pas uit

Spanje teruggekeer. Miskien het hy ook swaels in die bergpas gesien. Opperman skryf 'n gedig oor sy dood wat in *Dolosse* opgeneem word en waarin die digter hulde bring aan Campbell se lewensdrif, dinamiek en durf aan die hand van 'n beskrywing van 'n stiergeveg met die bul as dramatiese spreker. Campbell laat al sy besittings, onder meer sy skilderye en 'n handvol boeke, aan sy vrou na. Aldus erf Mary, tien jaar ouer as Roy, 'n koninkryk aan woorde.

Drie en dertig jaar later sit hulle in die stiervegtersarena in Madrid. Dit is Sondag en vyfuur die middag.

M bewe. Die eerste bul van die middag het pas deur die houtafskorting die arena binnegestorm, toe kop omlaag aan die skoon sand voor sy voete gesnuif. Daar is iets pateties aan hom. Hy weet duidelik nie waar hy is nie. Verlang hy na die res van die kudde wat heup teen heup tussen die waterpanne en berge wei? dink sy nog. Boonop ontstel die reuk van die perdemis in die arena haar. Dit is afkomstig van die hings van die alguacil wat kort tevore die optog in die arena geleidelik het.

Die soutreuk in die arena nadat die eerste bul se skof vol banderillas geplant is. Kleurryk met al die vlaggies, maar oor alles hang die reuk van die dood.

In die lug, hoog bokant die arena, sirkel twee windswaels. Sy sien hulle raak en dink daaraan dat hulle dalk besig is om die pad na Suid-Afrika te koers. Lewers moet daar nog lewe wees.

Die derde bul van die middag skeep probleme. Die pikador begaan 'n oordeelsfout en steek te laag in die bul se rug af. Toe die matador self die eerste paar banderillas in die bul se skof druk, swenk die bul dwars en ruk sy kop omhoog.

"My God!" gil M, haar gesig in haar hande toe die bul die matador voor sy pote gaffel. "Hy gaan hom doodmaak!"

'n Neger uit Ohio is langs hulle besig om 'n video-opname van die stiergeveg te maak. Toe hy M hoor gil, superponeer hy haar gesig-tussen-die-hande voordat hy weer sy videokamera op die beeld in die arena fokus.

Die ergste vir haar was later dié aand toe hulle by die arena uitstap en die karkasse van die middag aan slagtersshake in die foyer sien hang. Dit was die eerste, miskien selfs die laaste dood wat sy gesterf het. Toe die bul die matador gaffel, en ook later toe muile die bul se karkas by die arena uitsleep en net die reuk van sout en bloed en mis oorbly, wis sy: ook vir hulle is daar geen toekoms nie; daarvoor was die rooi vlekke bloed wat op die wit angeliere in die arena agtergebly het, te opvallend.

Dié aand toe hy haar in sy arms neem, sê hy: "Ek het vanmiddag iemand hoor sê: 'Jy weet natuurlik in 'n stiergeveg gaan dit om die lewe te vier — nie die dood nie. Die dood is toevallig die offer, 'n deurgang na die lewe.' "

Voorlopige notas, in drie kolomme op sy rekenarskerm gegroep, vir 'n latere selfmoordbrief:

<i>Maria</i>	<i>Martha</i>	<i>Mathilda</i>
<i>Macbeth (Lady)</i>	<i>Margeaux</i>	<i>Mary</i>
<i>Mary (Highland)</i>	<i>Mary Queen of Scots</i>	<i>Marie-Antoinette</i>
<i>Marié</i>	<i>M</i>	<i>Mare (Soos in See)</i>
<i>M is ook 'n omgekeerde</i>	<i>Madonna</i>	
<i>W. (Miskien staan dit</i>		
<i>vir Windswael)</i>		
Verder ook:		
<i>Martel (Karel)</i>	<i>Martelaar</i>	<i>Martellus</i>
<i>Madrid</i>	<i>Matador</i>	<i>Muleta</i>
<i>Marx</i>	<i>Mordechai</i>	<i>Masochis (?)</i>

Hy was sy hele lewe lank op soek na sy anima.

M was die naaste wat hy ooit volledig daaraan gekom het.

Dit is waarskynlik hoe die windswael sy huis binnegekom het. In die vroegoggend, met die hele huis nog stil en almal aan die slaap, was die windswaels reeds in die lug doenig. Hy ken hulle: twee het onder die oorhang van sy motorhuis se dak nes gebou en gebroei, later was hulle vier in die nes. Soggens vlieg hulle saam met die ander swaels van die buurt en jag insekte. Hulle skeer ook laag oor die swembad en swiep in die verbyvlug bekkevol water op. Dit moes tydens hierdie vlieëry gewees het dat een nie sy draai kon kry nie en by die oop glasskuifdeur van sy studeerkamer die huis binnevlieg het.

Hy is eers nie van die swael bewus nie. Later hoor hy die geruis van vlerke en gewaar hy die voël. Dié vlieg net onderkant die plafon heen en weer in die studeerkamer. Hy is aanvanklik verwilderd, maar dit is fassinerend hoe hy alles in die vertrek tog mis vlieg: die mure met die skilderye, die rakke vol boeke, die gordyne, selfs die lig wat van die plafon af hang. Die lig vang die bruin en blou vlekke op sy rug en vlerke en nie eens die fynste piepgeluidjie kom uit sy blink borsie nie. En daar is 'n sekere doelgerigtheid in die manier waarop hy van muur na muur vlieg en uitkoms soek.

Hy hou die windswael 'n ruk lank dop, besef dis nodeloos om hom uit die vertrek te probeer verwilder. Die swael sal mettertyd self sy pad na die oop deur vind.

By sy lessenaar staar hy weer na die oop oggendkoerant.

Die verassing van M, voorheen van Namibië, vind plaas Donderdag om 15:00.

Daar sal geen diens wees nie. Vriende sal gedigte voorlees.

Die telefoon het gelui. Dit was L, 'n vriendin van M.

Sy was saaklik.

“M is laasnag dood. Ek het gedink iemand behoort jou te sê.”

Hy kon geen geluid uitkry nie. Hy het die gehoorbuis laat val, toe in sirkels in die eng ruimte van sy studeerkamer begin loop. Hy weet nie hoe lank hy so aangehou het nie; die telefoon was lankal dood, toe loop hy nog. En hy het aan niks gedink nie.

Later het hy buitetoe gestap. Die son was al op en in die straat voor sy huis het die melkafleweringslorrie verbygesjor. Die straat se honde het op 'n streep af gekef. Daar was voëls in die lug. Die swaels was die opvallendste. Miskien het hulle gereed gemaak om te trek, want hulle het ook in rye en rye op die telefoondrade versamel.

Hy het na die windswaels se nes by die motorhuis gestap. Die nes was weg. Op die grond het stukkies harde klei en vere gelê.

(Uit *Soveel nagte plotseling* wat eersdaags by die nuwe uitgewery Quiel-lerie verskyn.)

Elize Botha

Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur*

Ds S.J. du Toit het gemeen dat hy vir sy lesers van 1896 kon bewys dat die Paradys, die Tuin van Eden self, in alle waarskynlikheid in Afrika was. Ons kan hom vandag nog in die argumentasie volg: die ou *Koningin*, die “historiese roman, met prente”, *Die koningin van Skeba*, van 1896 tot 1898 vervolghaarl in die Genootskap van Regte Afrikaners se tydskrif *Ons Klyntji*, uitgegee in boekvorm in 1898, is nog in verkorte maar herkenbare vorm as ’n uitgawe van Tafelberg-uitgewers met ons in 1990. Miskien is die verhaal nog bekend: ds S.J. skeep in sy roman ’n klein reisgeselskap na die model van die groepie wat saam met hom in 1894 deur “heel Matabeleland en Masjonaalaland” gereis en die ou mynwerke en bouvalle daar besoek het. In die roman laat hy hulle by die Zimbabwe-ruïnes en ’n fiktiewe berg Afur (Fura? Ofura? Ofir?) grafkelders en ou perkamentrolle ontdek, onder gevaarvolle en avontuurlike omstandighede. Die leier van die reisgeselskap is ene “Meneer” du Toit (en “Meneer” moet ons hier verstaan as toentertydse aanspreekvorm vir ’n Hollandse predikant). Hy tree in die volste sin van die woorde as hul herder en leraar in die wildernis op. Hy besit uit al sy reiservaring die kundigheid om hulle, deur allerlei aanvegtinge van die reis, veilig te stuur; hy vertaal en verklaar die perkamentrolle, met behulp, weliswaar, van ’n paar boeke wat hy aan die “sendingstasie” Morgenster op verbasend slinkse wyse ontvreem, en waarlik láát in die 19e eeu, te koop kon kry in Bulawayo . . . Merkwaardiger is nog die boeke wat hy by wyse van spreke in sy kop saamdra. Die Boek der boeke vanselfsprekend, soos ons van ’n dominee sou verwag; maar daarby: boeke oor die argeologie, die Egiptologie, en veral, die boeke van die beroemde ontdekkingsreisigers van die 19e eeu; met *In darkest Africa* van Sir Henry Morton Stanley as waarskynlik die prominentste daarvan.

So bewerk Meneer du Toit se outeur S.J. du Toit geloofwaardigheid vir sy verhaal, en vir sy verklarings. So laat hy ons vandag nog deel in die magtige bekoring wat Afrika vir die *reisiger* in vroeër eeue gehad het, en in die wetenskap wat daaruit gegroei het.

“Bo-op die hoogland, onder die lyn van die son, lê drie groot mere” — so laat S.J. du Toit die ou, half-verrotte, vermufte perkamentrolle klink. “Daar verhef hom die Hor-Lebanna (of Maanberg) die Wolkking, na die hemel, met ewige sneeu op sy toppe en met ewige lente aan sy voet. Daar neem die vier groot riviere hulle oorsprong (die Zambezi, die Nyl, die Niger en die Kongo)

* Deel van ’n paneelbespreking by geleentheid van ’n letterkunde-seminaar aan die Universiteit van Port Elizabeth.

. . . In die oostelike deel van die hoogland lê die vrugbare vlakke Eden, waar die son nooit verskroei en die koue nooit verteer nie, waar alle soorte vrugte groei en allerhande diere lewe. Daar het Jahwe Elohim (die Here God) die lushof geplant, en daarin het hy die eerste mense, Adam en Hawwa, die vader en moeder van alle mense, geplaas, en daarvandaan is al die geslagte van mense afkomstig.”

Waar S.J. du Toit skatte van kennis aangaande die Boek der boeke uit Afrika wou haal, en sy roman daarvan vandag nog sulke merkwaardige getuienis lewer, bewaar die Afrikaanse poësie reste, tekens, van soektogte na gans ander skatte. (Daarvan vertel *Die koningin van Skeba* trouens ook: die ongelowige Thomas in die geselskap is Hennie, die wadrywer en tolk, vir wie die ou perkamentrolle en hulle inhoud aanvanklik net “vullis en bog” is — hy soek na skatte waarmee hy sy wa swaár kan laai: goud, versiersels, kunswerke.)

D.J. Opperman se poësie bewaar baie van hierdie reste — die legendes van die goudstad Vigiti Magna, van die magtige ryk van Monomotapa met sy goud- en silwermyne, êrens diep in die hart van Afrika. Ek dink aan die gedig “Vigiti Magna” in *Negester oor Ninevé* (1947) waarin soveel temas van *Joernaal van Jorik* (1949) reeds beslote lê. Die seevaarders van weleer, Diaz en diesyne, kom met die Kruis na Afrika, maar ook

. . . met die vermoede:
agter die berge en agter die woede
van hierdie land loop êrens 'n pad na
'n ou goudstad, Vigiti Magna.

Dié tema, 'n tema van 'n skrikwekkende Judasverraad, dat die ontdekkers, die reisigers, die pioniers, die vasteland binnegetrek het om “die nuwe aarde in Sy naam”, in Gods naam, te ontdek, maar dat dit uiteindelik vir hulle om die loon gegaan het — om handel dryf, om “goud, silwerlinge”, uitbuiting van die land — word in *Joernaal van Jorik* uitgebou, en eindelik saamgetrek in die strofe:

Dan het ek Hom van die begin verloën:
want voor die boorlinge metaal en doek
op vreemde strande sku aan my kon toon,
het ek die Goue Stad alreeds gesoek.

Gustav Preller skryf in die meer as honderd bladsye inleiding by sy Voortrekkereufees-uitgawe in 1938 van die Dagboek van Louis Trichardt: “Die voorste Voortrekkers is die wildernis ingegaan om die Vryheid te soek en die See” (CII). “Vryheid” en “See” word met hoofletters geskryf, word aldus tot idee verhef in tipies Romantiese tradisie. Wanneer D.J. Opperman oor Tregardt se trek skryf in die gedig “Clat boek” (*Blom en Baaierd*, 1956), bring hy reeds heel aan die begin as 'n moontlike motief vir die onvoorstelbaar moeitevolle en droewige trek, die soektog na die legendariese ryk “Mo-

nomatapa" die situasie binne:

"... 200 beeste/9 perde ... 1000 skape" — so begin die gedig in die trant van die aantekeninge waaruit die Dagboek ten aanvang bestaan, en dan volg:

Ons vertrek ...
... Monomotapa

In die drama *Voëlvry* het Opperman dit ook ingebring, al is dit nie swaar beklemtoon nie: dat dit vir die Tregardt-trek óók om handel dryf gegaan het — Opperman gebruik Tregardt se brief van 7 Maart 1837 vir hierdie motief (Voëlvry, 1958, p. 51): "Aan de Weled. Heeren en Vrinden tot Relegoa of Delagoa Baaij" ... "Wij ben met zeven huishoudings en zeven en veertig zielen en niet meer als negen weerbaare schuts. En daar wij groot gebrek lij aan negosie goederen en amenietie ... versoeke wij gunstiglijk ons met een brief te melden, of wij voor produk mag bringen slag osse, kouijen, hamels, olivants tanden, wol, Beeste en wilt huijten ... " Sekerlik: vir die Trekker Tregardt was oorlewing hier op die spel. Maar tog: die inventaris van handelsware verdwerg die groot idees van die Romantiek, ondermyn die motief van 'n volk wat in afsondering geroepe is en gevorm word.

Monomotapa ... ook vir Elsa Joubert was dit 'n leimotief in háár twintigste-eeuse ontdekkingstogte — miskien moet 'n mens presieser sê: her-ontdekkingstogte, Afrika in. In 1964 verskyn haar "reisjoernaal oor Mosambiek", *Die staf van Monomotapa*. Dit is haar vierde reisboek; daar vóór het verskyn: *Water en woestyn* (1956), *Die verste reis* (1959), *Suid van die winde* (1962). En in al hierdie boeke was dit die *saambestaan* van mense, van mense van groot, onoorsienbare verskeidenheid, wat haar geboei het. Die motto van *Die verste reis*, waaraan die boek sy titel ontleen, is "Die verste reis wat 'n mens kan maak, is die reis van mens tot mens, deur die hart."

Vir *Die staf van Monomotapa* het sy 'n motto, een van twee in Van Riebeeck se *Dagh Register* gevind, 'n inskrywing van 11 November 1660: "'s morgens stil, doncher, nattigh weer. Hebben die lantreysers hun voyagie na Monomotapa tusschen 11 en 12 uyren in den naeme des Heeren aangevangen met de navolgende provisien, amunitie ende cramerijen, geladen op drie draegossen."

Ook Elsa en haar geselskap gaan in Mosambiek op soek na Monomotapa, en vind, enersyds, nugter en saaklike inligting oor dié ryk, en sy regeerders — wat eintlik die naam Monomotapa gedra het, en wat reeds sedert die 16e eeu vrywel betroubaar beskryf is. Andersyds verneem sy van die *staf* (van Monomotapa) wat deur die mediums van die groot koning Monomotapa vasgehou is wanneer hulle in 'n beswyming gegaan het om voorspellings te doen of die verlede aan hom uit te lê (126). 'n Replika daarvan word aan Elsa geskenk, en só peins sy daaroor: "Dit word nou hier in die nag vir my 'n sinnebeeld van die geskiedenis van die witman in Afrika. 'n Verhaaltjie wat ek as kind gehoor het, kom in my gedagte op. 'n Vader het op sterwe gelê en vir sy seuns gesê: Daar is 'n skat op my erf begrawe, soek dit. Die seuns het die erf

omgedolwe, niks gekry nie, maar begin saai, en die oes wat hulle gewen het, was die skat. So het die witman na die skat van Monomotapa gesoek, en in die soektog die land . . . laat produseer en 'n beter skat gekry . . ." (131). Want, so verloop haar betoog hier, hierdie ontginning van die land het uiteindelik ál sy bewoners gedien; deel van die skat wat só gewen is, is medemenslikheid.

Dit is bekend dat die reisboek van Elsa Joubert in baie opsigte die voorwerk vorm van haar romans. En in haar romans neem die motief van medemenslikheid ook 'n sentrale plek in, en daarmee saam, die inspanning, die offers wat geverg word om dit te verwerf. Die geskiedenis van Ana-Paula in *Ons wag op die kaptein* laat dit sien: hoe die vrou uit Portugal, uit Europa, haar teen die stuk Afrika wat Angola is, verset, en teen sy mense. Hierdie weersin word saamgetrek in haar afkeer teen die kind van haar man by sy swart minnares. Maar as die kind sterf in die opstand op die plantasie, en daar 'n dreigement is dat sy lyk geskend word, breek óit tot Ana-Paula deur: "Maar hy was 'n mens!" — Die worsteling om die religie van Afrika en Europa te versoen, kry gestalte in die wit vrou Inacia Maria en haar liefde vir die halfbloed Bonga in die roman *Bonga* (1971). Aart van der Lingen, brose missionaris in sy sukkelgang deur 'n skrikwekkende stuk Afrika-binneland wat vir hom siekte, ontbering, en alte dikwels dwarsboming van sy verlange om Christus te verkondig, sou beteken — as hy die meisie met pokke in die voetpaadjie sien lê, tussen brokke miershoop, as offer vir die héling van die kraal waaruit sy kom, vlug hy daarvandaan weg, al weet hy: "Dit is nie die Hottentotmeisie nie . . . dit is sy Here, Jesus Christus, wat op die voetpaadjie, vuil en veretter en ontmens, daar voor hom lê. Dit is waarvoor hy na Afrika moes kom: Om die sterwende liggaam van die Here in sy arms te neem en te versorg" (228). Wat van hom gevra is, is "'n lewe-veilhebbende liefde"; wat van hom gevra is, dit weet hy aan die einde van sy lewe, is: ". . . die sagte vee van my hand oor die gelaat, en 'n kus, mond op mond" (320).

Ds S.J. du Toit het gemeen dat hy vir sy lesers van 1896 kon bewys dat die Paradys, die Tuin van Eden, in alle waarskynlikheid in Afrika was. Sy ware en tegelyk verbeelde reis na "Salomo's ouwe Goudmijnen" en die ryk van die koningin van Skeba was vir hom grondstof vir Woordverkondiging in die wildernis. Die soeke na 'n skat in Afrika, met al die bowetone van eie gewin en uitbuiting en hebsug wat daarmee verbind is, het in Elsa Joubert se boodskap van naasteliefde dié soort skat geword waaroor daar geskryf staan in die gelykenis: "Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in 'n saailand, en wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand . . ." (Mat. 13:44).

Die koninkryk van die hemele: iets hemels wat op aarde ontdek word — so lui prof E.P. Groenewald se verklaring; en later: "alles wat God aan genade en liefde die mens deelagtig maak". (*In gelykenisse het Hy geleer*, 1963, p. 58, 59).

Verwysings

- Du Toit, S.J. 1985. *Die koningin van Skeba*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Groenewald, E.P. 1963. *In gelykenisse het Hy geleer*. Pretoria: J.L. van Schaik, Bpk.
- Joubert, Elsa. 1964. *Die Staf van Monomotapa*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- _____ 1988. *Missionaris*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.
- Opperman, D.J. 1947. *Negester oor Ninevé*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- _____ 1949. *Joernaal van Jorik*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- _____ 1956. *Blom en baaierd*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk.
- _____ 1968. *Voëlvry*. Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau.
- Preller, G.S. 1938. *Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838)*. Kaapstad, Bloemfontein, Port Elizabeth: Nasionale Pers Beperk.

Pieter Paul Fourie Minnaars en kadawers

(i)

Die lektor en sy vrou gaan stap 'n laaste keer in die groot dodeakker — byna 'n park — naby die hoë kompleks waar hulle 'n woonstel op die sewentiende verdieping besit.

Buite die donker, vogtige tuine druis die stadsverkeer onsigbaar.

Die simmetriese rye grafte (FINAAL GEPREDESTINEER) lê in 'n rookvuil amber gloed gehul.

“Luister,” sê hy. “Die wind.”

Sy loop 'n oomblik alleen aan; wag dan. (WAT NOU WEER?) Haar rooi serp flikker onrustig.

“Hoor jy nie?” vra hy.

(DIS NET DIE WIND; SKEEFGEWAAIDE DENNE, OU BLOEKOMS EN DIE WIND)

“Luister hoe kreun die dooies in die sipresse.”

Later sit hulle op 'n betonbank.

Veraf, in brandende newels, is 'n teraardebestelling aan die gang. Sommige roubeklaers dra die donker uniforms en koperinstrumente van die Heilsleër.

“Al óóit gedink — ?”

(HIER GAAT ONS ALWEER —)

“Nee, dink. Die kis in die graf. Roosblare en kluite.

Daarna? Bedroefdes en andere terug na die feesmaal.”

(... ROLL ME OVER, ROLL ME OVER, LAY ME DOWN AND DO IT AGAIN AGAIN AGAIN)

“Maar hier? Graaf- na graafvol sand op die boks, totdat dit bo-oor bult, sorgvuldig platgeslaan, genommer en geboekstaaf word. 'n Steen volg onvermydelik.”

(THIS IS NUMBER ONE, THE FUN HAS JUST BEGUN ...)

“Onder egter, in die — dalk — witgepleisterde graf, begin die metamorfose.”

(RÁÁK TOG NET AAN MY)

“Ontbinding. Eers binne, gaandeweg buite. Die polis waarborg géén onverganklikheid nie.”

(VEE MY HARE UIT MY OË, AAI MY VOORKOP, MY LIPPE)

“Dit wat mens was, begin deursypel na die omringende moer. Dink net: al die oerelemente wat jy was, kalsium, water, vuur, yster — genoeg glo vir 'n spyker ...”

(SOEN DIE HOEKE VAN MY MOND, JOU ASEM FEL, OË DONKER)

“Alles word geabsorbeer, nee, keer as't ware terug na die skoot van moeder-tjie aarde wie se tet jy eers hartstogtelik gesuig het . . .”

(GEE MY JOU VINGERS, MY TONG TEEN DIE SKERPTE VAN JOU NAELS, TUSSEN JOU KNEUKELS)

“Wat jóú nou moedersmelk laat word; stof tot stof — hubris tot kompos. Want dink: jou koherente ek versprei deur omringende fonteintjies . . .”

(LAAT MY JÓÚ MOND DRINK; WEEG MY BORSTE IN JOU HANDE, DRINGEND)

“Jy begin na die oppervlakte styg; jy word deur talle fyn worteltjies opgesuig: bloureën, katjepiering, wildemalva, aalwyn — miskien ook 'n kakiebos of twee, heelwat later . . .”

(LÊ VAS MY LYF, DRIFTIG OOR DIE KOUE, HOEKIGE BANK, HYGEND; — WAG, SÊ EK, WAG)

“Hang af hóé en óf jou geliefdes die herinnering na jare nog troetel, nè?”
(KNIEL EERS WEER TUSSEN MY KNIÉE; EK KYK AF OP JOU DONKER WINDVERWARDE KOP, VINGERPUNTE TEEN JOU SKEDEL)

“Dan styg jy op in die stamme, bogronds weer, wel molekulêr, maar bógronds, in die son . . .”

(. . . WEGKRUIPERTJIE ONDER JOU TONG, WIL GEVANG WORD: O THIS IS NUMBER SEVEN, I THOUGHT I WAS IN HEAVEN)

“In takke, blare; selfs onkruid, duiwel-in-die-bos! — maar God weet, wéér in die son . . .”

(KOM, JA: DIÉP IN MY IN — KREUN SAAM MET MY: 'N TAK WAT SKEUR)

“Christus het opgestaan — ”

(BLOEI WIT, BLOM SKROEIWIT IN MY IN: SKRÉE)

“Ja, Christus het waarlik opgestaan!”

Die brons skittering verdig tot die hortende lyksang van 'n koperorkes.

Laatlig kwyn byna onmerkbaar; maar die bome smeul nog: groen vuur — wat stadig uitdoof, groeiende skaduwees in eie hart binne.

'n Laaste taptoe.

(. . . ROLLE ME OVER, LAY ME DOWN AND DO IT AGAIN AGAIN AGAIN . . .)

“Jy weet tog,” sê die vrou: “Ek glo nie meer nie.”

Die orkeslede pak hulle instrumente weg. Enkele treuendes vertoef nog.

“Kom nou.” Sy staan op. “Dis koud.”

Die lektor en sy vrou stap terug na die woonstel op die sewentiende verdieping.

Om hulle, in die skeefgewaaide denne, ou bloekoms, in verwronge sipresse, hang stilte, slierte grys.

(ii)

Een aand net voor Paasfees sê Ouboet vir sy broer, klim.

Daar gaan hulle, Ouboet kasueel deftig, Kleinboet protesterend in jeans en T-

shirt.

Seepunt krioel soos Babilon, vol lig, vuurvliegies.

Ek het vir ons meisies gekry, sê Ouboet. Alles ruik vars na see.

Die blonde een is blou en wit, 'n mini asof sy tamboernooientjie speel. Sy glimlag giftig, soos rooi sampioene. Haar glimmende bene ritsel.

Die tweede, Kleinboet s'n, diep aknee-merke op die donker gesig, 'n litteken op haar dy, steek die sigaret met 'n kaapse thêns aan. Sy lyk 'n bietjie soos Julia Roberts.

Kleinboet se oë blink soos 'n kind s'n tydens 'n ramp.

Hier's ons, sê Ouboet, dis 'n pal se woonstel. Naai julle?

Hy lag.

Who the fuck do you think you are? Die tamboernooientjie klap Ouboet se vingers van haar nipple af. Hy lag weer, gooi 'n pakkie rooies op die glas-en-chroom koffietafel.

Vodka, 'n Bloody Shame is 'n Bloody Mary — sonder die vodka.

'n Tape speel.

Sigaret? vra Kleinboet.

A real slow boat, sê die kaapse meisie met 'n knipoog vir haar vennoot. Sy maak asof sy die sigaret masturbeer. Ouboet en die tamboernooientjie dans.

Dionysos! skreeu Ouboet.

Wie? vra die Blonde. Haar tong is in sy oor. Hoe's joune? vra Ouboet.

Ek voel lus vir 'n hamburger, sê Kleinboet. Kom.

Terwyl die ander histories lag, trek hy die buitendeur agter hulle toe. Die kaapse meisie se hand is tussen sy bene.

Ek wou jou nog vra, sê Kleinboet steierend op pad hyser toe, ken jy vir Jesus?

Ek meng nie met weirdos nie, sê sy. Die hand en die meisie verdwyn in die nag.

Hy's 'n ou pal van julle! roep Kleinboet agterna. Hy lag — maar verlang onmiddellik na haar.

'n Uur later keer hy terug na die woonstel toe. Ouboet, onberispelik geklee, sit en kyk laataand-TV.

All yours, sê hy, knik in die rigting van 'n toe deur.

Luister, sê hy, beduie met sy hand, this and that turns her on.

Die meisie op die bed se pubic hair is nie blond nie. Sy huil, of maak asof sy huil. Die bleek daklig ruik na Bloody Mary en rook.

Who the fuck does he think he is?

Haar kop leun teen sy T-shirt.

I've been in this game a long time. Easy money. I take those Jap seamen home, they're drunk, I do what I want. Easy. I've got a whole family to support. Not so easy to get rid of them the next morning, nevertheless.

Maar hy daarbinne.

Sy't 'n vlekvrue staal clit — maar hy. Weer en weer, teen haar beginsels, tot op

die rand. Dit was haar afaand, dis al hoekom. Sy't gerelax, dis al. Maar weer en weer net tot op die rand, god.

Voel, sê sy. Sy's nat en baie warm.

Help me, sê sy. Please. Don't be like him. Help me. Sy ruik na haarsprei en ammoniak.

Kleinboet help haar.

Drie-uur die oggend huil sy teen sy T-shirt.

Sy oë blink soos bloed.

(iii)

PAR #1: Sonder om nou soos 'n lanie te wil witgatspreeu, die girl is plein vreklelik, 'strue's God, my bra.

PAR #2: Verder sleep sy voet, buk-buk, pal asof sy klip soek, sodat basterbrakke tjank, straataf gatskoonmaak.

PAR #3: Sedert kindsbeen unemployed, gooi sy dan en wan nog fits ôk, bytie tong, skym ommie mond, gil op God toe, vir wat.

PAR #4: BUT THESE ARE THE DAYS OF MIRACLE AND WONDER: 'n Laaitie, nou reeds moerland, chaff haar, op 28 nog steeds 'n virgin; hy die eerste steun en kom; het sy ooit.

PAR #5: Die tsotsi gee haar toe ACQUIRED IMMUNO-DEFICIENCY SYNDROME — Djesas, man.

PAR #6: Haar naam is Patience K, gebaar op 14/4/62 in 'n black spot te Eersterivier, net voorlat Group Areas haar mense hiernatoe gebulldoze het.

PAR #7: Hell sucks, my bra.

JC Steyn

Politieke redes vir die verbod op 'n paar Afrikaanse boeke

Moet 'n regering polities gevaarlike boeke verbied — boeke wat byvoorbeeld die een bevolkingsgroep in 'n etnies heterogene land teen die ander in die harnas kan jaag? Dit is veral 'n netelige vraag wanneer 'n land in oorlog verkeer waaroor die bevolking verdeeld is. Die Suid-Afrikaanse regering het in die Tweede Wêreldoorlog enkele Afrikaanse boeke verbied en die redes wat daarvoor en daarteen aangevoer is, is steeds aktueel.

Die woorde *onreg* en *onderdrukking* word dikwels (dalk meestal) so gebruik dat hulle niksseggend is en meer openbaar oor die lewenshouding en politieke gesindheid van die gebruikers daarvan as oor die sake waarna hulle veronderstel is om te verwys, maar: baie Afrikaners het in die vroeë jare veertig gevoel dat hulle slagoffers van onreg en verdrukking is.

Die Vaderland wat die invloedrykste Afrikaans-nasionale propagandis vir samewerking met die Engelssprekendes was, het in 1941 geskryf: “Na jare van gestadige opgang wat al byna as vanselfsprekend aanvaar en dus miskien nie meer na waarde geag is nie, begin die slinger nou weer teen Afrikaans keer”. Die blad skryf dat daar 'n “taamlik algemene en toenemende gees” is wat “skyn te meen dat, onder die omstandighede wat die oorlog meegebring het, die grondwetlike regte van Afrikaans minstens opgeskort mag word, min of meer soos stadsraadverkiesings” (*Die Vaderland*, 18 Oktober 1941).

Dit was meer as taalafskeping wat bitterheid veroorsaak het. Daar was aanhouding en internering sonder verhoor reeds voordat die Stormjaers enige sabotasiedade gepleeg het. Dit is byna sonder uitsondering Afrikaanssprekendes wat “vir internering aangekeer word”, het *Die Vaderland* geskryf in 'n hoofartikel oor “die agteruitboerdery van die Afrikanerdom” (*Die Vaderland*, 28 Januarie 1942).

Die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes was swak. Engelsprekende soldate en Afrikaanssprekende burgerlikes het mekaar soms aangerand. (Die meerderheid soldate wat aan die oorlog deelgeneem het, was weliswaar Afrikaanssprekend.) Aanvalle is soms op Afrikaanse instellings gedoen. Bekendste was dié van soldate op die geboue van *Die Transvaler* en *Die Vaderland* in Johannesburg op Saterdagmiddag 1 Februarie 1941. *Die Vaderland* het dit die grootste onluste in Johannesburg sedert die 1922-staking genoem. Etlke duisende soldate het die kantore van *Die Vaderland* onder leiding van twee offisiere in puin gelê. Manuskripte van persklaargemaakte romans, toneelstukke, gedigte en artikels wat in die volgende paar maande in die populêre weekblad *Die Brandwag* sou verskyn, is flenters ge-

skeur en by die vensters uitgesmyt. Daaronder was bydraes van proff A.C. Cilliers en H.M. van der Westhuysen, asook Kootjie van den Heever, A.J. Coetzee, J. Albert Coetzee en M.P.O. Burgers. Alle manuskripte van die Afrikaanse Pers Beperk se uitgewersafdeling was vermis, onder meer van A.M. van Schoor, S. Ignatius Mocke en die speurverhaalskrywer Johann van der Post. *Die Vaderland* het in 'n hoofartikel geskryf: " 'Die Vaderland' moes Saterdag sy Afrikanerskap ontgelde. Dit is sy een sonde" (3 Februarie 1941).

Dat 'n deel van die Afrikaanse skryfwerk by die owerheid onder verdenking was, het kort na die uitbreek van die oorlog duidelik geword. Speurders het ná 'n Helderdagviering op 28 Oktober 1939 op Vryburg die kultuurvereniging gevra om 'n kopie van die gedig "Voor in die wapad brand 'n lig" van A.G. Visser wat die aand voorgedra is. Die ondervoorsitter (mnr J.H.P. Louw) moes 'n eksemplaar van die program van die aand vir ondersoek inlewer. Aanleiding tot die ondersoek was blykbaar 'n "simboliese voorstelling van moedersmart in die konsentrasiekampe". Daar was 'n silhoeëetvoorstelling van twee vroue in Voortrekkerdrag wat kniel by 'n hopen grond met 'n kruisie daarop wat 'n graf voorstel, terwyl 'n koor "Slaap rustig, dapper helde" sing (*Die Burger*, 10.11.1939).

Die eerste Afrikaanse boek wat deur die oorlog getref is, is *Ek rebelleer!* deur J.A. Smith, destyds assistent-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag.¹ Dit handel oor die ervarings van Smith as Kaaplandse skoolseun wat in die Engelse Oorlog gerebelleer het. In 1939 is nog berig dat dit gul ontvang en bestellings daarvoor daagliks geplaas is. "Jonk en oud lees die boek met lus" (*Die Burger*, 18 Mei 1939).

Dit was uit koerantberigte onduidelik wie die boek verbied het. Aanvanklik is berig dat die sekretaris van die Port Elizabethse skoolraad, mnr P. Armstrong, 'n omsendbrief aan Port Elizabethse skole gestuur het waarin hulle aangesê is om alle eksemplare van *Ek rebelleer!* so gou as moontlik aan hom te besorg. Volgens hom het die militêre owerheid opdrag gegee dat die werk uit alle skoolbiblioteke verwyder moes word kragtens 'n regulasie dat boeke wat aan enige deel van die gemeenskap aanstoot mag gee, nie aangekoop mag word nie (*Die Burger*, 4.2.1941).

Volgens 'n latere berig het die voorsitter van die skoolraad, mnr Albert Jackson, geweier om te sê of die militêre owerheid hom opdrag tot die verbod gegee het. "Ek het die boek self gelees en beskou dit nie as 'n boek wat in skoolbiblioteke behoort te wees in hierdie tyd nie." Op 'n vraag of hy ook die dosyne ander boeke oor die Tweede Vryheidsoorlog uit skoolbiblioteke wil verban, het hy geantwoord: "Ek weier om die saak te bespreek. Moenie my tyd langer mors nie" (*Die Oosterlig*, 10 Februarie 1941). Op vrae in die Volksraad het dit naderhand geblyk dat die voorsitter van die skoolraad inderdaad uit eie beweging die omsendbrief aan skole gestuur het. Nóg die militêre owerheid nóg die Minister van Verdediging het hom opdrag gegee.²

Die Oosterlig het 'n paar maande daarna berig dat speurders na een skool gestuur is om vas te stel of *Ek rebelleer!* daar aanwesig is. Dit het egter geblyk dat die skool geen eksemplaar het nie, hoewel die boek onder die leerlinge die ronde gedoen het.

Toe dit naderhand blyk dat dit nie die Regering was wat verantwoordelik vir die omsendbrief is nie, het verskeie skoolhoofde eksemplare van *Ek rebelleer!* as geskenk vir hul skoolbiblioteke ontvang. Die skoolkomitees het besluit om die boek met dank in ontvangs te neem en geen notisie van die omsendbrief te neem nie (*Die Oosterlig*, 19 Mei 1941).

Die amateuragtige verbod-poging was dus teenproduktief. Daar was egter twee werklike verbodings. In die eerste geval was dit op 'n boek van genl Manie Maritz, in die tweede geval op twee boeke wat handel oor die Engelse Oorlog.

1. My lewe en strewe, deur genl Manie Maritz

In Maart 1941 is die boek *My lewe en strewe*³ van genl Manie Maritz (wat op 19 Desember 1940 net buite Pretoria in 'n motorbotsing gedood is) kragtens die noodregulasies vir die duur van die oorlog in die ban gedoen omdat dit "een deel van die bevolking teen die ander ophits". Die eerste oplaag was toe reeds uitverkoop en 'n Johannesburgse drukkerij was besig met die tweede oplaag (*Die Burger*, 14 Maart 1941). Die berig oor die verbod is deur die meeste koerante geïgnoreer. Alleen die Nasionale koerante het berigte daaroor gehad. Hulle het geen kommentaar gelewer nie, wat opmerklik is. Mens sou verwag dat die verbod op 'n Boeregeneraal se werk ten minste 'n optrede was wat polities uitgebuit kon word.

Daar was egter waarskynlik 'n goeie rede vir die feit dat die verbod nie polities benut is nie. 'n Groot deel van die boek is deur en deur anti-Semities. Maritz was byvoorbeeld daarvan oortuig dat die "verborge hand van die Jode"⁴ die werklike oorsaak van die Tweede Vryheidsoorlog was. Hy maak gebruik van die berugte vervalste "Protokolle" van die "Geleerdes Oues van Zion" (sy benaming) om sommige van sy stellings toe te lig en te motiveer.⁵

Die strekking van die boek het reeds aan die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog tot 'n hofsak teen Maritz in Windhoek gelei.

Die 63-jarige genl Manie Maritz het van Vrydag 18 Augustus 1939 in die Hooggeregshof in Windhoek verskyn op aanklag dat hy die Strafwetwysigingsordonnansie oortree het deur gevoelens van vyandskap tussen die verskillende "rasse" van die gemeenskap aan te wakker. Die staat het aangevoer dat Maritz in Maart 1939 sy boek *My lewe en strewe* versprei het met die doel om so 'n vyandskap aan te wakker, veral tussen Afrikaners en Jode. Daar is beweer dat die boek 'n heftige aanval op die Jode bevat en dat die Jood oor die algemeen voorgestel word as oneerlik, onweloweglik, onbetroubaar, moorddadig, uifers veragtelik, 'n bevorderaar van oorlog en revolusie en 'n parasiet op die gemeenskap, die oorsaak van armoede en lyding

en die geheime heerser van die hele wêreld. Verder is beweer dat daar in die boek 'n beroep op die Afrikaner gedoen word om die Jood met wortel en tak uit te roei (*Die Burger en Rand Daily Mail*, 19 Augustus 1939).

Mnr Gustav Saron, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes, het gesê dat hy oortuig is 'n aansienlike deel van die boek is oorgeneem uit 'n anti-Semitiese pamflet wat onder die naam *Key to mystery* in Kanada versprei is. Maritz het self ook getuig (op Dinsdag 22 Augustus 1939), onder meer oor sy woorde: "Laat ons die kanker wat aan ons volkslewe vreet — naamlik die Jood — verwyder". Maritz het getuig dat hy nie meen dat die Jode deur middel van geweld magteloos gemaak moet word nie, maar dat hulle magteloos gemaak word en dat dit nie weer nodig sal wees dat 27 000 Afrikanervroue en -kinders die lewe moet verloor as gevolg van die knoeiery van die Jode nie. Maritz het ontken dat Christus of sy dissipels Jode was — behalwe Judas Iskariot. "Beskou u die Jood as 'n medemens?" het regter Hoexter gevra. "Nee", het Maritz geantwoord (*Die Burger*, 23 Augustus 1939).

Maritz se getuie nis was soos sy boek onmiskenbaar anti-Semities. Die regter het op 24 Augustus in sy uitspraak gesê die boek is "'n uitstekende voorbeeld van veragtelike en venynige rassepropaganda en die hof twyfel daar nie aan nie dat dit doelbewus geskryf is om 'n slegte gevoel teenoor die Jode aan te moedig". Maritz het ter versagting getuig, maar wat hy te sê gehad het, het op die ou end sy vonnis verswaar. Die Prokureur-generaal, mnr E.E.J. Rossouw, het die aanmerkings voorgelees wat regter Gardiner in 1924 gemaak het toe Maritz op aanklag van hoogverraad skuldig bevind is en tot drie jaar tronkstraf veroordeel is. (Dit was na aanleiding van sy deelname aan die rebellie en samewerking met die Duitsers.) Regter Gardiner het gesê dat Maritz 'n man met groot invloed is maar dat hy groot skade gedoen het. Hy het hom gevra om in die toekoms sy invloed te gebruik vir die bevordering van 'n beter gees tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.

Maritz het gesê: "Regter Gardiner het gesê dat ek veel skade gedoen het. Nou sien ons dat ek as misdadiger aangekla word omdat ek die vyand van die Christendom aangetoon het."

Die regter het tussenbeide getree en gesê dat die beskuldigde nie sy saak sal bevorder deur in dié trant voort te gaan nie.

Genl Maritz: "Ek wil die hof nie om genade vra nie en ek wil geen versagting van vonnis hê nie. Ek het geprobeer om reg en billikheid te handhaaf. Ek het die boek nie geskryf om rassehaat aan te wakker nie en ek het nie aan die hand gedoen dat daar na geweld gegryp moet word nie."

Regter Hoexter: "Ek moet u weer waarsku dat vir u dit nie verstandig sal wees om iets meer te sê nie."

Daarop het daar 'n uitbarsting van genl Maritz gevolg. Hy het opgewonde uitgeroep: "Is dit nie my plig as 'n burger van die land om in te gryp as daar dinge om my aangaan wat moontlik tot bloedvergieting by my volk sal lei nie?"

Regter Hoexter het gesê dat die hof in aanmerking geneem het dat die publikasie van die boek tot in daardie stadium geen wanorde tot gevolg gehad het nie. As die verspreiding van dergelike propaganda nie voorkom kan word nie, kan dit aanleiding gee tot vyandige daade. "Met die oog op u houding in die beskuldigdebank het die hof besluit om die straf wat hy voornemens was om op te lê, ietwat te verhoog. U het skynbaar nie verstaan dat die hof u boek beskryf het as 'n uitstekende voorbeeld van veragtelike en venynige propaganda nie. U is 'n burger van die land en moet leer om die wette van die land te gehoorsaam. In die getuiebanc het u nou weer die wet geminag".

Die beskuldigde is daarop veroordeel tot 75 pond boete of nege maande gevangenisstraf. Nadat die vonnis uitgespreek is, het verbasende tonele in die hof gevolg. Onmiddellik het 'n skare om genl Maritz toegeloop, en 'n jong man het na hom gegaan en hom op die voorkop gesoen. Maritz se eggenote het na die prokureur-generaal gestap en gesê: "Dankie vir u moedige daad" (*Die Vaderland*, 24 Augustus 1939).

Die boete is nie betaal nie, 'n lasbrief is uitgereik vir die gevangesetting van genl Maritz en hy is na die gevangenis begelei (*Die Burger*, 25 Augustus 1939). Teen die middag het mnr W.G. Kirsten, 'n prokureur van Mariental wat namens Maritz in die hof verskyn het, by die tronk aangekom en die boete betaal (*Rand Daily Mail*, 26 Augustus 1939).

2. Só het hulle gesterf! en Helkampe

Sowat 'n jaar na die Maritz-boek se verbod het twee boeke in die slag gebly: *Helkampe* deur Ewald Steenkamp en *Só het hulle gesterf!*, 'n vertaling van *Hoe zij stierven* deur G. Jordaan. Die eerste berig daaroor het op Woensdag 25 Maart 1942 in 'n enkelkolom-raam op die voorblad van *Die Transvaler* verskyn. Volgens die berig het die owerheid op alle beskikbare eksemplare van die twee boeke beslag gelê. Albei het betrekking gehad op die Tweede Vryheidsoorlog: laasgenoemde bevat hoofsaaklik getuienisse van 'n aantal Kaapse rebelle wat tereggestel is,⁶ terwyl *Helkampe* "die onbetwisbare, waaragtige koue waarheid",⁷ gegrond op navorsing, oor die konsentrasiekampe in verhaalvorm aangebied het. Die boek het in 1941 verskyn en was volgens *Die Transvaler* (25 Maart 1942) "baie gewild onder die Afrikaanslesende publiek". Albei boeke is verbied kragtens 'n noodregulasie oor "beslaglegging op boeke of dokumente waarin informasie wat gebruik mag word om die landsverdediging te strem, vervat is" (*Die Burger*, 31 Maart 1942). (Later in die Tweede Wêreldoorlog is *Tant Alie van Transvaal*, die dagboek van mev Alida Badenhorst, volgens I. Sorgdrager 'n tyd lank verbied, maar na volgehoue proteste weer ontban.⁸)

'n Opvallende kenmerk van die aanbieding van die nuus oor die destydse boekverbodings was die min aandag wat dit getrek het. Die Engelse koerante het dit feitlik geïgnoreer, behalwe toe dit naderhand in die Volksraad ter

sprake gekom het. Die *Rand Daily Mail* het in sy verslag die titel van *Só het hulle gesterf!* aangegee as *Hoe sy sterwe* (klaarblyklik 'n poging om *Hoe zij stierven* te vertaal) (*Rand Daily Mail*, 3 April 1942).

Die verbod van eersgenoemde twee boeke het 'n interessante nasleep gehad. In die Volksraad het mnr J.G. Strijdom, NP-lid vir Waterberg en van 1954 tot 1958 Eerste Minister, 'n paar vrae gestel na aanleiding van die verbod. Hy het gevra of die Regering voornemens is om ook genl J.C. Smuts se hoogs anti-Britse werk *'n Eeu van onreg* in die ban te doen. Namens die Minister van Binnelandse Sake is geantwoord: "Hierdie boek is nog nie onder my aandag gebring nie".⁹

Van *'n Eeu van onreg* kon genl Smuts se vyande nog altyd dankbaar gebruik maak, ook die Duitse omroep, radio Zeesen (wat onder meer na Suid-Afrika uitgesaai het), na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.¹⁰ In 'n Volksraaddebat op 2 April 1942 het genl Jan Kemp verwys na die boek "wat geskryf is deur die agb. Eerste Minister van vandag, wat baie erger die waarheid gee en baie sterker die posisie van die Engelse veroordeel". Die boek is nog in omloop, maar nou sê die Regering op oneerlike wyse dat dit nog nie onder die Regering se aandag gekom het nie "net omdat die boek deur die Eerste Minister geskryf is".¹¹

Die Minister van Binnelandse Sake, adv H.G. Lawrence, het in dieselfde debat redes vir die verbod aangevoer. (Vir die relaas oor die debat word vervolgens van die Hansard-verslag van die verrigtinge in die Volksraad gebruik gemaak.) Die oorspronklike boek is in Nederlands gepubliseer en is nie in die ban gedoen nie, het hy oor *Só het hulle gesterf!* gesê.

Op 'n vraag van mnr C.R. Swart, NP-Volksraadslid vir Winburg, het die minister gesê dat die verbode boek 'n uitgawe is "wat onlangs in Afrikaans gedruk is met sekere byvoegings in verband met Jopie Fourie". (*Die Transvaler* het daarna in sy kommentaar (6 April 1942) daarop gewys dat die minister gefouteer het: in die herdruk van *Hoe zij stierven* het die skrywer (G. Jordaan) twee stukke oor die lewens van genl F.W. Beyers en kmdt Jopie Fourie bygevoeg. Die herdruk het meer as twintig jaar tevore verskyn.)

Mnr Swart: "Is hierdie uitgawe die geskiedenis van Jopie Fourie?"

Die Minister: "Sover ek bewus is, is dit die geval. Hierdie boek is nie bloot 'n historiese dokument wat met die Boere-oorlog as sulks te doen het nie, maar die doel van die publikasie van die boek op hierdie tydstip is om te probeer om kwaad bloed te set tussen die twee seksies van die bevolking. Hoe kan my agb. vriend hom verblind vir die feit dat boeke van hierdie aard meteen herdruk word in 'n tyd soos hierdie? Hierdie uitgewers wag al die jare totdat daar 'n oorlogstoestand ontstaan waarin die mense verdeeld geraak het, en dan publiseer hulle weer hierdie boeke. Dit is 'n aanduiding dat hulle nie suiwer uit hoofde van historiese belang gepubliseer word nie. As enigeen begerig is om hulle te lees suiwer uit 'n historiese standpunt, dan kan hulle die oorspronklike uitgawe in die biblioteek vind, maar die publikasie van sulke boeke op die huidige tydstip is bloot 'n gesmous met rassedrifte en met die

rassegevoel in die land, en die Regering is nie bereid om toe te laat dat dit plaasvind nie. Hy is nie bereid om toe te laat dat uitgewers voordeel trek as gevolg van die gesmous van sekere seksies van die bevolking wat nie met die Regering se oorlogspoging saamstem nie."

Op 'n vraag van mnr C.R. Swart het min. Lawrence gesê dat hy die boek nie "persoonlik" gelees het nie. Sy aandag is wel gevestig op "sekere dele wat na bewering in hierdie tyd aanstoot gee".

Mnr C.R. Swart: "Die geskiedenis behoort nooit aanstoot te gee nie".

Min. Lawrence: "My agb. vriend sê dat geskiedenis behoort nie aanstoot te gee nie, maar al gaan ons selfs van die veronderstelling uit dat dit alles feite is wat in die boek opgeneem is — vir die doeleindes van die argument veronderstel ek dat die feite juis is — maar is dit nou in belang van nasionale eenheid en eensgesindheid dat boeke wat in 'n bepaalde atmosfeer 40 jaar gelede gepubliseer is nou weer gepubliseer en gedruk word in 'n tyd van oorlog en wanneer drifte maklik kan gaande gemaak word?"

Na nog 'n bietjie geredekawel het mnr Lawrence gesê dat die regering nie bereid is om 'n goedkoop publikasie toe te laat wat in der haas uitgegee is en net die een kant van gebeurtenisse uit die verlede stel nie. Publikasies van hierdie aard is bereken om gevoelens seer te maak en om die drifte van mense gaande te maak.¹²

Die argumente teen die verbod is te vinde in die kommentaar van 'n paar Afrikaanse koerante. *Die Transvaler* het aangevoer die verbod openbaar hoe min die Regering omgee vir Suid-Afrika en sy verlede. Hy het ook betoog: "Die Afrikaner het nog nooit gepleit dat Engelse werke wat probeer om die konsentrasiekamplyding, of die verantwoordelikheid daarvoor, anders voor te stel as wat hy glo, verban moet word. Intendeel, die waarheid van die geskiedenis kan alleen uitkom as elkeen, vanuit watter hoek ook al, die volle vryheid het om sy gegewens te bring en sy afleiding daaruit te stel."

Die Transvaler het voorts geskryf dat wat "spesiaal onaangenaam aandoen, die feit is dat die eerste verbod van 'n paar Afrikaanse boeke voorkom juis wanneer meer vryheid toegeken word aan die verspreiding van werklike volkskadelike lektuur, naamlik oor die kommunisme (26 Maart 1942).

In 'n latere hoofartikel het *Die Transvaler* geskryf dat indien sekere dade van die Britte nie die lig van behoorlike teboekstelling kan verduur nie, Lawrence nie die fout by die Afrikaners of die Afrikaanse uitgewers moet soek nie. Die fussilering van onskuldige Kaapse Afrikaners en die behandeling van Transvaalse en Vrystaatse vroue en kinders in die konsentrasiekampe behoort tot die skandelikste dade wat ooit gepleeg is. "Dit sal die nasate van hierdie mense tot oneer strek om so iets te vergeet. Net so min as wat die Britse volk vandag nog kan of behoort te vergeet dat 'n Oosterse potentat eenmaal iets meer as honderd Britte in 'n kamertjie in Calcutta laat versmoor het, sal die Afrikaanse volk ooit vergeet, of mag vergeet, wat imperialistiese geweldenaars aan hom gedoen het". Min. Lawrence sal nie sy doel met die verbod bereik nie. "Die Afrikaner gees word nie gesmoor nie. Die Afrikaner geheue

word nie afgestomp nie.” (*Die Transvaler*, 6 April 1942).

In ’n hoofartikel het *Die Burger* geskryf dis nie moeilik om die motief agter die beslaglegging vas te stel nie. “Brittanje se daade in die Tweede Vryheids-oorlog staan swart as ’n ewige aanklag teen hom aangeteken, en ons huidige Britse imperialiste gaan gebukkend onder die verdoemende erfenis . . . Ons begryp dit . . . goed dat dit maar moeilik gaan om steun en geesdrif vir ’n Empire te werf wat presies dié gruweldade begaan het waarvan hy sy vyande vandag beskuldig. As daar vandag van die afbrand van kerke en huise, van onmenslike behandeling van vroue en kinders en van Brittanje se stryd vir die Christelike beskawing berig word, dan wek dit herinneringe by die Afrikaner op wat dié propaganda dadelik minder doeltreffend maak.” Die Regering sal nie die herinneringe daaraan kan uitroei nie, want die verset teen die Britse imperialisme “leef voort in die hart van elke Afrikaner”. Daar is ook meer as ’n boek op die spel. Die minister moet sê of dit regeringsbeleid geword het om die Afrikanervolk se geskiedenis dood te swyg terwyl kommunistiese lektuur vryelik die land mag inkom (*Die Burger*, 31 Maart 1942).

Die Volksblad het geskryf dat daar al die jare, ook in die Eerste Wêreldoorlog, geen besware was teen *Hoe zij stierven* nie. Nou eers, “tydens die oorlog wat Engeland sogenaamd vir vryheid, waarheid en Christendom voer, word die vryheid van die Suid-Afrikaanse burgers en die waarheid van die geskiedenis aangetas deur boeke te onderdruk wat eenvoudig weergee wat hier in 1899–1902 gebeur het. Op watter grond word hulle onderdruk? Omdat dit ‘die oorlogspoging strem’. As die volk die Britse oorlogsdade van veertig jaar gelede te wete kom, sal hy die Britse oorlog van vandag teëgaan — dit is blykbaar die redenasië. Dit bewys in ieder geval ’n uiters slegte gewete. As Brittanje se daade nie die lig kan verdra nie, dan reik hy homself omtrent die slegste getuigskrif uit wat denkbaar is” (*Die Volksblad*, 31 Maart 1942).

Hoe geldig was hierdie redes vir hierdie verbodinge? Enigiemand wat boeke verbied, kan redes wat vir homself aanneemlik is, aanvoer. En enigiemand wat ’n boek skryf en uitgee, kan redes wat vir homself aanneemlik is, aanvoer. Daar is waarskynlik vandag min Suid-Afrikaners wat vandag openlik beswaar sal maak teen die verbod op Maritz se *My lewe en strewe*. Die boek is anti-Jood en dit het verskyn toe die Jode in baie lande van die wêreld nie-offisieel feitlik voëlvry verklaar is. Ook Suid-Afrika het destyds ’n mate van anti-Semitisme beleef. Oor ’n boek wat ewe duidelik anti-swart of anti-Kleurling is, sal vandag dieselfde oordeel geld. Dit behoort verbied te word. Maar ’n boek wat anti-Boer of anti-blank is?

Nog moeiliker is dit om te oordeel oor die verbod op boeke oor die verlede. Dit is moontlik om die geskiedenis te vervals, om dit goed te doen, opspraakwekkend goed, en om met so ’n vervalsing, of met die waarheid, die bevolking in beroering te bring. Moet ’n owerheid dit alles maar toelaat, en hoop op ’n korrektief, wat miskien eers oor baie jare kan kom nadat die skade al gedoen is? Aan die ander kant: Mag ’n owerheid ingryp in ’n gemeenskap se ondersoek na en bevindings oor sy geskiedenis? Dis maklik om antwoorde

vir 'n geïdealiseerde samelewing te gee, maar dié bestaan nêrens.

1. J.A. Smith: *Ek rebelleer!* 1939 (Kaapstad: Nasionale Pers).
2. Die Minister van Verdediging het geantwoord op vrae van mnr Paul Sauer op 21 Februarie en 7 Maart 1941 (*Debatte van die Volksraad*, deel 41, kolom 3366 en 4093).
3. Manie Maritz, 1939. *My lewe en strewe*. (Pretoria: Manie Maritz). (Agter in die boek word vermeld: "Gepubliseer en Uitgegee deur Generaal Manie Maritz, Posbus 1397, Pretoria, en Gedruk deur "L".)
4. MANIE MARITZ, *My lewe en strewe* (Johannesburg, 1938), p. 97.
5. MANIE MARITZ, *My lewe en strewe* (Johannesburg, 1938), p. 112 en verder. Die Protokolle van die Wysies van Sion word algemeen beskou as 'n mistifikasie wat as anti-Semitiese propagandaskrif bedoel is. Die oorsprong daarvan is 'n dokument wat omstreeks 1900 in Russiese diplomatekringe versprei en in 1905 as aanhangsel tot 'n Russiese werk gepubliseer is. Die dokument sou die verslag (die protokolle) bevat van 'n vergadering wat Joodse leiers in 1897 in Basel sou gehou het waarin planne uiteengesit is vir die omverwerping van die Christelike maatskappy en die vestiging van 'n Joodse wêreldheerskappy. Die geskrif is herhaaldelik herdruk en na die Eerste Wêreldoorlog in verskeie Europese tale vertaal. In 1921 het Philip Graves bewys dat die protokolle 'n aangepaste weergawe is van 'n satire teen Napoleon III wat 'n nie-Joodse advokaat en joernalis, Maurice Joly, in 1864 in Brussel gepubliseer het. Die onegtheid van die protokolle is in verskillende hofsake in die jare dertig vasgestel. Hulle is nogtans deur die Nazi's, en daarna deur Arabiere en Oos-Europeërs, vir anti-Semitiese propaganda misbruik. (*Grote Winkler Prins*, sewende druk, deel 15, p. 730: "Protocolle van de Wijzen van Zion").
6. Die eerste druk van *Hoe zij stierven* (sonder datum) het kort na die oorlog by De Stem-Drukkerij op Burgersdorp verskyn. Op die voorblad word Andreas Coetsee as "drukker en uitgever" genoem. Die werk wat verbied is, is die vertaling daarvan deur M. Constansz Hutten wat in 1940 verskyn het: *Só het hulle gesterf! Laaste ure van diegene oor wie die doodvonnis uitgespreek en voltrek is in die Kaapkolonie gedurende die oorlog van 1899-1902*. Kaapstad/Pretoria: HAUM/J.H. de Bussy.
7. EWALD STEENKAMP, *Helkampe* (Johannesburg: 1941), p. 12.
8. I. SORGDRAGER. Badenhorst, Alida Margaretha Jacoba in *Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek*, deel IV (red. C.J. Beyers), p. 12.
9. *Debatte van die Volksraad*, deel 44, kolom 4874. Adv. C.R. Swart het die vrae namens mnr Strijdom gestel.
10. Genl Smuts het in 1939 in 'n persoonlike verklaring (uitgereik deur die Unie se inligtings-beampte) gesê dat die woorde wat hy veertig jaar tevore (dit wil sê in die Tweede Vryheids-oorlog) geskryf het, volkome gepas was by die omstandighede wat destyds geheers het. "Maar ek is trots daarop dat ek in staat was om sindsdien by te dra tot 'n toestand van sake in hierdie land wat volkome getrou is aan die ideale wat ek destyds verkondig het." Suid-Afrika is vry, 'n soewereine onafhanklike staat wat sy eie sake bestuur en volslae en onbetwisbare beheer oor sy eie lot het. "Ons het 'n verenigde Suid-Afrika geskep en daar is verder die vooruitsig dat ons 'n verenigde volk sal opbou. Ons geniet ook die waardevolle toegenenheid en vriendskap van die hele Britse Gemenebes . . . Niks waarvoor ons geveg en gelyhet, het op die ou end verlore gegaan nie, maar ons het selfs meer gewen as ons gehoop het" (*Die Burger*, 16.11.1939).
11. *Debatte van die Volksraad*, deel 44, kolom 5206.
12. *Debatte van die Volksraad*, deel 44, kolom 5220-5223.

Dolf van Coller

Gewoond daaraan

Dit is in die na-nag van die sesde dag wat die wind so stoei met alles wat in sy pad kom. Ek kan nie slaap nie. My gedagtes fladder-fladder. Ek is so móég.

Daar is redding. Ek weet dit maar te goed. Die wit pilletjie in die plastiese buisie met die watteproppie, wat soos 'n stuipstilstofsuier alles uitsuig: alles. Tot selfs die klembus skiet gee en ek uitgezonk, weggraak in 'n droomlose ruimte.

Dan môreoggend, met die son se hoë strale wat my klepel nog droër bak, sal ek nog steeds moeg, 'n geel pilletjie sluk, vir die skop.

Nee! Dit is dan juis die bedoeling met hierdie vakansie by die see. Om te rus, te ontspan, om weer mens te word, onself te vind.

Dit is die sesde nag. Die wind waai en waai. Dit ruk en pluk en skreeu. Alles vibreer. Ek voel haar roer. Sy draai om en kruip teen my aan, haar arm gaan oor my bors; haar hare streel my keel; ek ruik haar baba-asem; ek proe haar nagsweet.

Ons het wanneer? gister? uitgery met die bergpad langs en by Vishoek 'n draai gemaak. Oor die treinspoor het ons gery en stilgehou by die parkeer-gebied, naas die speelparkie waar ma's en kleintjies mekaar, binne sig, op 'n afstand gehou het. Ons het gestap, skoene en kouse in ons hande, in die eerste skuim.

Miskien is dit nou die keerpunt het ek gedink. Sy het ook gelukkig gelyk en gelag en gesels. Tot ons by die klompie bruinmense in die water gekom het.

Daar was so tien van hulle, in 'n halfmaan in die water. Die water het om hulle skouers geklots. Eers toe ons regoor hulle kom het ek bewus geword daarvan dat hulle iets trek. Nader en nader het hulle gekom na waar ons gestaan het, maar ook nader na mekaar.

Hulle het die net tot buite die water getreil. Ons het nou agter die vissers en die slepende net geloop. In die net, wat al stywer gebol het, rol en maal die blink massa. Van die kleiner buit wat uit die gate geval het, wriemel en plap in die sleepsel. Veelpotige skaaldiertyes het sywaarts geskarrel; vingerlinge het wanhopig en slibberig tussen die klein drilvissies, gorries en slymslakkies probeer terugflap water toe. Smaaklike flenterkossies vir die honger seemeeue, so luidkeels en astrant. Sommige het selfs probeer om van die harders, wat halflyf uit die net steek, uit te ruk. Een het dit tog reggekry en met 'n geskal weggevlieg. In die lug het die kaper sy snawel oopgemaak vir 'n beter greep; dalk wou hy al begin eet het aan die silwer vissie. Vier, vyf, ses voëls het in midvlug vlerkgedraai en saam met die spartelende proesel

grondwaarts getuimel.

Die slepers, maer en seningrig, met net baabroeke aan, het die net oopgetrek, seekant die rooi dobbers en landkant die dollies. Die vangs het hulle laat lag, tandeloos in die wind. In die slymloog het skubbe, seevadoeke en bloublasies, glasagtig geglim.

'n Klompie seuns, môre se treilmanne, het op die vissies toegesak. Die vissers het eenkant, bibberend, hul hemde en broeke wat daar in hopies gelê het aangetrek. 'n Bottel, eintlik 'n halwe karba, het lippesmak die rondte gedoen.

Ons het nadergestaan om te sien wat die knape besig is om te doen. Hulle hande het soos klein bruin muisies gewerk en bossies van tien maak. Elkeen het 'n skerpgemaakte draadjie met 'n ogie in sy hand gehad. In die ogie het 'n toutjie gelê.

Hulle het die gladde naalde deur die ogies gestee en die toutjies deurgeryg. Vinnig, vinnig, totdat daar tien was, om dan die toutjie deur die oog van die naald te trek, die twee punte te knoop. Gou was daar heelwat bondeltjies wat in die son lê en ruk het. Die kieuë het onstuimig, in tyd met die bekkies, oop en toe gesnak. Ek kon nie in haar oë kyk nie. Sy het my hand gelos en vir die een wat die vinnigste die ogies se blink weggevat het, gevra: "Wat doen julle?" Haar stem het verlore geklink, "wat doen julle?"

"Ons maak bossies, Nôi." Hy kyk nie op nie. Hy vroetel en gryp en priem en ryg.

"Maar waarom so wreed? dink julle nie daaraan dat hulle pyn voel, dat hulle seerkry nie?"

Hy kyk op na haar, maar sy hande hou nie op werk nie; sy beleë oë is sy lyf jare vooruit. "Hulle is gewend daaraan, Nôi. Ons stekie die oegies yt en makie bossies baie jare al só. Hulle is nou se tyd al gewend daaraan."

Dit sou 'n werkvakansie ook gewees het. Ek sou kortverhale skryf en ons sou onself, en mekaar, weer vind. Ek sou rus en gesond word en ek sou skryf.

Ek is besig met 'n storie, maar dit vlot nie. Die storie weef ek rondom die verhaal van die man wie se dienskneg beangs by die huis aangekom het.

"Meneer, Meneer," het die Dienskneg gesê, sy oë wild in sy kop. "Ek was by die mark en het die voorrade aangekoop, soos u my beveel het om te doen. Terwyl ek besig was het ek Dood tussen die mense sien beweeg. Ek het geskrik en dit het gelyk of hy my herken. Hy het effens verbaas gelyk. Toe het hy sy swart lepaai stywer om sy skouers getrek, my 'n laaste kyk gegee en tussen die mense verdwyn. Meneer, ek is so bang! Leen my asseblief jou vinnigste perd dat ek kan vlug."

"Waarheen sal jy vlug?" het die Dienaar sy Kneg gevra.

"Na Samaria, Meneer."

Die Dienaar het sy vinnigste perd vir sy Dienskneg geleen en dié het, vinnig soos die wind, op vlug geslaan.

Toe het hy self mark toe gegaan en tussen die mense rondbeweeg en Dood gesoek. Hy het hom gekry daar waar die visverkopers aan't smous was. Dood het by die gerygde palings gestaan en hulle in die lug laat wieg. Die man het Dood aangespreek. "My Dienskneg was netnou hier. Hy is baie ontsteld. Hy het my vertel hy het jou gesien en jy het hom laat skrik. Hy sê jy het self verbaas gelyk."

Dood sê toe: "Ek wás verbaas om hom hier te sien, want ek het 'n afspraak vannag met hom in Samaria."

Om hierdie verhaaltjie sou ek my storie bou. Dood sou onverwags kom ten spyte daarvan dat die verteller dit al so lank verwag het. Soos Kirst in Chris Barnard se "Bos", Ritter in *Mahala*. Maar daar moes ook 'n storie binne die storie wees. De Vries se wenstyl. Soos in 'n fliek, soos hy self sê. Een storie wat by die ander invou, 'n vervlegting, 'n deureenmaak wat by die slot die punte mooi bymekaar vat.

Dit is juis dáár waar my probleem lê. Die tegniek, dit skort. Ek is só móég!

Ek voel haar woorde op my borshare. "Wat dink jy doen hulle as die wind so waai?"

"Wie?" hoor ek myself sê.

"Die mense, daar in Cross Roads, Guguletu, Langa, jy weet waarvan ek praat." Ek voel haar ooghare oop en toe maak en toe weer oop.

Ja ek weet goed waarvan sy praat. Die sink en kartonkrotte in die sand op die Kaapse Flats. Jy sien dit, soms as jy vinnig kyk, vanuit jou motor op die snelweg. Jy rek effens om beter te kan sien, maar dan daal die pad en jy wag vir die volgende bultjie, weer vir 'n vinnige kykie. Jy besef jy moet iets voel, maar daar gebeur niks nie. Jy wil nie iets voel nie.

Nog voor die woorde uit is weet ek dat ek dit nie moet sê nie. "Hulle is gewoon daaraan. Al jare lank waai die wind en die sand so deur hulle. Hulle is gewoon daaraan," sê ek.

Sy staan op, trek haar japon aan en gaan sit op die stoep. Ek kry haar daar en sit langs haar op die bankie. Ons staar die nag in, luister na die see en die wind. Twee skepe in die nag, op die kim.

H J Schutte

Van Wyk Louw se besoek aan Nederland en Vlaandere gedurende 1948–1949

1. Agtergrond en aanleiding tot die besoek

Vir die beskouer van vandag kan dit voorkom of die impuls tot Van Wyk Louw se buitelandse besoek van Julie 1948 tot Februarie 1949 die gebeurtenis van die eredoktoraat was wat die digter aangebied is deur die Rijksuniversiteit van Utrecht. Op 17 Desember 1947 is hy per brief daarvan verwittig. Maar dat dié tyding nie die direkte aanleiding tot sy besoek was nie, blyk alreeds hieruit dat die toekenning van die graad aanvanklik beplan was vir 19 Maart 1948. Waarskynlik is op Van Wyk Louw se versoek van hierdie datum afgesien toe daar op 15 Januarie 1948 deur die Universiteit voorgestel is "Uw erepromotie te doen plaats vinden ter gelegenheid van de rectoraats-overdracht op 20 September 1948".¹

Kyk 'n mens verder na 'n brief wat Van Wyk Louw op 29 April 1947 aan J.H. Broekman van die N.Z.A.V. in Amsterdam geskryf het, kom hiermee aan die lig dat die digter reeds in 1946 uitgenooi is "om 'n reeks voorlesings vir die N.Z.A.V. te hou". Dit beteken dat Van Wyk Louw "eers van plan (was) om in 1947 na Europa te gaan" (my kursivering), soos dit weer blyk uit sy brief van 4 Maart 1947 aan mnr Middelberg van die Gezantschap der Nederlanden te Pretoria. Uit sy skrywe aan mnr Broekman word dit dan duidelik dat die datum van sy voorgenome "reis na Europa" reeds in 1947 bepaal kon word as "tussen Julie 1948 en Februarie 1949".² Dit verklaar waarom die datum vir die ontvangs van die eredoktoraat verskuif moes word na 20 September 1948. En die redes waarom hy en sy eggenote nie uitvoering kon gee aan hulle aanvanklike plan om Europa in 1947 te besoek nie, het verband gehou met die "geboorte van 'n dogter" op 12 Desember 1946 (sien ook die brief van 10 Jan. 1947 aan Jan Greshoff) én die digter se onsekerheid oor die destydse wisselvallige skeepsverkeer tussen Europa en Suid-Afrika.³

Hierdie briefwisseling illustreer dat daar tussen Van Wyk Louw en verskeie persone en organisasies in Nederland 'n noue betrokkenheid besig was om te ontwikkel.⁴ Die vraag is watter agtergrondsfaktore bygedra het tot die realisering van sy oorsese reis.

Van Wyk Louw se bewuste aansluiting by die Nederlandse literatuur en geesteslewe gaan sover terug as *Berigte te velde*, 1939, met die opstel "Willem Kloos 1859–1938". Daarin het die digter hom tydens die dertigerjare vereenselwig met Kloos se opvatting van die "persoonlikheid van die estetiese mens binne 'n meer as gewoon dowwe gemeenskap" (p. 8). Voortbouend daarop is die besinning "'n Gesprek — waarin niks beslis word nie", 'n gespreksituasie wat plaasgevind het na aanleiding van die oorlye van

Kloos. In lg. opstel word daar ook binne die verband van Kloos se bydrae gekom tot die formulering van Louw se destydse credo: "Die poësie is die konsentrasie van 'n eeu se geestelike lewe . . . Ek glo dat dit poësie is waaraan die hoogte van 'n literatuur gemeet word" (p. 79).

Gedurende die laat dertiger- en veertigerjare was daar in die geesteslewe aan die Kaap 'n aantal faktore wat bevorderlik was vir Afrikaans-Nederlandse betrekkings. Word dit in verband gesien met Opperman (1967: 49) se opmerking dat daar in die Afrikaanse letterkunde met die Dertigers "'n eerste tydgenootlike belangstelling in die Nederlandse poësie" plaasgevind het, dink 'n mens onmiddellik aan die stimulerende invloed wat uitgegaan het van die boekhandelaar Gerrit Bakker. Hy het die Kaapse groep gereeld in aanraking gebring met tydgenootlike Nederlandse literatuur, waaronder Coster se *Nieuwe geluiden* as 'n baken uitgestaan het.⁵ En vanaf 1936-1939 was Van Wyk Louw se gesprek met sy broer, W.E.G. Louw, veral ook van belang vir die bereiking van 'n noue aansluiting. Eerstens wil dit sê dat W.E.G. Louw in die laat dertigerjare intens gemoeid was met die Nederlandse literatuur vanweë die aard van sy doktorsale studie en verblyf in Nederland. Deur sy monografie *De nieuwere Afrikaanse poëzie* (1939) kon die waarde van sy geslag se poësie onder die aandag van die Nederlandse publiek gebring word; vgl. wat hy op 14 Mei 1939 aan Van Wyk Louw daarvoor skryf: "Ek glo nie dat ek daar iets nuuts in sê nie, maar in Nederland is die oudste nuus oor die Afr. literatuur nog weer vreemd."

Tydens W.E.G. Louw se Nederlandse verblyf is daar dus bewustelik probeer om wedersydse verkeer te bewerkstellig. In die eerste plek raak dit sy verhouding met sy Amsterdamse dosent, prof N.A. Donkersloot. In die Louws se briefwisseling is daar verwysings na enkele ander persone wat W.E.G. Louw ontmoet het. Op 14 Mei 1939 meld hy bv. van 'n vlugtige kennismaking met Nijhoff, "een van die laaste grotes". Daarop reageer Van Wyk Louw in 'n brief van 27 Julie: "As ons kulturele kontakte moet hê, dan moet dit met die werklik grotes wees. Niks anders sal vir ons van betekenis wees nie." In 'n brief van 25 Julie is dit dan van besondere belang om te let op die vermelding van sy kennismaking met Jan Greshoff in Kaapstad.⁶ In die daaropvolgende veertigerjare sou dit deur bemiddeling van Greshoff wees dat Van Wyk Louw met talle Nederlandse persoonlikhede in aanraking kon kom. So ook t.o.v. sy reis na Nederland en België sou Greshoff 'n deurslaggewende rol speel.

Mede deur Greshoff se toedoen is in 1940 *Tussen die engtes, 'n Afrikaanse versameling ten behoeve van Nederlandse skrywers* uitgegee. Met hierdie publikasie is vanuit Afrikaanse kant 'n helpende hand uitgereik na die nood van die taalverwante mede-skrywer in Nederland gedurende die oorlog. 'n Fonds wat op hierdie wyse byeengebring kon word, het in 1946 en 1947 bygedra tot die uitnodiging en besoek van A. Roland Holst en J.C. Bloem na Suid-Afrika.⁷ Greshoff was ook as mede-redakteur betrokke by die reeks Nederlandse boeke by die uitgewer J.L. van Schaik. Teen die agtergrond

van die bedreiging wat die Tweede Wêreldoorlog vir Nederland ingehou het, was die idee met hierdie Suid-Afrikaanse reeks dat dit sou help verseker dat kontemporêre Nederlandse literatuur in sirkulasie bly. Op uitnodiging van Greshoff het Van Wyk Louw 'n bydrae in hierdie reeks gelewer met sy *Poëzie en proza van H. Marsman* in 1943.

Deur hulle uitgebreide briefwisseling gedurende die veertigerjare kan 'n beeld gevorm word van hoe die beoogde reis mettertyd verwerklik is. Weer eens sou Greshoff 'n bemiddelende rol vervul.⁸ In sy hoë waardering vir Van Wyk Louw se digterskap het Greshoff daarvoor gesorg dat dit onder die aandag van die Nederlandse skrywers kom. Terwyl Holst nog in Suid-Afrika was en pas na sy terugkeer in Nederland,⁹ bevind Greshoff hom in Nederland en België gedurende Desember 1946 tot Mei 1947. Dit is veral deur hulle briefwisseling gedurende hierdie tyd dat gesien kan word hoe die idee van 'n Nederlandse besoek beslag gekry het.

In sy briewe van 6 en 16 April 1947 skryf Greshoff dat P.N. van Eyck waardering het vir die digterskap van Van Wyk Louw, in die besonder *Gestalten en diere* en *Raka*. Op 18 April meld hy dat Holst 'n radiopraatjie oor Van Wyk Louw gehou het. Hy skryf verder dat dit in Nederland "langzamerhand" duidelik word dat "N.P.v.W.L. het hoogtepunt der ZAfr letterkunde" verteenwoordig. Daarop vervolg hy:

Ik heb van enige lichamen het verzoek gekregen een combinatie te vormen met het doel een fondsje bijeen te brengen om jouw reis naar Nederland te financieren.

Uit Van Wyk Louw se briewe gedurende hierdie tyd kan gesien word hoe hy hom ook beywer het vir nouer betrekkinge — reeds in sy besef van die waarde van Nederlandse bydraes vir *Standpunte* met Greshoff as die skakel-persoon om dit te verkry (sien briewe van 28 Januarie en 27 Maart 1947). Verder, deur kort mededelings is Greshoff gereeld op die hoogte gehou van sy vriend "Jany" (Holst) se reis in S.A. Op 27 Maart maak Van Wyk Louw melding van "sowat 10" briewe wat hy na Nederland moet stuur. N.a.v. Greshoff se bemiddelende rol sê hy: "En jou vriendelike propaganda vir Afr. laat 'n nuwe stroom briewe kom waarvan — helaas — heelparty bloot weens gebrek aan tyd onbeantwoord sal moet *bly*."¹¹ Hierdie brief sluit hy só af: "Hartlike groete aan Aty en Nini, en ek voel byna asof ek dit moet stuur aan die baie mense daar wat ek deur julle al byna so te sê as vriende beskou: Bloem, Van Eyck en ander." En op 15 Mei: "In my week se vakansie het ek darem 'n hele aantal briewe na Nederland klaar gekry; trouens dit was die hoof- en enigste werksaamheid van dié week." Oor *Standpunte* sê hy: "Ek kry die afgelope tyd nogal navraag en bestellings uit Nederland". Na Greshoff se woorde hierbo word só verwyd:

jy het iets gesê van 'n komitee van verenigings wat iets met my reis in Nedl. te doen sou hê. Dit het my effens ontstel. Ek het eintlik gemeen om te rus en lyf bietjie uit te rek. Die amptelike kant van Jany se reis stel my nie erg gerus nie . . .

Hierdie gedagtewisseling oor Louw se voorgenome besoek moet gesien word teen dié agtergrond dat die instelling van 'n kulturele verdrag tussen Suid-Afrika en Nederland dikwels ter sprake gekom het in die veertigerjare. Die N.Z.A.V. het hom gedurende 1947–1949 beywer vir die hervatting van die leerstoel in die Suid-Afrikaanse taal, letterkunde en geskiedenis, wat in 1939 gestaak moes word. Reeds in Desember 1947 is 'n lang brief aan die Nederlandse minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap voorgelê, waarmee gewys is op die wenslikheid van die herinstelling van hierdie leerstoel aan die Gemeentelike Universiteit te Amsterdam.¹⁰ Die liggaam wat hom spesifiek daarvoor beywer het, nl. die Stichting tot Bevordering van de Studie van Taal, Letterkunde, Cultuur en Geschiedenis van Zuid-Afrika, het eindelik 'n kultuurverdrag in die oog gehad. Dit blyk bv. waar Broekman in sy brief van 22 April 1948 aan Van Wyk Louw skryf dat sy reis “geregeld wordt in het kader van het te sluiten cultureel accoord tussen Zuid-Afrika en Nederland”.

Die waardering vir Louw se digterskap deur Nederlandse mededigters en kultuurorganisasies is aangevul deur 'n geleerde, prof W.A.P. Smit, wat in hierdie tyd besig was om 'n intensiewe studie van sy poësie te maak.¹¹ Alles in aanmerking geneem, kan terugskouend gesê word dat die wyer bekendmaking van en waardering vir Van Wyk Louw se digterskap in Nederland, op 'n geleë tydstip gekom het. In 1948 was die politieke verwydering tussen Nederland en Suid-Afrika maar nog net op die horison, sodat Van Wyk Louw se besoek allerweë gunstig bejeën is.¹² Ook vanuit Suid-Afrikaanse kant is Louw met die nuus van sy eredoktoraat gelukkig gewens en vereer. Hy het bv. talle briewe en telegramme ontvang van persone soos prof G. Dekker, Totius en dr D.F. Malan (lg. nog nie in die hoedanigheid van Eerste Minister nie). Die volgende woorde, komende uit 'n brief van 5 Januarie 1948 deur die Kaapse tak van die Algemeen Nederlands Verbond, vat die betekenis van hierdie gebeurtenis kernagtig saam:

Dat die onderskeiding ten volle verdien is ly nie die minste twyfel nie. Hierdie besluit van die vermaarde Universiteit sal nog verder daartoe bydra om die kultuurbelange van die Duitse stam in sy eie Afrikaanse openbaring 'n kragtige stoot vorentoe te gee, wat van selfsprekend deur die A.N.V. verwelkom word.

2. Die besoek

2.1 Bronne oor die besoek

Informasie oor Van Wyk Louw se besoek van 1948/1949 is verkrygbaar uit, eerstens, 'n dagboek, 'n soort afspraakboek getitel “Day-by-day diary for 1948”. Elke bladsy bied ruimte vir 4 dagboekinskrywings plus 'n “memo” van ongeveer dieselfde ruimte onderaan die regterkantse bladsy. Elke spasie is deur VWL en, soms, deur sy eggenote Truida gedeeltelik of heeltemal benut deur selfs 10 reëls in 'n spasie in te kry. Benewens hierdie dagboek bestaan daar 8 bladsye in 'n aantekeningboek

van 1948. Eers word daar kortliks in 6 reëls melding gemaak van die persone by die afskeidspartytjie aan huis van M.P.O. Burgers op die aand van 12 Julie. Die orige bietjie meer as 2 bladsye bevat grepe uit die oorsese rit op 13 Julie. Hierby is daar 4 bladsye oor 'n beskrywing van 'n boetprosessie waarvan VWL aanskouer was tydens hulle besoek aan Veurne op 25 Julie. Die dokument word afgesluit met 'n bladsy Wes-Vlaamse woorde wat hy beluister het, bv. "olland" (vir "Holland"), "Soendag" en "Doenerdag".

Nog 'n bron is die 10 beskrewe bladsye KLM-papier waarmee, gedurende die terugreis op 7 Februarie 1949, daar van bepaalde tydstippe op impressionistiese wyse verslag gedoen is. 'n Enkele voorbeeld: om "4.30" het die visuele indrukke van die landskap buite die vliegtuig só voorgekom: "... 'n meertjie geys. Nou lê die berge ry ná ry ... donker-blou + ligter ... die bruin bewerkte dale tussenin ... wit tussenin van ys ... ongelooflike kleure bruin, wit, donker ..."¹³

Die dagboekinskrywings is soms gelaai met informasie oor ontmoetings en afsprake met talle persone en organisasies en verwysings na plekke op die uitgebreide reis. Meestal is dit egter net saaklike vermeldings om blykbaar as aantekeninge vir latere verwerking te kon dien. Dit beteken dat daar hier selde enige waarde-oordele gegee word.¹⁴ Dit gebeur wel in 'n aantal bewaarde briewe wat Van Wyk Louw en soms ook sy eggenote kort voor en gedurende hulle reis aan vertroude persone soos W.E.G. Louw, J. du P. Scholtz, Jan en Aty Greshoff en Opperman geskryf het. Opmerklik is dit hoe daar in die dagboekinskrywings dikwels verwys word na pos wat afgehaal en briewe wat geskryf is. Selfs tydens hulle verblyf in Engeland vind ons hierdie inskrywing op 4 September: "Kry hele pak briewe uit Suid-Afrika." 'n Dag se bedrywigheid het soms gesentreer om korrespondensie wat afgehandel moes word, bv. op 26 Oktober: "Ek skryf heeldag briewe: Canis en ouers". Deur hierdie korrespondensie kry ons direkte insae in hoe Van Wyk Louw en sy eggenote hulle reis geëvalueer het.

'n Laaste en belangrike bron van informasie is die heelwat aantekeninge wat gemaak is tydens maar ook reeds voor die reis vir beplande lesings.¹⁵ Dié dokumente toon die beste hoe hy die Afrikaans-Nederlandse betrekkinge benader het.

Met behulp van al bovermelde dokumente sou dit moontlik wees om 'n kleurrike prentjie saam te stel oor Van Wyk Louw se lewensloop gedurende 1948-1949. Hier wil ek egter op slegs drie aspekte let: die verloop van die reis, lesings tydens die reis en die aard van die lesings, om sodoende deur te dring tot die betekenis van die besoek.

2.2 Verloop van die reis

Uit informasie van die dagboeke en briewe is dit moontlik om die datums en plekke van die reis soos volg te rekonstrueer:

14-23 Julie: Aankoms en eerste fase van verblyf in Amsterdam. Van hier is plekke soos Haarlem en Hilversum besoek. Prof N.A. Donkersloot en sy

eggenote (“Nico en Mies”) was sentrale persone gedurende die hele verblyf in Amsterdam. Die klub De Koepel het dikwels gedien as bymeekaarkomplek waar Van Wyk Louw ’n verskeidenheid mense ontmoet het.

23 Julie tot 9 Augustus: Eerste kennismaking met België. Onder begeleiding van Karel Jonckheere en sy eggenote Germaine is Vlaandere “kruis en dwars deur”. Die Jonckheeres se verblyfplek in De Panne het ’n prominente plek ingeneem gedurende die hele besoek aan Vlaandere.

9–18 Augustus: Terugkeer na Amsterdam.

18 Augustus tot 16 September: Reis na Engeland en Wallis.

16 September — 24 September: Terugkeer na Amsterdam. Op 20 September is die eredoktoraat toegeken.

24 September tot 10 November: Verblyf op De Pauwhof te Wassenaar.¹⁶ Tydens hierdie periode van rus en selfwerkzaamheid is voorberei vir lesings wat later o.m. te Utrecht en Amsterdam gehou sou word. Verder is allerlei plekke in Noord-Holland besoek, soos Bergen waar Holst gewoon het, asook Friesland en Groningen. Gedurende hierdie tyd is nader kennis gemaak met Nijhoff in Posthoorn.

10–19 November: Verblyf in België te Brussel.

19–22 November: Kort verblyf in De Panne.

22 November tot 5 Desember: Besoek aan Frankryk.

5 Desember 1948 tot aan die begin van Januarie 1949: Terug by De Panne.

±4–14 Januarie: Terug na Amsterdam.

14 Januarie tot 2 Februarie: Na België. Vernag eers in Wassenaar. Vandaar na Antwerpen, Brussel en weer Antwerpen. Hier sou W.E.G. Louw en sy eggenote op 15–16 Januarie ontmoet word. Die plan was dan om vir “omtrek 10 dae” na De Panne terug te keer. Verder: “Teen die 29ste keer ons terug na Antwerpen om dan per motor saam met Gaston Burssens en sy vriendin na Kortrijk te gaan waar hul ’n vriend met ’n pragtige versameling moderne Belgiese skilderye het. Op 2 Februarie is ons terug in Amsterdam”.¹⁷

2–7 Februarie: Laaste verblyf in Amsterdam en vertrek na Suid-Afrika.

2.3 Voorlesings en lesings gedurende die reis

Tydens die beplanningsfase van sy reis het Van Wyk Louw nie genoeg geneem met die idee om lesings te hou nie. Die aanvanklike voorstel van die N.Z.A.V. aan hom was dat hy ses of agt lesings vir hierdie vereniging sou hou.¹⁸ Dat hy moontlik afwerend gereageer het, blyk uit ’n brief van die Kommissie van Advies en Coördinatie ten Dienste van de Culturele Betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika: “Wij vernamen intussen, dat U er de voorkeur aan geeft Uw reis naar Nederland geheel als een vakantieverblijf op te vatten. Wij moeten ons daarbij dan neerleggen.”¹⁹ Daar bestaan ook ander dokumente om hierdie vooringename houding van hom te staaf.²⁰ Daarom is dit merkwaardig dat hy tóg heelwat lesings gedurende sy reis gehou

het.

Gedurende die eerste fase van sy besoek aan Nederland en België, d.w.s. van 14 Julie tot 18 Augustus, is geen lesings gehou nie. Interessant is die verwysing tydens sy besoek aan Engeland dat daar 'n "praatjie vir BBC oor Skrywer en sy Tyd" opgeneem en op 15 September uitgesaai is. Maar dit was eintlik eers sedert hy terug in Amsterdam was, ná die ontvangs van die eredoktoraat, dat van 9 Oktober af 'n druk tydperk van lesings gevolg het. Op 14 Augustus maak hy daarvan melding deur soos volg aan Greshoff te skryf: "W.A.P. Smit (en sy vrou) met wie ek besonder aangenaam kon gesels, (het my) gevra om in Okt. ses voorlesings in die Univ. van Utrecht te hou: 2 vir jonger studente oor jonger Afr^{se} literatuur; 2 vir senior studente: voorlees van my werk met bespreking; 2 vir die algemene studenteliggaam — waarskynlik oor kulturele probleme in S.A." Hierdie en ander lesings wat gedurende Oktober en November gehou is, was later uitputtend vir Louw. So bv. ná etlike dae van lesings en min slaap teken hy in sy dagboek op 20 Oktober aan: "Vrek moeg tuis." Of op 2 November: "Heeldag goor + knorrig omdat vanaand se lesing nie áfgestel is nie." Daar was blykbaar voortdurend 'n aanvraag na sy lesings waartoe hy nie altyd geneë was nie; vergelyk die volgende uit 'n brief van 21 November aan Greshoff: "En daarná (die Franse vakansie — H.J.S.) dan die stilte van De Panne. Dit het ek wel nou nodig. Maar dit is ook weer 'n onderbroke stilte. Daar is al weer grommende tekens van voorlesings wat gevra sal word, en aan een of twee sal ek waarskynlik nie kan ontkom nie . . ."

Sover uit die dagboek, briewe en ander aantekeninge vasgestel kon word, is die volgende lesings gehou:²¹

25 September — voorlesing uit eie werk by vergadering van "Vereniging van Letterkundiges" — Wassenaar (?)

2 Oktober — voorlesing uit eie werk by De Pauwhof, Wassenaar.

9 Oktober — "Oor en uit eie werk" — Leidse Maatschappij — Leiden.²²

10 Oktober — Praatjie by viering van Helledag: "Die Afrikaanse Beweging die toekoms in" vir Suid-Afrikaanse studente in Amsterdam.

12 Oktober — "Die nuwe Afrikaanse poësie" ("Van 2.15 tot 4 vir Neerlandici oor *Jongere poësie* en *Opperman*") — Universiteit van Utrecht.

13 Oktober — "Oor my eie werk" ("Om 2.15-4.15 praat oor *Eie werk* + lees voor vir kandidaten") — Utrecht.

14 Oktober — Lesing oor "Die agtergrond van die Afrikaanse literatuur en geesteslewe" vir die algemene studenteliggaam *Studium Generale*, Utrecht.

20 Oktober — "Die jongste Afrikaanse poësie" — Groningen.

21 Oktober — Dieselfde lesing as op 20 Oktober vir 'n gekombineerde vergadering van die *Studium Generale* en die takke van die A.N.V. en N.Z.A.V. te Utrecht.

22 Oktober — "Oor en uit eie werk" — Universiteit van Amsterdam (vir "Nico se studente").

1 November — “Iets oor probleme van Suid-Afrika” / “Probleme van 'n kultuur in Suid-Afrika” — NZAV — Amsterdam.

2 November — Voorlesing uit eie werk — Haagse Kunstkring — Den Haag.

13 November — “Jongste Afrikaanse poësie — Brussel — dagboekinskrywing lui: “Aand praat: stem raak weg. ± ½ uur.”

14 November — Lesing vir Vereniging van Vlaamse letterkunde (naam of tema van lesing nie aangedui nie) — Brussel.

18 Desember — “Die agtergrond v/d Afr. lit. + geesteslewe” — Gent.
Gedurende Januarie of Februarie 1949 is daar vir die N.Z.A.V. te Amsterdam 'n lesing gehou oor “Die posisie van die Afr^{er} in S.A. vandag”.

2.4 Aard van die lesings

By sy aanraking en verkeer met die Nederlandse en Vlaamse geesteslewe het Van Wyk Louw van meet af aan 'n onbevangende houding aangeneem. In die eerste fase van sy verblyf in De Panne waar hy deur Jonckheere in die geleentheid gestel is om op die hoogte te kom van die Vlaamse geesteslewe, kon hy reeds op 2/4 Augustus teenoor Opperman só daarvan getuig:

Een van die merkwaardigste ervarings wat ek opdoen, is hoe uiters ingewikkeld die probleme ook *hier* is. 'n Mens glo so maklik dat ons heterogene bevolking se vraagstukke per se verwickelder is as dié van die “homogene” Europese volke. Dit is 'n misverstand wat ek aan die afleer is.

Deur briewe aan ander vriende kom dit ook aan die lig hoe hy hom oopgestel het vir die inwerking van die ryk Europese kultuur. Dié kennismaking wat nog aan die gang was, het meegebring dat hy verkies het om sy oordeel op te skort. “En gelukkig kan 'n mens in 'n vreemde land die oordeel eindeloos *swewend* hou.” Dit laat hom in sy skrywe van 14 Augustus aan Greshoff n.a.v. sy opsomming van die mense met wie hy tot dusver op sy reis in aanraking gekom het, eindelijk sê: “Ek vorm maar nie 'n oordeel oor elkeen nie, want eerste indrukke is tog altyd verkeerd.” Of nog treffender kom hierdie houding aan die lig met dié raad aan sy gehoor by die lesing “Die agtergrond van die Afrikaanse literatuur en geesteslewe”: “hoe ek my in 'n nuwe land hou: — luister en oorweeg; probleme leer ken; gesigspunte (want elke mening is 'n perspektief, nie 'n oorsig nie waar die stof so omvattend en vreemd is). Oordeel opskort totdat 'n mens voel dat jy tenminste al die standpunte ken”.

Dat Van Wyk Louw nie net aan die ontvangkant was nie, word bewys deur sy lesings waarmee hy Nederlandse en Vlaamse gehore wou inlig oor aspekte van die Suid-Afrikaanse geesteslewe. Vooraan het gestaan dat hy hom in sy standpunt as oortuigde Suid-Afrikaanse nasionalis moes rekenskap gee van hoe sy standpunt bejeën sou word deur Nederland en België wat kort na die Tweede Wêreldoorlog afkerig was van enige vorm van nasionalisme. 'n Syweg wat hy gevolg het, was om eers 'n simpatieke oor te leen tot die “seer”

gevoel ná die oorlog”, soos blyk uit sy brief van 26 Junie aan sy broer; by die aanhoor van allerlei verskriklike verhale, sê hy, is “simpatie die eerste stap na die ‘goeie verstandhouding’”. By tye het hierdie houding by hom swaarder geweeg as “die behoefte aan redelike uiteensetting van ons eie standpunt en ’n versoening van dié standpunt met die Nederlandse”.

Soos wat Van Wyk Louw hom op die hoogte van die naweë van die oorlog moes stel, so het hy in sy lesings dit nodig geag om Nederland en Vlaandere op die hoogte te bring van die Suid-Afrikaanse situasie. Hy is getref deur die wedersydse wanbegrip wat daar geheers het, soos bv. blyk uit hierdie opmerking ten aanvang van sy lesing “Die jongste Afrikaanse poësie”: “In tientalle gesprekke vind ek dat S.A. ’n hele vreemde wêreld vir (die) Ned^{er} is . . . Ook by ons word simplisties gedink oor Nederland.” Om dus enigszins ’n beeld te kon gee van die agtergrond van die Afrikaanse literatuur en geesteslewe, begin hy sy bespreking daarvan deur van die buitelandse situasie te vertrek:

Vir ’n Vlaming is dit miskien makliker nog as vir ’n Noord-Nederlander om sommige gedeeltes van ons geestelike agtergrond te verstaan. Ook u leef in ’n land met meer as een volk. U ken ’n taalstryd en die ongelukkige vereniging. U ken die spanninge en die behoefte tot ewewig. Maar u ken geen land met (a) 5 of 6 volke in een verband en (b) uiterstes van kultuurtrappe.

(Die) grootste fout sou wees: om S.A. vraagstukke in terme van Nederland te ontleed en op te los. Kontras met Nederland: (1) relatief ’n geografiese eenheid; (2) een volk met een taal (Fries!); (3) ’n taamlieke lang tradisie van politieke eenheid. Sê nou: Nederland het van ’n “nuwe orde” wat met geweld tot stand gekom het ’n deel gevorm(!)

Deur vervolgens uit te gaan van die “geografiese verskeidenheid” in Suid-Afrika t.o.v. sy grootte, bevolking, klimaatstreke en landskappe — toegelig met voorbeelde uit die Afrikaanse letterkunde — kon hy sy gehore ’n begrip gee van die heterogeniteit van die S.A. samelewing. As “hoofprobleem” van hierdie “mikro-chaos” stip hy die verkryging van ’n “menswaardige samelewing” aan. Dit lei hom tot dié missie waarby hy die digterstaak insluit: “(1) “Die enorme probleem van *geregtigheid* aan almal . . . (2) Maar ook die probleem van die *behoud van die eie volk*. (3) En bowenal — vir die geestelike mens — die probleem van die *ewewig, die volle menslikheid* wat hom nie deur stryd laat verlei om *onmenslik, onregverdig*, selfs teen ’n teenstander, te word nie. (4) (Die) digter in ’n strydende gemeenskap.”

Uiteraard het die belangstelling tydens Van Wyk Louw se besoek uitgegaan na dié besondere aard en waarde van sy digterskap. Dat die digter enigszins aan hierdie verwagting probeer voldoen het, kan ’n mens aflees uit meer as een van die titels van die lesings (sien hierbo). Dit is egter telkens opmerklik dat hy verkies het om nie oor sy digterskap te praat nie, bv. deur die volgende opmerking: “In elk geval vind ek dit lastig om oor eie werk te praat . . .” Om daaroor te moes praat, sou hom uitbring by die probleem van selfbeskouing en -kritiek. Teenoor die “oor-bewuste kunstenaar” en die “onbewuste skemper” stel hy dan sy kunsbeoefening wat hy sien as ’n “gewone, ‘natuurlike’

rouding". Ná heelwat teoretisering daaroor, sê hy skielik: "Ek sou liever vir U die agtergrond van die jonger Afr. poësie teken"! In die lesing "Oor my eie werk" het hy skaars nog na sy poësie verwys of hy formuleer sy opdrag waaroor hy wil praat só: "Om met Kant te praat: Onder welke omstandighede, of welke veronderstellings (voorwaardes) — Kultureel en politiek — s 'n literatuur soos ek my dit voorstel, moontlik."

En van die politieke voorwaardes waaraan hierdie kunststewe moet beantwoord, verwoord hy in hierdie lesing soos volg: "welvaart vir groots moontlike massa . . . Ook al omdat die gevoel van onreg, van ongelykheid die geestelike mens van sy eintlike taak aftrek". Dit is opvallend met watter nadruk hierdie saak onder die aandag gebring is, bv. deur die volgende woorde. Dit sy toespraak by geleentheid van die ontvangs van die eredoktoraat: "dat Suid-Afrika 'n menswaardige vorm van saamleef vir almal binne sy grense sal vind".

Eweneens van belang is sy verkondiging van 'n "oop wêreldbeskouing" in die lesing "Die nuwe Afrikaanse poësie", wat wil sê: "die moontlikheid dat alle wêreldbeskouings in vrye intellektuele verkeer met mekaar om die *waarheid* kan stry". Elders wys hy daarop dat die handhawing van een enkele wêreldbeskouing, soos die nasionalisme of irrasionalisme, maklik kan lei tot verstarring. Daarom: "Stewe kan alleen na waarheid wees, altyd met veronderstelling dat wat jy besit, geen volle waarheid is nie." Dit bring dan dié houding mee: "'n Liefde vir dinge wat *anders* is as jy, omdat hulle die aanvulling van jou halwe waarheid is." Dit hang weer saam met twee ander kulturele veronderstellinge: (a) "die oopgaan vir die geskiedenis — ver vóór 1652; en vir die groot kultuur van ander lande . . ." en (b) "oopgaan vir die hele lewe".

Opmerklik is dit hoedat Van Wyk Louw telkens daarop uit was om die aandag van sy gehoor te verkry, bv. in die lesing "Die jongste Afrikaanse poësie" waar hy agtereenvolgens stel: "Die onderwerp wat ek U hier wil toon, die Afr^{se} poësie, is as 't ware versluier — deur een laag neteldoek ná die ander.

/ Die eerste — wat die deursigtigste skyn en dit nie is nie — is die taal. / Na 'n halfuur luister, (is dit) onmiddellik verstaanbaar." Deur so te werk te gaan, kon hy sy Nederlandse/Vlaamse gehoor met hom saamneem in sy verkenning van allerlei aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur — gesien vanuit die perspektief van 'n Afrikaanse digter. Wat hy hom met hierdie werkwyse ten doel gestel het, word duidelik aan die einde van die lesing "Die agtergrond van die Afr. lit. en geesteslewe": "Moet nie te veel verwag nie. Ons het nog maar begin . . . Daarom dat ek op die agtergrond meer wou wys as op prestasies. As my lesings enkeles van U kon lei om nader kennis te maak: hou hierdie agtergrond in die oë; dan sal U nie alleen 'n paar mooi werke ontdek nie, maar 'n boeiende wêreld."

3. Betekenis van die besoek

Die betekenis wat hier omvattend is, wil ek by wyse van drie grepe perspektiwies bespreek: (1) kulturele kontak *gedurende* die besoek; (2) uitwerking van besoek op Van Wyk Louw se *latere* loopbaan; (3) relevansie van die idees in lesings *vir vandag* en moontlik selfs die *toekoms*.

3.1 Die waarde van die nuwe kontakte en die hernuwing van ou kontakte blyk al hoedat Van Wyk Louw daarin kon slaag om *Standpunte* wyer bekend te stel. Deur bemiddeling van Jonckheere het die Belgiese regering besluit om in te teken op 100 eksemplare wat versprei sou word in biblioteke. Daarby het Bert Pelckmans (Nederlandse Boekwinkel, Antwerpen) besluit om op eie rekening 40 eksemplare te bestel. Die idee met lg. was dat aangesien België in die laat veertigerjare vry was om geld uit die land te stuur terwyl dit nie die geval was met Nederland nie, belangstellende Nederlanders via Pelckmans op *Standpunte* kon inteken.²³

En dat dié kulturele verkeer 'n wedersydse aansien begin verwerf het, blyk weer daaruit dat Van Wyk Louw nog tydens sy besoek in 1948 redaksielid geword het van die Nederlandse *Critisch Bulletin*. Sy toetrede tesame met dié van Jonckheere is deur die redaksie onder die veelseggende opskrif aangekondig: "Noord en tweemaal Zuid". Deur hierdie verkeer tussen "drie verwante taalgebieden" is daar uitgesien na "de intensivering van kulturele samenwerking en uitwisseling tussen Nederland, België en Zuid-Afrika."²⁴

3.2 Terwyl Van Wyk Louw hom nog in Nederland bevind het, is daar met W.E.G. Louw onderhandel met die oog op die bekleding van die leerstoel aan die Gemeentelike Universiteit. Dat Van Wyk Louw bewus was daarvan, blyk waar hy kort voor sy oorsese vertrek in 'n brief van 28 Junie aan sy broer soos volg skryf: "Van Jan verneem ons dat jy miskien aan die end van die jaar na A'dam toe gaan." Desondanks dat dit vir *Standpunte* 'n slag sou wees, wens hy sy broer "in alle ander opsigte" geluk daarmee. In sy brief van 26 September was dit 'n uitgemaakte saak dat W.E.G. Louw na Nederland sou gaan. Dit laat Van Wyk Louw sy broer van raad bedien oor o.m. hoe hy van mening is "dat die Afr.^{se} saak hier op die *regte* manier aangepak word".

Gemeet aan die twee kriteria wat die N.Z.A.V. in hulle brief aan die Minister gestel het: dat iemand gekies sou word "die zoowel Zuid-Afrika als Nederlandse toestanden terdege kent", was W.E.G. Louw 'n ideale kandidaat vir die Amsterdamse leerstoel. Persoonlik was die aanbieding vir hom "'n unieke eer en na die vervulling waarvan ek met gretigheid uitgesien het". Maar, soos dit verder in sy brief van 1 November 1948 aan die Sekretariaat van die N.Z.A.V. lui, moes hy dit tot sy spyt bedank omdat hy "nie daarin geslaag het om 'n plaasvervanger vir my professoraat aan die R.U.K. te kry nie".

Drie weke daarna, op 21 November, skryf Van Wyk Louw aan Greshoff: "'n Ander lastige saak: gister saam met jou brief i.s. Gladstone se brief om nie na

Ned. te kom nie, ontvang ek ook 'n brief van Nico waarin hy my vra of hy my nou vir die prof. kan voordra." In daardie stadium was dit vir Van Wyk Louw nog glad nie duidelik of hy aan die versoek kon toegee nie, want afgesien van persoonlike sake, soos hoe 'n oorsese verblyf sy kinders sou raak en sy gehegtheid aan Clifton, was "die grootste vraag van alles: 'Sal ek hier in Europa kan wêrk?' " Hoewel hy hom dit eindelik laat welgeval het, het die onsekerheid bly voortduur, want in 'n brief van 11 Januarie 1949 stel hy weer: "Die aanbod van A'dam het my nogal 'n paar kwellings gegee". Láter, by terugskouing, ná die Louws hulle reeds in Nederland bevind het, te midde van 'n huwelikskrisis, blyk dit uit 'n skrywe van 20 Mei 1950 deur Truida Louw dat dit juis die idee was van 'n ander omgewing wat sou kon lei tot hernieuwe produksie, wat in Suid-Afrika die deurslag gegee het om na Nederland te gaan.

As direkte uitvloeisel van die 1948/1949-besoek het dan 'n agtjarige verblyf gevolg. En 1950-1958 het inderdaad 'n vrugbare skeppingsperiode geword. Die talle stukke van sy "oop gesprek"-reeks, o.m. in *Die Huisgenoot* of uitgesaai oor Radio Hilversum, is tot op hede saamgevat in 'n stuk of agt bundels essays. As beskouwlike prosa verteenwoordig die werksaamheid moontlik dié hoogtepunt in die genre van die Afr. essay. Oor 'n verskeidenheid sake — soos die stand van en vernuwing in die Afr. prosa, literêre teorie en 'n kultuurfilosofiese begroning van Afrikaans — is treffend voorligting gegee. Gedurende hierdie jare voer Van Wyk Louw die beoefening van die radiodrama tot 'n glanspunt deur oor die eter heen sy "verspreide Afrikaanse taalwêreld" saam te snoer. Les bes is daar *Tristia* wat voortgekom het uit sy Europese verblyf. Daarby kon Van Wyk Louw as akademikus sy stempel afdruk op verskillende studente vir wie hy help vorm het tot invloedryke vakpersone.

3.3 As 'n kernpunt in die 1948/1949-lesings geld sy besorgdheid en besinning oor Afrikaans as klein taal. Reeds tydens die dertigerjare, met *Berigte te velde* en *Lojale verset*, was hy gepreokkupeer met die vraag oor die reg van die voortbestaan van 'n klein volk. In 'n merkwaardige paragraaf uit 'n brief van 16 Augustus 1944 (p. 3-4) aan Greshoff spreek hy hom geesdriftig uit oor Marnix Gijsen se "pleidooi vir die 'kleiner nasies' ". Hy vra hier: "Sal Belge, Nederlanders en Afrikaners mekaar nie in hierdie opsig ná die oorlog veel beter begryp nie?" Van belang is dit dan om daarop te let dat Van Wyk Louw Afrikaans nie beperk het tot die Afrikaner nie; nog verder terug, op 7 Mei 1943, uiter hy teenoor Greshoff hierdie versugting: "dan hoop ek natuurlik dat ons kleurling-broeders hulle ál hoe meer van ons gemeenskaplike taal in die toekoms sal bedien".

As vertrekpunt vir sy lesing "Die posisie van die Afrikaner in S.A. vandag" het Van Wyk Louw pertinent gestel dat die Afrikaner "'n onderdeel van al die vraagstukke van S.A." is. Soos wat hy hom verset teen die idee van die Afrikaner as "die volk van S.A.", so begeer hy nie dat die Afrikaner onder-

geploeg sal word deur die "getaloorwig" van die swartes of is hy nie gewillig dat "ons opgaan in die Engelse volk nie". Vergelykend stel hy vas dat daar in ± 1902 meer rede tot uitsigloosheid was as in 1948/1949 met die kulturele toestande wat vir hom toe gunstiger gelyk het vir die voortbestaan van sy volk. Met behulp van statistieke van 1936 wys hy hoe daar t.o.v. die blanke bevolking 'n groter persentasie Afrikaanssprekendes (56%) as Engelssprekendes (39%) is, behalwe in die stede wat nog oorwegend Engels was. Maar hoe relatief die statistiek kan wees, blyk reeds uit dié opmerking wat hy tussenin voeg: "Nie 'n proses wat eindeloos in dieselfde rigting gaan nie!" Of in sy lesing "Die agtergrond v/d Afr. lit. en geesteslewe" sê hy n.a.v. die destydse "yl bevolking" van S.A. wat hy as 11 miljoen aandui die volgende: "U moet nie meen dat daar nog vir 'n 100 of 200 ruimte is nie!"

En tog kon Van Wyk Louw hier op die vooraand van die apartheidsera sekere prinsipiële sake aan die orde stel wat die post-apartheidsfase vooruitgevoel het. Dit kom veral aan die lig met sy Helledag-praatjie van 10 Oktober 1948: "Die Afr^{se} Beweging die Toekoms in". Uit sy kernaantekeninge kan die volgende uitgelig word. Soos so dikwels vertrek hy van die nasionalisme wat hy by wyse van twee punte stel: "(1) Nas. in sy wese 'n beweging wat alleen beteken: volste ontplooiing van iedereen. (2) Nas. moet dink (a) aan die volste ontwikkeling van vyf of ses nasies; (b) aan die interrelasies v/d vyf: oorkoepeling deur wat ook al." En wat die ideologie van apartheid betref, stel hy onomwonde: "maar dan vir *albei* kante wat apart gehou word, se voordeel". Dit lei tot dié voorwaardes: "Ons moet aan ons oplossings in *universele* terme dink. Ook dus: hoe ons dit in die oog van 'n *onpartydige wêreld* kan regverdig en voor ons *gewete*". Lg. beteken: "Sodra ons bevry is van die onmiddellike vrees van *uitwissing* (maar te veel in S.A. wil ons *toeploeg*) moet ons die taak van *kritiese* meeleeft in ons volk op ons neem". Waarop alles dan neerkom, is: "Skerp reageer teen wat *oneties*, *onverdedigbaar* by ons self is". Die nadruklike byvoeging "AL KOS DIT WAT!" gee aan hierdie houding die aansien van 'n etiese imperatief.

Ten slotte wil ek in die lig van hedendaagse tendense in sowel Europa as Suid-Afrika kortliks wys op die herwaardering wat daar sal moet intree t.o.v. "die posisie van die Afrikaner" soos Van Wyk Louw dit in 1948 voorgehou het.

Van Wyk Louw het hom verset teen die ideologie wat wou hê dat 'n klein taal moet opgaan in "groter verbande". Hiermee is verwys na Smuts wat hom met sy holisme afsydig getoon het van die strewe na 'n selfstandige Afrikaanse taal.²⁵ Vanuit hierdie hoek rig Van Wyk Louw hom tot sy gehoor: "Nederland het 5 jaar lank gevoel van die vrees wat die kultuurmens beetpak by die gedagte van gedwing te word om in 'n 'groter' geheel op te gaan — iets wat die Afrikaner byna 100 jaar reeds ken." Hy het dan ook nie kans gesien daarvoor dat die Afrikaner verdwyn in 'n "Pan-Afrika" nie — iets wat hy weer in terme van 'n ongewenstheid by sy gehoor toelig: "Nederland in 'n Pan-Europa, met hoofstad in Berlyn of Moskou".

Ten aanvang van sy lesing “Die posisie van die Afrikaner in S.A. vandag” verduidelik Van Wyk Louw aan sy Nederlandse gehoor dat hierdie lesingtitel vir hulle as vreemd kan voorkom. Maar hiermee wil hy dan juis “impliseer dat (die) Afrikaner nie alleen in S.A. woon nie”. Dit bring “die vernaamste punt van verskil tussen Nederland en S.A.” mee, want niemand sal verwys na die “Nederlander in Nederland!!”

Kyk ons na die omstandighede aan die einde van die 20ste eeu, word dit maar te duidelik dat Nederland se bevolking nie sonder meer as homogeen beskou kan word nie. Die huidige Nederland word gekenmerk deur ’n “toenemende multi-etniese inslag”,²⁶ Vanweë die geleidelike toename van die “allochtonen” is dit net nie meer vanselfsprekend dat Nederland eentalig sal bly nie — des te meer omdat ook hier die gevaar van verengelsing dreig.²⁷ En die komende ekonomiese eenheidsideaal van “Europa sonder grense” wat vanaf 1992 in swang kom, kan daartoe lei dat Nederlands as klein taal — omring deur drie groot tale — verder kwetsbaar word.

In die lig van al hierdie nuwe omstandighede behoort daar tans vanuit Nederland spontaan begrip te kom vir die posisie van die Afrikaner — veral noudat die laaste reste van die apartheidsstelsel besig is om te verdwyn. Omdat die Suid-Afrikaanse samelewing vanaf 1990 die aansien van ’n “oop samelewing” begin verkry het, behoort dit die taak van alle Afrikaanse sprekers te wees om toe te sien dat Afrikaans sy ampstaalstatus in die “nuwe S.A.” sal behou.

Die posisie van Afrikaans wat in 1990 in vele opsigte riskanter is as in 1948, maak die uitdaging net groter om te stry vir die voortbestaan van Afrikaans. Ons durf nie toelaat dat Afrikaans wat getoon het dat dit die enigste Westerse taal is wat lotsverbonde aan Afrika is,²⁸ in die toekoms sal weggewyn tot ’n minderheidstaal van Suid-Afrika nie. Andersyds: vanweë die noue verwantskap met Nederlands kan Afrikaanssprekendes, in die lig van al die veranderde omstandighede, tans met vrymoedigheid betrekkinge met Nederland/Vlaandere voortsit om op hierdie wyse te verseker dat hierdie taalfamilie sy invloed in die talebestel van die wêreld sal behou.²⁹

Dit alles is die boodskap uit die 1948/1949-besoek van Van Wyk Louw, wat ons in hierdie moeilike tydsgewrig behoort te inspireer tot ’n nuwe toekomsvisie.

Universiteit van Suid-Afrika

Aantekeninge

1. Briefwisseling uit die Van Wyk Louw-versameling in die J.S. Gericke biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.
2. Briefwisseling uit die argief van die Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam.
3. Eindelik is die oorsese reis per vliegtuig aangepak. Deur bemiddeling van Greshoff sou daar met die KLM-redery gereis word (sien brief van 31 Maart 1948 aan J. du P. Scholtz

- asook dié van 12 Mei 1948 deur die Gezantschap der Nederlanden aan Van Wyk Louw). Blykbaar was die S.A. regering nie bereid om die oortog te betaal nie. Dit het Louw-hulle laat "besluit om ons spaargeldjies op te gebruik en tóg te vlieg en geen kultuurvoorlesings vir die Komitee te hou nie" (sien brief van 28 Junie 1948 aan W.E.G. Louw). Of dit die finale toedrag van sake was, is moeilik om vas te stel uit die bewaarde dokumente.
4. Tydens die S.A. besoek van Karel Jonckheere e.a. oorsese gaste stel die redaksie van *Standpunte* pertinent: "Ons hoop dat meer Vlaamse skrywers in die toekoms die voorbeeld van Jonckheere sal volg. Wat ons betref kan die kontak met Noord- en Suid-Nederland nie innig genoeg wees nie" (*Standpunte*, jrg. 3 nr. 2, p. 56).
 5. By geleentheid van die oorlye van Gerrit Bakker bring Truida Louw (1988) hierdie gebeurtenis in herdenking: "Toe Coster se *Nieuwe geluiden* — die gewilde bloemlesing verskyn, het Gerrit sy vriende laat weet om te kom deurblaai. Ek het self só met die Nederlandse digkuns kennis gemaak."
 6. Vgl. wat Greshoff (1969: 305) oor sy aankoms en kennismaking meedeel: "Wij kwamen aan op woensdag 12 juli 1939, vierden quatorze juillet in de Franse club te Kaapstad en op zondag 16 juli maakte ik kennis met de toen nog zeer jonge man . . ." Sien ook Aty Greshoff in Biezen red. (1985: 43-46).
 7. Die onderskeie aandeel van W.E.G. Louw en Greshoff m.b.t. *Tussen die engtes* word deur Bant (1987: 81) soos volg saamgevat: "Terwijl W.E.G. Louw de grote man achter de bloemlesing was, is Greshoff de grote man achter de bezoeken van zijn twee vrienden."
 8. Greshoff se rol as "gangmaker" is in sowel die Nederlandse as Afrikaanse literatuur van onskatbare waarde (vgl. Bant 1987: 10 e.v.)
 9. Greshoff (1946, 1950 & 1969: 305-309) het dikwels in die openbaar getuig van sy hoë waardering vir Van Wyk Louw se poësie. Wat die vriendskapsverhouding tussen Holst en Van Wyk Louw betref, sien die prikkelende bespreking van Britz (1985: 37-48).
 110. Die artikel in *Zuid-Afrika* (1948, jrg. 25: 2): "De Zuid-Afrikaanse leerstoel te Amsterdam" kan beskou word as 'n verwerking van hierdie memorandum.
 11. Prof Smit het opgetree as promotor van die eredoktoraat wat aan Van Wyk Louw toegeken is. In sy brief van 14 Mei 1948 aan mnr Broekman meld Smit dat hy oorweging skenk om "een boekje over de poëzie van Van Wyk Louw samen te stellen". Tydens Louw se besoek blyk dit uit hulle korrespondensie (sien bv. Louw se brief van 6 Oktober 1948) dat hulle gedagtes gewissel het oor die interpretasie van gedigte soos "Die hond van God" en "Die swart luiperd".
 12. Selves van koningin Juliana is daar 'n uitnodiging ontvang om haar by die koninklike paleis op 3 Februarie 1949 om 11h00 te kom besoek (sien items onder nr. 2.K.2.3a). Het Greshoff hierdie besoek geïnisieer?
Sover vasgestel kan word, was daar egter een wanklank, nl. 'n (onopspoorbare) brief van dr Sam. Dresden, waaroor Van Wyk Louw 'n memo opgestel het (sien item 2.X.18.5). Volgens hierdie brief was Van Wyk Louw se poësie aangekla daarvan asof dit rassistiese elemente bevat, waarop hy ten aanvang só reageer: "onlogies: nasionaal het niks met racisme (sic!) te make nie". Hy beroep hom hier op die Nederlandse geskiedenis: "Nederland self het 'n oplewing van gesonde nas. gehad", wat hy verder by wyse van 'n voetnoot toelig: "volkome op die peil en in die aard van die Afr. nas."
 13. Die drie dokumente, die dagboek en die twee dagboekgedeeltes, is verkrygbaar in die J.S. Gericke Biblioteek onder itemnommers 2.Pe.D.1, 2.X.19.2 en 2.Pe.D.2.
 14. Uitsonderings was daar egter ook, bv. tydens sy besoek aan die Rhoudda-vallei in Wallis. Saaklik is die vermelding van die besoek aan hierdie plek in die dagboekinskrywing van 8 September. Maar klaarblyklik was Louw so beïndruk daardeur dat hy in die oop spasies van 5-6 Januarie 'n aparte beskrywing daarvan moes gee, bv. deur so te begin: "Swart brûe, swart rivier. Valleie soos waaiers oop na bo. Rye huise enkeld, 'ribbons'. Swart van klip. Tuinmure van klip soos in Karoo." En die volgende pregnante bespreking is gelaai met sosio-politieke kommentaar: "Dorp aan dorp. Eenders. 'Speerpunt van politiek', Davies". Of op 12 September vind ons hierdie aantekening oor die Walliese taal: "Ek voel dat hulle

- Wallies erg as 'n historiese, geliefde kuriosum beskou; min oor *vandag* se probleme . . ." Hierdie insig vorm later dan ook in 1957 'n belangrike onderdeel in Louw (1977: 40–64) se besinning "Die opkoms van tale".
15. Sien in die Van Wyk Louw-versameling die volgende itemnrns.: 2.To.17, 2.To.18, 2.To.19 en die toepaslike gedeeltes uit 2.X.18, 2.X.19 en 2.X.21.
 16. Van Wyk Louw se lang verblyf op de Pauwhof het waarskynlik plaasgevind op aanbeveling van Greshoff. In 'n brief aan W.E.G. Louw (2 April 1947) verwys Greshoff na De Pauwhof as "een inrichting voor loslopende schrijvers". Sien verder die beskrywing wat Van Wyk Louw van De Pauwhof gee in sy brief van 26 September 1948 aan W.E.G. Louw. Van watter belang dit vir skrywers gedurende die vyftigerjare was, blyk uit *Querido's letterkundige reisjids van Nederland*, p. 448.
 17. Sien brief van 11 Januarie 1949 aan Greshoff. Daar is nie dagboek gehou oor die Jan./Febr.-gedeelte van die reis nie; gevolglik is slegs op die briefwisseling gesteun.
 18. Sien Broekman en Middelberg se brief van 22 April 1948.
 19. Sien prof G. v.d. Leeuw en mnr A. van Peursen se brief van 1 Junie 1948.
 20. Sien bv. die kladskrif van 'n brief deur Louw aan die Gezantschap der Nederlanden Z(item 2.K.1.104.25) in antwoord op hulle brief van 12 Mei 1948 (item 2.K.1.104.24).
 21. Vir die opsporing van die lesings in die Van Wyk Louw-versameling sien die items in aantekening 15.
 22. Item 2.X.18.13 bevat 'n afspraakkalender wat Van Wyk Louw opgestel het vir Oktober/November. Hiervolgens sou hy die Leidse Maatschappij op 9 Oktober toespreek. Dié datum is in ooreenstemming met die verkorte kalender by 2.X.18.1, die brief van Truida Louw aan die Greshoffs op ±6/7 Oktober en die dagboekinskrywing by 9 Oktober. 2.X.18.8 stel egter in die digter se eie skrif dat die Leidse lesing op 9 Nov. gehou is, wat as 'n verskrywing beskou moet word.
 23. Vgl. brief van 14/15 Augustus van Van Wyk Louw aan Greshoff, asook dié van ±6/7 Oktober van Truida Louw aan die Greshoffs.
 24. Sien *Critisch Bulletin*, 1948, jg. 15, pp. 385–386.
 25. Vgl. die volgende kommentaar van Scholtz (1968) in die artikelreeks "Die Afrikaner en die holisme": "Vir Smuts met sy holistiese lewensbeskouing van die skepping van steeds groter gehele was die Afrikaanse volk so klein dat dit waarlik nooit 'n eie geheel kon word nie; dit moes noodwendig in 'n groter geheel opgaan." Vgl. dan ook Langenhoven wat in sy *Burger-resensie* (16 Oktober 1926) oor Smuts se *Holism and evolution* sy spyt te kenne gegee het dat Smuts niks omgee het vir die "kultuur en taal van sy eie arme behoeftige volk nie". Beukes se *The holistic Smuts* strook hiermee as hy herhaaldelik aantoon dat Smuts sy inspirasiebron vir sy holisme gevind het in die destyds magtige Britse ryk. Deur *Liberale nasionalisme* te open met die essay "Uithoek en middelpunt", wou Van Wyk Louw aantoon dat enige, selfs 'n klein volk, en waar ter wêreld ook al, op grond van die kwaliteit van sy geestesprodukte 'n "sentrum" van kultuuraktiwiteit kan vorm.
 26. Vgl. Couwenberg (1982: 169–174) en Krug (1982: 174–184).
 27. Sien o.a. Poll (1990: 1–5), Vanden Berghe (1990: 153–155) en De Swaan (1990: 431–440).
 28. In sy bespreking van die Afrika-tale sluit Comrie (1987: 19) alle tale uit wat "by external colonisation" in Afrika ingevoer is — met as enkele uitsondering Afrikaans, wat hy beskryf as "a language of Africa by virtue of its geographic distribution." Dit kom ooreen met wat André Ignatenko (1990) gesê het oor Afrikaans se "verbondenheid aan die land":
 Toe ek Afrikaans en Nederlands gaan vergelyk het, het dit my opgeval dat die grootste verskil in die woordeskat van die twee tale deur die feit veroorsaak, dat hulle in heeltemal verskillende lande ontwikkel het. En dit is volgens my die belangrikste eienskap van Afrikaans dat hy in hoogste mate aan die land, klimaat, landskap, plantegroei en dierewêreld, gekoppel is.
 29. Uit hoofde van sy Germaanse afkoms stel Hawkins (in Comrie ed. 1987: 68) dat Nederlands en Afrikaans 25 miljoen sprekers het. Hoewel Kooij (in Comrie ed. 1987: 139) in sy bespreking van Nederlands verwys na Afrikaans, noem hy dit 'n "separate language". En verder:

“Afrikaans has definite features of creolisation.”

Die veelfasettigheid van die afkoms en bestemming van Afrikaans is onlangs deur Jan Rabie (in Le Roux 1990) treffend saamgevat: Afrikaans “is die grootste nie-rassige pres-tasie in ons Suiderland tot dusver, gesamentlik geskep deur mense van drie vastelande, Afrika, Asië en Europa”.

Bronneverwysings

Vooraan staan die dokumente wat geraadpleeg is uit die Van Wyk Louw-versameling, Univer-siteit van Stellenbosch. Hierby is gebruik gemaak van etlike argivale bronne uit die Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam.

Bant, W. 1987. *Jan Greshoff en het zuidafrikaanse tijdschrift 'Standpunte'*. Universiteit van Amsterdam. Ongepubliseerde doktorske skripsie.

Berge, Y. vanden. 1990. Verengelsing. *Neerlandia*, 94(4).

Beukes, P. 1989. *The holistic Smuts*. Pretoria: Human & Rousseau.

Biesen, J. red. 1985. *Voortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw*. Leiden: Dimensie.

Britz, E.C. 1985. Die vabond as hoër mens. *Standpunte*, XXXVIII(6).

Comrie, B.C. (ed.) 1987. *The world's major languages*. New York: Oxford University Press.

Couwenberg, S.W. 1982. Het vraagstuk der etniese minderheden — politieke en juridiese aspekte. *Civis Mundi*, 21 (5).

Greshoff, J. 1946. Letterkundige lewe in Suid-Afrika. *Die Huisgenoot*: 10 Mei.

Greshoff, J. 1950. Prof dr N.P. van Wyk Louw se vertrek na Nederland. *Die Huisgenoot*: 17 Februarie.

Greshoff, J. 1969. *Afscheid van Europa*. Nijgh & Van Ditmar: 's Gravenhage.

Ignatenko, A. 1990. Hoekom sou dié Russe Afrikaans wil praat? *Vrye Weekblad*: 14 Sep-tember.

Krug, P. 1982. Het minderhedenvraagstuk in Europa. *Civis Mundi*, 21 (5).

Louw, N.P. van Wyk. 1939. *Berigte te velde*. Pretoria: Van Schaik.

Louw, N.P. van Wyk. 1958. *Liberale nasionalisme*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Louw, N.P. van Wyk. 1977. *Deurskouende verband*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, T. 1988. In memoriam: Gerrit Bakker. *Beeld*: 30 Desember.

Opperman, D.J. 1967.³ *Digters van Dertig*. Kaapstad: Nasou.

Poll, K.L. 1990. Niet Engels, maar Nederlands. *Hollands Maandblad*.

Redaksioneel. 1948. Karel Jonckheere. *Standpunte*, 3 (2).

Redaksioneel. 1948. Noord en tweemaal Zuid. *Critisch Bulletin*, 15.

Redaksioneel. 1948. De Z.-A. leerstoel te Amsterdam. *Zuid-Afrika*, 25 (2).

Roux, A. le. 1990. Sonder Afrikaans sal ek niks wees nie. *Beeld*: 16 Oktober.

Scholtz, G. 1968. Die Afrikaner en Holisme IV. *Die Transvaler*: 1 April.

Swaan, A. de. 1990. Het Nederlands in het Europese talenstelsel. *De gids*, 1153 (6).

Helmine le Roux

Anderkant (die) grens

Die ore was die moeilikste. Erger as die arms en bene. Dié is immers makliker herkenbaar. 'n Skewe kleintoontjie, knopknieë, harige arms en 'n krom pinkie is sigbaar deel van jou. Nie ore nie. Jy sien dit in die spieël en as jy daarvan weggaan het jy vergeet hoe dit lyk.

Die arms en bene was makliker. Nadat dit gewas en ontsmet is, is dit uitgestal. Arms en bene apart. Die slagoffers is aangesê om dit wat aan hulle behoort te neem en aan te tree by die hospitaaltent.

Die basis se normale werksaamhede het tot stilstand gekom. Die res van die manne het doelloos gedwaal. Selfs die samjoor het van hulle vergeet. Party het onder die bome rondgelê, ander is kantien toe. Dié wat met die wassery behulpsaam was, het groen om die kiewe agter geslote tentflappe gelê. 'n Paar het sleg opgegooi. Net 'n klompie het nuuskierig nadergestaan.

“Laat my dink aan 'n beesslagtery,” het een gesê. “Hulle moes my pá hier gehad het; hý kan nou vir jou met vleis werk.”

“Slag hy dit of lap hy dit?”, wou 'n ander weet.

Die samjoor het geen gestoeiery om die lang tafels geduld nie. In 'n ordelike ry moes die manne aantree en in dieselfde ordelike ry verby die tafels beweeg. Die nuuskieriges het hy weggeboender.

Die uitsoekery het lank geduur. Selfs 'n vertroude ledemaat kan vreemd voorkom as dit op steriele doeke op 'n staaltafel lê. Arms is opgetel, bene omgedop, tone en vingers noukeurig bestudeer. Party van die naels was netjies kortgeknip en skoon, die ander vuil, lank, gebreek. Maar almal was bleek en dood.

Van die manne het gegril vir die kil, bloedlose vleis, die stywe onmeelwende ledemate. Die skynbaar argeloses het met minder sensitiwiteit gekyk en getas. Iemand het 'n kru grappie gemaak. En toe 'n stryery oor 'n been ontstaan, het Chrisjan met twee regterbene bly sit. Hy was dankbaar dat hy sou kon loop, veral nadat die samjoor hom twee regterstewels beloof het.

Byna die hele patrollie kon gered word, net die luitenant en drie ander was skoonveld. Maar daar was drie ekstra regterbene, twee arms en 'n halwe torso. Dis later huis toe gestuur en met volle militêre eerbewys ter ruste gelê.

Die onderlyf het Arnoldus gekry.

In die hospitaaltent is koorsagtig gewerk. Met krom naalde en lang stukke swart sy is arms en bene behendig vasgenaai. Medics het rondgedraf, ledemate aangedra en vasgehou, sweet van die dokters se voorkoppe afgevee en vlieë gewaai. En een na die ander het die manne hul verskyning gemaak. Sommige effe kruppel, ander 'n paar sentimeter korter. Maar almal met twee arms en twee bene.

Toe was dit nog net die ore.

Vir Arnoldus was die vreemde onderlyf 'n doring in die vlees. Hy het kaal langs die operasietafel gestaan, wankelend op die nuwe bene, en afgekyk. Dit wat hy gesien het, het hom laat ril. 'n Bleek, ronde magie. Die geslag grotesk. Twee wit, haarlose beentjies met knopknieë. Hy het sy oë toegeknyp en duiselig aan die bed vasgehou. Twee witgeklede figure het hom help aantrek en hy was dankbaar dat sy skande bedek is.

Toe die manne laggend oor en weer hande skud en mekaar op die skouers klop, het hy eenkant bly staan. Later agter sy tent in die skadu's gaan sit en 'n sigaret aangesteek. Dit het na hooi gesmaak, maar hy het dit gerook tot sy vingers gebrand het. Hy het die stompie in die grond langs hom geboor, versigtig om nie na die bene te kyk of daaraan te raak nie.

Toe hy 'n kind was, het die buurman oorkant die straat in 'n rystoel gesit. Verlam, het sy ma gesê, die oom se bene is verlam. Twee nuttelose bene sonder bestaansreg. Maar dit was sy eie bene.

Arnoldus het saggies begin lag, 'n lag wat 'n kreet geword het. En met sy vuus op die grond geslaan en geslaan.

Die patrollie van ses en dertig man is drie dae vantevore uitgestuur. Alhoewel hulle nie veel te wagte was nie, was die luitenant uit die staanspoor onrustig. Dit was sy eerste patrollie.

Bedags was rustig, amper soos 'n voetslaanuitstappie. Sonbesies het geskree en die son het geskroei. Maar snags was die lug vol boosheid. Dan het donker, lyflose gedaantes op hulle toegesak. Goed sonder gesigte of stemme wat stoei en knaag en treiter.

Die eerste nag het hulle op die rand van die loopgraaf gehuiwer en die manne grynslaggend gekoggel.

Die tweede nag het hulle vroeër gekom en langer gebly. Hulle het in die loopgraaf geklouter en met tastende hande en grypende vingers gesoek-voel na swak plekke. Hulle stinkende asemes het die reuk van die dood gedra.

Die volgende oggend was die manne sku vir mekaar.

En toe is dit die derde nag. Ademloos, ineengekrimp het die manne gewag. Die nag was swart soos pik, die sterre ver en koud. Die wind het die blare aan die bome geroer. En op die horison, 'n swaar donderwolk waarin die blitse jaag.

Eensklaps was die gedaantes tussen hulle, op hulle. Genadeloos en met verbeterde woede. Die manne het vergeefs in die lug gegryp-gryp. Grouende vingers in gapende monde en gesperde neusgate het hul gille gestol, hul asemes afgesny. Met brute krag is ledemate afgeskeur en weggesmyt, ore afgeskeur.

Die luitenant het opgespring en weggehardloop, die duisternis in. Twee, drie is agterna. Maar die gedaantes het hulle ingehaal. Dit wat oorgebly het, was onherkenbaar.

Skielik was alles verby. Die wind het gaan lê en die fyn stof wat in die lug

gehang het, het die sterre dynserig gemaak.

Hulle is met helikopters gehaal, elke moontlike flentertjie. En teruggeneem basis toe.

Net voor middagete kom die ore aan die beurt.

Die samjoor brul die manne bymekaar. "G'n hande in die skottel en g'n gestryery nie. Ek sal die goed uitsoek en sorg dat elke man twee ore kry."

"Ons soek ons eie ore," roep een.

Die samjoor snork. "Jy vat wat die army jou gee, boeta!"

Twee . . . twee . . . twee word die ore uitgedeel. Die manne staan bakhand.

Chrisjan kry 'n paar groot, vlesige ore met wit haartjies om die oorgat.

"Samjoor . . .?"

"Wil jy hoor, kêrel, of wil jy nie?"

"Ja Samjoor, maar . . ."

"Nou ja, skoert!"

Toe die laaste man verby is, glimlag die samjoor en stap weg om sy hande te was.

Nadat die ore aangewerk is, bêre die dokters die naalde en gare, die kok skakel sy stowe af en die kolonel stoot sy papiere weg. Almal staan nader en vorm nuuskierige groepies om die paradegrond.

Die samjoor sit sy beret op en tree die hersteldes aan. "Afdeling!" Hulle strek. "Afdeling, a-a-andag!"

Een en dertig regtervoete stamp die grond. Met skouers agteroor en koppe omhoog staan hulle in drie netjiese rye. Die trots van die basis.

Arnoldus staan eenkant, sy hande slap langs sy sye en die son brandend op sy kop. In die skottel op die staaltafel onder die boom lê twee ore. Twee mooigevormde, fyn ore. En die vlieë sak daarop toe.

Helena Liebenberg

Afrikaanse segskuns uit die natuur

A. Inleiding

1. Die sprankel en vonk van ons elke dag se woordkommunikasie lê in die krag van 'n bepaalde kunsvorm, naamlik die **segskuns**. Met die term **segskuns** word bedoel daardie kuns om te kan sê met behulp van die idioom, van die vaste uitdrukking, van net die regte woord op sy tyd. Om waarlik in staat te wees om hierdie 'kunsvorm' te kan beoefen, moet die spreker egter bewus wees of bewus gemaak word van hierdie wonderlike ruim land van die idiomatiese uitdrukking wat bestaan in Afrikaans. Want dan sal hy weet dat woorde wek, maar idiome trek!

2. Dit is juis ons idioomskat wat die mens se gebondenheid aan sy letterlik natuurlike *omwêreld* illustreer. Die natuur is 'n ontsaglike ryk bron (genoem die BRONDOMEIN) waaruit die mens sy konseptualisering van homself en sy metafisika/abstrakta (genoem die TEIKENDOMEIN) interpreteer en verstaan. Van belang is dus nie die natuur as gegewe buite die mens nie, maar *die mens se konseptualisering van en ervaring met hierdie natuur rondom hom*. Die idioomskat is 'n baie beligtende bron van die verhouding MENS-NATUUR.*

'n Analise van idiome toon ook die wesentlike metaforiese aard van taal aan. **Metaforiek** is die proses waarvolgens ons die abstrakte en onbekende in terme van die konkrete, die natuur, verstaan. Een van die oorkoepelende temas in hierdie navorsing is juis hoe ons die mens (o.a. die menslike natuur, aksie en reaksie) in terme van die natuur verstaan deur die proses van **Naturifikasie**. (**Naturifikasie** is die term wat outeur geskep het as natuurteenhanger van die term **Personifikasie** (vergelyk B.1).)

3.1 Daar is nie 'n bron wat meer ontgin is en word in ons idioomgebruik as juis die natuur in al sy fasette nie. Wanneer 'n mens kyk na die omvangrykheid van ons idioomskat uit hierdie sfeer, is ons in ons taaluiting ware natuurkinders!

Daar is omtrent nie 'n aspek van ons lewe wat nie aangeraak word deur 'n raaksê-uitdrukking uit die natuur nie. Daar is talle bygelowe en mites wat heel skuins van die feitelike staan, maar wat tog 'n baie belangrike en interessante bydrae lewer binne ons idioomkorpus.

Luister na die volgende toepaslike stukkie humor:

* Hartlik dank aan prof. P.H. Swanepoel, Dept. Afrikaans, UNISA, vir sy bruikbare en insiggewende kommentaar.

Eerste dief: Hier kom die polisie! Spring by die venster uit!

Tweede dief: Maar ons is op die dertiende verdieping!

Eerste dief: Dis nie nou tyd vir bygelowe nie!

3.2 Objektiewe wetenskaplike kennis staan teenoor die mens se verbondenheid aan die folkloristiese. Al kan die strak werklike waarheid van die volgende nie onderskryf word nie, gebruik ons die uitdrukkings met groot oortuiging:

"Haai San, ek het 'n voëltjie hoor fluit dat jy jou studies gaan opskop! Is dit so?"

(In die ou tyd het die mense geglo dat diere, maar veral voëls, die mag besit om te praat en geheime oor die mens en sy lotgevalle te verklap.)

"Mense, die vreeslikste nagmerrie het my darem vannag gery!"

(Volgens bygeloof is 'n *mare* 'n bonatuurlike wese wat die mens vyandiggesind is en wat by hom spook, veral deur sy asemhaling in sy slaap te belemmer. (Daarvan kan ons vandag nog getuig!) Hoewel die woord eintlik niks met 'n merrieperd te maak het nie, neem die nagmerrie gewoonlik die gestalte van 'n diër aan.)

4. Die idiomatiese uitdrukkings wat ons as Afrikaans-sprekers gebruik, word deur verskillende faktore bepaal en beïnvloed wat onder andere geografies en sosiologies van aard is, soos die streek waar ons woon, en die gemeenskap waarvan ons deel vorm. Die ouderdom, taalbehoefte en taalvermoë van die spreker is almal faktore wat 'n rol speel in die keuse en gebruik van idiomatiese uitdrukkings. So sal die jong Afrikaanse kind asook die anderstalige vir wie die Afrikaans-idiom vreemd is, nie die uitdrukking: *ske- ring en inslag* spontaan gebruik nie want dit is gewoon te moeilik om te verstaan, te gevorderd vir hulle eenvoudiger taalbehoefte en die konteks wat hulle kan skep.

5. Dit is die groot verantwoordelikheid van die oordraer van hierdie idiom- inligting om fyn aan te voel en te beplan by die aanbied hiervan. Wanneer hierdie baie interessante en wydlopende klomp gegewens aan 'n kind oor- gedra word, is hierdie faktore van baie groot belang. Ver- al die ouderdom en taalvermoë van die kind gaan bepaal watter fasette van die idiomieskat hy kan hanteer. Die jonger kind se aandag kan byvoorbeeld gerig word op die pragtige diere-idiome en maklike ontledings soos die vergelykingskonstruk- sie wat kenmerkend is van baie van hierdie idiome: so *stil* soos 'n *muis*, so *taai* soos 'n *ratel*, so *sterk* soos 'n *leeu*.

Die ouer kind is in staat daartoe om fasette van *opposisie*, *teenoorgesteld- heid*, *polarisering* en *gradering*, soos byvoorbeeld gekontrasteer *in hemel en hel*, *lig* en *donker*, ens. te hanteer. 'n Ander baie interessante afdeling wat geskik is vir die ouer kind is die rol van die *mitologie*, *metaforiek*, *natuurfikasie* en *naamgewing* in die uitbouing van die natuuridiomieskat.

6. Die individu, sy groep, sy gemeenskap, het uitdrukkings wat eie is aan

hulle, maar wat dalk vreemd is vir die buite-hoorder. Ook nie al die uitdrukkings wat ons daaglik in ons geselstaal gebruik, haal 'n woordeboek nie. Uitdrukkings soos die volgende paar uit die natuur is byvoorbeeld nog nie opgeneem nie: *ek voel **vere** daarvoor, ek is **deur die weer**, hy is **ligjare** verwyder van iets, hy is **heeltemal wes***. Hulle word heel moontlik deur 'n hele groep sprekers gebruik en is dus aan 'n klomp taalgebruikers bekend.

7. Dit is so dat daardie uitdrukkings wat die oudste en algemeenste is die volle reg op erkenning geniet en opgeneem word in ons woordeboeke. Dit is ook so dat idiomatiese uitdrukkings ontstaan uit ons kernwoordeskat, wat die hart van die woordlandskap is. Ons sal baie hard moet soek na 'n uitdrukking met veral 'n Romaanse leenwoord as trefwoord, aangesien die Germaanse kernwoordeskatwoord as trefwoord gebruik word. Ons hoef gewoonlik nie in 'n woordeboek te gaan rondskarrel om die kernwoord se betekenis eers na te lees nie, want ons gebruik bekende woorde om te sê wat ons wil sê. Ons moet egter dikwels die woordeboek raadpleeg om die idioom se betekenis op te soek. Waarom dan so?

8.1 Want 'n idioom is heel dikwels eenaardig wat die bou of die betekenis betref. 'n Idioom bestaan eintlik uit 'n groep woorde waarvan die geheel-betekenis nie gewoonlik afgelei kan word van die betekenis van die enkelwoorde nie. Daar ontstaan egter groot verwarring veral by die jong spreker indien dit wat gesê word sowel letterlik as figuurlik verstaan kan word, byvoorbeeld: *daar is **onweer in die lug**, daar is 'n **slang in die gras!*** Dat 'n bepaalde idioom ook letterlik geïnterpreteer kan word, is te danke daaraan dat die leesbare 'sinskonstruksie' strook met dit wat in die werklike lewe moontlik is; dit is dus moontlik vir die spreker om binne sy leefwêreld die inhoud van die idioom te aanvaar as 'n lesing op letterlike vlak. Vergelyk ook die volgende uitdrukkings:

	Letterlike interpretasie
Baie mak skape gaan in een kraal 'n Hoender in die bank hê In die jaar nul wanneer die hingste vul	ja hoogs onwaarskynlik onmoontlik

Die botsing tussen die werklikheid en die idioom-wêreld illustreer juis die metaforiese aard van die idioom.

8.2 Hoewel ons as taalgebruikers hierdie vaardigheid om sulke sinsdele op figuurlike taalvlak te interpreteer redelik gou baasraak, besit ons nie hierdie

vermoë as ons pas begin praat nie. Nee. Die jong kindjie leer idiomatiese taalgebruik stap vir stap aan. 'n Groot deel van die vermaak van kindersêgoed lê juis in die letterlike interpretasie wat die kind gee aan die idiomatiese uitdrukking. Hy kan so heerlik lag oor die vreemdheid, die snaaksigheid van hierdie soort woordgroepe. Hoekom? Want die kind interpreteer nog woord vir woord. Die figuurlike interpretasie is nie vir hom 'n eerste stap nie. Die volgende voorbeeld is bewys hiervan:

"Is Oupa baie oud?," wil klein Pietie weet.

"O ja, my kind. Oupa was saam met Noag in die ark," sê Oupa tergend.

"Was Oupa dan een van Noag se kinders?"

"Nee, Pietie, nie een van sy kinders nie."

"Was Oupa dan een van die diere?"

B Naturifikasie en die bereiking van gespreksdoelwitte


I Inleiding

Personifikasie is die voorstelling van 'n saak of 'n begrip as 'n persoon, die vermensliking van 'n saak. Maar daar word ook na mense verwys deur diere name, plant name en ander name uit die natuur aan hulle toe te ken, en om die kenmerkende eienskap van so 'n saak aan 'n persoon te koppel. Outeur wil hierdie manier van benoeming **naturifikasie** noem, omdat dit die voorstelling is van 'n persoon wat in verband gebring word met 'n saak in die natuur. Ons probeer die kompleksiteite van menswees verstaan in terme van eienskappe van bepaalde sake in die natuur en ons opvattinge oor die natuur (wat volgens ons meer direk toeganklik is).


Deur idiomatiese taalgebruik verwoord ons ons emosies en dit wat ons beleef, effektief en affektief. Die natuuridroom word dikwels doelbewus aangewend om sekere gespreksdoelwitte te bereik, onder andere die volgende: (1) die polarisering van positief en negatief, (2) die uitdruk van versagting, (3) die verkryging van intensiteit en (4) die tref van 'n vergelyking.

II Die polarisering van die positief en die negatief

1.1 Die sterk neiging tot polarisering van die positief en die negatief is 'n baie interessante aspek van natuur-uitdrukkings. In die ontleding van hierdie verskynsel van polarisering word daar gebruik gemaak van 'n verdeling in vlakke/sfere. Hierdie verdeling is 'n poging om die aardse wêreld en die metafisiese wêreld soos wat dit vergestaltung kry in uitdrukkings, voor te stel. Diagrammaties lyk dit heel elementêr dan so:



1.3 Die aarde of wêreld vorm die tweede of neutrale vlak. Dit wat bo/bokant (eintlik buite) die aarde gevind word, vorm die eerste of boonste vlak. Dit wat sg. onder/aan die onderkant van die aarde gevind word, vorm die derde of onderste vlak. Kragwoorde en verwensings wat gewoonlik 'n negatiewe konnotasie het, word meestal getrek uit die eerste en derde vlak, terwyl uitroepes wat byvoorbeeld verbasing uitdruk (*My aarde!*) veral uit vlak twee kom. Talle mitologiese gegewens word teruggevind in idiomatiese uitdrukkings en in alledaagse, bekende fasette van ons naamgewing. Die positiewe en die negatiewe is die twee uiterste pole, met die aarde as neutrale punt:



Dit is ook baie interessant en van groot belang om te let op die gebruik van die setsel *bo* en sy variante teenoor die setsel *onder* en sy variante in die manifes-


tering van die twee teenpole op die eerste en derde vlak. Vergelyk hier die volgende:

opvaar na die hemel
neerdaal na die hel



opklim in die Hemel
in die verderf stort

Hierdie setselgebruik kom ook voor op die tweede of aardse vlak; vergelyk die implikasie van



1.3.1 Eerste vlak/"bo-aardse" vlak

Die lemmas wat in hierdie boonste vlak pas, is onder andere daardie uitdrukkings wat te doen het met: (a) *die hemel en hemelliggame* soos die son, die maan en die sterre en daarmee saam lig en donker, ens. (b) *die seisoene* wat meegebring word deur die wenteling van die aarde: lente, somer, herfs en winter (c) *die elemente* soos o.a. die wind, reën, donderweer, blitse, storms (d) *die windrigtings*: noord, oos en wes.

Die lewe en die dood as allesoorheersende faktore binne die mens se bestaan is van kardinale belang binne hierdie hele metafisiese raamwerk. As alles eger nou goed sou gaan en die positiewe bly oorheers, is 'n mens omtrent *in jou element!*

1.3.1.1 Positiewe pool

Sekere inskrywings onder die lemmas binne die idioomkorpus het op hierdie vlak in sekere gevalle 'n positiewe betekenis. Vergelyk die volgende voorbeelde: *in die sewende (derde) hemel (van geluk) wees, in die wolke wees oor iets, jou sterre dank, 'n sonnige geaardheid hê*. Met polarisering en opposisie wat hier nou so belangrik is, kan 'n mens die volgende waardeer:

Dis halfeen in die oggend en die kêrel staan by die voordeur en sê nag vir sy nooi:

"Annie, jy is die lig in my lewe ... die lig in al my donker oomblikke ... die lig op my pad, my dierbaarste!"

"Annie," roep haar pa vies vanuit die slaapkamer. "Skakel af daardie lig en gaan slaap!"

1.3.1.2 Negatiewe pool

Sekere ander inskrywings onder dieselfde lemmas het in sekere gevalle 'n neutrale of negatiewe betekenis. Vergelyk die voorbeelde: *dit roep/skreeu na die hemel, sy son het ondergegaan terwyl dit nog dag was, sy lewe hang aan 'n draadjie, buite weste* wees (letterlik om ten weste van die gewone roete te

wees). Let op na die interessante ommekeer van die positiewe element in son en lewe na die negatiewe wanneer son en lewe bedreig word: *Hy is nie werd dat die son oor hom skyn nie, iemand om die lewe bring*. Wat laasgenoemde betref, beteken om die lewe bring “die lewe wegneem, d.w.s. doodmaak”. Die betekenisimplikasie van

positiewe element + negatiewe element

lei tot

negatiewe sinoniem: [-lewe] = dood.

Die *maan* en die uitdrukkings wat hiermee verband hou, word maar met groot negatiewiteit bejeën en daar is nie ’n enkele positiewe inskrywing onder hierdie lemma nie; vergelyk: *alles (iemand) is na die maan, vir die maan blaf, deur die maan getik wees, glo dat die maan van kaas gemaak is* (gesê van iem. wat hom maklik iets laat wysmaak).

1.4 Tweede of “aardse” vlak

Op die ondermaanse, waar ’n mens letterlik en figuurlik met jou voete plat op die grond behoort te staan, gebeur die volgende van bo af: *hemel op aarde hê* (waar die interessante wisselwerking tussen die *aarde* en *hemel* geld) *tussen hemel en aarde swewe, van die (’n) ander wêreld*.

Maar as die wêreld nou teen ’n mens draai, voel jy dalk dat die volgende negatiewe net-net toegepas wil word: *ter aarde bestel, van die aarde skei, iemand uit die wêreld help*, waar die tweespalt bestaan tussen die liggaam wat terugkeer na die aarde en die gees wat opvaar na die hemel.

As jy nou voel om die hele spul agter te laat, maak jy op die volgende maniere dat jy wegkom — maar pas op vir die val, want dan sal jy dalk voel of jy *in die aarde kan sink van skaamte: die aarde/wêreld aanneem* (weghardloop), *die wêreld skeur, iemand uit die aarde loop, hard met die aarde (Moeder Aarde) kennis maak*.

1.5 Derde of “onderaardse” vlak/onderwêreld (gewoonlik as negatiewe pool)

1.5.1 Met die bekende middelmoet wat nou agtergelaat kan word, daal ons af na die derde, die onderste, die diepste vlak: aié van die dood, die hel en die ou duiwel. Maar voordat ons daar aanland, kon ons dit reeds hier *hel op aarde* gehad het! Vergelyk verder: *die hel in wees, iemand vir die hel grootmaak, die weg na die hel is geplavei met goeie voornemens*. Interessant genoeg is die uitdrukking: *die buitenste duisternis* sinoniem aan die hel — daardie gebied val buite die mens se begripsveld en moontlik vanweë die bedreiging van hierdie onbekende word dit gelyk gestel aan die oordeel van die hel.

1.5.2 Vervolgens kom ons by die heerser van hierdie onderste ryk, naamlik

die ou *duiwel*, *satan*, *knakstert*, *joos* — noem hom wat jy wil!: van die **duiwel/satan** besete wees, **duiwel** vat, vir geen **duiwel** stuit nie, *stille water*, *diepe grond*, *onder draai die duiwel rond*. Laasgenoemde uitdrukking is 'n interessante kombinasie van die onderwêreld en die duiwel.

1.6 Kragwoorde, verwensings en uitroepe

1.6.1 Hierdie soort uitings kan positief, negatief of neutraal wees, afhangend van die konteks waarbinne hulle gebruik word. Kragwoorde, verwensings en uitroepe wat almal oor die algemeen 'n negatiewe konnotasie het (indien daar deur hulle uiting gegee word aan negatiewe emosies soos woede, frustrasie, ens.) kom uit lemmas van die eerste en die derde vlak. Daardie uitroepe wat uit lemmas van die tweede vlak kom, is in die meeste gevalle verteenwoordigend van emosies wat minder aggressie-belaai is, soos verbasing, blydskap, ens.

1.6.2 Vergelyk die volgende wat afkomstig is van die eerste en derde vlak:
Eerste vlak:

Hou in **hemelsnaam** op, asseblief! Ag, **hemeltjie** tog!

Die **hemel** behoed jou! My **hemel!** En jy sê my nou eers!

En dan kan ons nog die inskrywings onder *donder* en *blits* ook gebruik in die uiting van ons aggressie.

Derde vlak:

My **hel!** En jy sê my nou eers! Gaan na die **duiwel!**

Dank jou die **duiwel!** Wat **de duiwel** gaan met jou aan?!

1.6.3 Vergelyk die volgende neutrale uitroepe wat afkomstig is van die tweede vlak: My **aarde!** My **wêreld!** Op dees **aarde/aardbodem!** Soos pas hierbo beweer is, kan 'n mens ook die positiewe kroon op 'n uiting plaas en met 'n baie breë glimlag sê: *Hel, maar ek is bly!*

1.7 Die mitologie

Daar word net kortliks gewys op enkele mitologiese inskrywings op die Afrikaanse idioomvlak en naamgewing wat neerslag gevind het in ons segskuns. Die mens se afhanklikheid van die natuur en dus van die elemente vir sy welsyn en welstand, vind uiting in taal deur uitdrukkings en naamgewing.

1.7.1 *Moeder Aarde* het vrugbaarheid gesimboliseer en het mens, dier en plant in hierdie opsig beïnvloed. Sy het onder andere die seisoene geregleer en goeie oeste gegee. In Afrikaans verwys ons dikwels, hoewel onbewustelik na haar. Ons maak byvoorbeeld baie *hard kennis met Moeder Aarde*, *Moeder Natuur* gaan ook in ons taal haar gang, en as iemand begrawe word, word so 'n persoon *teruggeplaas in die skoot van die aarde*. Die Aarde is hier die simbool van die groot moederfiguur — 'n figuur wat onder andere

in die Griekse, Romeinse en Germaanse mitologie voorkom — hoewel dan onder verskillende name.

1.7.2 Die Afrikaanse ‘pleknaam’ *hel* hou verband met *halle/höll* (Oud-Noors soos in *Valhalla: Valrhöll*) en verwys na die onderwêreld waarheen ’n afgestorwene se siel gaan nadat dit die liggaam verlaat het. Voor hul kerstening het die Teotone van Noord-Europa die onderwêreld nie as ’n plek van straf beskou nie. Die Skandinawiërs personifiseer die pleknaam en koppel dit aan die godin *Hel* wat die heerseres van die onderwêreld was. *Hel* was die dogter van *Loki* (wat weer gelykgestel word met *Lucifer*). Sy word groot in die land van die reuse saam met die wolf *Fenrir* en die Groot Slang van *Midgard* (die middeldeel: *Aarde*). *Hel* word egter nie voorgestel as ’n slegte, bose karakter nie. Haar voorkoms was egter skrikwekkend: haar kop hang slap na vore; die een helfte van haar gesig is dié van ’n mens, terwyl die ander helfte geheel leeg is!

1.7.3 Indien ons slegs ’n klein korpus woorde, naamlik die dae van die week en die maande van die jaar sou neem, word die volgende duidelik:

1.7.3.1 Die dagname

In die vroeë tyd was daar vyf planete bekend, naamlik *Saturnus*, *Jupiter*, *Mars*, *Venus* en *Mercurius*, tesame met die *Son* en die *Maan*. Aan elk van hierdie sewe hemelliggame is daar ’n dag toegeken. Hoewel ons dagname deur die Weste en via die Romeinse Ryk gekom het, het die Germaanse invloed daartoe bygedra dat die dagname vertaal en aangepas is. Die Germaanse vervang die Romeinse godename, terwyl *Sol* en *Luna* onderskeidelik as *Son* en *Maan* vertaal word.

(a) *Sondag*

In die derde eeu n.C. is *Sondag* vertaal uit Latyn *dies Solis* (“dag van die Son”). Die Germaanse taalfamilie het die oorspronklike heidense naam behou, hoewel in vertaalde vorm. Die bygeloof het vroeër bestaan dat *Sondag* ’n geluksdag is en dat ’n kind wat op ’n *Sondag* gebore word, gelukkig en voorspoedig sal wees. Vergelyk: *Hy is ’n Sondagskind* wat beteken hy is ’n gelukskind. In die outyd het die bygeloof bestaan dat ’n *Sondagskind* die “tweede gesig” het, m.a.w. dat hy geeste kon sien en dat hy gebeurtenisse vooruit kon sien.

(b) *Maandag*

Maandag is ’n vertaling wat dagteken uit die Romeinse tyd en kom van Latyn *dies Lunae* (“dag van die Maan”). Die naam is behou in die Romaanse tale. *Maandag* was volgens bygeloof ’n ongeluksdag, en ’n *blou Maandag* is vir ons vandag nog die dag waarop alles sou verkeerd loop.

(c) *Donderdag*

Hierdie dag is genoem na die Oud-Noorse god *Donar* of *Thor* (vgl. Engels *Thurs-day*) wat sy krag in weerlig en donder gemanifesteer het. Hierin stem Thor ooreen met die Romeinse god Jupiter en daarom word hy aan laasgenoemde gelykgestel.

(d) *Vrydag*

Die dagnaam Vrydag is in die vierde eeu n.C. uit die Latyn *dies Veneris* ("die dag van die godin Venus") vertaal. Venus word gelykgestel aan die Germaanse godin Fria wat beteken "vrou, eggenoot, geliefde" (vgl. Engels *Friday*). Fria was die vrou van Wodan (Woensdag is na hom vernoem). Sy was die bekendste van die Germaanse godinne en word geassosieer met die moedergodin, die godin van die heelal.

1.8.3.2 Die maandname

(a) *Januarie*

Hierdie maandnaam is 'n vertaling van Latyn *Januarius* wat beteken "van Janus". Janus was die Romeinse god van die sonneloop. Aangesien hy die god van die sonneloop was, was hy die god van alle begin; hy speel 'n belangrike rol in die skepping van die wêreld. Volgens mite is Janus eers chaos genoem voor die skepping.

(v) *Mei*

Mei verwys na die groeimaand. Die naam word toegeskryf aan die godin Maia. In die Romeinse mitologie was die godin Maia, wat 'n inkarnasie was van Moeder Aarde, die vrou van die vuurgod Vulcanus. As Moeder Aarde het sy wasdom en vrugbaarheid verteenwoordig.

(c) *Junie*

Hierdie naam kom van Latyn *Junis mensis*: "die maand behorende aan Juno". Juno was 'n baie belangrike Romeinse godin. Sy was die vrou van Jupiter, die opperste godheid van die Romeine. Jupiter en Juno was albei gode van die lig, en daarby maangode. As godin van die lig was Juno die godin van kindergeboorte, want die pasgebore baba aanskou *die eerste lewenslig*. Sy was die beskermster van die vrou en van geboorte, en godin van vrugbaarheid.

III Versagting

1. Daar is 'n groot klomp uitdrukkings uit die natuur waardeur ons leed kan versag. Iemand wat so *lelik* soos *die nag* is, word getroos daarmee dat hy *van agter beter lyk as van voor!*

1.1 Die manier waarop die intense seer van die dood en begrafnis versag

kan word, blyk uit die volgende uitdrukking: *hy het die tydelike met die ewige verwissel/die ewigheid ingegaan; daarna is hy te ruste gelê/in die skoot van die aarde teruggeplaas.*

1.2 In plaas daarvan dat ons ronduit sê dat daardie javel darem 'n regte ou *suiplap* of *dronklap* is, versluier ons hierdie waarheid deur met behulp van natuuridiome te beweer: *hy drink baie graag tiermelk/ruik na boegoe/jaag bokke aan.*

2. Soos wat daar etiketreëls vir elke geleentheid is, so is daar 'n idioom vir elke geleentheid. En bewaar jou siel as jou stylvorme deurmekaar loop, want dan maak jy dalk onwetend 'n onvergeeflike sosiale flater! Hier is **formele** teenoor **informele** taalgebruik en die regte keuse vir die regte oomblik van groot belang. Vergelyk die volgende: *Nadat die ou skelm bokveld toe is, het ons hom ter aarde bestel* waar daar 'n botsing is tussen die informele styl in die eerste gedeelte van die sin, en die formele styl in die tweede gedeelte van die sin (hierdie stylvlakke word gerig deur die aard van die idiomatiese uitdrukking).

IV Intensivering

1. In Afrikaans is die gebruik van die intensiewe vorm van veral die adjektief 'n heel gebruiklike en bruikbare manier waarop ons krag kan toevoeg aan die betekenis van dit wat die byvoeglike naamwoord uitdruk. Groter intensiteit of versterking word hierdeur aangedui. Die idiomatiese uitdrukking speel 'n belangrike rol in die bereiking van die hoogste trap op 'n graadskaal. Met behulp van idioom-toevoeging, word al hoe meer intensiteit bereik in dit wat gesê word. Kom ons luister na 'n enkele stel voorbeelde:

2. As 'n mens sou kwaad word, kan jy begin deur jou te vervies en emosie op te bou totdat jy naderhand omtrent kan bars van woede. Hierdie opwerkery kan dan in die volgende natuuridiome eindig: *Hy is so kwaad dat hy kan slange vang/kan vuur spoeg.* (Die metafoor wat in laasgenoemde voorbeeld geld, is: [WOEDE IS HITTE].)

Vergelyk die volgende uitdrukkinge wat gemotiveer word uit ons kennis van diere, dieregedrag en die oordrag van hierdie kennis op die mens: *Hy het byna die aapstuipe/bobbejaanstuipe gekry/was hoog die hoenders in!*

V Vergelykingskonstruksies

1. Hierdie groot mate van intensiteit wat in voorgaande afdeling aangetoon is, word ook bereik in ons vergelykings uit die natuur. Die adjektief, onder andere *oud, skaars, maer* hieronder, word uitgedruk in

terme van 'n diere-eienskap of eienskap van 'n saak in die natuur wat volgens menslike ervaring en projeksie die eindpunt van die skaal verteenwoordig. Vergelyk die volgende:

- Natuur:* So **oud** soos die **berge/droë hout** (horingoud)
so **dom** soos 'n **klip** (kliponnosel)
so **donker** soos die **nag** (pikdonker, piknagdonker)
so **droog** soos **strooi** (horingdroog)
- Dier:* so **skaars** soos **hoendertande**
so **maer** soos 'n **kraai/sprinkaan** (brandmaer)
so **nat** soos 'n **kat** (sopnat)
so **arm** soos 'n **kerkmuis** (brandarm)

Vergelykingskonstruksie + Voorsetselgroep

- so **skaars** soos **wors** in 'n **hondehok** (vrekskaars)
so **bang** soos 'n **haas** vir 'n **hond** (doodbang)
so **gelukkig** soos 'n **eend** in **water** (dolgelukkig)
so **bang** soos 'n **bok** vir 'n **skoot hael** (doodbang)

2. In die vergelyking van ooreenkoms gebeur dit ook dat die adjektief weg-gelaat word in die idiomatiese uitdrukking:

- Natuur:* soos **blits**
soos 'n **vetgesmeerde blits**
soos 'n **lopende vuurtjie**
soos die **wind** } vinnig
- Dier:* soos 'n briesende **leeu** (kwaai)
soos 'n **vis** op droë grond
soos **hare** op 'n hond
soos **bye** om 'n heuningkoek/-pot

3. In die volgende idiomatiese uitdrukkings ontbreek die stel van die adjektief heeltemal; die werkwoord vorm 'n vaste deel van die vergelyking. Die werkwoorde is kenmerkend van menslike handelinge, bv. *werk, slaap* en *skreeu*. Die mens en menslike eienskappe word beskryf in terme van waargenome of geïdealiseerde ervaringe van onder andere diere:

- Natuur:* **bewaar** soos **goud** (bewaar baie goed)
versprei soos 'n **veldbrand** (versprei baie vinnig)
slaap soos 'n **klip** (slaap baie vas)
- Dier:* **werk** soos 'n **esel** (werk baie hard)
klou/sit soos 'n **neet** (sit baie styf vas)
loop soos 'n **skilpad/trapsoetjies** (loop baie stadig)
skreeu soos 'n **maer vark** (skreeu baie hard)

Die volgende soorte konstruksies kom ook voor:

- 'n **maag** soos 'n **volstruis**
geld soos **bossies**

4. Die volgende intensiewe adjektiewe uit die natuur, is gevorm na aanleiding van bepaalde kenmerke van die adjektiefgedeelte van die intensief-samestelling:

Natuur: **beenoud**-/wit, **hemelsbreed**, **rietskraal**, **silwerskoon**, **staalhard**, **sysag**, **veerlig**, **vuurwarm**, **waternat**, **yskoud**; **spierwit**, **pikswart**, **grasgroen**, **goudgeel**

Dier: **hondmak**, **rateltaai**, **katvriendelik**, **muisstil**, **perdfris**
piepjonk/-klein

C. Die diere-idiom weer eens

1.1 Die diere-idiome en uitdrukkings in Afrikaans is talryk, raak en verrykend. Die belangrikste opdrag of taak wanneer daar met so 'n omvangryke kategorie soos diere-idiome gewerk word, is om die gegewens te probeer orden. Dit is belangrik om te weet dat daar twee benaderingswyses tot klassifikasie is, naamlik die **folkloristiese** en die **natuurwetenskaplike** indeling. Soos wat ons deurgaans uit die voorbeelde agtergekom het, is die mensgesentreerde klassifikasie in taal hier van belang en nie 'n klassifikasie gebaseer op sg. eksterne, inherente eienskappe van entiteite nie. Deur die prosesse van **personifikasie** en **naturifikasie** is die taal juis daartoe in staat om kenmerke sonder moeite te verander.

1.2 Dit is ook baie interessant en leersaam om na te gaan in watter mate dit wat deur die idiom beweer word as synde die waarheid ooreenstem met die werklike waarheid! Dit verg byvoorbeeld weer eens wetenskaplik-natuurkundige navorsing om die volgende idiom te verstaan:

Waarom gebruik ons die vergelyking: so *taai* soos 'n *ratel*? Watter eienskappe besit die ratel dat hy as *taai* beskryf word?

En dan kom 'n mens die volgende te wete oor hierdie diertjie:

Die ratel is bekend as 'n gedugte vegter wanneer hy vasgekeer word. Die ratel het baie sterk kloue waarmee hy kan grawe; sy dik vel wat soos 'n los rubberjas aan hom hang, beskerm hom teen enige vyandige tand, slag-tand of angel.

Hy sal enige indringer bestorm, selfs 'n groot bok of buffel. Waar die ratel eers eenmaal vasgebyt het, verslap hy nie sy greep nie — en met hierdie *taaiheid* breek hy sy slagoffer of aanvaller se weerstand.

Nie al die idiome is so waarheidsgetrou nie — dié wat ontstaan het uit bygeloof is soms baie ver van die sogenaamde natuurwetenskaplike waarheid! Vergelyk hier die volksgeloof dat 'n geitjie baie giftig is; daarom word 'n vrou met 'n giftige tong — dis nou hopelik figuurlik gesproke — 'n *geitjie* genoem!

2.1 Mitologie

Die mitologie speel weer eens 'n belangrike rol, en onder andere die vol-

gende diere staan hoog op die wêreldmitologie-prioriteitslys: **beer, bul, kat, hoenderhaan, koei, kraai, duif, draak, arend, padda, bok, gans, haas, perd, jakkals, leeu, akkedis, nagtegaal, volstruis, uil, vark, slang, spinnekop, takbok, ooievaar, swaeltjie, swaan, walvis, wolf**. Daar is 'n hele klomp van hierdie diere wat ook in Afrikaans hul voetspoor kom afdruk het, o.a. *kat, koei, kraai, perd, vark, swaan* en *wolf*.

2.1.1 Die woord *draak* kom van Latyn *draco*, van Grieks *drakon* wat beteken “slang”, van Grieks *derkomaí*: “ek sien duidelik”. Die slang of draak versinnebeeld alles wat boos en sleg is. Elke volk neem uit die diereryk dit wat vir hom bekend is om sy eie draak saam te stel. In die Indiese mites kom olifantdrake voor, en in Chinese mites vind ons hertedrake. Die antieke Egiptenare se draak is verwant aan die krokodil. Die Europese draak (wat by voorgaande mite aansluit) is reusagtig groot, met 'n krokodilagtige lyf. Hy spoeg vuur, het 'n giftige asem en het dikwels meer as een kop. Om iemand dus in woede 'n *regte ou draak* te noem, is alles behalwe vriendelik — en pas nou net op dat die persoon nie dalk *vuur spoeg* as hy van hierdie onvleiende benaming hoor nie! Dit is baie duidelik dat die draak maar 'n draak van 'n ou draak is en bly.

2.1.2 Of dit nou 'n draak of werklik 'n *slang* is wat 'n mens bedreig, jy moet altyd lig loop vir hierdie gevaar. Die slang is bewoner en simbool van die onderwêreld — en nou is ons weer terug by die derde vlak, die woonplek van die duiwel en sy trawante. Dit is ook die slang wat vir Adam en Eva in die tuin van Eden verlei het tot sonde.

In ons hedendaagse wêreld bestaan daar nog baie bygeloof oor die magiese krag van die slang, oor die betowering wat hy oor sy prooi het, en oor sy verborge vermoëns. Die volgende uitdrukkings het ook te doen met die slang, naamlik: 'n **adder/slang** aan die bors koester, **slange** vang van woede en *Was dit 'n slang, het hy jou lankal gebyt/gepik*.

2.2 Ander diere

2.2.1 Ons weet hoe groot die *leeueaandeel* is en dat dit *die klein jakkalsies is wat die wingerd verniel*. Lg. uitdrukking is feitelik verklaarbaar: in die Bybel-lande het die wingerdstokke plat op die grond gerank; dit was dus nie moeilik vir die klein jakkalsies om die wingerd by te kom nie. Die volgende diere-idiome is ook baie bekend in Afrikaans:

Die **bul** by die horings pak.

Een brandsiek **skaap** steek die hele trop aan.

Die **gans** doodmaak wat die goue eiers lê.

Die **kat** uit die boom kyk.

Dit sou moontlik wees om letterlik die bul by die horings te pak (die Spaanjaarde doen dit gereeld!) en teen die tempo wat siektes wel kan versprei, is dit

beslis moontlik dat een brandsiek skaap sommer gou die hele trop kan aansteek.

Teenoor die letterlik moontlike staan daardie uitdrukkings wat hul oorsprong het in die volksverhaal (bv. *die gans doodmaak wat die goue eiers lê*). Die stel reëls wat geld vir die interpretasie van sulke segswyses is nie dieselfde reëls wat geld vir sake in die werklikheid nie.

3. Verkorte vergelyking

Die volgende is voorbeelde van 'n absoluut verkorte vergelyking waardeur jy byvoorbeeld 'n ander persoon kan vlei of kan uitkryt, en dan een van die volgende kan sê:

Positief: Jou **doring/ramkat/roosknoppie!**

Negatief: Jou **aap/wurm/pampoen!**

Ten opsigte van die verkorte vergelyking is daar 'n belangrike verdeling ter sprake, naamlik die positiewe verwysing (wat die melioratiewe betrek) en die negatiewe verwysing (wat die pejoratiewe betrek). Hierdie soort positiewe en negatiewe verwysing staan nie noodwendig in opposisie nie, maar het die persoon as sentrale punt.

Die **verkorte vergelykings** is interessante voorbeelde van die belangrike rol wat natuurifikasie in ons konseptualisering van die wêreld speel. So word daar byvoorbeeld aan 'n *aap* onder meer die kenmerk van "domheid" toegesê, en indien jy iemand nou 'n *aap* sou noem word hierdie kenmerk met die noem van hierdie diere naam geïmpliseer en op die betrokke mens oorgedra.

Maar indien die spreker sy uiting ernstig wil versterk sodat daar nie onsekerheid sou bestaan oor dit wat hy wil sê nie, maak hy 'n slim dog eenvoudige plan: met behulp van 'n enkelwoord-toevoeging word daar meteens sterk intensiteit verleen aan so 'n uiting:

Verkorte vergelyking

Jou **aap!**

Hy is darem 'n **jakkals!**

Jou **luis!**

Sy gedra haar nes 'n **pampoen!**

Kort vergelyking

Jou **onnosele aap!**

Hy is darem 'n **skelm jakkals!**

Jou *lae* **luis!**

Sy gedra haar nes 'n **dom pampoen!**

Die betrokke adjektief wat juis die besondere kenmerk benoem wat gekoppel word aan hierdie of daardie dier, plant, ens., word voor die selfstandige naamwoord geplaas —op hierdie manier word intensiteit bereik.

3.1 *Dier*: Die voorgaande benamings, naamlik: *aap*, *wurm* en *lam* is gemotiveer in terme van 'n breër metafoer: [DIE MENS IS 'N DIER], waar die motivering self kom uit ons geprojekteerde opvattinge, gelowe, ens. oor diere en dieregedrag.

3.1.1 *Dierename*: [*genus-neutraal*]: Baie diere name kan op sowel mans as vrouens toegepas word, onder andere: **aapstert**, **asjas**, **bobbejaan**, **don-**

kie, uilskuiken, lam, padvark, sondebok, swartskaaip.

3.1.2 *Dierename*: [+ vroulik]: Baie dierename word op vrouens toegepas, onder andere: **feeks, geitjie, huishen, kat, tierkat, kekkelbek, ooi, ooi-lam, merrie, nagtegaal, tierkat, verskalf.**

3.1.3 *Dierename*: [+ manlik]: Baie dierename word op mans toegepas, onder andere: **buffel, bulperd, eendstert, haan, haantjie, seerot.**

3.1.4 *Diere-optrede, -liggaamshouding en -voorkoms*: Vergelyk ook die volgende uitdrukkings van o.a. optrede, voorkoms en liggaamshouding van die dier wat in verband gebring word met die mens: iemand in die **bek** ruk, **druipstert** daar wegloop, **sis** van woede, **jakkalsdraaie** maak, 'n **eiertjie lê**, vir iemand **grom**.

3.1.5 *Miniatuur-dier*: 'n Hele paar goggas en goeters word almal in negatiewe konnotasie toegepas op die mens, onder andere: **brommer, insek, miskruier, tor, gomtor, luis, kakkerlak**. Selfs die mooie *aand-* of *nagvlinder* wat in dieselfde asem as die *sosiale vlinder* genoem word, laat die wenkbroue lig!

3.2 Plant

Daar word ook van plantname (groente en vrugte) gebruik gemaak om mense en hul dinge te benoem, o.a.: **suurknol, pampoens, patat, suurpruim, pruim, 'n harde koejawel**. Daar is plantname wat net op vrouens toegepas word, o.a. **rissie, rooirissie, rissiepit, oorryp perske**.

Die volgende vergelykings kom ook voor:

Hy word **so rooi soos 'n tamatie/beet** soos hy hom vererg.

Sy bly **so koel soos 'n komkommer** te midde van die woordewisseling.

Die jong seun **groeï soos 'n koolkop**.

Plant-idiome

Ons ken ook die volgende uitdrukkings wat wel nie verkorte vergelykings is nie, maar 'n bepaalde plant as lemma het: *Die **appel** val nie ver van die boom nie, met die hele mandjie **patats** uitkom, nie vir koue **pampoens** skrik nie, met die gebakte **pere** sit, jou **druïwe** teëkom.*

D. Slot

1. In hierdie ondersoek is aangetoon watter belangrike rol die natuuridoom speel as segskunsvorm. Die natuur in al sy **fasette** van die konkrete tree as **brondomein** op vir die mens in sy verwoording van die wêreld. Die mens konseptualiseer hierdie natuurgegewe, en interpreteer en verstaan sy metafisiese en abstrakte wêreld (die **teikendomein**) aan die hand van hierdie konkrete.

2. Die sterk *metaforiese aard* van taal lê juis in die idioom van so 'n taal. Volksverhale en mites vorm baie dikwels die grondslag vir die ontstaan van 'n idiomatiese uitdrukking. Hierteenoor is daar heelwat natuuridiome wat geïndividueel is op natuurkundige feite.

3. Met behulp van die natuuridioom word bepaalde gespreksdoelwitte bereik, naamlik die polarisering van die positiewe en die negatiewe, versagting, intensivering en vergelyking. Die diere-idioom is 'n baie wye, belangrike en interessante faset binne die segskuns uit die natuur.

BIBLIOGRAFIE

- Graves, R. (introd.) 1983. *New Larousse encyclopedia of mythology*. London: Hamlyn.
- Lakoff, G. & M. Johnson. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Liebenberg, H.C. 1989. *Idiome oor dieregiere*. Pretoria: HAUM-Daan Retief.
- Morris, W. (Red.) 1973. *The heritage illustrated dictionary of the English language*. Boston: American Heritage publishing Co., Inc. Houghton Mifflin Co.
- Odendal, F.F. (red.) 1979. *Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- Schwerdtfeger, A-M. 1980. *Lokatiewe konstruksies in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Sinclair, A.L.J. (red.) 1983. *G.S. Nienaber - 'n huldeblyk*. Bellville UWK-Drukkery.

G A Jooste Potjiekos by grootDaan

Die groot boer, sy talryke gesin en hul gaste uit die stad sit gesellig saam op die hoë stoep van die opstal. Hulle geniet hul drankies en die onbelemmerde uitsig op die sonsondergang. Eenkant gloei kole onder 'n driebeenpot. Dit is verreweg die grootste boeppenspot wat die stadsmense ooit gesien het. Aanvanklik effe onseker en formeel, soos stadsmense maar is, ontdooi hulle spoedig onder die invloed van die verversings en die natuurskoon. Die gasvrou ontvang met ingetoë plesier komplimente oor haar paradyslike tuin wat tot in 'n verre laagte glooi.

Om 'n hoek van die huis verskyn opeens 'n flenterfiguur wat woerend tot by die stoeptrappies struikelval.

“Baas! Baas, kom help tog, asseblief! Gou, Baas.”

Dit is duidelik dat die kêrel vinnig gehardloop het. Hy hyg so dat hy die woorde afsonderlik uitstoot. Uit die vaaldonker gesig staar wit oë vervaard op na die kring mense op die stoep. Taamlik verbaas, gesteur in hul plesier aan die landelike idille, sit hulle uit hul gemakstoele na hom en kyk. Niemand beweeg nie.

Die boer knoop onderlangs, iets oor die onchristelike ou spul wat altyd naweke met hul twak begin en g'n mens 'n bietjie rus gun nie. Hy steun sonder om sy glas neer te sit uit sy diep stoel orent. Asof hy sy mense teen indringing wil beskerm, gaan staan hy wydsbeen met sy breë rug na hulle terwyl hy na die hygende swarte afkyk.

“Wat gaan nou weer aan?” verneem hy bars. Hy neem 'n groot sluk brandewyn.

“Darie Filemon, Baas. Hy versyp vir Rosie. Kom keer, Baas. Asseblieftog, BaasDaan, hy gan haar rêrig vrêêk mak venaand.”

“Het julle alweer gesuip daar onder? Vir wat kan julle nie self julle sake uitsorteer nie? Jy kan mos sien ek het mense hier. Ek kan nie nou weg nie, man. Kry vir Andries om jou te help. Julle is dan twee. Haal self die meid uit.”

Die swarte gee nie pad nie.

“Baas, asseblief Baas.” Die stem kom nou effens gelyker deur. Hy lig sy hande in 'n pleitgebaar, palms na bo.

“Dis Anries wat die moeilikheid met Rosie gebegin het. Filemon sê hy gan hom ook versyp soos hy klaar is met Rosie.”

Iemand op die stoep giggel ontydig.

“Jy en Andries is tog twee teen Filemon. Toe, basta! Weg is jy! Kan jy nie sien ek is besig nie?”

Wanneer die swarte nie beweeg nie, herhaal hy die vraag, in 'n dreigender toon as tevore terwyl hy bakarm na die stoeprand toe stoom. Gelukkig

bedink hy hom en stop voordat hy afduiwel. Hy waai 'n dik arm asof hierdie gebaar die swarte vanself sal laat padgee.

Die swartman se oë spring hoopvol na die gaste se gesigte. Die stadsmense kyk egter beleef na hul skoenpunte of na die rooi westerhemel en proe baie aandagtig aan hul drankies. Die ysies rinkel in 'n koor.

Dan spring die rusverstoorder onverwags om, laat spat so verrassend as wat hy gekom het terwyl hy luidkeels versterkings aanroep.

Die boer stap nie terug na sy stoel nie, maar benut die onderbreking om sake by die pot kundig te gaan inspekteer. Hy kondig dan luid aan: "Ons kan nou maar opskep, Ma." Van die stoep af kan nog gehoor word hoe 'n geskreeu in 'n laagte agter die huis wegsterf, maar daarvoor het niemand ore nie.

Terwyl die gaste op die stoep voldaan en behaaglik agteroor sit na die laaste gereg, vrugte met roomys, (gordels knel mos maar 'n bietjie! laat skiet maar so effens!) sien hulle 'n polisievoertuig by die werfhek indraai. Twee geregsdiensmaats in uniform klim uit en stap nader.

"Meneer Daan Versfeld? Jammer om te pla, met die kuiermense hier en so, maar ons het 'n berig gekry hier is 'n sterfgeval. Kan u ons help, asseblief?"

Lank nadat die polisie en die stadsgaste weg is, sit die boer se vrou en hul oudste dogter nog op die stoep. Op lang tafels om hulle lê groot gebruikte skottels asook glase en eetgerei rond soos puin na 'n ramp.

Die dogter vra ontgaan die derde keer: "Maar wie gaan ons nou kry om ons met die huiswerk te help, Ma?"

Francois Bloemhof

Naakstudie

Dit is 'n aand van groot swier. Die adel dra hul beste, en die lug is 'n verstikkende walm van gepoeierde pruike. Styfgebonde oorvloedige boesems hyg om oor halslyne te ontsnap, en die rykes beweeg met die statige gang wat spruit uit hul afkoms en die swaar klere.

Die meisie weet sy is die mooiste by die feesmaal, en om aan die diktator se arm by die trap af te kom, was 'n oomblik van oorwinning soos sy nog nooit gesmaak het nie. Die kyk op sy vrou se gesig was nog een. Onder al die juwele was daar niks te eien behalwe jaloesie nie. Sy, die meisie, het voor die koningin 'n kniebuiging gaan maak, maar sy het geweet wie moet eintlik voor wié kniel.

“Laat ons drink en vrolik wees!” het die diktator aangekondig met die joviale meevoering wat hom so geliefd by sy onderdane gemaak het. Daar is met groot vertoon aan sy oproep gehoor gegee, en glase is geklink, en sjampanje het by die veelvoudige kele afgevloei, verby die dubbele kenne.

Die meisie is dit alles gewoond. 'n Paar maande gelede was sy *nie* – toe was alles nuut en vars en o so oorweldigend. Dit was 'n eer om saam met die welgesteldes aan die paleis ontvang te word. Haar aanvanklike kommer oor wat sy sou dra is uit die weg geruim toe sy sien wat alles tot haar beskikking is. Nou is sy in een van daardie heel mooiste monderings getooi, en as sy in 'n spieël kyk, kan sy amper nie glo dit is sy nie, maar, dan weer, wie anders kan dit wees?

Verby die marmerstandbeeld sien sy die burggraaf Gaston, en sy kyk weg, maar eers as sy seker is hy het haar gesien. Sy vind hom aantreklik en meen dit is tyd dat hy haar aangetrokkenheid begin vermoed.

“Laat ons eet!” kondig die diktator aan, en die gewillige kele gee hul waardering te kenne.

Die eetsaal is 'n triomf vir imposantheid. Dit is met glans en glorie beklee, met borduursels van oordadigheid. Kandelabers verleen 'n glans aan die mees afgematte gelaat, en goue kershousers gee weerkaatsings terug wat met 'n verhoogde skoonheid gekroon is.

Die gaste gaan na hul plekke, maar wag vir die diktator om te gaan sit. Eers dan word die moeë lywe toegelaat om op die fluweelbedekking van die stoele tot rus te kom.

Die meisie is langs die diktator geplaas – die toedrag van sake is dus nie meer 'n beheim nie. Stemmigheid mag egter nie nagelaat word in haar repertoire van gesigsuitdrukings nie – dit is immer dit wat sy aandag in die eerste plek getrek het.

Die burggraaf Gaston is 'n paar plekke verder by die lang, lang tafel af. Die meisie is bly dat hy aan dieselfde tafel as sy en die diktator sit – daar is nog sewe ander sulke tafels, maar hierdie is uit die aard van die saak die een met

die meeste aansien.

Hul oë vind mekaar, en sy laat hare tevrede weg dwaal, na die gesig van die diktator.

Sy skrik. Het hy opgemerk? Maar sy gesig, daardie gesig wat altyd dieselfde is ... of hy lag of op 'n dienskneg skree, dit gee nooit iets prys waaraan hy geken kan word nie. Niemand weet dit beter as sy nie – in die bed wat sy met hom deel het sy al meermale verontrus gevoel deur die gebrek wat daar by hom is aan emosie – selfs in die mees passievolle oomblik.

Nou is hy besig om met die maarskalk te praat, en sy besluit dat sy nie haar belangstelling in die jonger man aan hom verrai het nie. Dit is veiliger om die res van die aand nie in daardie rigting te kyk nie.

Daar is fout met die eetgerei voor haar ... die goud van die mes. Daar is 'n vingermerk op, en dit neem die boonste helfte van haar gesig uit die weer-spieëling weg, sy laat haar kop sak in die onderdanige houding wat haar die diktator se gunsteling gemaak het ... al sal hy dit nooit sê nie. Net so sal die gepeupel nooit 'n bevestiging kry van die liefde wat hulle seker is hy vir hulle koester nie, dink sy by tye dat sy onseker voel ... en haar blik val op die borste wat sy met soveel sorg onder die kreukellae van haar satynstof rok ingepers het.

'n Logiese gedagtegang laat haar opkyk na die halslyn van die persoon wat regoor haar sit – die maarskalk se vrou.

Die vrou se gesig lyk asof dit geborduur is. Plooie loop in loodregte vertikale groewe van haar neus na haar mond, van haar mond na haar ken en vanaf haar ken na haar borste, waar die fyn netwerk van lyne deur die materiaal van haar rok voortgesit word. Die volgende plek waar die materiaal ophou om die plooi patroon aan haar vel oor te gee, is haar linkerhand wat op die tafel lê. So baie juwele pryk aan haar vingers, dat dit lyk asof sy daardie hand kwalik sal kan beweeg.

“U Eksellensie,” sê die vrou, en die meisie kyk op van waar sy weer na haar eie hand en die elegante vingers wat daaruit vloei gekyk het. Aan haar middelste vinger pryk daar een ring in afsondering. Geeneen van die vrou oorkant haar se juwele kan daarmee meeding nie, en met reg: die diktator het dit aan haar gegee. Dit was eers sy vrou s'n, tot hy besluit het sy minnares sal dit beter afset. Sedertdien het dit nog nooit haar vinger verlaat nie.

Maar die vrou oorkant haar het gepraat. “U Eksellensie,” herhaal sy. Die tafel is stil.

Die diktator was steeds besig om met die maarskalk te praat. Sy lippe bly oop soos hulle die laaste woorde wat hy wou sê, begin vorm het. Nou draai hy sy kop stadig in die vrou se rigting, en sy oë is leeg.

“U paleis is 'n bevestiging van u goeie smaak,” sê die vrou, maar haar stem het soveel barste as haar huid: sy weet sy het oortree, en die rooi wat van haar hals begin opstoot, sê die robyn van die ring aan haar kleinvingertjie die stryd aan.

Die diktator vestig weer sy aandag op die maarskalk. “Weet u vrou nie,” vra

hy, en sy stem is oor die lengte van die saal hoorbaar, “dat sy nie met my mag praat voor ek nie met háár praat nie?”

Die vrou wil begin verskoning vra, maar bly dan wyslik stil. Haar man het begin sweet.

“Ek vra namens haar om verskoning, u Majesteit. Sy is nie gewoond aan ...”

“Slegs my gelykes kan met my praat alvorens ek ’n gesprek open. En daar is nie in hierdie vertrek my gelyke nie.”

“Dit besef ek, U Hoogheid. Ek wil vra dat u my asseblief hierdie keer sal vergewe – want dit is my skuld, ek moes dit beter aan haar verduidelik het. Maar sy was so opgewonde dat sy vanaand hierheen kon kom, sy het seker nie goed geluister nie ...” Sy stem droog op. Sy vrou staar na haar ringe. Sy kyk op na die meisie. Die meisie kyk weg.

Die diktator is nog nie tevrede nie. “Ek besef dat ek in die verlede op jou lojaliteit kon staatmaak ...”

“U kan *altyd*,” kom die antwoord haastig.

“In hoe ’n mate?” Maar die koning wag nie op ’n antwoord nie. Hy hou sy palm na die meisie uit, en vir ’n oomblik dink sy dat hy wil hê sy moet haar hand daarin plaas. Dan besef sy wat hy vra.

Die vertrek is gestroop. Daar is geen geluide meer nie. Sy voel hoe alles donker word.

Sy trek die ring van haar vinger, die middelvinger; omdat haar hande soveel kleiner is as die koningin se groter plompes, moes sy dit daar dra. Een laaste kyk na die goud en groen en pers daarvan, en dit verdwyn in die hand van die diktator.

Hy hou dit uit na die maarskalk. “Eet.”

Die meisie wil uitroep, maar besef betyds sy mag nie.

Die maarskalk probeer glimlag, maar is nie baie suksesvol nie.

Sy vrou kyk na haar ringe, wat nog voltallig is.

Die gaste wag om te sien wat gaan gebeur.

Die maarskalk neem die ring uit sy koning se hand, en hou dit soos ’n fynproewer tussen twee vingers vas.

Die koningin se gesig is uitdrukkingloos.

Die maarskalk bring die ring na sy mond, maak sy lippe oop en –

“Net ’n toets,” sê die diktator, en lag hardop, en almal rondom die tafel gee hul waardering vir sy humorsin te kenne, die maarskalk nie die minste nie. Hy gee die ring terug –

“Wat nog nie verby is nie,” sê die koning. Hy beduie na ’n livrei, en dié gaan na die kombuis.

Bediendes arriveer met die voorgereg.

In die diktator se hand is die meisie se ring. Dit is toe agter die vleis, sy kan dit nie sien nie.

Sy kan nie seker wees dat dit lyk soos sy dit onthou nie.

Met sy ander hand neem die koning ’n lepel op, en proe aan die sop.

“Voortreflik,” sê hy.
die ander kan ook nou eet.

“Wat is dit?” vra hy.

“Duifsop,” antwoord die koningin. Dit is haar oomblikvan glorie.

“Prysenswaardig,” sê die diktator. Die meisie se oë is genaël op sy toege-
voude hand. “Eet,” sê hy vir haar. “Of ... nee.”

Hy hou sy hand op, en tussen sopbord en mond kom ’n paar lepels tot
stilstand.

“Gee my julle borde.”

As hy vyf sopborde voor hom het, hou hy weer sy hand op.

“Genoeg.”

’n Stilte, waartydens die vrou oorkant die meisie swaar sluk aan die vloeistof
wat reeds in haar mond was. Die krop gaan op en af en die meisie staar
daarna, gefassineerd, want sy weet nie waar anders om te kyk nie.

Na die diktator se hand. Die een met haar kosbare ring.

Met sy ander hand skuif hy die sopborde tot voor die maarskalk.

“Jou toets,” kondig hy aan. “Maak toe jou oë.”

Die maarskalk maak sy oë toe. Sy gesig is bleker as die gestyfde tafel-
doek.

Die koning se vuis huiwer oor elk van die vyf sopborde, en kies dan een – die
een tweede van links – en gaan oop, en ploenks! verdwyn die metaal in die
bruin brousel.

Die meisie voel modder oor haar kop sluit. Die koning kyk na haar, en sy pro-
beer glimlag. Sy is bang dat sy gaan siek word, voor al die mense.

“Jy kan weer kyk,” sê die koning aan die maarskalk, en dié se oë gaan
oop.

“Kies vir jou ’n bord, my vriend.”

Die maarskalk sluk asof hy ’n duif self in sy mond het. Die meisie hou ’n
sweeptêrel dop wat van onder sy pruik oor sy wang traan en ’n pad deur die
poeierlagie beur.

Die man neem sy lepel op, en kyk na die sopborde. As sy nie geweet het in
watter een die ring is nie, sou die meisie self nie kon raai nie. Of miskien tog –
want een beteken vir haar veel meer as die ander.

Die maarskalk het vir ’n sekonde bo die bord tweede van links gehuiwer, en
dit het vir die meisie gevoel sy kan op hom skree nee, nee, maar dan is daar-
die sekonde verby, en het hy na die bord heel aan die linkerkant beweeg, om
sy lepel met sop te vul.

Maar hy lig dit weer. En beweeg na regs.

Na die bak in die middel.

En hy eet, terwyl die tafel stil is
die meisie se hoof suis van verligting.

“Bravo!” klap die koning hande, en sy volgeling aap die beweging na, en die
maarskalk plaas die lepel terug in die leë bord.

Die diktator wink die livrei nader. “Genoeg,” sê hy. “Neem weg en bring

die hoofgereg.”

Die meisie wil protesteer, maar durf nie. Bediendes staan nader, en die sopporde – die meeste daarvan nog vol – word verwyder. Een van die bediendes lig sonder om twee maal te kyk dies wat voor die maarskalk was op 'n skinkbord, en gaan na die kombuis.

Die meisie wil skree. Maar durf nie. Sy is ontbloot genoeg. Sy is bewus van die koningin se vergenoegde uitdrukking, maar dit kom van ver. Effens nader is daar die gesig van die burggraaf Gaston – sy blik is op die brokaat – maar leë – plekmat voor hom gerig. Die meisie sien haar hande soos hulle gaan wees wanneer sy oud is.

Die hoofgereg arriveer: gebraaide fisant. Sy pik daaraan, en dit proe asof sy aan haarself eet.

Die diktator is weer besig om met die maarskalk te gesels, maar sluit hierdie maal die vrou in die gesprek in. Die vrou is egter versigting om weer te veel te sê, en knik deurentyd onderdanig, selfs wanneer dit haar man is wat praat.

Die meisie wonder in watter asblik of varktrog haar ring beland het. Of erger nog, sal een van die bediendes, of 'n diensmeisie ... aan een van hulle se werkvereelte vinger ...

Die aand gaan voort, en die gaste lag en gesels met mekaar. Sy het niks om vir enigiemand te sê nie, sy weet nie wat sy hier maak nie.

Sy moet wag tot die koning na haar kyk, en eers dan, as hy beduie dat sy maar mag praat, vra sy of hy haar sal verskoon, sy voel moeg.

“Maar sekerlik,” en sy wens hy het nie so 'n ryk stem uit daardie lewensarme gesig gestuur nie. “Maar eers ...”

En as hy sy hand lig, sien sy sy een mansjetknopie is weg. Dit maak nie vir haar sin voor hy haar hand in syne neem en die ring aan haar middelvinger steek nie. Dit gly maklik aan, seker van die sweet.

“Moet dit nie weer verloor nie,” grap hy.

Dit is swaarder as wat sy onthou. Sy kan skaars haar hand gelig kry op die eindelose pad wat na die saal se uitgang lei.

Mercia Schoeman winterreën 4 junie

die grou lug bolrond gedruk
pluk sy gety bodemloos oop

die nag kreun onder sy donker vrag
strek bewend sy volheid oor die stad uit

ek drup deur swartstreep systraatslote
waar stoomgrys geboue in misfletse wieg

die klam voue van 'n wit wind
draai my in 'n kermende omhelsing vas

'n dansende rilling van nat vel
net soms lyk dit amper asof ek huil

maar dis net Pretoria se winterreën
en vandag was my verjaarsdag

('n waterkraf gly aan skerwe
my droë kamers vol skerpnat glas)

affaire

(through the magic of poetry all statements become the truth, provided they are backed by the power of emotion — Kundera)

wysers ruk kepies uit die oggend
soos ek laag vir laag die nag afdop
son word geel sensitiewe buigings
lek leë bottels vol gistergesprekke
'n skamele erfenis van roosgekleurde glas —
dronk deklamasies wat hul volheid verloor het

voor my witskilfer voordeur duisel vroeë herfs
met Miro-arrogansie die pad na buite
en 'n bont bedrukte dag se seisoen
spieël homself terug in my vensterraam

sy reuk en ou blomwater stu nog swaar teen my kop
ek dwaal agter sy stem in my liggaam aan
'n jagter in die sagtheid van my eie prooiveld
allegories op soek na 'n gepaste doodskoot

ek sal hierdie stil oomblik presies naboots
om later te krimp en uit te wis

my steekse skuld
na jou onttrekking
nou lieg ons ten minste
saam

Juan Coetzer Beeldestorm uit Bagdad

Nagsigtoerusting toor 'n moskeekoepel
tot diepseepaddastoel in groen glasuur.
Nou kan 'n bomverrukte Eden prikkel:

Onophoudelik poep 'n lugafweerkanon
sy glimmende borrels; sigsag flonker
lugbarsmissiele tot spikkels plankton.

Per satelliet het verplaasde skrapnel
my bestook tot elektroniese ikon —
ek is die skerm van 'n televisiestel.

Januarie 1991

Literêr-aktueel

Charles Fensham gehuldig

Op 6 Junie 1991 is 'n plaket van Die Afrikaanse Skrywerskring aangebring op die grafsteen van prof Charles Fensham, in lewe nasionale voorsitter van die Skrywerskring, deur prof Elize Botha in Stellenbosch onthul.

Hier volg 'n verkorte weergawe van die huldeblyk aan prof Fensham wat by dié geleentheid deur prof Botha gelewer is.

Charles Fensham het iets unieks in verband met die ontwikkeling van die Afrikaanse Skrywerskring beliggaam. Van 'n vereniging uitsluitend ingestel op belletrie, het dit langamerhand ook skrywers van algemene boeke in Afrikaans begin insluit: akademici, wetenskapsbeoefenaars, wat deur hul skryfwerk Afrikaans as draer van wetenskaplike diskoers uitgebou het. Afrikaans het as literêre taal hoogtepunte bereik, en terselfdertyd 'n taal vir *alle* funksies geword. Dit het gedurende die tydperk dat Charles Fensham nasionale voorsitter was van Die Afrikaanse Skrywerskring, op uitnemende wyse geblyk.

Twee voorsittersredes, gepubliseer in die *Tydskrif vir Letterkunde*, openbaar iets van Charles Fensham se besondere visie as leier van Die Afrikaanse Skrywerskring: dié van 1984, by geleentheid van die vyftigste bestaansjaar van die Skrywerskring in Pretoria, en sy laaste, by die Skrywerskongres van 1988 in Bloemfontein.

In die rede van 1984 het prof Fensham onder andere drie sake beklemtoon wat ook vandag van dringende belang is: kontak en deurlopende gesprek met buitelandse skrywers; die noodsaak om nuwe prosesse van publikasie te ontgin ten einde goeie maar goedkoper lektuur aan die grootste moontlike aantal Afrikaanse lesers te lewer; om ten bate van die groei en verryking van die Afrikaanse taal met die taalgebruik van "die breë massa van sprekers wat die taal help vorm", rekening te hou.

Die 1988-rede vertel, onder meer, van sy betrokkenheid by die hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling, en sy siening van die intrinsieke band tussen die Afrikaanse Bybel en die Afrikaanse letterkunde.

Op subtiele wyse knoop hy Job se vermoë "om Afrikaans te praat" in die Nuwe Bybelvertaling — iets wat Job, volgens sy vertaler Totius, in die Ou Vertaling nie "wou" doen nie — aan die "ver pad wat ons met Afrikaans gekom het". En daarby suggereer hy dat hierdie ryp en ryk Afrikaans in ons eie tyd opnuut 'n rol sal speel om die letterkunde van ons tyd te rig en te verryk — 'n nuwe Bybelvertaling voorspel 'n vernuwing vir Afrikaans. As hy die moeilike Afrikaans van Job in die Ou Vertaling naas die "gespierde en glas-heldere" taal van Job in die Nuwe Vertaling plaas, is sy slotsom: "Almal sal seker met my saamstem dat as Job so Afrikaans kan praat, het hierdie taal van ons niks te vrees nie. Laat mense maar profeteer en dosente bespiegel"

linge maak, maar wat ons hier hoor en wat hier voor ons gereed lê, is 'n volwasse taal. Wie sal hom kan uitroei?"

Van groei en vernuwing het hierdie man, so diep gewortel in die Oudheid, 'n merkwaardige begrip gehad; ons kan hom in die visie wat hy van die groei en bruikbaarheid van die Afrikaanse taal gehad het, in die kreatiewe lojaliteit wat hy as wetenskapsbeoefenaar teenoor Afrikaans getoon het, vertrou.

P.H. Roodt se jongste bundel kortprosa *Die geel geluid van die son* is op 25 Augustus by Exclusive Books in Pretoria bekend gestel. By dié geleentheid het hy onder meer gesê:

Iemand het êrens gesê: in elke mens skuil daar 'n malle en 'n minnaar. Ek verdien my daaglikse brood deur onder meer stories met studente te behandel. Dit is rustige, aangename werk. Kom ons noem dié persoon die minnaar. Hy probeer, soos 'n ware minnaar, deurentyd entoesiasies wees: hy wil sy studente krities ontwikkel, hulle eiewaarde en selfvertroue gee. Weg van sy werk neem die malle oor. Hy buig oor die papier. Soms vloei die woorde uit sy potlood; dikwels gaan dit moeilik, krap hy dood, oorweeg talle moontlikhede, begin weer voor. As jy net 'n begin het. Indien hy halstarrig bly sit, glip hy deur na 'n ander dimensie, fluister 'n muse woorde in sy oor. Sy is mooi én wreed. Daarom ontwikkel die malle verskillende gesigte. Hy is beurtelings 'n duiwel, 'n dief en 'n hoer; 'n klikbek, romantiese gek en 'n hartseer nar; en soms, net soms, 'n engel. Hy is 'n reddelose skisofreen. Deur stories probeer hy iets verstaan van hierdie onverstaanbare lewe, van homself, sy ervarings en die wêreld waarin hy woon.

Die verbeelding is 'n tweesnydende swaard: dit kan vervals, maar ook smag na 'n paradys en dit teenwoordig probeer maak. In 'n woestyn, daarin bevind die malle hom dikwels, in 'n see van sand, kan die groen van 'n oase 'n opgeefsel wees of 'n voorsmaak van 'n sagte koelte naby die paradys. Jy bly veg teen die lugspieëlings, die donker sandstorms, die onvermoë om nie daardeur te sien nie. Jy bly koppig vertel teen die groot donkerte wat dreig. Jou oormoed lê hierin: jy wil die verlede en die toekoms teenwoordig maak. 'n Ander vorm van kranksinigheid wil jou oorval as dit jou nie gegun sal word nie.

'n Mens sou dink om verhale te ontleed en stories te maak, is verwant. Niks is verder van die waarheid af nie. Om 'n kar te ry en een te ontwerp en te bou, is wêreld uit mekaar. Die bestuurder weet min van al die bloedsweet en trane, die meet en pas. Hy stel waarskynlik ook nie daarin belang nie.

'n Mens sou redelikerwys verwag dat die minnaar die malle tot hulp kan wees. Maar dis ook nie waar nie. Eersgenoemde is dikwels betersweterig, pedanties, slim, en, dán is die dood soos groen etter in die pot, Literêr met 'n groot obsene L. Hy gee ongevraagde advies, ondermyn die malle se selfvertroue, praat vlot oor postmodernistiese tekste en metafiksie en triviale tegnieke en so aan vervelig voort. Alles jargon wat die malle nie 'n duit kan skeel nie.

Die malle voer 'n jarelange stryd teen die minnaar. Laasgenoemde wil verklaar, veralgemeen, evalueer, name gee; daardeur dink hy kan hy besit. Dié kêrel se illusies ken geen perke nie. Hy bevlek homself met sy kritiese woordskat en teoretietjies wat kom en gaan soos wolke in die Vrystaat.

Maar, goddank, die malle het baie duiwels en sewe verleidelike muses aan sy kant, daarom begin hy die minnaar wen. Hy kruip weg in sy stories, dink in die beeld en steur hom nie aan die toepassing nie. Soos die minnaar slimmer word, word hy dommer. Die een dink hy weet, die ander weet hy weet nie. So bly albei op 'n manier gelukkig.

Omdat ek vanaand as malle praat, gaan ek niks oor my stories sê nie. Hulle is nou, helaas, op hulle eie. En moet hulle man/vrou staan of lê.

Dames en Here, ek is by die slot van my praatjie, die klimaks (die minnaar sou waarskynlik gesê het: die hoogtepunt): Dankie dat u hier is. Ek weet u gaan almal my boek koop, hom geniet en net mooi dinge van hom sê. U sien: alle malles het 'n kwesbare kol — wees hulle genadig — soos Breyten jare gelede reeds namens almal gepleit het.

Commendatie gelewer deur prof. A.P. Grové tydens die oorhandiging van die Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en toekenning van erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Ernst van Heerden, op 5 September 1991.

Die Gusvat Prellerprys vir Literatuurwetenskap en Kritiek is een van die Akademiepryse wat nie vir 'n tweede keer aan 'n bepaalde persoon toegeken kan word nie. Anders as die Hertzogprys, byvoorbeeld, is dit 'n toekenning wat nie op grond van dié of daardie publikasie gemaak word nie. Dit gaan hier eerder om 'n oeuvre, 'n totale literêre rol, 'n lewenswerk, wil mens byna sê. Dis 'n eenmalige bekroning wat erkenning gee aan die ontvanger se statur en status as literatuurwetenskaplike.

So gesien, is prof. Van Heerden uitgeknipt 'n kandidaat vir dié toekenning, want in hom het ons iemand wat sy volle energie in diens van die literatuur en die literêre besinning gestel het. Ook na sy aftrede het hy nie gaan rus nie.

As literatuurdosent het hy op verskillende vlakke honderde studente in die letterdoelas (soos Opperman sê) gewys gemaak. As medewerker en later redakteur het hy 'n belangrike rol in *Standpunte* gespeel, 'n blad waarvan hy ook 'n tyd lank redaksie-sekretaris was. Ook in populêre tydskrifte en oor die radio het hy veel gedoen om die literatuur in breër kring toeganklik te maak. Van sy beste ernstige opstelle is in vier stewige bundels byeengebring, nl. *Rekenskap* (1963). *Die ander werklikheid* (1989). *Digterlike diagnose* (1977) en *Huis van stemme* (1984).

In hierdie opstelle het hy hom soms toegespits op 'n enkele werk; ander kere het hy aandag gegee aan 'n bepaalde verskynsel of 'n belangrike ontwikke-

ling. Soms het hy ontledend gewerk, ander kere weer oorsigtelik, terwyl hy steeds 'n oop oog had vir 'n bepaalde poëtiese procédè. Kortom, hy het in sy literêre bemoeiings nie in 'n groef beland nie.

Verder moet opgemerk word dat Van Heerden in sy kritiek deurgaans 'n beskaafde waardigheid en dekorum gehandhaaf het. Nooit het hy neerhalend te werk gegaan nie en nooit het hy aan die versoeking toegegee om 'n boek "af te maak" of om 'n skrywer "by te kom" nie. En steeds het hy sy bevindinge in die keurigste taal weergegee. Daarom kan meer as een van sy opstelle as assays gelees word, stukke literatuur wat jy met genot kan lees, of jy met die bevindinge saamstem of nie. Van dié soort kritiek het ons min in Suid-Afrika.

Van Heerden se poësie kom hier nie direk ter sprake nie. Maar dit moet tog gesê word dat baie van sy gedigte 'n literêr-teoretiese onderbou verraa. Dis die poësie van 'n man wat diep besin het oor die aard van die skeppingsmoment wat tussen die lewe en die kuns, die verbygaande sintuiglike prikkels en die blywende vorm geleë is. Ook met sy poësie het hy dus veel gedoen om die literêre besinning in Suid-Afrika te stimuleer.

Vandaar, Meneer die Voorsitter, dat die lede van die Letterkundige Kommissie eenparig aanbeveel het dat die Gustav Prellerprys aan prof. Van Heerden toegeken word, 'n aanbeveling wat die Raad in sy wysheid aanvaar het.

Maar die Akademiesraad het ook 'n tweede verstandige besluit geneem, naamlik om erelidmaatskap aan prof. Van Heerden toe te ken - 'n eretoekening waarmee die Akademie om begryplike redes nie kwistig is nie.

So 'n eerbewys moet natuurlik nie gesien word as 'n soort beloning vir wat iemand organisatories of andersins vir die Akademie gedoen het nie. Prof. Van Heerden was nooit diep betrokke by die besture van die Akademie nie. Dit gaan hier eerder om die vraag in hoeverre 'n kandidaat hom met die ideale van die Akademie vereenselwig en wat hy vermag het om dié ideale te help verwesenlik.

En hier moet prof. Van Heerden se publikasies weer ter sprake gebring word, meer bepaald sy poësie. Vanaf sy eerste bundel, *Weerlose uur*, wat in 1942 verskyn het, tot hier in ons eie tyd, vir 'n periode van vyftig jaar dus, het hy met sy lang reeks digwerke deurgaans 'n behoorlike peil gehandhaaf, vir homself 'n eie plek in ons literatuurgeskiedenis verower, ons taal help slyp en veel gedoen om die Afrikaanse gedagte te bevorder. Hy is dan ook al deur verskillende instansies, insluitende die Akademie (met die Hertzogprys) vir hierdie bydrae bekroon. Talle studies en verhandelings is al oor sy werk geskryf, wat verder aantoon watter belangrike plek Van Heerden as literêre figuur in ons geesteslewe beklee.

Maar wanneer 'n erelidmaatskap ter sprake kom, gaan dit nie bloot om dit wat 'n kandidaat gepubliseer het nie - hoe belangrik dit ook al mag wees. Dit gaan ook, en miskien veral, om die waardes wat so 'n figuur verteenwoordig. Met sy liefde vir musiek, die skilderkuns, die literatuur, die goeie boek is Ernst

van Heerden deur en deur 'n kultuurmens wat van die mooiste estetiese waardes verteenwoordig wat in ons volk leef. En ook dit is al deur verskillende ander instansies raakgesien soos onder andere blyk uit die verskillende eregrade wat aan hom toegeken is.

Meneer die Voorsitter, met die kort motiverings gee dit my nou genoeg om u te versoek om die oorhandigings te doen.

Ernst van Heerden antwoord:

Geagte Kollegas,

Ek wil u baie hartlik bedank vir die bereidwilligheid om te midde van velerlei ander verpligtings tog nog die tyd te vind om vir vandag se funksie hierheen te kom.

My genogdoening om u hier te ontvang, het eintlik 'n dubbele basis. Dit is naamlik hierdie maand byna 29 jaar gelede toe my digbundel *Die klop* in 1962 met die Hertzogprys vir poësie bekroon is. Om die waarheid te sê, dit was vir *Die klop* én die voorafgaande bundels. Dan is daar die gelukkige sameloop van omstandighede dat my gewaardeerde kollega, professor A.P. Grové, ook daardie keer die *commendatio* gelewer het. U sal dus begryp waarom vandag se samekoms vir my besondere betekenis het.

Professor Jaap Steyn van Bloemfontein wat nou met die optekening van die geskiedenis van die Nasionale Pers besig is, vertel my dat hy reeds in die dertigerjare resensies van my in die lêers van *Die Burger* en *Die Huisgenoot* teëgekomp het. Daardie kritiese geskriffies moet dus saamgeval het met my M.A.-studiejaar op Stellenbosch, nl. 1936.

Daar was verskeie aandrifte wat my tot die kritiek as 'n literêre uitingsvorm aangespoor het. Daar was my M.A.-studie oor 'n Nederlandse digter wat my destyds in hoë mate geboei het, nl. P.C. Boutens. maar daar was ook die feit dat ek toe al gespeel het met die gedagte om 'n eie digbundel uit te gee, 'n vrome wens wat eers in Julie 1942 in vervulling sou gaan. Maar intussen was daar my eerste oorsese studieverblyf en die prikkeling wat daar van my Amsterdamse hoogleraar, Anthonie Donker, uitgegaan het. Hy het die voorbeeld gestel van 'n digter wat self kritikus kan wees en wat waardevolle werk op albei gebiede gelewer het.

My belangstelling as kritikus is van die begin af toegespits op die meganika, die instrumentarium waarmee die digter werk, dus die taal in al sy moontlikhede, nuanserings, sy menigvuldige verskyningsvorme.

As ons vandag kyk na die wye gebied van die literatuurwetenskap en veral na die tydgenootlike benaderings en strategieë soos resepsie, verwagtingshorisone, inter- en intratekstualiteit en dergelyke, dan val dit 'n mens op dat al die wysheid basies teruggaan na die kern van alle poëtiese skepping, nl. die woord self.

Dat die Akademie dit goed gevind het om my werk as kritikus met die Gustav Prellerprys te beloon, is 'n groot eer en aansporing. Om as bekroningsgenoot

jou plek in te neem naas kritici van die kaliber van 'n Antonissen, Opperman, Scholtz, Botha, Grové, Cloete en Kannemeyer, is voorwaar 'n mylpaal in 'n mens se lewe as letterkundige.

Aan professor Grové wil ek 'n opregte dankwoord rig vir sy gevoelvolle opsomming van my werk as kritikus. In my bundels letterkundige opstelle het ek soms van hom verskil, maar ek het altyd die ruimste waardering gehad vir sy ontsagwekkende kennis en sy beskaafde omgang met die literatuur. Ek wonder hoe dikwels, indien ooit, dit voorkom dat iemand by dieselfde geleentheid 'n belangrike prys én die erelidmaatskap van die Akademie in ontvangs mag neem. Daarom waardeer ek dit des te meer om tot die deurlugtige groep van die Akademie se erelede toegelaat te word.

Ek dink nou aan 'n pikante besonderheid toe ek die vorige keer deur die Akademie vereer is. Dit was by 'n feesete op 29 November 1962 in die Constandiaklub in Pretoria toe ek die Hertzogprys vir Poësie in ontvangs kon neem. By dieselfde geleentheid is twee gesiene Afrikanerleiers as erelede voorgestel, nl. die destydse ministers Eben Dönges en Jan de Klerk. Sonder om op enige bybedoelinge te sinspeel, wil ek tog sê wat 'n vreugde dit vir my is om saam met 'n hoog gewaardeerde vriendin, die digteres Elisabeth Eybers, hierdie pluim aangespeld te kry. Dit is niks minder as vleiend nie: 'n bevestiging van die waarde in ons Afrikaanse geestelike lewe van die geriatrie!
Ek dank u.

Reëls: Sanlam Jong Stemme-wedstryd 1992

1. Die wedstryd word georganiseer deur Tafelberg-Uitgewers, in samewerking met die meningsblad *Insig*.
2. Die wedstryd word in twee kategorieë aangebied: Afrikaans en Engels.
3. Kortverhale, sketse en essays van 'n filosofiese aard of met 'n joernalistieke inslag kan ingeskryf word; maksimum lengte: 5 000 woorde.
4. Slegs persone tussen 18 en 25 jaar mag deelneem; maksimum inskrywings per persoon: drie.
5. Drie pryse in elke kategorie is op die spel:
Eerste prys: R1 000,00 kontant plus R1 000,00 se boeke,
Tweede prys: R500,00 kontant plus R500,00 se boeke,
Derde prys: R300,00 kontant plus R300,00 se boeke.
Die kontantpryse word deur Sanlam geborg, en die boekpryse deur Van Schaik Boekhandel.
6. Inskrywings word anoniem beoordeel.
7. Die beoordelaars behou die reg voor om pryse nie toe te ken indien die gehalte van die inskrywings dit nie regverdig nie.
8. *Insig* sal die twee weninskrywings teen die gebruikelike vergoeding publi-

- seer, en behou die reg voor om enige van die ander vier naasweners te publiseer.
9. Tafelberg behou die eerste opsie om enige van die ses weninskrywings in versamelbundels te publiseer. In sodanige geval sal die normale outeursaandeel van 12% pro rata volgens lengte onder die bydraende outeurs uitbetaal word.
 10. Terwyl inskrywings onder oorweging is, mag hulle nie elders vir publikasie voorgelê word nie.
 11. Inskrywings moet op A4-velle, met dubbelspasiëring en net aan een kant van die papier getik wees. Indien teksverwerkeruitdrukke ingestuur word, moet die bladsye genommer en los van mekaar wees. Heg asseblief 'n inskrywingsvorm (of afdruk) aan elke afsonderlike inskrywing.
 12. Deelnemers word versoek om afskrifte van hul inskrywings te hou. Die organiseerders kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir verlore werk nie.
 13. Sluitingsdatum: 31 Januarie 1992
 14. Navrae en inskrywingsvorms: Dr. Annari van der Merwe, Tafelberg-Uitgewers, Posbus 879, Kaapstad 8000; telefoon (021) 241320; faks (021) 242510.

A Kloppers

By die lees van Verlore paradys

Hoewel die verhale in hierdie bundel outonome verhale is (en dienooreenkomstig in talle lesinglokale of klaskamers behandel gaan word) wat uit 'n verskeidenheid bundels van 'n verskeidenheid Afrikaanse skrywers saamgestel is, moet die leser of student hom van ten minste twee dinge vergewis wat dié verhale (en dan ook die vier wat voorgeskryf is) gemeen het:

Eerstens stel die samesteller dit in sy voorwoord baie duidelik dat die verhale in die bundel o.a. spreek van die mens se universele verlange “na die verlede of na wat ons graag wil hê in die toekoms bewaarheid moet word. Miskien is dit die hunkering na 'n verlore paradys wat ons elkeen op sy manier probeer herskep.”

Tweedens is dit belangrik om te onthou dat hierdie prosawerke ook kortverhale is, m.a.w. verhale wat daardeur gekenmerk word dat hulle kort is en dat elkeen op 'n unieke manier 'n deursnit van die lewe op 'n kritiese moment verwoord.

“Die invloed” — Pirow Bekker

Die leser weet na die openingsparagraaf al dat 'n eksterne verteller aan die woord is, maar een wat — omdat hy 'n greep uit die lewe van “ons dorp” se mense (p. 1) aan die vertel is — hoegenaamd nie onbetrokke of objektief is nie.

Dieselfde eerste paragraaf spreek ook van 'n heel besondere aanslag; die verteller is merkbaar met 'n stukkie lewenswysheid besig waarin 'n paar skerp omlýnde gegewens duidelik blyk: opregte liefde tussen 'n man (met “murg in sy pype”) en 'n meisie maak 'n skeiding deur diep water (soos deur 'n stokou reëltjie verwoord) ongedaan.

Aan die hand van hierdie paragraaf kan die leser verwag dat die verhaal wat dié inwoner-verteller gaan vertel, beslis 'n toepassing gaan wees van dié soort wedersydse liefde tussen 'n man en 'n meisie. Anders gestel: die leser kan reeds naastenby verwag WAT gaan gebeur, maar dit is juis die HOE dit gaan gebeur wat daarom van soveel belang gaan wees en wat die leeservaring die moeite werd gaan maak.

Paragraaf drie kleur die reeds genoemde vermoede t.o.v. die verhaalinhoud bevestigend in: die jongman van dié verhaal, “Die invloed”, was 'n vurige visserman, Wenning Nylant, en die meisie was Milla van de Wateren. En om die vermoede van die inleiding des te duideliker te versterk, is die diep water wat die skeiding bring (en waarna reeds verwys is) in hiérdie geval 'n baie belangrike faktor om mee rekening te hou, nl. “die see self” (p. 1).

Die belangrikste verhaalkomponente is dus: 'n vurige jongman ('n visserseun), 'n meisie (wie se van nie misgelees mag word nie) en die see; gege-

wens wat spoedig opgevolg gaan word met meer gegewens uit die eksposisie-fase van die verhaal.

Luidens die verteller se mededelings was die twee jongmense “uit die staanspoor vasgedraai” (p. 1). En deur om die beurt op die twee families wat deur Wenning en Milla verteenwoordig word, te fokus, word die leser gaandeweg aan die onontwarbare familiegeskiedenis vasgedraai; boonop bly die see ’n immer teenwoordige eksponent.

Wenning is aan die hand van sy visser-pa opgevoed met ’n besondere liefde vir die see. Die vader, wie se tenger vrou hom ontval het, was immers meer as net ’n gewone visserman; hy was alles behalwe ’n visserman wat net om den brode dié ambag gedien het; nee, landmens was hy nie — hy was ’n seemens: “die see was vir hom sy hartklop” (p. 2), en hy het gesing as hy op die water uitgegaan het en hy het “saamgeborrel” (p. 2) met die see. Wenning — “groot voor sy tyd” (p. 2) — was van speenoud af ook ’n seemens; meer nog: “’n brood-uit-die-water-mens” (p. 1).

Milla se opvoeding was anders. Haar ma, Hilda Sewes, was ’n “geswore landmens wat haar in ’n oomblik van swakheid laat meevoer het tot die bestaan van ’n visserman se vrou” (p. 1). Sy het haarself dié swakheid nooit vergewe nie en daarom het sy die see gehaat — in so ’n mate dat sy “net gelewe het vir die dag wanneer sy nie langer na die verraderlike dam hoef te kyk vir elke dag se kos om te eet nie” (p. 2). Toe die see om alles te kroon haar man wegneem, het haar wrewel tot verbittering gegroei; tot ’n obsessiewe beslistheid dat haar dogter die see nooit sou sien nie. Omstandighede het haar egter geïoop om teen haar begeerte in die vissersgemeenskappie te bly. Die see het nie weer vir haar gesorg nie, want haar groentetuintjie en haar werk as blokman in Willem Swanepoel se slaghuis het siel en liggaam aanmekaar gehou.

So het dit gekom dat die twee kinders met bykans onversoenbare opvoedingsverskille na mekaar toe begin groei het. Hilda het die spotkinders se gereelde ginnegaap as ’n “niks-anders-het-om-te-doen-nie”-vriendskap afgemaak (p. 2).

Met skaars woorde — soos die skrapse bestaan van die twee karakters — open die verteller egter die ontwikkelende verhouding tussen die twee jongmense. En die leser moet versigtig wees om dit nie mis te lees nie, want Wenning se toenadering kom nie in woorde nie, maar veral in terme van geskenke uit die see; en die geskenke is telkens vir Milla se ma — asof hy daarmee deels wou bevestig dat hy ’n “brood-uit-die-water-mens” is en terselfdertyd Milla se ma se wrewel vir die see wou temper.

Eers was dit “een aand” ’n “ou Vredenzaai-kabeljoutjie” (p. 2). Hilda se reaksie is in geen onduidelike taal uitgesê nie: “ek hou van my dag af nie van seevis nie” (p. 2). En tog het die vis gebly.

Kort daarna het hy weer ’n vis gebring en dié keer ’n verskoning vir sy geskenk gereed gehou: die see was nie suinig nie! Weer was Hilda negatief teenoor die geskenk.

Die derde geskenk het die opoffering waarmee dit bekom is as metgesel gehad: "Vis loop nou maar yl, ta' Hilda. Hulle wil nie rys nie. Maar hier is darem iets" (p. 3). Groter as haar wrewel oor die see — "Hoe's dit dan nou met julle wonderlike vangstes" (p. 3) — moes sy sien, hoor en aanvoel dat haar dogter vir die eerste keer tydens hierdie geskenk-besoeke duidelik op die voorgrond is. Eerstens moes sy twee keer kyk toe Milla in die middeldeur verskyn het: "Het sy so vinnig vrou geword!?" (p. 3). Met ontnugtering moes sy haar dogter se bewondering hoor toe sy haar hand oor die goue rug van die kabeljou laat gaan. Teen haar sin moes sy hoor dat Milla (ten spyte van haar opvoeding) iets van sakvisse en lastige haaie weet. Sy moes sien hoe Wenning se stem tril toe hy Milla van "die groen, blink skof van 'n regte rietbul" (p. 3) vertel. Sy moes hoor hoe Milla en Wenning oor die lastige haaie lag. Sy kon sweer dat haar dogter daarop uit was "om haar te tart" (p. 3). Daarom is haar reaksie op Wenning se woorde: "Daar het sowaar een nog 'n keer die hoek loop vat" (p. 3), veelseggend: sy is sonder 'n woord die huis in.

'n Week na die besoek het Hilda verhuis — hoër op teen die rivier was 'n huurhuis met 'n groter grondjie en 'n paar slaglammers. Sy het dus al meer landmens geword; sy het dus die afstand tussen Wenning se wêreld (die see) en Milla s'n desperaat probeer vergroot; sy het dus haar voorneme van vroeër gestand gedoen, nl. dat haar dogter die see nie sou sien nie.

Dié letterlike afstand tussen die twee jongmense was nie te groot nie en die figuurlike afstand nie te onoorbrugbaar nie, want die derde aand het hy weer sy opwachting gemaak (soos 'n haai wat sowaar nog 'n keer aan die hoek loop vat). Dié keer word sy bedoeling nie meer d.m.v. 'n vis oorgedra nie; nee, in die stram atmosfeer het hy die probleem in woord uitgesê: die see staan tussen hulle. In die gesprek (met Milla self stil eenkant) het die rol van die see al duideliker geword: die moeder se haat omdat die see haar man weggevat het, teenoor die seun se bewondering en agting vir die see, en sy desperate soeke na 'n bewys dat die see goed is. Omdat al Hilda se vorige pogings om hom (soos 'n lastige haai) vir goed af te skrik, misluk het, was haar laaste troefkaart op die tafel: sy sou die see self gebruik om haar wrewel te bevestig en sodoende haar dogter teen 'n seebestaan (met Wenning) te beskerm. Sy, die landmens, het nie opgekyk van die skottel harslag wat sy aan die bewerk was nie toe sy die uitdaging rig: as hy wil bewys dat die see hom goedgesind is, moet hy die invloed gaan deurswem. Om die uitdaging des te meer intens te maak, het sy 'n waarskuwing bygevoeg, nl dat die invloed vanweë die rivier wat afgekome het, vol haaie is.

En hy, die seemens, het hom gestroop (soos 'n vis) van alles wat hom as prooi sou verbloem. En aan Hilda was daar geen keer nie. Sy het hom met bloed bestryk in 'n desperate poging om haar vir goed te wreek. Hy sou die definitiewe prooi van die haaie word. Bloed, wat simbool van lewe is, word hier verironiseer tot teken van die dood. In 'n byna triomferende, selfopofferende gebaar het hy een keer na Milla gekyk en toe uitgehardloop die invloed tegemoet.

Die toesakkende aand het die gebeure in 'n waas van geheimsinnigheid gehul. Hulle kon hom sien wegraak en opkom en later het die "dik skemer na die ander kant hom heeltemal toegevo" (p. 4). Ten spyte daarvan dat Milla geroep het dat hy aan die oorkant uitgeklim het, was sy nie seker nie.

Toe alles deur die nag uitgewis is, is die ouer vrou se selfverwyf deur Milla in die wind geslaan: "Dan is hy tog deur" (p. 5) — 'n bevestiging van sy opregte liefde. Sy teken van ware liefde vir die see en vir Milla, word daad vir daad (ten spyte van die ouer vrou wat op haar knieë voor haar staan) deur haar beantwoord. Haar klere word ook gestroop en sy benat haar self ook met bloed voor sy haar deur die invloed na Wenning toe begewe het.

In die diepste geheimhouding is hierdie twee kinders verenig — juis in die see.

En hier is die leser terug by die inleidende paragraaf: die seewater was nié te diep, die gevaar nié te groot en die opvoedingsverskille nie te diepgaande om intense liefde te verydél nie. En tog het die see hom finaal laat geld.

Ten slotte sou 'n mens die titel van naderby kon bekyk en twee interpretasies daaraan heg:

Op die eerste verhaalvlak word daar 'n paar keer na die invloed verwys. As Wenning die eerste geskenk uit die see bring, wys Hilda dit van die hand, juis omdat die kabeljou uit die see kom. Oor varswatervis voel sy egter anders. Wenning belowe dat hy eendag "hoër op langs die rivier" vir haar sal "loop kurper soek" (p. 2).

As Hilda later haar uitdaging rig, is die invloed weer ter sprake; hierdie keer nog duideliker omlyn as die plek waar rivier- en seewater (dus riviervis en seevis) ontmoet en terselfdertyd 'n gevaarlike tussengebied waar volop haaië is, veral as die rivier afkom. Dis juis in hierdie tussengebied waar Wenning, die seun wat deur sy vader 'n see-mens gemaak is, en Milla, die een wat hoër op teen die rivier gewoon het en dienooreenkomstig ver van die see af opgevoed is, mekaar uiteindelik "ontmoet". En tog sou die see die twee jongmense se gelukkige eenwording verhoed.

Op 'n tweede vlak sou die invloed ook kon slaan op die invloed van omstandighede op die lewens van mense en hulle optrede teenoor mekaar.

Dit is voor die hand liggend dat Wenning se see-georiënteerde opvoeding 'n geweldige sterk invloed op sy optrede sou uitoefen. Hy is onteenseglik seemans wat in terme van die see se goedheid kon kommunikeer en uiteindelik met woord en daad bewys dat die see goed is en dat sy liefde vir Milla diep gewortel is, soos sy liefde vir die see.

Hilda Sewes haat die see. Die invloed hiervan is so sterk dat sy haar dogter dienooreenkomstig opvoed en die see self ten slotte gebruik om haar obsesiewe haat op die see-mens, Wenning, uit te stort. Met die bloed van 'n landdier bekragtig sy op byna rituele wyse haar diepgewortelde haat.

Milla is, as gevolg van haar opvoeding, 'n land-mens wat vroeg reeds aange-trokke voel tot die see-mens, Wenning. Haar van sou 'n simboliese verwysing kan wees na haar andersheid (in terme van die opvoeding wat sy ontvang

het). Wenning se selfopofferende liefdesdaad beïnvloed haar in so 'n mate dat sy die eenwording met hom in die dood byna blindelings tegemoet gaan. So verenig hulle in 'n duister paradys.

“Terugkeer van 'n soldaat” — Dolf van Niekerk

Die titel wek (veral binne 'n Suid-Afrikaanse konteks) 'n aangename verwagting. Op 'n (oënskynlik) gewone realistiese vlak bou die eerste drie paragrawe voort aan die genoemde aangename verwagting: 'n moeder maak die voordeur oop op die oggend van die dag waarop haar soldaat-seun huis toe kom. Die wêreld hoor haar innige verwagting en sy glimlag vir die kerkhorlosie se begrip.

Die vierde paragraaf dwing die leser om te besef dat die netjies verwoorde verwagting nie heeltemal so gewoon-alledaags is nie, want die spreker is die soldaat op wie se koms daar gewag word; dis juis hy wat langs haar staan, en dis hy wat verskrik is by die aanskoue van die “vreugde in haar oë” (p. 12). Na paragraaf vier weet die leser reeds dat ironie 'n vanselfsprekende deel van die verhaal is, want die verwesenliking blyk die teenoorgestelde van haar verwagting te wees; trouens, hy is reeds by haar (sonder dat sy daarvan bewus is). Voorts is sy reaksie op haar vreugde 'n duidelike teken van die absurditeit van die situasie. Absurd (afkomstig van die Latynse woord *absurdum*) word hier bedoel as onversoenbaar of onharmonies. In plaas van die verwagte vreugde by 'n herontmoeting, is hy verskrik deur haar vreugde. Bykans elke element van die verhaal — ruimte en tyd, gebeure, karakterisering en die vertellersgesigpunt staan in die teken van dit wat ironies en absurd is.

Wat tydhantering betref is dit duidelik dat die handelingsverloop in 'n *enkele dag*, Woensdag, en (in die hede) van vroegoggend tot half-vyf die middag voltrek word. Binne die ure van die enkele, uitsonderlike dag, lewe die hoofkarakter naby die horlosie, want alles moet doelgerig en tydgebonde gedoen word: *vroegoggend* maak sy die voordeur oop. *Later* stel sy die horlosie en stoot die voorkamer se vensterraam oop; nog later nuttig sy 'n skamele *mid-dageete*. Sy hoor die kerkhorlosie *drie-uur* slaan; om *half-vier* smoor sy die wekker voor dit lui. Om *half-vyf* arriveer die trein sonder haar seun. Sy glimlag egter by die gedagte dat hy dalk “miskien volgende Woensdag” (p. 18) sal opdaag.

Benewens die ironie van die situasie, vestig die laaste woorde van die moeder ook die leser se aandag op die absurditeit van haar gewag op die terugkeer van haar seun; trouens, *elke* Woensdag word dieselfde ritueel herhaal — “vandag is dit die honderd en vyftigste Woensdag” (p. 13) wat dit gebeur. Dit word 'n nimmereindigende en absurde sikliese ritueel. Die moeder leef eintlik net vir Woensdae. Let op hoe sy op die Woensdag onthou om die skemer voorkamer se venster oop te maak . . . en “die week se vars lug stroom die voorkamer binne” (p. 13). Op Woensdae kom sy in die tuin, pluk sy 'n handvol grashalms, “blaas sy die stof om die blompot weg” (p. 13), dek sy tafel, kook sy kos, begin sy neurie, “sing sy (dit) elke keer wanneer

haar hart oorloop van vreugde" (p. 14). Sy besoek die werf, trek later aan en stap stasie toe.

Onmiddellik besef die leser ook dat die ruimte waarin elke Woensdag se ritueel voltrek word, iekening is van 'n geïsoleerde en eweneens absurde milieu. Sy word omring deur tekens van isolasie en verval. Haar stoep is gebars; in die "verwaarloosde tuintjie" streel sy oor die koppe van "gras-halms en sydissels" (p. 12). Klitsgras koek in haar wolkouse. Die hoenderhokke se drade hang slap; trouens, die "laaste hoender het twee jaar gelede al gevrek" (p. 14). Voor die agterdeur lewe nog net 'n paar riete — waaraan die boontjies moes rank wat nooit geplant is nie — en die takke van die drie perskebome "tier" (p. 14) in alle rigtings.

Binne lyk dit nie anders nie. Die blompot, tafel, botteltjies en glasies is, soos die kussings in die voorkamer, met stof bedek. Sy dek vir twee, maar sy "kyk aanhoudend na die leë stoel" (p. 15).

Haar isolasie blyk ook uit haar kommunikasie met mense om haar. Haar enigste gespreksgenoot binne die vier mure van haar huis is haar "afwesige" seun, Carolus. Die enkele sinne wat sy met haar buurvrou praat, stomp af vanweë haar beheptheid met haar seun se terugkoms. Mense wuif vir haar in die straat vanaf hulle stoepe. Die stasievoorman se "mond wat halfpad oop was, gaan toe" en hy "knik met sy kop" (p. 18).

Die belangrikste verhaalgegewe is die vrou self. Soos reeds aangetoon lewe sy slegs op Woensdae intens: "Vandag is die honderd en vyftigste Woensdag waarop sy ontsettend baie te doen het", want elke keer vrees sy dat haar soldaat sal kom voor alles gereed is (p. 13). Sy sien ook nie meer die absurditeit van dit wat haar omring nie: sy "streel" (byna liefderyk) oor die gras-halms en sydissels en die geroeste handpomp. En te midde van verval, 'n rourok en isolasie lyk sy "tevrede" (p. 13).

Hoe nader sy aan half-vyf kom, hoe meer intens lewe sy en hoe meer opgewonde raak sy. Sy lag as sy "gesondheid" sê by die gedagte aan die gemmerbier wat sy en haar seun gaan drink. Met koorsagtige haas trek sy aan en flap poeier oor haar gesig "tot sy bleek is soos die dood" (p. 16). Die volgende aanhaling spel die absurditeit van haar totale menswees duidelik uit: "Bo die wit gesig sit haar oë, diep en tam en blink en bly in hulle kaste" (p. 16). Minute later buig haar liggaam "soos 'n vraagteken teen die bultjie uit" (p. 16) om betyds vir die trein te wees. Vir die verbygangers glimlag sy "soos 'n koningin" (p. 16). En ten spyte van die groeiende opgewondenheid is die tevergeefse wag vir haar oënskynlik nie 'n te groot teleurstelling nie.

Alles wat sy op hierdie Woensdag en die afgelope honderd en vyftig Woensdae gedoen het was vir en saam met haar seun. En die vooruitsig dat hy dalk volgende Woensdag sal kom, hou haar aan die lewe. Hieruit blyk die belangrikste eienskap van hierdie vrou, nl. haar geloof. Dit is juis vanweë hierdie oorbeklemtoning van haar geloof dat daar by haar geen enkele traan oor elke Woensdag se teleurstelling gestort word nie.

Maar hierdie geloof blyk niks anders as 'n siek, ironiese en absurde obsessie

te wees nie. Dit is immers baie opvallend hoe die gestorwe seun (en verteller) voortdurend kommentaar lewer op wat die moeder doen. En hoe groter haar opgewondenheid oor die half-vyf-trein, hoe meer desperaat raak hy omdat hy nie in staat is om tot haar deur te dring en haar illusie — haar paradys — te versteur nie.

Hy smag na momente om die waarheid uit te skree, maar slaag nie daarin nie — juis vanweë haar intense lewe en geloof. As sy buk om die klitsgras uit haar kouse te trek, herinner dit haar aan iets, en haar oë “raak stroef” (p. 12). En dan sê die verteller: “Daarop wag ek al lank — nou kan ek haar sê” (p. 12). Maar dan kyk sy weer vol blydschap na ’n skilpadkewertjie in haar hand. Uit al sy tevergeefse en al hoe dringender pogings word die volle werklikheid van die situasie aan die leser — en nié aan die moeder nie — bekend: die telegram wat deur die offisier afgelewer is, “die papiere wat uit die sak van ’n soldaat . . .” (p. 14) gekom het, die koevert met die medalje, die sakboekie met die potloodjie en die “portret wat tussen die bladsye was” (p. 17). Alles duidelike tekens dat hy reeds dood is en dat die moeder die tyding moes gekry het.

Die ek-verteller se angs oor die moeder se illusie gaan oor in ’n intense benoudheid: “ek kan haar geloof nie langer verduur nie” (p. 17). En hy smeek ten slotte om net ’n enkele traan by haar te sien — “net ’n traan dan is ek verlos” (p. 17). ’n Traan sou bewys lewer dat sy begryp dat hy dood is en ’n traan sou die dooie verlos of bevry van die groeiende wroeging en angs vanweë die moeder se skrynende illusie:

Die trein raas nader en nader. Ek wil skree van pyn, want ék is die stawe waarop hy loop. As sy net wil huil — net een traan. Sy wat nooit huil of twyfel of dink nie. Een oomblik sonder blinde geloof en ek is vry.

In hierdie verhaal groei haar intense lewe op Woensdae tot ’n obsessie om te bly lewe. Daarom vind die vereensaamde, geïsoleerde, verarmde vrou sin daarin om te bly glo, ongeag alles wat haar omring, dat haar seun sal terugkom.

Maar in hierdie verhaal groei die moeder se sieklike obsessie en geloof tot iets universeels. Lees ’n mens die aanhaling “Honderd en vyftig. Woensdae. Honderd en vyftig jaar . . . eeue” (p. 16) saam met die onbepaalde lidwoord van die titel — “Terugkeer van ’n soldaat” — is hierdie moeder se obsessie slegs ’n voorbeeld van die universele obsessie van diegene wat, in ’n poging om aan die harde werklikheid te ontkom, onwrikbaar bly glo in ’n illusie (’n verlore paradys) wat hulle self geskep het.

“Slaaptydstorie” — Chris Barnard

Die verhaal toon in ’n sekere sin ooreenkoms met die vorige twee verhale. Soos in “Terugkeer van ’n soldaat” wek die titel, “Slaaptydstorie” ook ’n aangename verwagting. Die eerste paragraaf ontbloot egter ook ’n groot stuk ironie, want in geen onduidelike taal nie word die harde werklikheid (die

verwesenliking) deur die verteller uitgeskree: “Ek was sat van die ellendige storie” (p. 25).

Soos in die geval van “Die invloed” plaas die eerste paragraaf van “Slaaptydstorie” die leser ook midde in die situasie deur by voorbaat genoegsame gegewens van die verteller en Ouboet en die storie te verstrek; m.a.w. iets van WAT aan die gebeur was, is duidelik. Weer eens is die HOE dit gaan verloop die belangstellingspunt.

Volg die leser die laasgenoemde gedagte op, lê die eerste paragraaf reeds baie detail bloot: die ek-verteller se wroeging oor Ouboet; Ouboet wat nog elke aand gebad en in die bed gesit moet word en die verteller se gevoel oor elke aand se storie. En dan volg ’n baie belangrike mededeling (“Maar”): ten spyte daarvan dat hy sat en moeg was vir Ouboet en die storie, moes hy deeglik rekening hou met Ouboet wat “groot en sterk en sonder genade” (p. 25) was.

Op die eerste verhaalvlak ontplooi die aanloop tot dié punt waar die verteller so sat is vir die hele opset voor die leser:

Nadat Pa weggeneem is inrigting toe het sý verantwoordelikheid t.o.v. Ouboet se versorging die verteller s’n geword. Van die eerste aand af het dinge skeef geloop, want “Ouboet wou hom nie laat bad nie” (p. 25). Ouboet se geskree en gehuil en gedreig en die verteller se toenemende moedeloosheid het hom ’n storie vir Ouboet laat belowe.

Ouboet wou nie die storie van die prinsessie hoor nie en ook nie ’n treurige storie nie; nee, hy wou ’n storie — ’n mooi storie — oor Pa hoor. En die verteller het ’n sprokie oor Pa versin.

Pa word in dié storie verheerlik tot die bykans onmoontlike heldefiguur. Hy was “skatryk” en het in ’n “tamaai” groot huis met “dik klipmure” gewoon. En Pa se klere was “vreeslik mooi” en hy het “trommels vol geld” gehad. Pa het ook ’n “blink vosperd” gehad en hy kon “vreeslik” goed skiet. “Al” die meisies was op hom verlief en het hom na ’n maskerbal genooi waar hy vir Ma ontmoet het. Op dieselfde wyse word Ma se voorkoms ook verheerlik. En hulle troue het in ’n wit kerk met baie torings — “amper net so mooi soos ’n krismiskoek” (p. 26) — plaasgevind. Ouboet is later gebore en “hy het in ’n blou wieg geslaap totdat hy groot genoeg was om sy eie kamer te kry” (p. 26).

Die verteller kon die eerste aand na dié uitsonderlike vertelling nie slaap nie. Al het hy hom getroos met die gedagte dat Ouboet sou vergeet, móés hy die volgende aand en weer en weer dieselfde storie op Ouboet se aandrags vertel. Dié leuen het die verteller in so ’n mate gehinder dat hy homself verwyf het.

Groter as die verteller se selfverwyf was die vrees dat Pa sal terugkom. Ouboet sal “die storie wil hoor en Pa sal . . .” (p. 27).

In die lig van sy eie ervarings met Ouboet se krag, het die verteller geweet dit sou nie verstandig wees om “sommers op ’n aand summier te weier as Ouboet sy storie vra” (p. 27) nie. Maar meer as ’n maand later het hy tog een

aand gewaag om aan Ouboet te vra of hy nie dink hulle moes maar, omdat Pa so lank al weg was en dalk nooit weer gaan kom nie, ophou om oor Pa te praat nie. Dit was 'n flater want "as daar een mens was aan wie Ouboet onvoorwaardelik geglo het, dan was dit juis Pa" (p. 28). Gevolglik moes die verteller die leuen voortsit.

Daardie nag laat het die verteller beseft dat hy "moes kies tussen Pa en Ouboet" (p. 28). Hy het nog nie mooi geweet vir wie hy die bangste was nie. Duideliker as ooit tevore (en vir die eerste keer in die verhaal vermeld) het hy geweet dat hy Ouboet haat en dat hy in staat sou wees om Ouboet dood te maak.

Na 'n angsdroom later dieselfde nag, waarin hy gedroom het hoe Pa aan die deur klop en hoe hý (die verteller) Ouboet met 'n skerp klip slaan "totdat die bloed uit sy oë stroom", maar Ouboet wakker word en hom verwurg tot hy die storie vertel "terwyl Pa staan en luister" (p. 28), het die verteller geweet "dat die oomblik aangebreek het: dat die waarheid moes uit" (p. 28). Hy het opgespring en oor Ouboet gebuk en hygend vir Ouboet gesê dat hy gelieg het oor Pa en Ma en die kerk met die baie torings.

Verder kon hy nie kom nie, want Ouboet was "'n bloekomboom wat val: 'n dier wat spring" (p. 29) en hy het die verteller begin verwurg en grommend aangedring op die storie van die kerk.

Bang en moeg het hy die sprokie wat Ouboet wou hoor begin vertel, maar halfpad losgeruk en Ouboet 'n idioot genoem, en Pa 'n dronklap en Ma . . . Ouboet het weer die oorhand gekry en hygend sy sin uit die verteller gepyng. Die hele leuenagtige storie is weer vertel.

Toe die verteller later seker was dat Ouboet slaap, het hy deur die venster geklim en doelloos gevlug terwyl Ouboet skielik alle gevoel, vrees, verlange en haat in hom opgeëis het.

Tussen die klippe en doringtakke het hy gestruikel en — te moeg om op te staan — wanklankend die voltooiing van die werklike waarheid uitgeskree: dat Ouboet 'n idioot is en veertig jaar oud is; dat Ma 'n slet is wat haarself aan 'n laken opgehang het en dat die maskerbal en die kerk nooit bestaan het nie. Hy alleen het die eggo gehoor en iewers heen rigting gesoek terwyl hy bewus was van drie kerktorings voor die son en kraaie bokant hom.

Uit dié sonderlinge verhaal blyk ook 'n tweede verhaalvlak vanweë die feit dat sekere verhaalgewens buite verhouding beklemtoon word en groteske afmetings aanneem:

- * die verhouding tussen die verteller, Ouboet en Pa;
- * die oorbeklemtoning van gewens rakende Pa en Ma en Ouboet;
- * die verteller se groeiende angs en skuldgevoel;
- * die verteller se vlug.

Dat Ouboet abnormaal is, blyk vroeg uit die verhaal reeds duidelik; en soos wat die verhaal vorder, groei Ouboet tot 'n bykans vreesaanjaende monster vir wie die verteller "doodbang" is (p. 27). Dit is eers aan die einde van die verhaal, nadat die verteller gevlug het, dat hy die waarheid oor Ouboet

uitskree, nl. dat Ouboet in werklikheid veertig is en 'n idioot.

Die verhouding tussen Ouboet en die verteller is onvolledig sonder om Pa se rol hierin te noem. Al het Pa Ouboet as 'n oorlas geag, het Ouboet onvoorwaardelik in Pa geglo; daarom dat hy op 'n mooi storie oor Pa aangedring het. Sy groeiende skuldgevoel oor die leuen en die toenemende skuldgevoel het hom gedwing om tussen Pa en Ouboet te kies; hy moes net besluit vir wie hy die bangste is.

Soos reeds op die eerste verhaalvlak aangedui, is die elemente van die sprokie oor Pa en Ma en Ouboet grotesk. Pa is die sprokieagtige held en ma die prinsesagtige skoonheid met Ouboet, in sy blou wiegie, die afronding van 'n sprokiesagtige huwelik. Dit is belangrik om daarop te let dat die verteller self nie as karakter in dié sprokie figureer nie.

Die vraag kan tereg gevra word: Waarom die oorbeklemtoneing van die sprokieagtige (m.a.w. die leuen so grotesk maak)? Waarom dan die verteller se groeiende skuldgevoel en vrees? Al het Ouboet die verteller gedwing om 'n mooi storie oor Pa te vertel, was dit tog die verteller se keuse om die verhaalelemente só te kies en in te kleur dat dit geen raakpunte met die werklikheid het nie. Die onversoerbare kloof tussen die werklikheid en die sprokie dwing die leser om te besef dat die verteller die harde werklikheid doelbewus wou verbloem deur die sprokieagtige (paradysagtige) vertelling. En hy vertel dit juis vir Ouboet omdat laasgenoemde die wanstaltige, abnormale produk van 'n "huwelik" tussen twee ewe wanstaltige mense is.

Tydens die worsteling ervaar die verteller dat dit nie meer net Ouboet se hande is wat hom vashou nie — "dit was meer as dit" (p. 30). As hy daarna vlug, is dit nie net om van Ouboet, die idioot, weg te kom nie, maar om van die harde werklikheid weg te kom.

Maar die leser moet ook onthou dat die verteller se onrus nie net vanweë Ouboet se dringende teenwoordigheid groei nie, maar ook vanweë sy vrees dat Pa sal terugkom en dat die verteller se leuen aan die lig sal kom. Saam met sy groeiende skuldgevoel omdat hy die waarheid (Ouboet) nie kan aanvaar nie, groei Pa tot simbool van sy gewete.

In die lig van die reeds vermelde interpretasie van die verhaal op die tweede verhaalvlak, moet die leser die verteller se situasie na sy ontvlugtingspoging onder die vergrootglas plaas.

Weg van Ouboet (die harde werklikheid) af, bevind hy hom in 'n ewe troostelose ruimte: eensaamheid, grys lig, hy struikel tussen klippe en doringtakke. Tussen die klipkranse het hy die waarheid "wanklankend" uitgeskree, maar net hy moes die eggo woord vir woord hoor. M.a.w. hy kon nie van die harde werklikheid loskom nie — nie deur 'n illusie ('n slaaptydstorie) te skeep nie en ook nie deur te vlug nie.

Hy was alleen en rigtingloos en duideliker as ooit tevore deur sy eie stem aan die waarheid herinner. Tussen hom en die son (simbool van lig en lewe) was daar kerktorings — nie een nie, maar drie. In sy sprokie was die kerktorings duidelik as 'n balansgewende werklikheidsillusie van die waarheid ingebou.

Nou in sy ontredde toestand aan die einde van die verhaal, is die kerk-torings simbolies van die WAARHEID wat tussen hom en die lewe staan. En as kraaie gesien word as simbool van diegene wat op superieure vlak geïsoleerd lewe (Cirlot, 1981: 72), dan rond die treffende slotsin die verteller se ontgogeling én isolasie (letterlik en figuurlik) finaal af.

Die boodskap van hierdie uitsonderlike verhaal kan dan so verwoord word: Alle pogings om aan die harde werklikheid te ontkom, is futiel — dit verswaar die gewetenslas en versomber die lewensgang ten slotte met ontgogeling en isolasie.

Cirlot, J.E. 1981. *A dictionary of symbols*, Routledge & Kegan Paul, London, Henley.

“My pa se huis” — André Letoit

Die opvallendste kenmerk van hierdie verhaal is die interne verteller se vermoë om twee verhaallyne (by wyse van ’n terugvertelling) gelyktydig aan te bied en op mekaar te laat inspeel. Die een verhaallyn — die gebeure van die “ander oggend” op Devil’s Point (p. 37) — kan nie los van die ander verhaallyn — die verteller se vroeëre verhouding met Cathy op Grootgetrou — gelees word nie; trouens, die een verhaallyn is onvolledig sonder die ander: hulle vind in mekaar hulle betekenis.

Dit is daarom noodsaaklik dat die leser noukeurig moet let op die verteller se oorskakeling van die een verhaallyn na die ander ten einde suiwer te kan interpreteer.

Devil’s Point

Grootgetrou

Die verteller verwoord die “opwindig” (p. 37) van die oggend toe ’n man op Devil’s Point verdrink het. Hy self voel heeltemal “onaantasbaar” (p. 37). As ’n vrou hom om hulp nader, glimlag hy net; ander kan hulp verleen. Hy bly onbetrokke agter terwyl die deuntjie van “Catch the Wind” in sy gedagtes speel. Hy is bang om aan Cathy te dink, terwyl hy letterlik en figuurlik op ’n afstand oor die see kyk en niks sien nie.

Die verteller ontmoet Cathy op Grootgetrou — ’n sanderige myn-dorpie in die Suide van Suidwes. Sy het in die kantien gewerk waar haar

pa die kroegman was. Sy het hom aanvanklik bedien en later soms by hom kom sit. Hulle het mekaar opervlakkig leer ken, maar "nie sonder om af te gee aan mekaar nie" (p. 39).

Die verteller vind dit vreemd om nou aan haar te dink.

Mense raak gaandeweg betrokke: 'n meisie ("verbintenis") staan en huil, groepies drom saam, ma's gaan roep hulle kinders uit die see. Die verteller deel in die "gemeenskaplike skuldgevoel" (p. 39). Twee mans kom aangedraf met 'n reddingstou.

In haar vry oomblikke het sy by hom kom sit. Eendag het sy hom genooi om na haar pa se huis te kom om Scrabble te speel. Ten spyte van die woordspeletjies en die koekies en koffie was daar ook "wit stilletes" (p. 41) tussen hulle, en gemeenplase tussen hulle "heilig" en "onaanraakbaar soos klippe in 'n donker glaskas in Windhoek se museum" (p. 41). Hy het lief geword vir haar "op 'n onverklaarbare" (p. 40) manier.

'n Gespierde man het die reddingstou om hom gebind en water oor sy lyf gespat terwyl die drenkeling "iewers besig was om soos 'n klip te sink" (p. 41).

Een aand het hy haar een hand aangeraak en gesê dat hy haar lief het. Sy het toe gesê dat hy dit nie bedoel nie; dat hy (wat van die stad kom en aan meisies gewoond is) maar net so sê omdat hy alleen voel.

Hy wonder oor die eerlikheid van mense se motiewe.

Waarom waag die man sy lewe? Hy moet bewus wees van die man wat besig is om te verdrink, maar meer bewus van die bewondering van tienermeisies op die strand.

Die lewensredder swem uit omdat hy niks kan kry nie. 'n Visserbootjie vaar uit. Later keer hulle terug terwyl mense stil word van afwagting, "want 'n man het verdrink" (p. 43). Almal wil deelneem om seker te maak dat hy dood is en "om op te maak vir hulle skuldige passiwiteit" (p. 43).

Die verteller voel soos 'n medepligtige "want Cathy sou iets meer eerbare" van hom verwag het as om passief te bly staan (p. 43). Hy skuif alles eenkant toe, "behalwe Cathy" (p. 43).

Hy het sy liefdesverklaring verhaal, maar sy het hom versoek om nie daarvan te praat nie. Sy het haar pa in die kroeg gaan help, maar later die aand tog die versekering gegee dat hy weer welkom in hulle huis was. Sy het tog soms weer sy hand vasgehou.

Hy herleef die laaste aand op Grootgetrou terwyl hulle by die grensdraad staan. Sy het haar vinger met die doringdraad gesny en gevra hy moet die bloed afsuig. Daarop het hy gevra: "Hoe kan ek vir jou 'n man word, Cathy?" (p. 44). Op sy suggestie oor die lewe elders in 'n woonstel het sy geantwoord dat sy hiër gelukkig is. Sy wou nie weer daaroor praat nie. Haar bloed het aan sy vingers agtergebly toe hy haar hand teen sy wang gedruk het. Hy het gemeen sy verstaan nie wat hy probeer suggereer nie, maar sy het volgehou dat sy tóg verstaan; dat sy

hom tog gehelp het: "Jy weet wat jy wil hê, maar jy moet eers jouself vind." (p. 44). Sy sou in haar pa se huis bly tot hy eendag terugkom.

Hy sing die liedjie "Catch the Wind." Die mense drom om die drenkeling saam. 'n Dokter ondersoek die man wie se gesig reeds grys is. Iemand gooi 'n handdoek oor hom. Die huilende meisie se illusie sterf.

Cathy wag vir hom in haar pa se huis en hy weet nie of hy moet gaan nie. Hy het die wind probeer vang, maar kan nie "situasies van vlees en bloed hanteer nie. En liefde is vlees en bloed, bloed aan die hand van Cathy se gesnyde vinger, wat nooit kan afwas nie (p. 45). Nog 'n gewaarwording kom by hom op: "Ons het die dood gesoek in die golwe en die lewe gekry" (p. 45) want hierdie drenkeling is nie werklik dood nie, "hy lewe voort in die huis van die Vader" (p. 45). Hy neem hom voor om terug te gaan na Cathy; hy sal nie vir haar sê dat hy vir haar lief is nie, maar sy sal verstaan as hy dit bewys.

Hy loop strand af, "en dink aan die nat sand teen die grys wang van die dooie man" (p. 45).

Uit hierdie twee verhaallyne kry die leser 'n duidelike beeld van twee mense, nl. die verteller en Cathy.

Ons leer die verteller uit die situasie op Devil's Point — toe 'n man in die see verdrink het — ken as iemand wat half apaties teenoor die gebeure rondom hom staan; hy neem half op 'n afstand waar. Voorts is daar in sy manier van dinge sê 'n sinisme af te lei: die "opwinding" van "Vader Krismis se boottog oor die lagune met Kersfees en die jaarlikse regatta die dag na Nuwejaar" (p. 37) word op dieselfde vlak beleef as die "opwinding" met 'n man se dood.

Die verteller sê self dat hy "onaantasbaar" (p. 37) is; sy optrede teenoor die vrou wat hulp soek en sy keuse om daadwerklike hulp aan ander oor te laat, bevestig sy eie uitspraak. Die liedjie wat hy sing, "Catch the Wind" bewys

onteenseglik sy onvermoë om by mense en hulle omstandighede betrokke te raak; trouens, hy sê self: “om met ’n ander persoon te skakel sal ’n tipe blootstelling beteken, ’n oorgawe, ’n banaliteit” (p. 38).

In hierdie situasie van totale onbetrokkenheid is hy “bang om aan Cathy te dink” (p. 38). Uit sy fragmentariese vertelling rakende sy ontmoeting met Cathy en die verhouding wat daaruit voortgevloei het, word dit vir die leser duidelik waarom hy in die situasie op die strand bang is om aan haar te dink: sy is so totaal anders as hy.

Cathy is vir geen oomblik los te dink van die ruimte waarin hy haar leer ken het nie: die sanderige myndorpie Grootgetrou. Cathy was “aards, en skouspelagtig soms” — soos die wêreld waarin sy gelewe het — en “dan weer vreedzaam soos ’n bok wat laat drink” (p. 40). Cathy was “’n donker klip in die woestyn. Jonk in terme van die ewigheid, maar sy het van altyd af bestaan, soos die tuine van die Namib” (p. 41).

Vanweë haar werk in ’n kantien was sy intens betrokke by die “luide applous vir skurwe grappe en linte wit rook teen die plafon” (p. 39). Ten spyte van die omstandighede het haar voete “tussen die tafeltjies deur gevlinger met skinkborde in haar hande” (p. 40).

Cathy was uiterlik nie mooi nie — daar was eelte op haar tone en haar hande was bruin en knopperig, maar “daar was kristalle in haar oë” (p. 38). Al was sy aards soos Suidwes, was haar oë “ruig met donker geheime” (p. 38). Ten spyte van ’n pa wat na “Family Fun-sjampoe geruik” (p. 41) het en “skynbaar nie ’n flenter vir sy dogter omgee” het nie (p. 41), verklaar sy onomwonde: “Ek is gelukkig hier” (p. 44).

Kortom: Cathy was die betrokke daadmens, die een wat “’n ketel kon laat kook en ’n alledaagse gesprek kon verander in ’n wonderwerk” (p. 42); “’n Swart orgidee wat asemgehaal het in haar pa se voorhuis” (p. 42). Sy — “die droë plant van die woestyn” (p. 44) wil die “lewe ondervind” (p. 39), maar nie as ’n sintetiese plant iewers in ’n pot “in ’n kamer in die stad, waar mense tee drink en waar skilderye hang nie” (p. 44); nee, sy wil die lewe ondervind waar sy gelukkig is; daarom sê sy: “Ek bly hier in my pa se huis.”

Uit die verteller se Grootgetrou-episode blyk die reeds genoemde kontras tussen hom en Cathy duidelik: hy is nie ’n daad-mens nie. Hy reageer gewoon op Cathy se handeling. Dit is sý wat in die kantien by hom gaan sit; dit is sý wat hom uitnooi om by haar te gaan Scrabble speel. Sy liefdesverklaring was geensins ’n uitvloeisel van doelbewuste toenaderings (deur dade) van sy kant nie. Daarom betwyfel sy sy motiewe: hy is ’n man van die stad wat aan meisies gewoon is en wat met sy liefdesverklaring eintlik maar net sê dat hy alleen voel.

As sy die laaste aand van sy verblyf op Grootgetrou haar vinger teen die doringboom sny en ’n teken vra dat hy bereid is om iets te doen, om sy liefdesverklaring met ’n daad te bewys: “Hier. Suig” (p. 44), doen hy niks, maar vra eerder passief “Hoe kan ek vir jou ’n man word, Cathy?” (p. 44). Selfs in die laaste oomblikke van hulle saamwees soek hy geen fisiese kon-

tak nie, maar “omhels” eerder die sleutels in sy sak (p. 44).

Waarom is hy dan bang om aan Cathy te dink wanneer hy apaties en onbetrokke is wanneer die man by Devil's Point verdrink? Die antwoord kan in geen beter woorde as in sy eie belydenis uitgedruk word nie: “want Cathy sou iets meer eerbaars van my verwag het as om so te staan met my tone in die sand” (p. 43).

Die laaste momente op die strand van Devil's Point en die laaste aand saam met Cathy op Grootgetrou vloei nou baie mooi saam.

Hier op die strand by Devil's Point het hy (lank na sy ondervinding met Cathy, toe hy vanweë sy daadloosheid die liefde laat sterf het) weer die geleentheid gehad om betrokke te wees, om met die daad liefde te betoon. Hy het egter gekies om onaantasbaar te bly. Hy bring die twee mislukkings so intens met mekaar in verband dat hy, wanneer hy die lyk sien, sê: “my liefde lê dood op die strand” (p. 45).

As hy hier op die strand sou optree, sou dit bewys lewer dat Cathy se laaste gesprek indruk gemaak het, dat hy “'n man” geword het wat liefde doen en nie net praat nie; dat hy LEWE soos wat Cathy dit bedoel en gedemonstreer het. As hy nou die liedjie sing — “Catch the Wind” — herbevestig dit nie net sy onvermoë om betrokke te wees nie, maar sê dit duidelik dat hy die wind probeer vang het, maar nog nie situasies van vlees en bloed kan hanteer nie, “en liefde is vlees en bloed, bloed aan my hand van Cathy se gesnyde vinger, wat nooit kan afwas nie” (p. 45).

Die intense vervlegtheid van die twee verhaallyne bring ook 'n interessante wending. Vir die eerste keer tydens die drenkeling-episode vereenselwig die verteller hom, ten spyte van sy mislukking om in terme van Cathy se voorbeeld te lewe, met die omstanders: hy praat van “ons”. Nou breek 'n ander begrip deur: “Ons het die dood gesoek in die golwe, en die lewe gekry. Want hierdie man wat in vlees en gestolde bloed hier tussen ons lê is nie werklik dood nie, hy lewe voort in die huis van die Vader” (p. 45). Hy koppel dié insig dadelik weer (en by herhaling) aan Cathy: “En liefde is vlees en bloed, bloed aan my hand van Cathy se gesnyde vinger, wat nooit kan afwas nie” (p. 45). Daarom besluit hy dat hy na Cathy toe sal teruggaan, nou dat hy (a) betrokke (“ons”) geraak het, (b) skielik besef dat die drenkeling-episode nie maar 'n illusie was nie, maar die werklikheid, en (c) tot die insig gekom het dat die dooie man voortlewe “in die huis van die Vader” (p. 45). Maar nou sal hy met ander motiewe na Cathy kan teruggaan: hy sal nie vir haar sê dat hy vir haar lief is nie (want liefde is soos die wind), maar hy sal met haar “speel” en koffie “drink” en saam met haar “stap” en die wolke “dophou” en homself “wees”; met ander woorde hy sal liefde met daade demonstreer.

Deur Cathy se voorbeeld, nl. om met betrokkenheid en daade (ten spyte van plek en omstandighede) te lewe, het hy met die LEWE in aanraking gekom, maar dit nog nie deurgond nie. Op die strand kom hy weer eens in aanraking met mense se betrokkenheid, gedemonstreer deur daade (om jou lewe vir iemand anders te waag) en steek sy eie aanvanklike onbetrokkenheid skerp

af. Danksy Cathy se invloed uit sy Grootgetrou-episode kan hy nou by die ware vlees-en-bloed-LIEFDE uitkom. En vanweë hierdie LIEFDE, as oor-koepelende motief, het hy ook die groter LEWE “in die huis van die Vader” (p. 45) ontdek.

Na die ontdekking kan hy teruggaan na Cathy en deur LIEFDE te demonstreer (en nie as ’n illusie te beleef nie), weet hy sal sy verstaan dat hy “’n man” geword het en sal haar huis vir hom inderdaad ook “my pa se huis” (vergelyk die titel) word.

Die slotreël bevestig sy veranderde perspektief: op Devil’s Point is hy nie langer die onaantasbare, siniese, liefdelose toeskouer nie, want die gebeure bly hom nou by: hy “dink aan die nat sand teen die grys wang van die dooie man” (p. 45). Aan die ander kant twyfel die leser nie meer, danksy die Devil’s Point-episode, aan sy opregte motiewe wanneer hy later na Cathy sal teruggaan nie.

Dalk wil die verhaal ten slotte sê: Om betrokke te LEWE, ongeag plek en omstandighede, is ’n voorvereiste vir werklike LIEFDE — vlees-en-bloed-LIEFDE.

Pretoriase Onderwyskollege

Johan Anker Toorberg — 'n interpretasie

1. Vertelperspektief

Op p. 10 word die ontmoeting tussen die Magistraat en Ou Abel Moolman (lank reeds gestorwe) afgesluit met dié woorde: "So het die agterdistrikte, lank nadat hy al weg was, dit oor sy aankoms gehad".

Reeds van die begin van die roman is dit dus duidelik 'n vertelling vanuit 'n agternaperspektief, net soos die Magistraat se ondersoek na die gebeure 14 maande vroeër (p. 24) 'n agternaperspektief op die hele Moolman-geskiedenis open sodat hy later (p. 73) — saam met die leser — in een van sy briewe kan erken: "Ek begin die familie Moolman en sy vertakkings nou ken. Wat op die trein op pad hierheen 'n stamboek was (soos die stamboek op p. 1 vir die leser — J.A.) word nou vlees en bloed". Want *Toorberg* handel oor veel meer as die dood van Noag du Pisani: dit is die storie van Toorberg en die Moolmans en deur dié stuk aarde en sy mense ook van die Afrikaner en sy land.

Die wisseling en verskeidenheid in vertelperspektief is van die begin af vir die leser opvallend. Die 47 kort "hoofstukke" word wel deur 'n konstante eksterne vertelinstantie vertel, maar dié vertelinstantie maak gebruik van 21 personele fokalisators waarvan die belangrikste sekerlik die Magistraat wat in 19 van die 47 hoofstukke as belangrikste fokalisator funksioneer. Agt van dié fokaliserings is die ongeposte briewe aan sy vrou. Die ander 20 fokalisators bestaan uit 11 lewendes en 9 dooies! Want hierdie wêreld waaruit die roman bestaan, is 'n plek waar "waarheid en verdigsel, geskiedenis en toekoms, en lewe en dood deurmekaar" loop (p. 10), 'n plek waar spoke loop (p. 110) op 'n plaas vol geeste (p. 138). Die gebruik van hierdie fokalisators versterk die deurlopende eenheid in die roman deur 'n verbinding met die familiegeskiedenis te bewerkstellig en die kontinuïteit van die geslagte te impliseer.

Die herhaalde gebruik van die Magistraat as fokalisator skep enigsins eenheid tussen al die verwisseling tussen fokalisators, lewendes en dooies, verlede en hede. Dit dui ook op 'n sekere perspektief (wel 'n veranderende perspektief) op die persone en gebeure soos hy Toorberg en sy mense leer ken, 'n perspektief wat die leser dus met hom deel.

Onder die lewendes is dit ironies genoeg Kaatjie Danster, belangrikste verteenwoordiger van die Skaamfamilie, wat eenheid en struktuur verleen deur haar fokalisasie in die eerste en laaste hoofstuk — sy is ook die enigste ander karakter wat drie maal as fokalisator funksioneer.

Die "geeste" wat as fokalisators optree kry elk een "beurt" versprei deur die roman. Dit sluit al die Moolmanvoorvaders in, behalwe De la Rey: Ouma

Magtilt, Andries Riet, Andreas, StamAbel, Regter Lucius, Floors, Soois Olivier en OuAbel. Onder die huidige geslag Moolmans en StiefMoolmans kom Ella, Amy, Shala Koevert, DwarsAbel en Oneday twee keer aan die beurt. Hulle verteenwoordig die moeder (Ella), kind (DwarsAbel), skoonfamilie (Amy), Stieffamilie (Koevert) en die Skaamfamilie, nou die Riete — Shale en Oneday. Dit is opvallend dat een van die geïmpliseerde hoofkarakters: Abel Moolman eers teen die einde van die roman as fokalisator figureer. Verder verwyderde StiefMoolmans kry ook elk een beurt: Meisie Pool, Watermeyer du Pisanie en KleinKitty.

Dat Abel slegs een keer as fokalisator gebruik word, impliseer dat hy toe reeds tot die gestorwenes behoort het (hoofstuk 40), reeds as een van die stamvaders beskou word. Sý perspektief stem dan ook ooreen met die van die ander voorvaders — hy praat selfs met Noag du Pisani asof hy in sy nabyheid verkeer: “kyk, Noag, hulle soek my. Hulle soek my op al die plekke waar hulle dink ek behoort te wees” (p. 162). Hy kry eers in sy dood ’n “spreekbeurt”, ook omdat die Magistraat hom nooit ondervra nie, soos die Slams voorspel het: “Hy gaan al om jou praat, met almal behalwe jou” (p. 160).

Die weglating van De la Rey as fokalisator kan gemotiveer word deur die Magistraat se identifikasie met De la Rey. Hy was ook mank soos die Magistraat se pa (p. 10, 11), Ella sien die Magistraat vir De la Rey aan (p. 103), sy kalmte herinner haar aan De la Rey (p. 108), hy slaap in De la Rey se kamer (p. 122), trek sy kamerjapon aan (p. 134) en voel in sy kamer soos één van die familie (p. 134). Hy klink selfs soos De la Rey (p. 177) en die Slams voorspel aan Abel dat De la Rey sal terugkom in ’n ander gedaante wat direk na die Magistraat verwys: “Hy sal miskien nie lyk soos jy hom onthou nie . . .” (p. 160). Die identifikasie motiveer ook die geïmpliseerde verhouding tussen Ellen en die Magistraat.

2. Die Magistraat (en sy briewe)

Dat die Magistraat ’n terughoudende, eensame mens is, ’n totale buitestaander in dié distrik, dien ook as motivering vir sy briewe aan sy (reeds oorlede) vrou. Dit is vir hom ’n nuwe manier van gesels (p. 102) in hierdie stug distrik en dorp (p. 56). Die briewe is dan ’n skriftelike uiting van sy gedagtes, selfs soos ’n informele regsverslag, deel van sy aard om oor regsake en regsprosedure skriftelik verslag te doen — alhoewel en miskien juis omdat daar uiteindelik geen verslag is nie (p. 181). Dit word egter nie net ’n uiting van sy regsiening nie, maar ook van sy persoonlike ervaring daarvan. Hy erken byvoorbeeld “dat hy aan sy vrou dink soos aan homself. Dat daar geen onderskeid meer tussen hulle is nie” (p. 102). Sy briewe aan haar word dus by implikasie ook briewe aan homself — hulle word immers nooit gepos nie slegs later stukkend geskeur (p. 97, 102).

Die briewe dui ook ’n sekere groeiende selfkennis, groeiende gevoel van mislukking en ook groter betrokkenheid by die Moolmans en Toorberg aan

— onverskoonbaar vir iemand wat objektief en nugter die reg moet laat geskied. Hy erken dat hy hom laat meevoer en betrokke raak (p. 85) en 'n sekere affiniteit vir Toorberg ontwikkel (p. 97). Hy begin twyfel aan sy reg om dié mense se verlede te ondersoek (p. 133) en wanneer hy begin deel voel van die familie erken hy dat hy verroes is (p. 158), dat “hier in dié geweste iets broei wat buite my gebied lê” (p. 158).

Uiteindelik lei dit tot sy erkenning dat die reg onmagtig is, dat hy met sy afarmspraak se “standaardbegrippe” nie goed genoeg was vir dié saak nie (p. 167). So staan ook hý skuldig, besef hy dat dit sy einde is as dienaar van Justisie, skryf hy geen verslag nie, bly hy 'n antwoord skuldig, spréék hy nie meer die reg nie maar bepleit dit (p. 181). Sodoende word sy briewe die ongeposte verslag wat slegs in die lesers se hande is, word die finale oordeel en skuld (?) aan die leser oorgedra.

3. Ruimte

Die titel sinjaleer reeds die oorheersende belang van 'n ruimte wat sentraal staan in dié roman, 'n ruimte wat in al sy geheimsinnigheid, kontraste en geskeidenheid tog ook die mens vreemd gebonde hou.

Toorberg is 'n ruimte vol teenstellings. Vir StamAbel het dit met die ontdekking soos die Paradys self gelyk (p. 182) en Abel self dink in die hede van die verhaal daaraan as “vrugbaarste aarde”, “Paradysberg”, “Toormooi”, “lieflike aarde Tooraarde” (p. 102), maar ook terselfdertyd as 'n klipbank, 'n “aarde wat hom skielik kan teë sit en ongenaakbaar kan sê hokaai, Abel” (p. 162). Die kontras tussen die prag en die hardheid van die aarde loop soos 'n refrein deur die roman. Die onbegryplike mooi wonderwêreld (vandaar die naam Toorberg — p. 3) wat 'n spogplaas geword het (p. 4) met die grootste opstal in die kontrei (p. 19) word ook deur die Magistraat as 'n pragtige wêreld beleef (p. 135).

Toorberg is egter ook later die plek van droogte — so word dit in die eerste paragraaf aan die leser bekend gestel (p. 1) — die plaas met die droë oog (p. 142), 'n plaas wat aan die doodwurg was (p. 155) en deur OuAbel as 'n harde aarde ervaar is (p. 128), “nors en stug” vir Andreas (p. 66), jaloerse grond (p. 8) en 'n koorsige, veeleisende wêreld (p. 9). Dit was vir OuAbel 'n swaár roeping om die steeks grond mak te kry. Ook vir DwarsAbel op sy motorfiets was dit “verraderlike grond” (p. 59) en in sy frustrasie ook “dwars grond, die nukkerige aarde, die steeks son” (p. 60).

In so 'n ruimte was water dus essensieel, was die storie van die Moolmans die storie van water (p. 2). Die onbegryplike mooiheid en naam van Toorberg het sy ontstaan gehad in die “wêreld met sy Oog, vleie en gras” (p. 3) waar “sewe klipgleuwe . . . water spu”. Tot dit 'n harde aarde geword het met die opdroog van die oog (p. 142), sodat dit 'n swaar roeping geword het om Toorberg 'n spogplaas te hou (p. 154). Die droogte het uiteindelik die boormasjien genoodsaak, 'n boormasjien wat selfs as moontlike skuldige in die saak van die dood van Noag du Pisani genoem word (p. 39), waarteen Toorberg

weerstand bied, die oorsaak vir die rond dwaal van die voorgeslagte (p. 124) So is ook die gedurige klaende opstyg van die kolganse beeld van die soeke na die eertydse waterryke glorie van Toorberg — vgl pp. 1, 4, 5, 10, 158, 163, 181, 186).

Maar Toorberg is ook 'n ruimte van skeiding. Nie net het die plaas self sy dooiveld: “daardie giftige stuk aarde . . .” waar die sewe duiwels wat Stam-Abel uitgesweet het “nog dwaal (p. 35) — en Hartseerland wat “elke man se moed tussen sonop en sononder kan breek” (p. 175) nie, maar ook die stiefveld waar die skaamfamilie van Floors Moolman met hul afstammeling een honderd jaar kan woon (p. 1), daar waar hulle “anderpad toe” moet leef (p. 26).

Die ander StiefMoolmans soos Posmeester Moolman bly “op die rand van Toorberg. Weg kan hulle nie kom nie, maar deel is hulle ook nie” (p. 33). Die skeiding bring verbittering (p. 33) en selfs 'n verbod wat meebring dat sommige nooit weer hulle voete (as lewendes) op Toorberg se grond kon sit nie.

Dit is egter ook 'n kleurskeiding sodat Shala “nooit weer sy voete op Toorberg se wit werf gesit (het) nie” (p. 44) — 'n skeiding wat slegs die één dag rondom die boorgat opgehef is (p. 64, 183).

Dié skeidingsmaatreëls en verbitterdheid word ook beeld van die eietydse skeiding en verbittering, opstand en geweld. Daarom word ook die wyer ruimte van skeiding en die verset daarteen uitgebeeld in die verwysing na die opstokery in die dorpslokasie (p. 58, 119) en in die Townships (p. 69, 109), die spesifieke plek waar Oneday gevange geneem is en Eerste Stasie waar Oneday sy gróóat preke gehou het: “die groot begrafnissaamtrekke vir die kinders wat voor die soldate se koeëls geval het” (p. 169).

Toorberg is egter ook en veral die ruimte van die Moolmans, 'n ruimte waaraan hulle in die lewe en selfs na die dood onherroeplik en onlosmaaklik verbonde is: “Toorberg het geen Moolman nog vry laat gaan nie; nie in die lewe nie en nie in die dood nie” (p. 12). Dáár moes die Moolmans “wortel skiet en selfs ná die dood mog hulle nie reis nie. Toorberg was hulle s'n”. Elke Moolmanman en -vrou was testamentêr geregtig op Toorberg se vrugte (p. 14), selfs die Skaamfamilie en die verstotenes, en testamentêr verbind om in die familiebegraafplaas begrawe te word (p. 14). Selfs dié wat nie daar mog bly nie, soos Posmeester en Koevert, het bly verlang deur 'n verkyker (p. 31) en “is gepla met sy erfgrond wat hy nooit sal sien nie” (p. 53).

In die dood kan dié wat verstoot en weggejaag is vrylik op Toorberg se grond rondloop, was die plaas uiteindelik in die dood ook hulle s'n. Vergelyk byvoorbeeld Andreas (p. 66), Lucius (p. 100) en selfs die veragte Floors Moolman wie se naam op Toorberg verbied is: “En nou, dink Floors, kan ek hier dwaal asof dit uiteindelik ook myne is . . . Ek het teruggekeer soos alle Moolmans, want hier is mý nageslagte ook — al het hulle die Stiefveld geërf. Hulle kan nog soggens wakker word en opkyk na die kop van Toorberg en dink: Hier hoort ons” (p. 117). Die ou familiegesegde dat die Moolmans altyd

na Toorberg terugkom, selfs in die dood (p. 121), word wel deeglik “werklikheid” in dié roman.

Ook die mense van die Stiefveld, die Skaamfamilie, bly gebonde aan Toorberg. Hulle bly op die rand en in die skadu van Toorberg, hulle Ouma Riet is begrawe naby die murasie van StamAbel se eerste huis (p. 48) en hulle voorvaders — die arm pandoer en Hans Boesman — in Oneday se woord: “was van hierdie aarde” (p. 130). So word ook hulle weer één met die familie dié dag rondom die gat: “En om die graf het die familie gesit of gestaan vir één keer geruk uit hul skynheilige trots. Ook die mense uit die Stiefveld was daar . . . vir één keer weer bymekaar” (p. 64).

Dit is insiggewend dat ook die Magistraat betower word en betrokke raak by die ruimte (en sodoende sy objektiwiteit as “regter” verloor). Van die begin af maak hy aanspraak daarop dat dit ook sý aarde is (p. 10) en later erken hy dat sy “affiniteit vir die misterie van Toorberg” hom verlei het (p. 97).

Bevolk met wandelende voorvadergeeste uit ’n verre en vroeër verlede, verbitterde Skaam- en Stieffamilie en ’n Magistraat wat ondersoek instel na die skuld van ’n hele stam se geskiedenis, is Toorberg ook ’n ruimte waar “waarheid, verdigsel, geskiedenis en toekoms en lewe en dood” deurmekaar loop (p. 10); ’n plek van legendes en fabels, ’n vreemde distrik met vrese en bygelowe (p. 40), selfs vervloek (p. 40). Dit is ook beeld van die Afrikanergeskiedenis en die Afrikanerfamilie met sy “wit verf” (p. 44), die tipiese Afrikanerfamiliehuis (p. 81), die solder “soos ’n kollektiewe geheue” (p. 81) saamgevat in dié woorde van die Magistraat: “die plaas is soos vele ander plase in Afrikanerbesit, die familie herinner my aan soveel ander families” (p. 133).

Dit is egter ook ’n ruimte vol skuld, in ’n land wat mense laat skuldig voel (p. 56) en die droogte as ’n straf vir die sondes beskou word (p. 7); ’n ruimte waarvoor uitspraak gelewer moet word (p. 10), wat vervloek is (p. 40). Omdat die skuld en die sondes van die voorgeslagte én die nageslagte deel is van hul bestaan binne hierdie ruimte van StamAbel tot Abel-hulle (wat aan Toorberg behóórt), word die kollektiewe skuld van geslag tot geslag voortgedra. Daarom neem Abel spesifiek die kaart en transport saam tot in sy dood in die kollektiewe geheue: die solder.

’n Ruimte dus vol teenstellings, gedwonge skeiding, legendes en geskiedenis, voorgeslag en nageslag, Afrikanerruimte, maar ook versetsruimte, Paradys, ’n vervloekte ruimte, vol liefde en bitterheid, “onbegryplike aarde” (p. 188), maar ook aktueel: beeld van ’n eietydse Suid-Afrika.

4. Persone: Die Moolmans

“Die Moolmans is ’n trotse, hegte familie. Hulle is stoer Protestants. Hulle is baie familievas. Vir hulle is eergister soos gister, en van gister praat hulle of dit vandag is. Die dooies begrawe hulle nooit nie. En hulle vergeef nie” (p. 31). So waarsku die ou Non vir Amy O’Leary voor haar troue met Posmeester Moolman. Een van die oorheersende eienskappe van hierdie familie — want dit

gaan in die roman eerder oor die familie as individue — is hul trots en die drif en onrustigheid wat die uiting daarvan was: te trots om te deel (p. 31), selfs in dood indrukwekkend (p. 9), mense wat die wêreld niks skuld nie (p. 104), wat selfs nie aan die regspraak onderdanig is nie (p. 160), wat glo aan die familiegebondenheid tot in die familiebegraafplaas (p. 6). Selfs die verstote Skaamfamilie deel hierdie trots — enersyds ’n “trotse woede” teen die Moolmans by Shala en Oneday (p. 2), maar ook ’n trots dat hulle stam uit die “fiere Moolmans” (p. 9). Kaatjie is nog trots op haar Moolmanbloed (p. 72) en haar kinders vermaan sy: “Jy’s ’n Moolman, my kind. Jy moet trots wees daarop” (p. 145).

Hierdie trots is ook hulle “sonde”. Die Stiefmoolmans is “deur OuAbel en Abel se trots verstoot” (p. 12), volgens Andreās ’n “skynheilige trots” (p. 64). Ook die Magistraat beskou dit as een van die belangrikste oorsake van hul sonde en skuld: “dit gaan om die oorsaaklikheid van bloed en trots” (p. 85), ’n trots wat ook hul vroue se bestaan “’n droewige bestaan” gemaak het (p. 148).

Juis as gevolg van hulle trots is die onvrugbaarheid en selfmoord aan die einde so ’n groot vernedering; ’n fisieke ondergang. Hulle wat so trots is op die familiegeskiedenis en die kontinuïteit van die geslagte: “’n Abel is ’n Abel is ’n Abel” (p. 179), moet die einde magteloos gadeslaan — “Dwars Abel . . . Abel die Vierde. Waarskynlik die laaste Abel, wat eendag met sy onvrugbare lende as ’n ou, bitter man op die stoep sal sit” (p. 162). Shala kan dan baie leedvermakerig dink: “En dit is die einde . . . vir my en jóú, DwarsAbel, ons met die vlek oor die oor. Al een wat oorby is Koevert Moolman, hy wat nie eens met sy klompie beeste geboer kon kry nie” (p. 171).

In die bespreking van die ruimte is reeds gewys op die Moolmans se gebondenheid aan Toorberg, tot selfs ná die dood; Skaamfamilie en Stieffamilie ingesluit (vgl. 3) — in die woorde van die verstote Floors Moolman: “Maar ek het teruggekeer, soos alle Moolmans, want hier is my nageslagte ook — al het hulle die Stiefveld geërf. Hier hoort ons.” (p. 117)

Die familie se voorgeskiedenis en die voortsetting daarvan, die verbondenheid aan die geslagte word sterk beklemtoon. Nie net die verskyning van die voorvaders nie maar ook die deurlopende verwysing na die Moolmanstam en stamgeskiedenis vestig dit as ’n belangrike motief in die roman; vergelyk byvoorbeeld: Moolmanstam (p. 2), voorgeslagte se sondes (p. 3), StamAbel (p. 3), die stam van Abel (p. 10), “Die dooies begrawe hulle nooit nie” (p. 31), “smarte van sy voorgeslagte” (p. 55), “die hele generasie” (p. 73), Ouma Magtilt, die “stammoeder” (p. 75), “’n Abel is ’n Abel is ’n Abel” (p. 179). Dus: nie slegs ’n familie nie maar ’n hele stam, selfs ’n hele generasie wat ook die Stiefmoolmans en Skaamfamilie insluit deur hulle trots en bloed. DwarsAbel en Shala word selfs as bloedbroers beskryf (p. 44, 46). Uiteindelik word hulle ook saamgedwing by die graf van Druppeltjie du Pisani — vgl. pp. 64, 183, 184. ’n Familie wat deur hulle geskiedenis en ander verwysings ook die Afrikaner verteenwoordig. So verwys die Magistraat na hulle (p. 81) en One-

day (p. 170 — “die wit Boere”). Ella sê min mans was beter Afrikaners as StamAbel (p. 118) en op p. 133–134 word die familie en plaas gelyk gestel aan soveel ander Afrikanerfamilies en -plase.

Die sondes van die vaders besoek egter ook hierdie derde en vierde geslag. StamAbel moes al die “voorgeslagte se sondes uitsweet” (p. 3); Koevert verwys na “die sonde wat vra om gestraf te word” (p. 7), die Kêns Moolmanbloed slaan uit in Kêns-Tillie (p. 33), hulle is vervloek deur hulle bloed (p. 33). Abel moes selfs die “smarte van sy voorgeslagte wegklim” (p. 55) en hulle is ontsteld oor die Magistraat wat kom ondersoek instel na “die voorgeslagte se ondinge” (p. 154).

Daar word direk verwys na die sondes van die vaders (p. 33) en die droogte word gesien as ’n straf vir die erfsonde soos ook KênsTillie en die onvrugbaarheid wat uiteindelik lei tot die einde van die Stam van Abel (vgl. p. 162, 171) — of is daar die moontlikheid van ’n nuwe verbinten in die verbinding tussen KoevertMoolman en Kleinkitty Riet?

Vir dié stam word Abel dan die sondebok, hy het “die swaar van sy hele familie op hom geneem daardie skemer oggend by die boorgat” (p. 185). Daarom sterf hy in die solder, die kollektiewe onderbewuste van die familie, stam (en volk) waarin al “die geslagte se uitskotsels vergaar” word (p. 81) met die kaart en transport van die plaas in sy hande (p. 173).

5. Skuld

Uiteindelik is die storie van Toorberg, die storie van die Moolmans dan dié van die skuld van ’n hele generasie: “as ’n hele generasie meedoen aan ’n ketting van gebeure wat lei tot ’n misdaad: wie is aandadig? Tog seker almal! (p. 73) en: “die misdaad van ’n hêle stam eerder as ’n tot dusver ongeïdentifiseerde man of vrou” (p. 88).

In die soektog na die skuldige ten opsigte van die dood van Noag du Pisani neem die skuld en sonde-motief dus toe in omvang. Die spesifieke skuld van Abel word baie duidelik verbind met dié van die hele familie en voorgeslagte (vgl. pp. 4, 10, 33, 55, 57, 73, 85, 154, 185), maar ook met dié van die mens in die algemeen: die hele distrik (p. 9), al die mense van die verste distrikte lewe onder ’n vloek (p. 39) en Abel kyk selfs na die “sondes van die wêreld” (p. 55). Dit geskied in ’n land wat sy mense laat skuldig voel (p. 56) — almal is skuldig (p. 56) alhoewel die grense van die mens se sonde nie vasgestel kan word nie (p. 102).

Die “Paradysberg” (p. 158) word ’n Toorberg vol skuld en haat, bevolk met sondes van trots (p. 13), skeiding (p. 13), moord en lyding (p. 92), inheligheid (p. 150), ontug (o.a. p. 162), doodskiet van mense (p. 162) en kinders (p. 169), ongeoorloofde intimiteit (p. 177) — dit klink soos J.L. Cachet se Sewe *duiwels en wat hulle gedoen het!* Sodoende word ’n hele moderne Gemeenskap aangespreek. Selfs die een wat die skuld soek en moet veroordeel, staan skuldig (p. 177, 178).

Die straf bly dan (onvermydelik?) nie uit nie: die droogte, KênsTillie, die dood

van Abel en die einde van 'n generasie — en per implikasie selfs 'n hele volk?

6. Die misterie van Toorberg

Die motto van die roman waarsku reeds die leser dat die uitbeelding van lewe en dood die herhaling van 'n fabel is — realiteit word fabel, fabel word fiksie: die verhaal van die Moolmans setel in die aktuele en die fiktiewe, want “hier loop waarheid en verdigsel, geskiedenis en toekoms en lewe en dood deur mekaar” (p. 10).

Hier word selfs vanuit dooies se perspektief vertel, nege maal, voorvaders en -moeders wat deur die boormasjien wakker geskud word (p. 160), maar ook omdat die Moolmans tot selfs in die dood na Toorberg terugkeer (p. 121). Toorberg is 'n plaas vol geeste (p. 138) waar die spoke loop (p. 110), met 'n tokkelos wat woon in die berg (p. 2) en 'n hele reeks karakters wat 'n “aanvoeling” het vir die bonatuurlike, hulle met die “binneste oog”: Ella, Waterdruppeltjie, KênsTillie en selfs Kaatjie.

Rondom die Moolmans ontstaan deur die geslagte 'n hele netwerk van bygelowe en legendes: StamAbel wat sewe duiwels opgedoen het (p. 4), De la Rey se spore in die fyntuin (p. 11), Abel wat al sy oorlede kinders se gesigte op die water sien dryf (p. 54), die muur wat rooi uitslaan van Soois se bloed (p. 107, 162) en die Moolmans wat altyd met hul voete na die Ooste begrawe moet word.

Die hele ruimte (en die teksruimte) is deurtrek met fabel en verdigsel: “Daar is vrese, ou vrese, vrese van die bloed en die ou tyd. In die berge is daar bygelowe . . . Hulle lewe onder 'n vloek”. Hierdie bygelowe en legendes vorm deel van die ondersoek van die Magistraat want “Dalk lei dit my na die wortels van die stam, na insidente van jare gelede, waar geskiedenis en legende ineenvloei tot die nagmerrie van die verlede” (p. 74). Hy word dan bewus van die misterie van Toorberg (p. 97), word selfs meegevoer “deur hierdie land waar waarheid en verdigsel mekaar lankal nie meer begrens nie” (p. 85) sodat hy sy onmag daarteenoor moet erken (p. 158). Hy word dan selfs deel van die misterie wanneer hy as 'n gereïnkarneerde De la Rey voorgestel word (bv. p. 103, 134) en vir KênsTillie selfs 'n Antjie Somers-figuur (p. 84, 179).

Ook die Slams-figuur dra by tot die misterie en legende van Toorberg. Hy is die toorder (p. 137) wat Abel waarsku teen die Magistraat as verteenwoordiger van De la Rey, wat altyd onverklaarbaar weet wanneer om op te daag (p. 164) en volgens KleinKitty vir Noag die gat ingetoor het (p. 168), ook Abel se dood vergaan met 'n doodsbrusel (p. 168).

Die verknogtheid aan al die mites word egter ook 'n ontvlugting van die realiteit, 'n weglug van skuld en verantwoordelikheid, deel van die Moolmans se skuld: “Dit lyk of die Moolmans deur legendes wil ontsnap na 'n wêreld waar die normale reëls nie geld nie, (p. 85) — 'n aktuele waarskuwing aan 'n volk om nie sy mites te verhef tot 'n eie onaantasbare wêreld nie.

7. Aktualiteit

Toorberg het ten spyte van die voorgeskiedenis, legendes, fiksie en fabel ook wel deeglik raakpunte met 'n eietydse problematiek.

Dit sluit in die verwysings na dié land se beskawingsgeskiedenis, die Afrikanervolk, opstande, rassesekeiding, Casspirs, townships, veiligheidsgevangenes, busboikotte, predikante met politieke boordjies, traanrook, groot preke by begrafnissaamtrefke en selfs die teologie van die rewolusie (p. 170).

Die stryd tussen bevolkingsgroepe, die sondes van die voorgeslagte, die erfsonde, die trotsheid van 'n suiwer volk — al dié dinge word in die roman aangespreek en in *Oneday* se woorde ook verwerp: "Ma moet vergeet van die Moolmans se dinge. Ons is die Riete — ons kyk vorentoe met die krag van die Here" (p. 181). Daarteenoor staan egter ook die oomblik van versoening rondom die boorgat en later toe Kaatjie en Abel, as die verteenwoordigers van die trotse familie en die skaamfamilie, alleen is by die graf: "en haar hand na hom uitgesteek en 'n oomblik gekyk hoe vuil haar naels is wat op sy arm lê" (p. 185). Daarom kan die roman ook eindig met 'n deernis en empatie. "Dit was die weemoed van 'n groot man het Kaatjie agterna gesê" (p. 185) en later: "Sy't aangevoel hoe swaar dit vir hom is" (p. 186).

Wat 'n mens in dié ruimte en in dié teks moet ontdek (en miskien in ons land ook?), is in die woorde van die Magistraat: "die onbeperktheid, nie van die onmoontlike nie . . . maar die onbeperktheid van die moontlike" (p. 181).

Bronne

Blignaut, A. 1987: Toorberg — 'n bespreking oor Vrouerubriek (Radio Suid-Afrika — 27 Februarie 1987).

Brink, A.P. 1987. "Toorberg stoot jonger prosa stewig vooruit". *Rapport* 25 Januarie 1987.

Ester, Hans. 1987. "Doem op die Toorberg". *Trouw*, 20 Augustus 1987.

Olivier, Gerrit. 1986. "Toorberg 'n onderhoudende boek". *Beeld*, 15 Desember 1986.

Pakendorf, G. 1986. "'n Indrukwekkende ambisieuse roman". *Die Burger*, 4 Desember 1986.

Van Zyl, Ia. 1987. Toorberg — 'n resensie. *Die Suidwester*, 24 Julie 1987.

Venter, L.S., 1986. "Vertelvermoë in roman weerspieël". *Volksblad*, 20 Desember 1986.

Henning Pieterse (1956)

Voorgeskrewe poësie

1. Ballade van die Grysland — D.J. Opperman

1.1 Inleidend

Die digter D.J. Opperman staan algemeen bekend as digter van die grootstad omdat hy dié monster se demoraliserende risiko vir die mens insien. Van sy bekendste gedigte soos *Stad in die mis* en *Na 'n besoek aan die dieretuin*, konfirmeer dié siening. In Opperman se epos *Joernaal van Jorik* is dit juis die stad met sy frivoliteit wat tot die hoofpersonasie se ondergang lei.

Ballade van die Grysland, voorbeeld van epiese poësie, is in drie progressiewe hoofmomente verdeel waarin die lewensverhaal van die onbekende ek, stap vir stap ontvou.

Eenheidskeppende middele in die gedig is onder andere die deurgekomponeerde tersines, die abarympatroon, die halfrym, herhaalde verskyning van leegheidsbeelde asook talle herhaalde verwysings na 'n skuldbewussyn, 'n durende kringmotief en implisiete Bybelse verwysings.

1.2 Titel: 'n moderne ballade

Veral twee titelkonstituente dien van naderby bekyk te word: *ballade* en *Grysland*. Die *Nasionale Woordeboek* (De Villiers e.a. 1987: 38) omskryf die begrip *ballade* soos volg: "Verhalende gedig in strofiese vorm, met of sonder refrein, wat beknopt en met spronge — soms in dialoogvorm — 'n romantiese voorval behandel". Prof. A.P. Grové tref vroeg reeds (1976: 10) 'n onderskeid tussen die Franse ballade en die volksballade. Die volksballade is à la Grové oorwegend epies van aard en laat hom veral ken aan sy stof: minnenyd, teleurgestelde liefde of wraak. Volgens Grové word die volksballade in Afrikaans onder meer deur Eugène Marais beoefen. Naas die Afrikaanse volksballade onderskei Grové die moderne ballade soos deur Van Wyk Louw beoefen in *Ballade van die bose* en ook D.J. Opperman se *Ballade van die Grysland*. Anders as in die tradisionele ballades met sy refrein, is daar in dié tekstipe eerder frases wat op gevarieerde posisie as leitmotief optree. Soos in 1.1 aangetoon voldoen *Ballade van die Grysland* aan die vereistes van 'n epiese gedig met die volgende voorbeelde van fraseherhaling:

* Deel II, strofe 8 (II-8); "die rekenmeester kom".

* Deel II, strofe 12 (II-12); "O die vrees! as die rekenmeester kom".

* Deel III, strofe 18 (III-18); "O as die rekenmeester kom!"

Die tweede konstituent is die samestelling Grysland (grys = basis; land = basis) wat intertekstueel verwant is aan die Totiusgedig, *Trekkerswee*. Daarom dan ook dat Opperman 'n aanhaling uit laasgenoemde as epigraaf gebruik. In die onderskrif kom die woord *grys* ook voor. Totius se *Trekkerswee*

is eweneens 'n epos in versvorm wat die verderflike invloed van die stad op die mens uitbeeld. Die basis grys, konnoteer onder andere kleurloosheid, grouheid, eentonigheid en op die emosionele vlak, somberheid en troos-
teloosheid.

'n Verhaal met 'n uitsiglose strekking word deur die titel in die vooruitsig gestel. *Grysland*, met al sy konnotasies van negatiewiteit, moet as metafoor vir die grootstad gelees word.

1.3 Titelvskrif

Die motto of epigraaf, direk uit *Trekkerswee*, bekragtig die band tussen die twee gedigte. Net soos *Ballade van die Grysland*, bestaan *Trekkerswee* uit drie hoofafdelings, nl.: *Silwer strale*, *Goue gode* en *Groue grawe*. Die slotgedeelte se *groue* evokeer die "groot en grijs" van die motto en sluit op emosionele vlak aan by die grys-stemming wat in die Oppermangedig seëvier. Ter wille van die kwintessens van *Trekkerswee* haal ek graag die inleidingswoord aan wat in die versamelde werke van Totius (1988: 135) aan die begin van *Trekkerswee* staan:

"Die versie verplaas ons bo-op die Rand, ongeveer waar Johannesburg nou lê. Daar het oom Gert, 'n trekker, met vrou en enigste dogter, gaan woon. Later kom ook Koos, 'n kolonis [Kolonialer?], wat in die nabyheid grond gekoop het. Sy seun Willem raak verlief op Dina, oom Gert se dogter. Nadat die twee families saam Paardekraal-fees gevier het, gaan Willem en Dina trou.

Die tweede versereeks beskrywe die ontdekking van die goudvelde en die opkoms van Johannesburg, maar ook die verleiding waaraan Willem en Dina, wat by oom Gert inwoon, blootgestel is en waarvoor hulle beswyk. Die tweede stuk eindig dan met die groot Boer-Britse oorlog.

Die derde versereeks verplaas ons in die tyd toe die Unie tot stand gekom het, en beskryf die treurige einde van oom Gert en Dina.

Dis die simpele storie waarop die hele gedig gebou is. Ons kan hier nog byvoeg dat die S.A. Akademie, deur die vrygewigheid van genl. Hertzog, in staat gestel is om jaarliks 'n milde geldprys vir letterkundige werke uit te loof. Die prys vir 1915 is aan hierdie gedig toegeken."

Niks verhinder die leser om die naamlose stad in Opperman se ballade as Johannesburg te sien nie. Die spreker se koms na die stad kan heel waarskynlik verband hou met die ontvolking van die platteland tydens die ontdekking van goud aan die Rand. Die besliste band tussen *Trekkerswee* en *Ballade van die Grysland* skemer selfs deur in II-13 waar direk uit *Trekkerswee* aangehaal word: "Die dag breek grou: 'op tafelblad'/ links in my smalle kamer/ 'staan leë bottels in hul nat.'" In die tweede deel van *Trekkerswee* (1988: 167) staan dié volgende woorde: "Leeg is die saal . . . op tafelblad/ staan leë bottels in hul nat".

Leegheid(leë) kom betekenisvol in albei gedigte voor. In *Ballade van die Grysland* waar dit dikwels in meer as een beeld herhaal word, dui dit op die

leegheid, die niks wat die stadslewe die inwoner daar bied. 'n Intertekstuele studie tussen die twee gedigte kan insiggewend wees, maar aangesien dit hier primêr gaan oor die interpretasie van die Oppermangedig, laat ek 'n genuanseerde studie oor aan die ondernemende dosent (onderwyser) of student (leerling).

1.4 Teksanalise

1.4.1 Inset

As die onbekende ek die stad ingestuur word in strofe een, blyk die gevangenheid wat die stad meebring al duidelik. Dit lyk nie of hy beheer daaroor het nie; dié magtelosheid herinner aan die magtelose bleshoenders in Van Wyk Louw se *Seekoevlei* wat nolens volens dryf: "Die swart bleshoenders dryf verby/ agter die skraal wit riet". Die ek word sonder enige inspraak in 'n baan op "ysterspore" geplaas. Ysterspore suggereer die kilheid van die stad waar elke "jas met sy gesig" loop (III-12) en waar melding gemaak word van inperkende ystertralis (III-19).

Reeds in I-7 waar die spreker geld verduister, *ont-spoor* hy. Die ontspringing is 'n progressiewe proses wat die spreker al hoe verstrengelder maak tot aan die einde van die gedig waar hy ondergaan.

1.4.2 Deurgekomponeerde kringmotief

Waar die gedig begin in die donker (onsekerheid) met "tonnels van die nag", eindig dit ook so. Die (neon)lig in II-8 is slegs 'n tydelike skynsekerheid in 'n skynparadys wat in werklikheid 'n emosionele slotduister prefigureer en voortgeplant word in byvoorbeeld die swart "steenkoelerf" (III-17) en die slot "laaste lig" (III-20). Binne die oorkoepelende sirkelgang, verskyn kleiner sirkelmotiewe by wyse van fraseherhalings of woordherhalings wat uitloop op die slot waar die spreker vasgedraai in sy eie verkwisting sit.

Tonnels in strofe 1 dui sekerlik op 'n eerste betekenisvlak op die tunnel waardeer die trein aangery kom. Tunnel word in die Nasionale Woordeboek (De Villiers e.a.: 526) omskryf as "deur- of uitgegraafde ondergrondse gang of weg o.m. vir spoorweg". Dieselfde lemma word ook verklaar as: "broeikas vir kweking van groente, blomme, ens". Waar baie van Opperman se hoofpersonasies gebore word, opgroei, die wêreld verken en later dikwels ondergaan, kan hierdie tunnel ook die aanvang van 'n nuwe fase (geboorte) aandui, weliswaar 'n bestaan wat niks goeds "uitbroei" nie (vgl. par. 1.4.3). Dat die spreker "(U)it tunnels van die nag tuur" dui op sy in perspektief bring van sy nuwe lewe in die stad. Aangesien 'n tunnel ook as kweekhuis gesien word, plaasvervanger van 'n tuin dus, prefigureer dit die skynparadys waarna die spreker in deel II vlug.

Tunnel kan ook doolhof konnoteer. 'n Doolhof is volgens De Villiers e.a.: 109 'n "plek waarin 'n mens maklik verdwaal". Die spreker se nuwe begin in die stad is niks anders nie as die begin van 'n groot (ver)dwalings in 'n kuns-

matige tuin.

In die volgende frases kan die kringmotief raakgesien word:

* I-5: "gryp en vou en gryp en vou".

* II-9: "grootwiel"

* II-10: "mallemeul" — mal maak; waansin.

* II-14: "o week na week gebonde— 'n haas aan die ovale kring".

* III-15: "tot ek die vrees weer voel".

* III-21: hele strofe. "Blinkpapier, mallemeul . . ."

1.4.3 Die geboortemotief in die Opperman-oeuvre

Die skeppingsbeginsel in Opperman se poësie beliggaam steeds die moontlikheid van ondergang of vernietiging.

In die gedig *Negester en stedelig* (Opperman, 1987: 98) word die voor-geboortelike stadia in verband gebring met die mens se evolusionêre ontwikkeling. Die jy slaap eers, dan word dit 'n seeanemoon, dan vis, 'n otter en dan word hy as mens, heerser van die aarde, gebore. Maar net soos in *Joernaal van Jorik*, raak die mens verknog aan die aardse met sy bese, die stedelig. In die tweede strofe staan daar: "partymaal sal jy by my tafel neul/ om na die sirkus of die mallemeul/ te gaan; en vaster om jou groei bioskope". Die spreker vra hom dan tereg af: "Watter kaart of watter ster sal ek jou wys/ om veilig deur die *gryslan*d heen te reis?" (My kursivering). Hier word *Gryslan* as metafoor van die stad gebruik.

In die gedig *Waatlemoen* (Kroniek van Kristien — Opperman 1987: 211), skenk Kristien geboorte, maar is tegelyk bevrees oor dit wat uit haar sal kom, want: "In die groot honger is die kwaad/ gesaai reeds met die strooiing van die saad".

Daar is nog heelwat voorbeelde wat in dié verband genoem kan word, maar dit is slegs illustratief van die verderf wat reeds lê in die ek se betreding van 'n nuwe bedeling.

1.4.4 Die stad word negatief geteken: deel I

Reeds aan die begin hang daar "rook en mis" oor die stad. Die negatiewe hoedanighede van die stad word dikwels met iets wat sinvol is, vergelyk en dit veroorsaak dat 'n ironiese beeld ontstaan. "(B)ottelskerwe en geroeste sink is negatief omdat eg. stukkend kan sny en sink wat geroes is, vir niks deug nie. Die son se blink skyn (I-2) teen "dakke en skoorstene", word vergelyk met die weerkaatsing daarvan teen gevaarlike bottelskerwe en geroeste sink in 'n leeggeloopte dam. 'n Leë dam is óók niks werd nie.

As werker in 'n olieraffinadery (I-4) stapel die spreker as een van baie werkers "leë olievate" op dat dit soos 'n heuningkoek lyk. Dit bly egter 'n staaldriehoek (koud) — 'n sinlose handeling met weinig werksbevrediging — dit is immers leë olievate. Tog word die handeling ironies met iets sinvol vergelyk en juis dit releveer die sinloosheid van dié handeling.

Die werk in die fabriek (I-5) getuig van meganisasie. Die mens word daaruit

gehaal. Tog word die meisie se bewegings ironies vergelyk met “hande, soos oor ’n klavier” wat sinvol kuns skep. Die herhaling van “gryp en vou en gryp en vou” beklemtoon die eentonigheid van die situasie wat tot geen werksbevreëding lei nie.

In I-6 kom die spreker se eensaamheid op die voorgrond waar masjinerie gepersonifiseer word. Sy makkers se geselskap is draaisae wat in sy ore “gil”, beitelers wat “klets” en motore wat “neul”. Al die menslike handelinge in hierdie strofe is morbied. Halfrym het ’n beklemtoningsfunksie in: “klink die geklets van swart motore” [kl] en [s].

In die eerste deel is die spreker weinig aktief. Soos reeds aangetoon word hy ’n nuwe lewe ingestuur. In strofe 1 tuur hy. In strofe 2 neem hy steeds visueel waar. In die derde strofe begin hy as handarbeider werk. So ook is dit die geval in die vierde strofe. In strofe vyf is hy weer waarnemer soos in die daaropvolgende strofe waar hy na die geklets en gekla van sy “vriende” luister.

Daar is definitiewe tydmerkers in die eerste deel: eers (strofe 3); Toe (strofe 4); *Uiteindelik* (strofe 7).

Uit so ’n monotonie besluit die ek om te ontsnap. Dit kan hy slegs doen deur geldbedrog te pleeg. Let op die woordkeuse “neergekrap” wat sy onberekenende daad in ’n onverskillige haas suggereer. Die dun grens tussen ont-snapping en agterhaling is vir die eerste keer nou ter sake. Hy probeer ontstyg aan ’n lewe van ’n ordinêre werker, maar van nou af aan sal sy gewete hom agtervolg. Die lae klas van die handarbeider met sy lae lewenstandaard word besonder treffend klankmatig gedenigreer deur die allitererende frikatiwe in: “vet van viskafees”.

1.4.5 ’n Valse paradys: deel II

Die Bybelse verwysing kom hier vir die eerste keer eksplisiet aan bod. Onder paradys word ’n toestand van volkome harmonie verstaan. Die Bybelse paradys was ’n tuin; ’n lushof. Die vrou tree hier net soos in die Bybelse paradys as verleidster op. Vgl. in dié verband veral II-9: “Bo na sterre, soos die grootwiel,/ van sterre na die aarde,/ duisel elke vrou my siel.” Gaan ’n mens die etimologie van die woord paradys na (Boshoff en Nienaber, 1967: 483), kom ’n mens af op die Oud-Persiese vorm: “pairidaeza”, wat *omheining of park* beteken. Juis met hierdie ou semantiese waarde van die paradysbegrip kry die woord besondere ironiese betekenis in die gedig. In plaas daarvan om lushof te wees, is dit juis ’n omheinde, inperkende gebied. Die vasgevangenheid van die spreker is al van die begin van die gedig af aan die orde. Dink net weer aan al die konnotasies van die woord tonnel!

Enkele woorde dui hier en daar aan dat dit ’n valse of teennatuurlike paradys is waarheen die spreker hom wend. Sulke woorde is byvoorbeeld: “neonligte” wat “blom” (II-8); “vrees”, “gevlug” (II-8); “grootwiel” (II-9); “bioskoop en dans”, “mallemeul” (II-10); “Pennieslotmasjien” (II-11) en “leë bottels” (II-13).

Wat rustig en vreedsaam moes wees, word nou 'n (weg)“vlug” weg van sy gewete af. “Tuine van die nag”, dui kennelik op die naglikse hedonistiese bedrywighede in die stad. Die “neonligte” wat “blom” is 'n raak beeld omdat blomme gepas is in die paradyskonteks; hier is dit egter kunsmatige blomme. Tog begin die gewete pla: wat gaan gebeur as hy aan God moet verantwoording doen? Die gelykenis van die goue muntstukke (Luk. 19:11-27) word hier geëvokeer.

Elke vrou wat sy siel “duisel” dui op lighoofdige sinlike genot, maar “duisel” dra ook die betekenis van *geestesverward* en dit is júis wat die stad aan die spreker doen! Grootwiel kan op die wiel in 'n mallemeule dui, (II-10). Daar is 'n teveel aan aardse genietinge: bioskoop en dans, draak en die fisant”, wat die spreker en sy vroulike metgesel snags euforiese geluk soos in 'n feëland met sy onwerklikhede laat smaak. Dit is duidelik dat al die “eksperimente” bloot ontvlugting van die gewete is. Die woord “mallemeul” het ook die betekeniswaarde van mal word en word voorloper van die waansin wat die spreker se voorland word.

In plaas daarvan om hom reg te ruk, draai hy hom nog vaster in die “sonde”. Hy dobbel voort en 'n “(P)ennieslotmasjien se kake/ spoeg 'n kaartjie na my (hom) uit:/ “Wees veral versigtig met geldsake”. Soos die draaisae en beitels word die pennieslotmasjien gepersonifieer en is dit nie toevallig nie dat dit waarsku teen dit wat oorspronklik die spreker 'n voortvluggende vir homself gemaak het: geld.

Vrees om verantwoording te doen lei tot 'n verdere ontvlugtingstap; die oorgawe aan drank. “Die dag breek grou” — ná so 'n nag van drankmisbruik. In plaas van die rooi dagbreek met sy vooruitsig, is dit grou (vgl. die skakeling met Grysland. Die bottels is leeg (vgl. die leegheidmotief).

Steeds word dit erger. In II-14 verweid hy sy geld in die honderesies. Die nagemaakte haas wat gewoonlik voor die honde uithardloop, asook die honde self word hier verpersoonliking van die skuldige gewete wat hom besig is om in te haal. Hierdie waanbeeld kan ook die begin van sy kranksinnigheid wees. Die spreker se verstrengeldheid met die kwaad word bevestig met: “O week na weekgebonde”.

1.4.6 Uiteinde: deel III

Die spreker drink al so erg dat hy in die hospitaal opgeneem moet word. Moontlik het hy die horries daarvan en moet sy gestel gesuiwer word — daarom die “glaspypie” wat water uit hom tap. Nadat die nagevolg van die drank uit sy gestel is, en hy meer homself begin word, begin hy “die vrees weer voel”. Die spreker is in 'n bose kringloop vasgevang en dit deur sy eie toedoen! Dit is ook nie 'n gewone hospitaal nie, maar 'n inrigting vir sielsiekies (vgl. III-19). Moontlik is dit vrees vir afrekening wat veroorsaak dat hy 'n oog in elke houtkas sien. Sy dae word vasgegryp (gebondenheid) soos 'n “tros lukwarte”. 'n Lukwart is 'n suur vrug, so is sy lewe tans ook.

Tog beleef die spreker nog mooi helder oomblikke soos in III-17 waar daar 'n

aangedaanheid in hom opwel as hy sien hoe die peerboom op sy tyd, ten spyte van die onvrugbare steenkoolerf, sy spierwit bloeisels dra. Die swart-wit kontras is hier funksioneel. In teenstelling met die peerboom besef hy dat sy lewe geen vrug dra nie. Hierdie toneel herinner aan die gelykenis van die vyeboom wat in werklikheid uitgekrap moet word.

Vanuit die inrigting kyk die spreker saam met sy “verwarde broers” deur tralies na die tuin. In par. 1.4.5. is die Oud-Persiese betekenis van paradys as omheining of park genoem. Moontlik kan die tralies hier op die omheining dui. Op ’n ander betekenisvlak is hier sprake van omkering omdat die spreker in deel II in ’n (skyn)paradys was en nou is hy van die werklike paradys uitgesluit. Dit kan selfs op sy ewige verloreheid sinspeel. Die broers en die ek kyk nou “verlangend” na die tuin en die stad (Hemelse stad?) uit. Maar dit is reeds te laat.

In III-20 word die identiteitloosheid van die mens beskryf met “elke jas (wat met sy gesig” loop. Die ruimte sluit by die gemoedstemming van die spreker aan — dit reën, dis amper donker en nat voëls loop “krukkig” (gebreklik/ongemaklik) rond. Henning Snyman (1984: 74) beskou “elke jas met sy gesig” as metonimiese beeld, aangesien jas op ’n groter geheel, klere en gesig op die groter geheel mens dui. Die absurde waarneming van die spreker onderstreep natuurlik sy versteurdheid. Snyman poneer in dié verband: “Die literêre funksie van die metonimia is om deur assosiasies (jas en gesig) ’n eenheid te suggereer wat onmiddellik versteur word om ’n sekere gebrokenheid te beklemtoon”.

Die slotstrofe van die gedig wat die sirkel voltooi, funksioneer as sinopsis aangesien dit die spreker se benarde situasie uitlig deur van reeds genoemde sake melding te maak:

Blinkpapier, mallemeul en wiel,
'n laphaas en ses honde
óm en óm . . . die dun spil van die siel.

2. Lofsang — Antjie Krog

2.1 Inleidend

J.C. Kannemeyer (1983: 503) maak die volgende uitspraak oor die bundel waarin *Lofsang* staan: “*Mannin* het die verblyf in Kaapstad as agtergrond, maar nou word die aandag toegespits op die vrou in haar liefde vir die man en die verhaal van hulle huwelik: swangerskap, lewe saam met die man en huislike geluk.” Met hierdie uitspraak vermoed die leser al dat *Lofsang* nie oor Christus se geboorte kan handel nie, maar ’n moeder se vreugdesang oor die geboorte van ’n seun is.

Hierdie “kersliedjie” herinner aan die gelyknamige Oppermangedig wat die Christusgeboorte kultureel-ruimtelik transponeer. In *Lofsang* gaan dit in die eerste instansie nie oor Christus nie, aangesien heelwat tekswoorde teken van die algemeen menslike vlak is.

2.2 'n Lied

Die twee strofes, ongelyk in lengte, wyk geheel en al af van die tipiese lied met sy strofiese bou. Prof T.T. Cloete (1981: 127) verdeel die gedig tektonies in drie dele, nie op grond van strofe-indeling nie, op grond van die tipografie. Die tipografiese afbakeningsbeginsel wat hy volg, is versreëllengte en die indeling wat hy maak lyk soos volg:

Deel 1: reël 1–9 — bekende omgewing.

Deel 2: reël 10–19: kosmiese ruimte.

Deel 3: reël 20–27 — bekende omgewing.

Die drieledige siklus is nie 'n Onbekende musiekvorm nie. Dink maar (Berry 1966: 80) aan die sg. "compound ternary". Ten spyte aandie vrye versvorm is daar tog eenheidskeppende herhalings soos die baie halfryme, wat 'n mate van samehang aan die gedig verleen. Die volgende herhalings in die teks regverdig die gedigtitel:

* Fraseherhalings van reël 1 en reël 20; "kom herwaarts geliefdes".

* r. 5: "trek op uit die Hamtangebergtes

r. 6: (trek op)¹ uit die Koue Bokkeveld"

* r. 8: "vertoef nie vir klere nie

r. 9: (vertoef)² ook nie vir brood of wyn nie"

* r. 14: "'n seun is gegee in vreugde ontvang en gebore

r.15: 'n seun wat die aarde langs sal huppel"

* Vanaf reël 16–19 staan "'n seun" implisiet aan elke reëlaanvang.

Die gemaklike ritmiese voortgang is volgens Cloete (1981: 127) opvallend; iets wat hy toeskryf aan die "ritme in verse sonder leestekens". Vir 'n moontlike toonsetting is die gedigverloop beslis nie hortend nie.

2.3 Bybelse konteks

Die bundeltitel *Mannin* plaas die gebeure onmiddellik in Bybelse perspektief omdat dit na die vrou wat uit die man geskape is, verwys. Die aansienlike aantal woorde en frases met Bybelse implikasie, soms selfs verhewe Bybeltaal, versterk dié tese.

As geestelike lied vind die gedig besondere aansluiting by Gesang 88 wat eweneens 'n loflied ter ere van die Christuskind is. Die eerste strofe van dié Gesang lui soos volg:

Kom, alle getroues, vrolik en vol vreugde,
o kom in die gees nou na Betlehem!
Loof daardie Kindjie tot ons heil gebore —
kom buig daar in aanbidding,
kom buig daar in aanbidding,
kom buig daar in aanbidding,
voor Jesus, die Heer.

1. Die frase *trek op* word hier geïmpliseer.

2. Die woorde *vertoef* word hier geïmpliseer.

Die volgende frases of woorde in die gedig evokeer 'n Bybelse en/of plegtige gevoelswaarde:

* Kom herwaarts (2x; r. 1 en 20).

* Betlehem (6. 7).

* Vertoef (r. 8).

* Brood of wyn (r. 9).

* "want 'n kind is vannag gebore" (r. 13 — Luk. 2:11).

* Psalmsing (r. 22).

* "goud en wierook en mirre" (r. 23).

* "gekruisig" (r. 24).

2.4 Noodwendig 'n aardse lied

Uit vreugde nooi die spreker (moeder) alle vriende en familie uit om die nuweling te kom besigtig. Die her- voorvoegsel in "herwaarts" beteken "hierheen". Die spreker en haar seuntjie is die middelpunt van belangstelling waarheen alle belangstellendes opgeroep word. Dat hierdie aardse geboorte parallel aan dié van die Verlosser s'n verbeeld word, wil maar slegs die vreugde van die moeder benadruk.

Dat hier na die Vrystaat en die Kaap verwys word maak sin as die leser in gedagte hou dat die reële outeur in die Vrystaat woon en dat dit voor-die-hand-liggend is dat die familie en vriende moontlik uit dié dele afkomstig sal wees. Dit is hoofsaaklik die "Witteberge naby Betlehem" wat die aardse en die Bybelse ruimtes saamtrek.

Die vreugde-uitnodiging veronderstel 'n in beweging kom wat klankmatig effektief verbeeld word in die volgende voorbeelde van halfrym:

"(V)oete vlugtig oor bolandse berge" (r. 2). Die vlugtige beweging wys vooruit na die dringendheid in r. 8: "vertoef nie". Die belangstellendes mag nie vir alledaags-menslike behoeftes langs die pad vertoef nie; klere, brood en wyn is nou nie van belang nie. Ook "trek op" (r. 5) beklemtoon die mobilisering van belangstellendes. So ook "snel geluidloos deur die donker" (r. 10).

Die beweging raak bonatuurlik vanaf reël 10-14 omdat die aarde die perd word wat vir die voortgang verantwoordelik is. Byna sprokiesagtig word sy salpetersweet die silwer kosmiese mane wat letterlik op die salpetermaanhare van die perd kan dui. Die voortgang word nou deur 'n *Pegasus* beheer!

Vanaf reël 15 word dit duidelik dat dit oor slegs 'n aardse seun gaan en nie Christus nie. Aangesien die seuntjie so 'n groot geskenk vir die moeder is, ken sy bonatuurlike eienskappe aan hom toe. Vandaar die hiperboliese verbeelding. Vir haar sal hy alomteenwoordig wees: Hy sal oseane opvang in sy strandemmer. Oseane word hier metonimies gebruik. Sy speelgoed sal oor vastelande gestrooi word en sy top sal tol in alle windrigtings. Selfs die bron van lewe, die son, sal tuis wees in sy agtersakkie. Die nuweling sal benewens die oordrywing, ordinêre seunsdinge doen:

* nuppel;

- * met speelgoed speel;
- * 'n strandemmer hê;
- * met 'n top speel;
- * met albasters speel.

Strofe twee begin weer eens met 'n lofprysing en hierdie keer lyk dit of dit na Christus kan verwys omdat daar nou sprake van "psalmsing", "goud en wierook en mirre" en "kniel", is. Die tipografiese geïsoleerde reël 25 lei 'n teenstelling in. Anders as die goddelike seun sal hierdie seuntjie "gevang" wees soos alle mensekinders en sal sy lot ook wees om eindelijk triomfantelik vasgespyker te word, nie teen 'n kruishout nie, maar teen die "aardse ritme van die ewigheid". Ook sy lewe is ingeperk as deel van die aardse ritme — sy lewe gaan ook verby teenoor die ewige tyd wat durend bly.

Bronnelys

- Berry, W. 1966. *Form in music*. London: Prentice-Hall.
- Boshoff, S.P.E. en Nienaber, G.S. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Cloete, T.T. 1981. *Gids by D.J. Opperman se Senior Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Villiers, M. (red.). e.a. 1987. *Nasionale Woordeboek*. Johannesburg: Nasou.
- Grové, A.P. 1978. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Johannesburg: Nasou.
- Kannemeyer, J.C. 1983. Antjie Krog. In: Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Kaapstad: Academica. pp. 498-508.
- Krog, A. 1975. *Mannin*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Odendal, F.F. (red.). e.a. 1981. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- Opperman, D.J. 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg/Human en Rousseau.
- Snyman, H. 1983. *Mirakel en muse*. Kaapstad: Perskor.
- Totius, 1988. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Perskor.

Hoërskool Overkruin, Pretoria.

Nuwe Afrikaanse boeke Januarie — Maart 1991

Opgestel deur die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, Musiek en Toneel (NALN), Privaatsak X20543, BLOEMFONTEIN, 9300.

Romans

BAKER, Eleanor: Wêreld sonder einde. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
BAKKES, Margaret: Gebonde jare. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Soetdoring. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
BLIGNAUT, Toek: Tzigane. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R15,00
BOSHOFF, Melanie: Soete inval. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R35,00
_____ Vir altyd die sonpad. Grootdruk. Makro Boeke.	R29,95
CALITZ-BEKKER, Rika: En die lorelei sing. Treffer-Boekklub.	R19,95
CLOETE, Jan: Monsieur Robyn. Van der Walt.	R19,95
DE VILLIERS, Herna: Ek beloop jou nie my liefde. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R15,00
DE WAAL, Johann: Machadospoor. Sagteband. HAUM-Literêr.	R23,95
DU PISANIE, Sarah: Die baron van Rauenshof. Treffer-Boekklub.	R19,95
_____ Liefste Koos. Grootdruk. Makro Boeke.	R27,00
_____ Maroelas uit Libanon. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R19,00
DU PLESSIS, A.J: Die skraal man. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R33,00
DU TOIT, Tryna: Eendekuil. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
FRANKLIN, Charl: Rendezvous om eenuur. Sagteband. Perskor.	R 9,99
_____ Sy naam was Benji. Sagteband. Perskor.	R 9,99
GOUWS, Danie: Jou uur het geslaan. Sagteband. Perskor.	R 9,99
_____ Die vierde getuie. Benedic Boeke.	R17,50
HATINGH, Ryk: Ignatius Brand. Sagteband. Taurus.	R19,95
HEINE, Mike: Ewig soos die sandsteenkrans. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R29,95
_____ My hart is 'n duisend sterre. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R33,00
_____ Newels oor Nieve. Grootdruk. Makro Boeke.	R28,00
_____ Sterre in die skemering. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Wraak van die adelaar. Treffer-Boekklub.	R19,95
HURTER, Jack: 40 meter diep. Sagteband. Perskor.	R 9,95
KELSEY, Madelein: Kavalier vir Claudia. President.	R19,95
KOTZÉ, Marietjie: Die jacobsleer. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R16,00
KOTZÉ, Nico: Om die son in pers te groet. Sagteband. Benoryn.	R32,50
LINDE, Engela: Agter toe vensters. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R33,00
LINGUA, Susanna M: Op vleuels van die tyd. Van der Walt.	R19,95
MANS, Villa: Sonskyn oor die lelies. Van der Walt.	R19,95
MARTIN, Wille: Prinses van harte. President.	R19,95
_____ Storm en swaard. Benedic Boeke.	R17,50
MORGAN, Annelize: Silwer drome. President.	R19,95
MURRAY, Ena: Agter die masker. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Anderkant die horison. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R35,00
_____ Ena Murray-omnibus 14. Tafelberg.	R34,95
_____ Keerkring van die hart. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Die kleine kring. Sagteband. Waterkant.	R17,95
_____ Ontsluit die grendels. Grootdruk. Makro Boeke.	R35,00
_____ Die oujongnooi van Polkadraai. Tafelberg.	R24,95
_____ Die sewende somer. H & R.	R22,99

_____ Skaduwees van gister. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Skynglans van die maan. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke. R35,00	
_____ Terug na Kolkbaai. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ 'n Vrou soos Salome. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
OBERHOLZER, Lourens: Rooibul se rooikop-rissiepit. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
STOCKENSTRÖM, Wilma: Abjater wat so lag. H & R.	R27,99
VAN DER BERGH, Kas: Die dinge langs die pad. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R35,00
VAN DER MERWE, Christo: Bewaker van die skemerkinders. Treffer- Boekklub.	R19,95
VAN DER MESCHT, Ella: Altyd soos nou. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R27,00
_____ Ken jy die jasmyn? Van der Walt.	R19,95
_____ Ken jy die jasmyn? Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
VAN DER WESTHUIZEN, H.G.: Konings van die Kalahari. Hans Strydom.	R29,95
VAN DER WESTHUIZEN, Izak: Liewe leeutemmer. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R26,00
_____ Wilgerspruit se nuwe dokter. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R27,00
VAN NIEUWENHUIZEN, Jackie: Met sterker vierke. Van der Walt.	R19,95
VAN SCHALKWYK, Nickey: Die groen goud van Jalad. Benedic Boeke.	R17,50
_____ Soos gras teen die wind. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R29,95
_____ Die weduwee van Tamarynsteeg. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R12,00
VAN WYK, Schalkie: Alleen in die wind. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Beminde vyand. Van der Walt.	R19,95
_____ Kammaland van liefde. Grootdruk. Makro Boeke.	R35,00
_____ Nimf in die newels. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R15,00
_____ Seisoen van verlange. Van der Walt.	R19,95
_____ Web van betowering. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
VENTER, Corrie: Waar die wit luiperd waak. Sagteband. Perskor.	R 9,95
VILJOEN, Lettie: Belemmering. Sagteband. Taurus.	R39,00
VISSER, Anita: Drome aan skerwe. Van der Walt.	R19,95
_____ Drome aan skerwe. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
WOLMARANS, Vera: 'n Orgidee vir Jana. President.	R19,95
Kortverhale, essays, briewe, ens.	
COMBRINK, Salomé: Seisoene van genade. BARUK.	R42,00
DE VILLIERS, Steve: Kaviaar vir 'n kanniedood. Sagteband. Perskor.	R39,50
HOFMEYR, C.F. Beyers: Dieredokter, verhaal van mens en dier. B & B uitgewers.	R21,00
KRÜGER, Kobie: Boskonsert: stories van 'n wildtuingsin. Sagteband. Tafelberg.	R24,95
PIETERSE, Pieter: Dasseneiland: 'n dagboek. HAUM-Literêr.	R22,95
VAN BILJON, Madeleine: Mevrouw, jy's lastig. Daan Retief.	R11,50
VAN NIEKERK, A.A.J.: Vir 'n oulap en 'n bokstert. Sagteband. Klipbok.	R24,95
VAN SITTERT, Jakkie: Vonnis vir 'n dwaas. Sagteband. Sikelela.	R19,65
VENTER, De Waal: Oop toe. Sagteband. HAUM-Literêr.	R21,95
Dramas	
WOLRAAD Woltemade en ander eenbedrywe; redaksie: P.J. Nienaber en J.L. Boshoff. Sagteband. Educum.	R 8,95

Poësie

BREYTENBACH, Breyten: Soos die so. Sagteband. Taurus.	R43,95
GOUWS, Tom: diaspora. HAUM-Literêr.	R23,95
KRITZINGER, Bets: Die purperkoord II. Hans Kirsten.	R12,00
LOMBAARD, Chris: Tussen die malgasse op die kaai. H & R.	R19,95
MALAN, Lucas: Kaartehuis. HAUM-Literêr.	R22,95
NEZAR, Chris: Judas. NHS-uitgewers.	R12,00
OPTOG; onder redaksie van Willie Adams, Leonard Koza en Patrick Petersen. Sagteband. Domestica-Uitgewers.	R16,00
SWART, J.J.: Spitse na die ewigheid. Lux Verbi.	R19,95
VERSE vir Ernst: 20 Maart 1991. Tafelberg.	R40,00
WALTERS, M.M.: Die Swartland is my tuisland: 'n nostalgiese reis. Perskor.	R45,00

Vertaalde poësie

BRASILIEË sing: Portugese gedigte; vert. deur Uys Krige. Sagteband. Perskor.	R24,95
WOORDE soos pluimsaad: Duitse gedigte uit agt eeue; vert. deur Gunther Pakendorf. Sagteband. Perskor.	R27,95

Letterkundige studies en kritieke

COMBRINK, J.C.: Vrae en kommentaar oor voorgeskrewe gedigte: XII. Sagteband. Nasou.	R 6,95
KANNEMEYER, J.C.: Dokumente van dertig. Sagteband. Jutalit.	R69,50
_____ Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag. Jutalit.	R49,75
MEYER, P.N.: Aantekeninge oor Kinders van die aarde: 1990-1993. Sagteband. Via Afrika. (Achiever-reeks).	R 9,95
Die POTLOODDIEF en die engel: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R12,99

Kinder- en jeugverhale

BRAND, Roeloff: Sokkerkroon. Sagteband. Marius Lubbe Uitgewers.	R 7,35
BRYER, Estelle: Andreas en die grys heks. Tafelberg.	R17,95
CALITZ-BEKKER: Jaap: Sonja. Sagteband. Waterkant.	R11,95
COETZEE, John: Vlam van die goudvelde. Van der Walt.	R18,95
DE VILLIERS, Biebie: Stories van oral oor. Nasionale Boekhandel.	R29,99
DIRKS, Cor: Die uile vlieg weer. Sagteband. Perskor.	R12,50
DU PLESSIS, M.C.: Lin en vet Vin. Sagteband. Unibook.	R 7,95
GREYLING, F.: Staptog. Sagteband. Unibook.	R 9,50
HEESE, Hester: Daar diep in die see. Tafelberg.	R19,95
HOEKSTRA, E.H.: Die ou fort. Sagteband. Marius Lubbe.	R 4,00
KOTZÉ, Bessie: Kerneelsie en Mafarie-mier. Van der Walt.	R15,95
MULLER, Petra: 'n Reënboog vir Hannatjie. Tafelberg.	R19,95
MY alfabet storieboek: Sagteband. Love to Learn.	R60,00
NEL, Hesma: Dwarstrek oor die Drake. Sagteband. Tafelberg.	R17,95
_____ Hoërskool Arendskruin. Sagteband. Van der Walt.	R18,95
PANAGOS, Wilna: Hoekom is kameelperd se nek so lank. Hans Kirsten.	R13,95
_____ Die olifant en die haan. Hans Kirsten.	R13,95
_____ Skilpad en die duif. Van der Walt.	R23,50
PASCH, M.: In die môre. Sagteband. Unibook.	R 8,95
RODE, Linda: 'n Glimlag kan groei. Tafelberg.	R16,95
ROUX, Helène: Eendag was daar 'n oorlog. Sagteband. Tafelberg.	R21,95
STRIJDOM-MEIJ, Rensché: Seun uit die see. Sagteband. Tafelberg.	R19,95
TALJAARD, Francis: Brokkie Bo; en, Die ou hoed. MSCU.	R 9,95
UITDAGING: 'n keur vir jong lesers; saamgestel deur Elise van Staden en Joan Kruger. Sagteband. Juta.	R 9,25

VAN DER VYVER, Marita: Eenkantkind. Sagteband. Tafelberg.	R19,95
VAN WYK, At: Stampie. Sagteband. H & R.	R 3,95
VAN WYK, C.R. de Wet: Manne wat omkyk. Daan Retief.	R14,95
VORSTER, Corrie: Oom Loffie se belegging. Sagteband. Vivlia.	R 8,95

Vertaalde kinder- en jeugverhale

AARDEMA, Verna: Haas maak 'n aap van 'n leeu; vert. deur Linda Rode. H & R.	R25,99
ALAN, Geoffrey: Ek speel ek is . . . ; vert. deur Annelene van der Merwe. H & R.	R12,99
_____ Ek wens ek was . . . ; vert. deur Annelene van der Merwe. H & R.	R12,99
_____ Kan ek help? vert. deur Annelene van der Merwe. H & R.	R12,99
_____ Die verlore halssnoer; vert. deur Annelene van der Merwe. H & R.	R12,99
BAUMANN, Hans: Die groot olifant en die kleintjie. Anansi.	R25,95
BEMELMANS, Ludwig: Die bok en die boom. Anansi.	R28,95
BERGER, Barbara Helen: Die eseltjie se droom. Anansi.	R28,95
BLAKE, Quentin: Almal saam; vert. deur Philip de Vos. H & R.	R27,99
BRUNA, Dick: Katkrytjie gaan kuier; vert. deur Pieter Bothma. Garamond.	R14,95
_____ Oupa en Ouma; vert. uit Nederlands. Garamond.	R14,95
_____ Die sypaadjie; vert. deur Pieter Bothma. Garamond.	R14,95
BUTLER, Dorothy: My bruin beer Bennie; vert. deur Elsa Naudé. H & R.	R22,99
DE HAMEL, Joan: Theo se troeteldier; vert. deur Tinus Strydom. Leo.	
DICKS, Terrance: Goliat se kersfees; vert. deur Madeleine van Biljon. Daan Retief.	R10,50
DR SEUSS: Herrie broei die eier uit; vert. deur Marié Heese. H & R.	R28,95
GRETZ, Susanna: Padda-in-die-middel; vert. deur Nonna Weideman. H & R.	R21,99
_____ Weg is eend! vert. deur Nonna Weideman. H & R.	R21,99
HILL, Douglas: Vreemdelingvesting; vert. deur Jan Schaafsma. Sagteband. H & R.	R17,99
HUTCHINS, Pat: Die heel ergste monster. H & R.	R19,99
IVIMEY, John W.: Drie blinde maats; vert. deur Ilse Andrag. Anansi.	R27,95
KEEPING, Charles: Sias en die karperd; vert. deur Freda Linde. Anansi.	R27,95
KENMUIR, Dale: Toorband en ivoor. Sagteband. De Jager-HAUM.	R17,95
MILNE, Kathleen: Van Hunks en die verfeier. Anansi.	R27,95
MOROZUMI, Atsuko: Een gorilla; vert. deur Elsa Naudé. H & R.	R24,99
My eerste storieboek; vert. deur Annelene van der Merwe. H & R.	R12,27
PITTMAN, Helena Clare: Eendag toe ek bang was. Anansi.	R28,95
STOEKE, Janet Morgan: Minerva Louise; vert. deur Lydia Snyman. Anansi.	R27,95
WEMYSS, Diana: Vyand in ons midde; vert. deur Madeleine van Biljon. Daan Retief.	R20,50
WHITE, Ruth: Ginny se storie; vert. deur Dorothea Krige. Sagteband. H & R.	R22,99
WILDSMITH, Brian: 'n Kersfeesstorie; vert. deur Linda Rode. Oxford University Press.	R25,95
YEATMAN, Linda: Perkins; vert. deur Helene Olivier. Daan Retief.	R10,50

Taalkunde

AFRIKAANS op die maklike manier: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R17,95
MEIRING, B.A.: Funkisionele Afrikaans. Academica.	R25,00
SOUTH African multi-language dictionary and phrase book: Reader's Digest.	R75,99
Die TAALATLAS van Suid-Afrika: saamgestel deur E. Grobler, K.P. Prinsloo en I.J. van der Merwe. RGN.	R140,00
WYBENGA, D.M. (red): Taalkompas. Sagteband. Serva.	R49,00

Ander werke van belang

AFRIKANERS tussen die tye; reds. Bernard Lategan en Hans Müller. Sagteband. Taurus.	R18,00
DE KLERK, Willem: F.W. de Klerk: die man en sy tyd. Tafelberg.	R49,95
Die OSSEWA-BRANDWAG: vuurtjie in droë gras. PU vir CHO.	R60,00
OUTEURSLYS van monografieë met S.A. inslag: Staatsbiblioteek.	R12,50

Heruitgawes

AFRIKAANSE woordelys en spelreëls: 8e uitg. Tafelberg.	R39,95
BOTHA, M.C.: Skaak. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R12,99
BOUWER, Alba: Stories van Bergplaas. Sagteband. Tafelberg.	R10,95
BREYTENBACH, Breyten: Het huis van de dove. Meulenhoff.	R29,00
_____ Met ander woorde vrugte van die droom van stilte. Sagteband. Buren.	R13,50
_____ Met andere woorden. Meulenhoff.	R29,00
HENDRIKS, P.G.: Anna Rodolphus. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R12,99
KROG, Antjie: Eerste gedigte. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R24,99
LINGUA, Susanna M.: Bruinoog-madonna. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
LOUW, N.P. van Wyk: Die val van 'n regvaardige man: eerste ontwerp vir 'n hoorspel. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R 9,99
MARTIN, Wille: Trots van Gelderland. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
MARX, Chris L.: Wanneer 'n verloorder wen. 2de uitg. Sagteband. Perskor.	R 9,95
RAIDT, E.H.: Afrikaans en sy Europese verlede. 3de hers. en uitgebreide uitg. Sagteband. Nasou.	R34,95
RICHTER, Francois: Die muisval. 2de uitg. Sagteband. Perskor.	R 9,95
SCHOEMAN, Karel: By fakkellig. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R19,99
SNYMAN, Adriaan: Die weg van 'n arend. Sagteband. Tafelberg.	R10,95
SPENCE, Ella: Die huis van eensaamheid. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
_____ Voltooië simfonie. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
SUID-AFRIKAANSE akronieme en afkortings van organisasies: 2de uitg. Sagteband. Johannesburgse Openbare Biblioteek.	R12,00
VAN DER MESCHT, Ella: Middelwater se nuwe dokter. 2de uitg. Van der Walt.	R15,95
VAN NIEKERK, A.A.J.: Op pad na Port Jollie. 2de uitg. Klipbok.	R19,95
VENTER, De Waal: Die vyf-millimeter-avontuur. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R12,99
VENTER, F.A.: Man van Cirene. 2de uitg. Sagteband. Tafelberg.	R29,95

April tot Junie 1991

Romans

BAKKES, Margaret: Klein land van die liefde. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Die ver reis. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
BEKKER, Maria M.: Seun van gister. Grootdruk. Van der Walt.	R27,95
BLIGNAUT, Toek: 'n Bruidegom vir Marjolein. Benedic Boeke.	R18,50
_____ My pad na geluk. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
COETZER, Daan: Bravo Oscar Pappa. Sagteband. Van der Walt.	R22,95
COOPER, Jeff: Die dag van die Mauser: die verdediging van Fort Namutoni op die Namibiese grens in die 1900's. Sagteband. T.J. Openshaw.	R10,00
DE KOCK, Helene: Saterdagskind. Tafelberg.	R34,99
DU PISANIE, Sarah: 'n Prinses vir Somi. President.	R19,95
DU TOIT, Tryna: Die glashennetjie. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Kleingeluk. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Omnibus 9. H & R.	R34,99

GOUWS, Etheresia: Liewe juffrou. Sagteband. Grootdruk. Makro Boeke.	R12,00
GROBLER, Douwlina: Vereffening. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R15,00
HEINE, Mike: Liefde bring verraad. Sagteband. Grootdruk. Makro Boeke.	R39,95
_____ 'n Nooi so mooi soos die liefde. Van der Walt.	R19,95
HENNING, Nan: Geliefde rabbedoe. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Hermien van Alwyndrif. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
KIRSTEN, Carin: Wolweberg. Treffer-Boekklub.	R19,95
KOTZÉ, E.: Die vuurgety. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
KOTZÉ, Marietjie: Die maan in 'n erdeskottel. Sagteband. Grootdruk. Makro Boeke.	R25,00
LANDSBERG, Louise: Melissa. Van der Walt.	R19,95
LINDE, Engela: Mense van die môre. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R33,00
LINDE, Engela: Najaar van die feniks. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R30,00
LINGUA, Susanna M.: Tart my nie, Mijnheer. Grootdruk. Van der Walt.	R27,95
MANS, Villa: Sneeu in die somer. Van der Walt.	R19,95
MARITZ, Empie: Ryp graan. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
_____ Velde vol vygies. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
MARTIN, Wille: Delila. Benedic Boeke.	R18,50
_____ Geliefde gyselaar. Treffer-Boekklub.	R19,95
_____ Geliefde gyselaar. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
_____ Klein silwer. Grootdruk. Van der Walt.	R27,95
POTGIETER, Lea-Lynn: Die geheim van Hadida. Grootdruk. Daan Retief.	R29,95
RYGER, R.R.: Beertjie en sy boytjies. Taurus.	R25,00
SCHEEPERS, Annamaria: Mooi is gister se spore. President.	R19,95
SPENCE, Ela: Wanneer die liefde kom; Die somer gaan verby; Die splinter. Van der Walt.	
THONON, Jacques: Die hartklop van 'n Bolandse plaas. J. Theron.	R17,50
VAN DEN BERGH, Kas: Diamante spel troewe. Sagteband. Grootdruk. Makro Boeke.	R36,00
VAN HEERDEN, Etienne: Casspirs en Campari's: 'n historiese entertainment. Tafelberg.	R49,95
VAN SCHALKWYK, Nickey: Tolbosse in die najaar. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R29,99
_____ Die verlatenes: Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R28,00
_____ Die wraak van Madepula. Sagteband. Grootdruk. Makro Boeke.	R27,00
VAN WYK, Schalkie: Beminde vyand. Grootdruk. Sagteband. Van der Walt.	R27,95
_____ Gister se betowering. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R28,00
_____ Die goue eendag. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R36,00
_____ Melodie van liefde. Grootdruk. Sagteband. Makro Boeke.	R29,00
WARDECK, Anne: Martha en Maria. Van der Walt.	R19,95

Vertaalde romans

PERETTI, Frank: Die duisternis van hierdie eeu; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM.	R23,95
--	--------

Kortverhale, essays, briewe, ens.

HUISGENOOT se mooiste liefdesverhale; saamgestel deur Bennie Fritz. Tafelberg.	R39,99
JAGTYE: 'n keur van jagervarings uit Suider-Afrika; saamgestel deur Henk Rall. Sagteband. Tafelberg.	R34,99
KRUGER, Joan: Lappiesgoed. Sagteband. Van Schaik.	R22,50
POTGIETER, Lucas: 'n Kooltjie uit my kampvuur. Sagteband. Van der Walt.	R17,95
VAN BILJON, Madeleine: Melkskommels, my siel en die Skepper. CUM.	R16,95
VAN WAART, Sue: Kannalandse kameë. Van der Walt.	R33,95

VAN ZYL, Anna M.: Stofdeeltjie in 'n stormwind. Daan Retief.	R11,50
VERTELLERS 2: die tweede groot verhaalboek; saamgestel deur Merwe Scholtz. Tafelberg.	R44,99

Dramas

DE WET, Reza: Vrystaat-trilogie. Sagteband. HAUM-Literêr.

Vertaalde dramas

CAMPTON, David: Die doen-dit-self Frankenstein monterstel. Sagteband. DALRO.	R 5,40
_____ Hoor jy die musiek? Sagteband. DALRO.	R 6,40
_____ Die laboratorium; vert. deur Driekie Nel. Sagteband. DALRO.	R 6,30
_____ Wat dink jy doen jy? Sagteband. DALRO.	R 4,80
COURTELINE, Georges: Die stasiebevelvoerder; vert. deur Fred le Roux. DALRO.	R 6,00
D'HERVILLIEZ, Gabriel: Gemeubileerde huis te huur; vert. deur F.C. Gonin. Sagteband. DALRO.	R 5,50
WHITING, John: Geen vrae. Sagteband. DALRO.	R 4,20

Poësie

CAMPBELL, Anna: Waar die meetsnoere val. Sagteband. Soeklig Kommunikasies.	R10,36
DE LANGE, Johann: Nagsweet. Sagteband. Taurus.	R28,00
LA GRANGE, Retseh: En winter die boom: haikoes. Sagteband. Lyra.	R17,40
SMIT, J.J.: Spitse na die ewigheid. Lux Verbi.	R19,95
SMIT, Sarel: Soos gister. Sagteband. Clock Card.	

Vertaalde poësie

ARISTOTELES: Poëtika; vert. deur L. Cilliers en E.L. de Kock. Perskor.	R59,50
DANTE Alighieri: Die hel; vert. deur D.A.H. du Toit. Zebra Publikasies.	R100,00

Letterkundige studies en kritieke

BONGA: Sagteband. Guidelines.	R12,99
BY fakkellig: Sagteband. Guidelines.	R12,99
CARSTENS, Analisé: Afrikaanse voorgeskrewe: St. 10 tweede taal. Sagteband. Roederico Trust.	R 6,20
DIAS: Sagteband. Guidelines.	R12,99
DIGTERS en digkuns, O.V.S.: Sagteband. Guidelines.	R12,99
DIGTERS en digkuns, Transvaal: Sagteband. Guidelines.	R12,99
ELEGIE vir 'n onbekende [deur] Margaret Bakkes: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R17,95
FIELA se kind: Sagteband. Guidelines.	R12,99
Die HAASVANGER: Sagteband. Guidelines.	R12,99
Die HELD: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R 9,99
HOOGTEPUNTE uit die Afrikaanse verhaalkuns: Sagteband. Guidelines.	R12,99
Die KIND, [deur] Jan van Tonder: Sagteband. Guidelines.	R12,99
KLAWERVYF: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R 9,99
KLEINBEGIN in die prosa [saamgestel deur] Chartes Malan: 'n studiegids. Sagteband. Guidelines.	R12,99
KORT keur: Sagteband. Guidelines.	R12,99
KRUGER, J.A.: Kinderkeur: 'n gids tot bekroonde Suid-Afrikaanse kinder-, kinder- en jeugboeke tot 1989. UNISA.	
MALAN, Charles: Onder andere: die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste. Van Schaik.	R16,00

Die MAN met die alibi: Sagteband. Guidelines.	R12,99
MOEDERS en dogters: Sagteband. Guidelines.	R12,99
MOSAÏEK [saamgestel deur] J.P. Smuts en Ria van Rensburg: 'n studiegid. Sagteband. Guidelines.	R12,99
PYLVAK: Sagteband. Guidelines.	R12,99
RAKA: Sagteband. Guidelines.	R12,99
Die ROOI duiwel se as, [deur] F.W. Strydom: 'n studiegid. Sagteband. Guidelines.	R12,95
SKAAK: Sagteband. Guidelines.	R12,99
SPEKTRUM, [van] H.B. de Swardt: Kaap, eerste taal St. 9, 1991: 'n studiegid. Sagteband. Guidelines.	R12,99
Die TURRET senior Afrikaans letterkundekursus: Werkboek. Sagteband. Turret Correspondence Kollege.	R 4,50
Die UURWERK kantel: Sagteband. Guidelines.	R12,99
VERLORE paradys: Sagteband. Guidelines.	R12,99
VOETPAD na Vergelegen, [deur] Chris Barnard: eerste taal: 'n studiegid. Sagteband. Guidelines.	R12,99
VOORSpraak: Sagteband. Guidelines.	R12,99
VYFLING: Sagteband. Guidelines.	R12,99

Kinder- en jeugverhale

DE JONGH, Marietjie: Bietjie-Kier en die man in die Karoo. H. & R.	R19,99
GREEFF, D.: Loewie en die leeu. Daan Retief.	R16,50
GROBBELAAR, Pieter W.: Voëls van eenderse vere. Daan Retief.	
HUMAN, Erna: Janet en die gelukbringer. Sagteband. De Jager-HAUM.	R15,95
JACOBS, Petri: As alles anders was. Van der Walt.	R19,95
KOTZÉ, W.J.: Die heuningvoëltjie. Sagteband. De Jager-HAUM.	R 7,20
KÜHNE, Klaus: Die snuifblikbakkie. Tafelberg.	R23,99
LINDE, Freda: Pienke. Daan Retief.	R16,50
MEIJ, Mart: Olifant bly olifant: 'n Afrika-storie. Hans Kirsten.	R15,95

Vertaalde kinder- en jeugverhale

AYLESWORTH, Jim: Altwee asvaal geskrik; vert. deur Linde Rode. Oxford.	R22,95
BOUMA, Paddy: Een is alleen. Tafelberg.	R25,99
BROWN, Ken: Nellie se knoop; vert. deur Riëtte Bothma. H & R.	R25,99
GALUCH, Patricia Lee: Dans, Tessa. Tafelberg.	R26,99
GODDEN, Rumer: 'n Familie katjies; vert. deur Freda Linde. Anansi.	R27,95
HOFFMAN, Mary: Natuurlik kan Connie! Tafelberg.	R27,99
INKPEN, Mick: Fiefel; vert. deur Linda Rode. H & R.	R26,99
JENKIN-PEARCE, Susie: Rosie en die sypaadjie-bere; vert. deur Erne Potgieter. H & R.	R25,99
JOHNSTON, Tony: Daar doer. Sagteband. Anansi.	R29,95
KEEPING, Charles: Josef se plant; vert. deur Freda Linde. Sagteband. Anansi.	R28,95
LILLEGARD, Dee: In my kartondoos. Tafelberg.	R26,99
MAHY, Margaret: As die wêreld wankel. Sagteband. Tafelberg.	R22,99
_____ Die zoep-zap-en-zirts-hom!-avontuur op Orkaanpiek; vert. deur Linda Rode. H & R.	R22,99
MY eerste groot woordeboek: H & R.	R 9,88
PAUL, Korky: Kaptein Karbonkel se skat; vert. deur Linda Rode. H & R.	R27,99
RODGERS, Frank: Ek kan nie slaap nie; vert. deur Linda Rode. H & R.	R25,99
SAUNDERS, Dave: Die einde se storie; vert. deur Linda Rode. H & R.	R26,99
SPIER, Peter: Verveeld — niks te doen nie; vert. deur Riël Hauman. H & R.	R26,99
STEWART, Dianne: Zondi se eerste taxi-rit. Tafelberg.	R23,99

WHITE, Paul: Apie in 'n leeuel; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95
_____ Apie kruis die ewenaar; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95
_____ Donkie wysheid; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95
_____ Die koel watergat; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95
_____ Die ongehoorsame apie; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95
_____ Soet en suur seekoei; vert. deur Annalou Marais. Sagteband. CUM. (Mini-reeks).	R 2,95

Verseboeke vir kinders

NUWE verseboek vir seniors: saamgestel deur Henning Snyman. Sagteband. Tafelberg.	R17,95
---	--------

Taalkunde

RETIEF, R.: Funksionele Afrikaans. Sagteband. Academica.	R29,00
SCHUTTE, Paul J.: Debattering en redevoering. Sagteband. Academica.	R27,00

Ander werke van belang

WOORDE, waarhede en wysede vir ons tyd; saamgestel deur L.W. Bienenell. Sagteband. Bienenell Uitgewers.	R15,00
---	--------

Heruitgawes

BAKER, Eleanor: Weerkaatsings. Sagteband. H & R.	R24,99
BAKES, Margaret: Die langste nag en ander verhale. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R16,99
BIERMAN, Ettie: Vermoedelik verlief. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
BONGERS, Beulah: Jannie en die verkennerbytyjie. 2de uitg. Sagteband. Unibook.	R 7,95
CILLIERS, Stoffel: Die padda-rebellie. 2de uitg. Sagteband. Unibook.	R 7,95
DE KLERK, Daphne: Gelukkige asjas. 4de uitg. Sagteband. DALRO.	R 7,20
DE VILLIERS, D.G.: Broers: 'n eenbedryf. 2de uitg. Sagteband. DALRO.	R 2,50
GRIESEL, Nita: Bloeisels vir jou, Elani. 2de uitg. Van der Walt.	R19,95
HUEBSCH, J.C.: Kommunikasie 2000. 2de uitg. Sagteband. Butterworths.	
KRITZINGER, M.S.B.: Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings. Hers. uitg. Van Schaik.	R37,50
LANGENHOVEN, C.J.: Herrie op die óú tremspóór. Tafelberg.	R19,95
_____ Mof en sy mense. Tafelberg.	R19,95
LAUBSCHER, De Wet: Kaskenades van jakkals: 'n operetta. 2de uitg. DALRO.	R10,40
LEROUX, Etienne: Sewe dae by die Silbersteins. 2de uitg. Sagteband. H & R.	R22,99
SWANEPOEL, Annali: Karolus Kat en die astrante muis. 2de uitg. Sagteband. Unibook.	R 7,95
VAN RENSBURG, Roelf: Die hemelvoël. 2de uitg. Sagteband. Van der Walt.	R17,95
VAN STRATEN, A.S.: Pendoring (Edms) Beperk: 'n hoorspel. Sagteband. Tafelberg.	R10,95
WESSELS, Elza: Hoe nagaap sy naam gekry het. 2de uitg. Sagteband. Unibook.	R 7,95
_____ Naeltjies knip. 2de uitg. Sagteband. Unibook.	R 7,95

Weens die toestroming van artikels en beperkte ruimte wil ons medewerkers vriendelik versoek om artikels so kort as moontlik te hou.

GEDRUK DEUR V&R DRUKKERY, PRETORIA